
# BIBLIKASIE

U P BIBLIOTEEKDIENS
JAN. 1980






## DIE NUWE DEKADE

Wat hou 1980 en die nuwe dekade vir u en my in? Watter uitdagings, verantwoordelikhede en besondere probleme wag daar op ons in die werksituasie? Die antwoorde daarop sal bepaal word deur die verwikkelinge op vier gebiede:

- op die internasionale ekonomiese en staatkundige gebied;

- in ons eie Suid-Afrikaanse gemeenskap;

- aan ons moederorganisasie, die Universiteit van Pretoria; en

- in ons beroep, die biblioteek- en inligtingswese.

Oor elkeen kan ons baie sê, maar ek moet noodwendig met enkele opmerkings volstaan. Wat die eerste gebied betref, is die dramatiese styging van die goudprys 'n aanduiding dat die Russiese inval in die Midde-Ooste die wêreld op die randjie van 'n derde wêreldoorlog gebring het. Die olie van die Midde-Ooste is die spil waarom die wêreld in die komende dekade sal draai. As 'n super moondheid soos Rusland beheer daaroor kan uitoefen, lê die weg na eventuele wêreldoorheersing vir hom oop. In die lig van die VSA se huidige kragteloosheid as gevolg van 'n lamsakkige Carteradministrasie, die opkoming van 'n magtige China en die ontwaking van 'n anti-kommunistiese gesindheid by Islam besef Rusland waarskynlik dat die tyd nou geleë is om sleutelplanne deur te voer. Met ons strategiese ligging en rykdom aan minerale sal ons die implikasies van die verwagte magstryd nie ontsnap nie. Al sou 'n wêreldoorlog afgeweer word, sal oliepryse nogtans geweldig styg en sal ons steeds te doen hê met 'n ongekende inflasiekoers en moontlike resessie. Dit sal Suid-Afrika verhinder om die groeikoers te handhaaf wat nodig is om genoeg werkgeleenthede vir die toenemende aantal swart arbeiders in hierdie land te skep.

Ten spyte van die hoë goudprys, die gepaardgaande ekonomiese opbloei en bespiegelinge oor hoër salarisse kan ons in die lig van bogenoemde omstandighede nie 'n drastiese verbetering in die finansiële posisie van die Biblioteekdiens verwag nie. Trouens, vanweë die geweldige inflasiekoers sal dit al moeiliker word om die dalende kurwe ten opsigte van die groei van ons biblioteekversameling om te swaai. Wat 1980 betref, het ons reeds met ontsteltenis verneem dat ons begroting vir die aankoop van biblioteekmateriaal met R171 000 besnoei is! Onder hierdie omstandighede vra die tyd wat voorlê van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ons 'n opskerping van ons sin vir waardes, inherente geestelike krag en maksimum produktiwiteit.

Wat die Suid-Afrikaanse gemeenskap betref, sal voortgesette stappe om die spanning tussen bevolkingsgroepe sover moontlik te ontlont heelwat veranderings meebring. Die vryer beskikbaarstelling van bestaande fasiliteite aan almal sal onder andere 'n groter druk op bestaande universiteite plaas. Die geweldige toename in die aantal swart matrikulante en potensiële aantal swart studente sal hoë eise aan die uitbreiding van universitêre geriewe met gepaardgaande biblioteekfasiliteite vir swartes stel. Daarteenoor sal die groei in die aantal blanke studente afplat en selfs afneem. Die boodskap is duidelik. Ons blanke universiteite se "bloeitydperk" is verby. By die kanalisering van staatsfondse na universiteite sal nuwe prioriteite geld. Ons groot uitdaging sal wees om te bewys waartoe ons onder druk van omstandighede werklik in staat is. Ons sal ons identiteit en die kultuur waarop ons so trots is moet koester, bewaar en bevorder. Daarin kan U.P. met sy besondere karakter en tradisie 'n belangrike rol speel.

Dit bring my by ons moederorganisasie, U.P. Vanweë verskeie faktore sal onderlinge mededinging tussen universiteite baie verskerp. Waar die gehalte van die universiteit se biblioteek- en inligtingsdienste in 'n hoë mate die beeld van die universiteit na buite bepaal, het ons 'n besondere verantwoordelikheid jeens ons universiteit. Verder plaas die nuwe bedeling op die gebied van tersiêre onderwys die universiteit nou op gelyke voet met die onderwyskollege en technikon. Dit is geen geheim dat die biblioteekfasiliteite van hierdie inrigtings, vanuit die oogpunt van akademiese opleiding beskou, in baie opsigte nog ontoereikend is nie. Ons sal in die komende jaar bereid moet wees om in hierdie verband 'n helpende hand te reik.

Wat ons beroep betref, lê ons grootste uitdaging op die vlak om inligtingsverskaffing. Die universitêre opleiding raak toenemend beroepsgerig en ons sal moet help om die student voor te berei vir sy eventuele behoefte aan en benutting van beroepsinligting. Aan die ander kant sal die gehalte van navorsing ook afhanklik wees van ons vermoë om relevante inligting tydig beskikbaar te stel. In die tagtiger jare sal die kennis en inligting om te kan vervaardig die vervaardigde item as handelskommoditeit vervang. Ons verantwoordelikhede en rol in die biblioteek- en inligtingsnetwerke wat ter ondersteuning daarvan uitgebou sal moet word, is groot.

Dit is stimulerend om te weet dat nuwe uitdagings op ons wag. Mag ons opgeskerp en bevoeg bly om reg daaraan te laat geskied. Dit sal bydra tot die sin van ons lewe in 'n nuwe dekade!

Prof. E.D. Gerryts

BIBLIKASIEREDAKSIE - 1980

| | |
|---|---|
| Redaktrise | Mej M Lee |
| Subredaktrises | Mej M du Toit |
| | Mej M Nortjé |
| | Mej H Struwig |
| Fotograaf | Mnr N Venter |
| Medewerkers | |
| Beplanning en Ontwikkeling | Mej G Maritz |
| Aanskaf | Mev M Rautenbach |
| Bindery | Mnr C Buys |
| Leendienste | Mej A le Roux |
| Ontsluiting | Mej J du Toit |
| | Mev J Maree |
| Tiksters | Mej E Müller |
| Tydskrifadministrasie | Mej R Wannenburg |
| Derde Verdieping | Mev H Fouche |
| Tweede Verdieping | Mev R van Zyl |
| IBL | Mej J Roos |
| Africana | Mej M Nortjé |
| Algemene Administrasie | Mnr H van Breda |
| Finansiële Administrasie | Mnr P Ferreira |
| Buitemuurs | Mnr P Lourens |
| Reprografie | Mnr K Muller |
| Medies | Mej L Botha |
| Voorklinies | Mev M Willemse |
| Veeartseny | Mev M du Preez |
| Klinikala | Mev W Vorster |
| Musiek | Mev A Moolman |
| Landbou | Mej J du Preez |




| | | |
|---|---|---|
| *7* | *Mej M Lee* | *- Vakbibliotekaresse Tweede verdieping* |
| *8* | *Mnr T du Toit* | *- Buitemuurs* |
| *9* | *Mev D Stols* | *- Ontsluiting* |
| *13* | *Mev A van der Hoven* | *- Vakbibliotekaresse Derde verdieping* |
| *14* | *Prof E D Gerryts* | *- Direkteur* |
| *16* | *Mev M J van Rensburg* | *- Tikster* |
| *22* | *Mnr M Labuschagne* | *- Bindery* |
| *26* | *Mnr J G Beyers* | *- Finansiële Administrasie* |



Adjunk-Direkteur:

Beplanning en Oudiovisueel?



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# biblikasie is:

*Elke dag tussen half agt en half vyf*

*Welkom en totsiens*

*Belangrike gaste*

*Interessante gebruikers*

*Belangstellings van kollegas*

*'n Boek wat ek gelees het, en wil hê ander moet ook lees*

*Die mens by die tafel langs myne*

*Rekenarisering en vooruitgang*

*Afstof en wegpak*

*Die Merensky*

*Jy*

*Skryf vir hom*

*Skryf hom*

*Lees hom*

*REDAKSIE 1980*

# versamel africana


*Oumagrootjie sou haar oë nie kon glo nie .... Hier staan haar ou ysterkateltjie dan so ewe in klein Jan se Anna se kamer en die kind moes R600,00 daarvoor betaal!*

Die versameling van Africana het 'n bykans onbetaalbare liefhebbery geword. Africana dui op boeke, kaarte, prente, drukwerk, kunsvoorwerpe en meubels wat betrekking het op Afrika. Die ouderdom en seldsaamheid van 'n item bepaal die gesogtheid daarvan by versamelaars. Vanaf 1939 het die neiging onstaan om die term toenemend op Suider-Afrikaanse voorwerpe van toepassing te maak. Die versamelaar kan hom toespits op enige van die voorwerpe of op 'n sekere tydperk uit die geskiedenis.

In die buiteland, veral in die V.S.A, is die versameling van Africana 'n winsgewende bedryf. Een van die omvattendste versamelings oor die Anglo-Boereoorlog is die van Kenneth Griffiths in Londen.

<u>Versamelings in museums</u>

Die Africana-museum (Johannesburg), die William Fehr-versameling (Kaapstad) en die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum (Pretoria) bevat van die waardevolle artikels. 'n Onlangse toevoeging is die Jansen-versameling, gehuisves in Strubenstraat 214. Byeengebring deur mev. Mabel Jansen, vrou van die goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika, bestaan die versameling uit meer as 600 artikels. Die Sjinese Imari, Japanese Nankin en Delft porseleinware is werklik iets besonders. Die besoektye is gedurende weeksdae vanaf 9h00 - 15h30 en oor naweke vanaf 11h00 - 15h30.



<u>Die waarde van Africana</u>

Afgesien van die monetêre waarde van Africana dui so 'n versameling op die vasknoop aan 'n fragment uit die verlede. Die mens is daagliks besig om kultuur tot stand te bring. Hierdie afsetsels sluit alles in waarmee u u dagtaak verrig, die literatuur wat u lees, die korrespondensie wat u voer .... (Wie weet dalk bewys 'n aanmaningskaartjie wat u uitskryf nog dat prof. X wel in 'n sekere onderwerp belanggestel het al het hy dit in die openbaar ontken ....) Sommige van hierdie items, of stoflike kultuur, verkry besondere kultuur-historiese waarde na gelang van omstandighede. Die waarde van hierdie items hou verband met tragiese of groot gebeure in die geskiedenis. Die handgeskrewe koerante van die Boerekrygsgevangenis op Ceylon maak 'n kosbare deel uit van die Godfrey-versameling oor die Anglo-Boereoorlog.

<u>Hoe om Africana te versamel</u>

Die voornemende versamelaar moet oor 'n breë algemene kennis van die kultuuragtergrond en geskiedenis, die kenmerke van die verskillende tydperke, houtsoorte en kentekens aangebring deur vakmanne beskik ten einde die regte „neus" te ontwikkel. Besoeke aan museums en oudhede handelaars lei tot die aanleer van die regte „snuffelinstink". Het u geweet dat u vir ouma se waskom en lampetbeker R95,00 sal moet opdok? Die Masawattee-blikkie kan u op die familieplaas ashoop raakloop, of dalk is tant Siena se ou kombuiskas lankal vir haar 'n steen des aanstoots .... verlos haar daarvan ....

<u>Waarmee daarmee?</u>

Moenie bekommerd wees nie - u sal nie skielik 'n uitstallokaal nodig hê nie. Veral meubelversamelaars kan getuig dat die eens lendelam riempiesbank na restourasie 'n stewige en gerieflike sitplek in die sitkamer geword het. Hierdie artikels dateer nog uit 'n tyd toe massaproduksie 'n onbekende woord was. Raam ou kaarte, fotos en dokumente om maklik die moderne skilderye die loef af te steek. Die televisiestel kry 'n stewige staanplek op 'n ou Singer naaimasjien en 'n oninteressante portaal word in 'n japtrap opgekikker met 'n mooi wastafeltjie kompleet met daardie waskom en lampetbeker wat u vaneffe gebedel het en 'n mooi potplant in die koos ....

<u>Ten slotte</u> ...

Met elke stukkie wat u byeenbring kry u 'n geliefde vriend by wat sy eie lewensverhaal te vertel het: 'n nou duursame „what not" van okkerneuthout wat u van hoenderstellasie af kon verhef en oumagrootjie se ysterkateltjie wat uitgesmyt is omdat hy die stigma van die armblanke fase gedra het .... Lekker snuffel!

Ria van Zyl



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## Eerste vergadering van die Uitvoerende Komitee - SAIBI

Die SABV is op 5 Julie 1930 in Bloemfontein gestig en het in die 50 jaar wat verby is, onder andere gestreef na groter professionalisering van die biblioteekberoep. Soveel so dat daar gedurende Oktober 1979 'n nuwe grondwet aanvaar is. Die SABV is dan op 1 Januarie 1980 vervang deur die Instituut vir Biblioteek- en Inligtingswese (SAIBI).


'n Geskiedkundige eerste vergadering van die Uitvoerende Komitee is gehou op Dinsdag 15 Januarie in die Merensky-Biblioteek.

Teenwoordig was van links na regs op die meegaande foto:

*Mej. L. Kennedy, Mnr. J. Willemse, Prof. C. Lohann, Prof. A.J. Viljoen (President van SAIBI), Mnr. C.J.H. Lessing (Ere-sekretaris van SAIBI), Prof. E.D. Gerryts, Prof. R.B. Zaaiman, Prof. B. Fouché (Vise-president van SAIBI).*




"Now, I don't want just a bunch of 'yes' men . . . so two of you will be programmed to say 'no' on rare occasions."



## rekenarisering

Aan die begin van 'n nuwe jaar is dit waarskynlik veroorloof om 'n kort terugblik te hou en ook 'n kykie die toekoms in te waag.

Die jaar 1979 het begin sonder dat daar al 'n besluit oor die DOBIS-ontsluitingsmodule geneem was. Voorstelle vir die aanskaffing van DOBIS is egter in Februarie deur beide die Koördineringskomitee vir Biblioteekrekenarisering en die Biblioteekkomitee aanvaar en na 'n toetsfase van drie maande kon DOBIS gedurende Mei 1979 aangeskaf word. Opleiding van 'n kerngroep van persone uit die Biblioteekdiens, die Afdeling Dataverwerking aan UP en die Rekenaarsentrum het gelei nie net tot kundigheid ten opsigte van DOBIS nie, maar ook tot die identifisering van probleme en wenslike veranderings aan DOBIS. Die Afdeling Dataverwerking en mnr. Roberts van IBM het daarna begin om van hierdie veranderings aan te bring. Ongelukkig kon die Afdeling Dataverwerking weens 'n personeeltekort gedurende die tweede semester baie min aandag aan DOBIS skenk.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

'n Aantal projekte wat ōf noodsaaklik was vir implementering van DOBIS ōf verkieslik daarmee behoort saam te val is ook gedurende die jaar 1979 aangepak, onder andere ondersoeke na die inhoud van die bibliografiese rekord, die taal van die katalogus, die katalogiseerkode wat gebruik sal word, die rekenaar-formaat van DOBIS, diakritiese tekens en spesiale karakters wat gebruik sal word, die liasseerreëls van DOBIS, die vorm waarin harde-kopie-uitvoer van die gerekenariseerde katalogus sal plaasvind, die tipes katalogi wat uitgevoer sal word, die bladsy-uitleg vir hierdie katalogi en die oorskakeling na 'n standaard-klassifikasiestelsel. Van die belangrikste besluite wat gedurende die jaar geneem is, is dat harde-kopie-uitvoer op mikrofiche sal wees, dat outeurs en titelkatalogi geskei sal wees, dat die fiche-katalogi 'n redelik kort rekord sal bevat, dat die taal van die katalogi in hoofsaak Engels sal wees, dat sekere veranderings aan die liasseerreëls van DOBIS nodig is en dat daar van die bestaande signatuurstelsel oorgeskakel sal word na Dewey 19.

Nadat daar gedurende Julie 5 terminale in die Seksie Makro-ontsluiting geplaas en met die rekenaar gekoppel is, en nadat 'n basiese handleiding opgestel is, kon daar vanaf Oktober begin word met die opleiding van die ontsluiters.

Projekte wat in 1980 aangepak of afgerond moet word sluit in die voltooiing van die handleiding, verdere opleiding in DOBIS en AACR II, detail-ondersoek van die oorskakeling na Dewey 19, implementering van die ondersoek na LIBIS-BATCH (die uitvoerprogram waardeur harde-kopie-uitvoer vanaf DOBIS verkry word) en ondersoeke na onderwerpsontsluiting en statistiekhouding in DOBIS. Hopelik sal daar in Februarie oorgegaan kan word na 'n paralelle bedryf van die handstelsel en DOBIS en teen die einde van die eerste semester ten volle na DOBIS. (Dit bly maar gewaag om voorspellings ten opsigte van enige rekenariseringsprojek te maak!) Verder hoop ons om in 1980 ook LIBIS-ONLINE, die uitleen- en aanskafmodule van DOBIS, te begin ondersoek.

<u>?SAIBI?</u> 'n Nuwe jaar, 'n nuwe dekade, 'n nuwe naam! Maar waarvoor sou dit staan? Indien u die inleidingsartikel in die November/Desember-uitgawe van Biblikasie weer 'n slag nagaan sal u vasstel dat u heel waarskynlik lid van SAIBI is. SAIBI staan naamlik vir "Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingswese" en is vanaf 1 Januarie 1980 die nuwe naam van die SABV. Die Engelse naam is "South African Institute for Librarianship and Information Science" - SAILIS. En die Merensky-biblioteek het die eer gehad om op 23 Januarie 1980 gasheer te wees vir die eerste takbestuursvergadering van die Noord-Transvaalse tak van SAIBI. "Full sails for SAILIS!

*DESK FATIGUE*

*„ UG," Sê DIE AAP AGTER DIE LESSENAAR AS HY SUG*
*EN KRAP SY SY, SY RUG,*
*AGTER SY OOR EN SKUIF SY BRIL WEER TERUG*
*EN SUG WEER: „ UG!"*

*PEET VAN DER MERWE*

<u>Kleur as hulpmiddel by ons Algemene Naslaanwerke</u>


Omdat die algemene naslaanwerke steeds 'n konstante groei toon, het ons nou die stadium bereik waar die soekproses weens die omvang al moeiliker word. Om as hulpmiddel te dien is besluit om van kleur gebruik te maak.

Die rakke waarop sekere groepe naslaanwerke soos woordeboeke, ensiklopedieë ens., staan is met kleur gemerk. Die sleutel tot die verskillende kleure is die gids op die naslaantoonbank waar voorbeelde van die verskillende werke teenoor die kleur aangedui word.

Indien u na 'n algemene naslaanwerk soek, raadpleeg eers die gids op die toonbank en identifiseer die kleur.

Daar word gepoog om hierdie kleuraanwending ook in ander seksies van Leendienste te implementeer.

Mnr V B de V Otto



# i.b.l.

Die seksie Interbiblioteeklenings het die nuwe werksjaar met lewenslus en 'n hele aantal nuwejaarsvoornemens begin.

Ons is dan ook terug verwelkom deur 'n magdom aanvrae wat afgehandel moet word. Danksy die hulp wat ons van mevv. Hannetjie Erlank en Amanda Viljoen van Toonbank gekry het, kon die werk bevredigend afgehandel word en was daar geen sprake van 'n agterstand nie.


Wat die voornemens betref, is ons dit almal eens in die afdeling dat ons in 1980 'n doeltreffende en vriendelike diens aan ons gebruikers wil lewer.

Die "interbeeld" sal ook met die nuwejaar aansienlik verander. Daar is reeds met 'n opruimings en verfraaiings program begin ... sierlike potplante en selfs twee splinternuwe kapsels!!

Daar is net een gemis op die oomblik en dit is mej. Helena Struwig wat tans by die huis aansterk na 'n blindederm-operasie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 'N DAG IN DIE LEWE VAN 'N VAKBIBLIOTEKARIS

Indien jy nie geseën is met 'n jong nuuskierige entomoloog-in-wording vir 'n seun nie
ên indien hy nie 'n molkriek in 'n potplant in die huis se grond 'n tuiste laat vind het nie
ên indien die molkriek nie met sy deurdringende en oorverdowende gekriek wat die hedendaagse kriektelefone na 'n fluistering laat klink, begin wanneer jy in die bed klim nie
ên indien jy dadelik besluit om hom met 'n lepel uit sy vesting te grawe en nie eers 2 uur in die oggend op dié plan besluit nie nadat alle pogings soos 'n gekap aan die pot - waardeur die pot 'n kraak opgedoen het - en 'n oormaat van water - met die gevolge wat daarmee gepaard-gaan - hopeloos geblyk het, het jy 'n goeie kans om uitgerus en vol lewenslus vir alles wat voorlê die oggend die biblioteek binne te stap.

As jy gelukkig is, sal die student wat so te sê verwag jy moet sy studie (waarvoor jý al die bronne opgesoek het,"want (hy) weet (jy) het hom al probeer touwysmaak, maar (hy) is mos maar dom en begryp nie hoe (ons) ingewikkelde stelsel in mekaar steek nie") vir hom skryf, tik en bind jou nie by die deur inwag nie. Hy sal jou kans gee - o, hy is baie geduldig om jou baadjie uit te trek, jou agter jou lessenaar tuis te maak, daardie verslag wat verlede week al op die baas se lessenaar moes wees, uit te haal - o, hy is sô geduldig - hy sal jou toelaat om jou weer in die gees van die verslag in te werk, hy sal jou daaroor laat dink, hy sal jou jou pen laat oop-skroef en begin skryf - hy is o, sô geduldig -, maar hy sal jou nie toelaat om daardie sin te voltooi nie voor hy ewe skielik voor jou verskyn kug en sê: "Verskoon my asseblief ...?"

As die geluk aan jou kant is, het hy uitstel vir sy werkstuk gekry en is jy dalk vir 'n week gespaar.

En as jy so uitgespaar is, sal jy, as die telefoon jou nie onderbreek nie, - dis dikwels een of ander dame wat wil hê jy moet haar blokkiesraaisel vir haar voltooi - tussen die voltooi en kontroleer van vorms, die hou van statistiek, die nagaan van duplikaatlyste, die aandag aan skenkings en brosjures, die reël van uitstallings, die gesoek na vermiste boeke, die geskryf van stukke vir Biblikasie en vergaderings deur, jou verslag voltooi.

En as jy bâie, bâie gelukkig is, sal jy nog kans kry om of aan 'n bibliografie vir 'n navorser te werk, of om boeke of tydskrifte te bestel, of om 'n afspraak met een van jou departemente te maak, of om aandag te skenk aan die reservering van studiemateriaal, of aan die rakspasie wat dreigend krimp.

As jy aan meer as een van die sake op een dag aandag kon skenk, sal jy genoeg rede hê om wanneer jy hier uitstap te kan sê: "Dit was 'n goeie dag."

Peet van der Merwe

## ...EN 'N ASSISTENT

Van een ding kan 'n vakbibliotekarisassistent deeglik getuig - jou werksdag is alles behalwe vervelig. Vanaf die oomblik dat jy soggens agter jou lessenaar gaan sit (soms is dit jou nie eens beskore nie) kan enige iets gebeur.

Jy besluit om daardie hoop tydskrifinhoudsopgawes maar vroeg te gaan fotostateer, deels om werksoppervlak vir die dag skoon te skoffel, deels omdat jy dan nog min kompetisie by die fotostaatmasjiene sal hê.

Jy is nog besig om die laaste trappie te probeer raaktrap met die stapel fotostate wat so raak-raak aan jou neus, dan sien jy reeds die gebruiker, wat om die minste te sê hulpeloos lyk, ronddraai in die omgewing van jou tafel. Jy lyk aansienlik verlig as jy met 'n glimlag jou dienste aanbied, maar dan word die alomgevreesde woorde gespreek: "Ek het die korrekte klasnommer en volgens toonbank is die boek nie uitgeneem nie, maar op die rak kry ek hom ook nie." Dadelik flits die moontlikhede deur jou gedagte - die pakkamer, voorgraads, studieselle, ingebruik of selfs vermis? Die voorgraadse lys lewer niks op nie, dan maar die pakkamer. Jy begin by die boonste rak (logies?!) -en op die heel onderste een- siedaar, die verlore boek! So 'n fonds mââk beslis 'n mens se dag.

Na tee stap jy na jou tydskrifrakke om iets te gaan haal en snak na jou asem. Dit lyk of 'n orkaan die tydskrifte getref het - die studente se taak moet seker vandag of môre ingehandig word. Nou ja, om orde te skep word later tweede natuur.

Die gebruiker wat na middagete op jou afpyl, lyk doelgerig en gedetermineerd. Asof dit die heel natuurlikste ding in die wêreld is, vra hy dat jy moet vasstel waar Suid-Afrika se huiskatte hulle oorsprong gehad het. Optimisties redeneer jy dat aangesien navrae oor narkolepsie en oliepypleidingsnetwerke al in die verlede hier bevredigend beantwoord is, huiskatte beslis nie probleme behoort op te lewer nie.

Die telefoon lui en 'n onsekere stem vra om met meneer Poggenpoel te praat. Hy is van gemiddelde lengte met bruin oë en hare en sit waarskynlik op die tweede vloer. Dit is dringend. Benoud kyk jy rond en besluit om op die ry af te vra. Soos jy aankom skud die koppe in stille ontkenning en moedeloos en uitasem keer jy terug met jou teleurstellende boodskap.

Na ete wag daardie voorgraafse lys op die lessenaar. Sowat veertig boeke moet in die katalogus gekontroleer word. Teen teetyd het die geykte volgorde van die alfabet vir jou reeds aansienlik vervaag weens druk gebruik, maar 'n voltooide taak het tog sy eie beloning.


Wanneer 'n gebruiker die middag sy bibliografie waaraan jy en jou vakbibliotekaris so intensief gewerk het, kan afhaal en hy sê dat omtrent alles daarin vir hom van nut sal wees, voel 'n mens darem trots en nuttig.

Vir elke van die teleurstellings en frustrasies wat die dag oplewer, is daar ook 'n glimlag, 'n grappie en sukses. Dit alles bring mee dat die taak van die vakbibliotekariassistent seker een van die interssantste in die biblioteek is.

Zani Swart & Hannelie Swanepoel



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



LETTERA 32 OLIVETTI PER TUTTI

## SEKSIE TIK-EN KAARTPRODUKSIE

Soos u almal miskien reeds weet het Reprografiese Dienste na die Kelder verskuif. Die gevolg was dat daar aansienlike veranderinge op Laergrond aangebring is. Dit was Seksie Makro-ontsluiting en die Tikseksie wat daarby betrokke was. Groter ruimte het beskikbaar geword na die verskuiwing van die kopieërmasjiene.

Die Tikseksie het aanvanklik slegs na agter op die vloer verskuif. 'n Groot ruimte het egter in onbruik gestaan. Die Seksie was nie vir lank so georganiseer nie want 'n verdere verskuiwing is goedgedink.

Daar was nie veel ontwrigting in die Seksie as gevolg van die verskuiwing nie. Werk moes net eenvoudig voortgaan al het lessenaars soms byna op 'n hoop gestaan. Met tye was dinge regtig deurmekaar. Vragte boeke moes heen en weer karwei word. Die Seksie Tik- en Kaarproduksie se Xerox 1000 moes ook deur Rank Xerox self verskuif kom word. Hulle moet dan die nuwe posisie van die masjien op hul kaarte aanteken. Dan moes baie rakke weer oor gemerk word en waar rakke verskuif is moes die vloere eers skoongemaak word. Dit alles het baie tyd in beslag geneem en dikwels kalmte van gees vereis. Sonder die gewillige swart werkers sou dinge ook nie so vlot verloop nie.

Werksaamhede in die Seksie is egter nou weer goed georganiseer. Elkeen in die Seksie voel trots op ons nuwe werksruimte. Die Seksie kan ook nou spog met 'n aparte telefoon naamlik X807. Ook die magdom studente wat gebruik maak van die kopieërgeriewe sal nou nie meer die senuwees van die Tiksters gedaan maak nie. Vandat die masjiene verwyder is, heers daar ook 'n ongekende stilte op die vloer.

Die verandering is so goed soos 'n vakansie. Ten spyte van die effense ongerief, bly die verskuiwing beslis die moeite werd en wil die Seksie almal bedank wat 'n deelname daaraan gehad het!

Terwyl byna die hele Seksie met vakansie was, was dit mej. Wanda Herbst, mej. Annemarie van Rensburg en mev. Esther Müller wat kon deel in die opwinding en vreugde van Engeltjie-speel. Baie dankie aan Kobus, René en Helena!

Twee van die Tiksters het gaan kuier in die Kaap. Mev. Mara van Rensburg kon haar vakansie deurbring op Jeffreysbaai, terwyl mej. Marietjie Greyling op Hartenbosch gekuier het. Die twee se sonbrand getuig van 'n heerlike, sonnige vakansie.

Mev. von Backström en mev. Minda Meyer was ook met verlof en albei sien daar goed uit. Mev. von Backström het voor die vakansie in 'n nuwe huis ingetrek. Sy voel baie tevrede met haar nuwe woning en ons hoop sy sal sommer lank en lekker daar woon!

Mev. Minda Meyer word nie so vinnig oud nie maar dit is haar kinders wat so vinnig groot word. Hierdie jaar sal altwee haar dogters aan Tukkies studeer. Sterkte Minda!

Verder sien mej. Annemarie van Rensburg in die nuwe jaar kans vir nog 'n hele paar vakke en ons almal wens haar voorspoed en uiteindelike sukses met haar studiejaar toe.

Dan het daar nog 'n groot ding gebeur onder ons geledere! Mej. Wanda von Wielligh word toe mev. Herbst. Namens almal wat ook vir Wanda lief geword het, wens ons haar 'n Geseënde en Vreugdevolle huwelikslewe toe!!

Die Tikseksie wens ook aan 'n ieder en 'n elk in Die Biblioteek 'n gelukkige Nuwe Jaar toe.

Ester Müller

---

## BINDERY

Die Binderypersoneel het 1980 so op drie bene binne gespring. Mnr. Nic van Vuuren het met militêre verlof op Grootfontein gaan vakansie hou.

Mej. Dalena van der Merwe het groener weivelde by die Weermag gaan soek. Ons beste wense vergesel haar in die nuwe werkkring.

Mnre. Willie Porter en Marthinus Labuschagne het eers op die 14de Januarie hulle opwagting gemaak om seker te maak dat daar nie onnodige vermoeienis, veral met die harde mediese tydskrifte sal wees nie.

Groete uit die Bindery



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


# ONTSLUITING

Die Tagtigs is nie net 'n nuwe era nie, maar in Ontsluiting vir elkeen 'n nuwe fase in haar werkslewe.

Vir die afdeling het die nuwe jaar en dekade summier met 'n "new look" begin: seksie Reprografie het na die kelderverdieping verskuif, en nou kan Ontsluiting saam met die Tiksters 'n bietjie bene rek. Ons benut nou die hele oostelike gedeelte van die laergrondvalk, natuurlik met die oog op toenemende aktiwiteit om die rekenaarterminale. Daar is nou deeglik ruimte voorsien rondom hierdie masjiene, waarvoor almal binnekort baie dankbaar sal wees. Heelwat opruiming het ook met die verruiming gepaardgegaan, en geleidelik begin Ontsluiting sy sake skik vir die besondere jaar wat voorlê. Onthou al lyk dit anders, is die mense nog presies dieselfde!

Daar word nog steeds met effense skuheid gekyk na ons rekenariseringstoekoms, maar dinge het nou amper finale vorm aangeneem, 'n groot geluk is dat die Anglo-American Cataloguing Rules sy tweede edisie net betyds gepubliseer het vir ons Afdeling om die ingrypende reëlverandering, met sy klem op rekenaarformaat, toe te pas. Ons het ons jaar begin met die voorneme om hierdie vreemdeling te leer ken. Verlede jaar se aanvoorwerk deur mej. Bettie Coertze word nou weer in fyner detail deur mev. Elsa Cronje aangepak. Sy sal die leiding neem by die weeklikse AACR II lesings en praktiese demonstrasies wat op 21 Januarie 1980 begin. Deur middel van titelbladafdrukke sal ons dus die hersiene ontsluitingsmetodes kan baasraak. Ons bedank graag vir mev. Cronje vir haar gewilligheid om hierdie organisasiewerk vir ons te doen.

DOBIS word nog afgerond, en finale programaanpassings word gemaak van die rekenaarsentrum, en van ons kant af is dit nou net oefen, oefen en oefen om die invoerroetines te leer ken. Ongelukkig het al hierdie nuwighede veroorsaak dat ons hierdie jaar met 'n agterstand in boekopname begin, maar dit hoop ons om gou-gou uit te wis deur middel van die rekenaarsnelheid.





Kyk of hy nie dalk nóú werk nie?

Aan mej. Manda Mörsner, wat nou weer die geselskap verbly met haar teenwoordigheid ná 'n tydperk in Beplanning waar sy die SAPSE statistiekaangeleentheid bemeester het: welkom, ons het jou gemis. Ons hoop jy bemeester die terminale ook net so vinnig.

Op sosiale vlak lyk dinge baie vrolik. Almal het terdeë vakansie gehou en is gesond terug op hul poste. Geluk aan mej. Marianne Steyn met haar verlowing, mag alles goed gaan. Die ooievaar vlieg ook rond, maar dié kan belangstellendes self probeer opspoor! Verder word huise gebou en gemeubileer en op groot skaal tuingemaak.

So in die rekenaartrant: gehoor van die binêre polariteit van hedendaagse omskrywingsterminologie? Iets is deesdae net een van twee dinge: "Metaphysical" of - "Fattening"!!



Maar jy móét onthou waar jy Pappie begrawe het. Hy het die motorsleutels!

VAKANSIENUUS

Uittog na die Oos-Transvaal

Oos-Transvaal- die vakansiebestemming van drie lede van Tydskrifadministrasie. In Skukuza het mej. Irene du Preez weer eens besef wat dit is om warm te kry. Van haar pa het sy nie veel te sien gekry nie - vanweë die nuwe televisie, maar haar ma het al die verlore gesels en bederf teen 'n bykans onmoontlike tempo ingehaal. Vir Irene was dit inderdaad heerlik om by die huis te wees.

Terwyl Irene haar dae omgeluier het, het mev. Ronel Schwartz wat intussen getroud is, 'n gedeelte van haar wittebrood in die Wildtuin deurgebring. Daarbenewens het Ronel ook Graskop, Sabie, Blyderivier en Pelgrimsrus besoek.

Met die reënerigheid wat Kersdag gedreig het in Pretoria, het mev. Aartia Joubert besluit om in Waterval-Onder te gaan kuier. Die tydjie was baie kort, maar beslis die moeite werd - aldus Aartia. Hoe baie te doen in min dae en min ure sodat jy die komende jaar kan put uit herinneringe van aangename luilekker dae van die vorige jaar.

Skindernuus

Vertrou Hesté om selfs op Port Elizabeth se strand 'n internasionale konferensie te belê. Détente is gevoer met Griekeland en Israel. Hou so aan, Hesté. Dalk word hierdie era dié era van die handhawing van goeie verhoudinge.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


# BOEKBESTELLINGS


*Met die ou jaar agter en die nuwe jaar voor*
*is Boekbestellings weer voor in die koor.*
*Aan werk het ons hier geen tekort*
*en o wee, daar gaan van ons maatjies vort!*
*Lucia het nou "upstairs" geraak*
*op tweede vloer gaan sy nou almal gelukkig maak.*
*Valery het besluit, niks en niemand gaan haar keer*
*in die Kaap sal sy meer as in die Merensky leer.*
*Lucia en Valery ons gaan na julle verlang*
*Dankie vir die harde werk - ons hoop ons kan*
*julle vervang.*

*Die nuwe gesig by ons het almal seker al opgemerk*
*Haar naam is Helena Theron en sy kan baie hard*
*werk.*
*Welkom Helena - jy's klaar een van ons*
*Ou Maatjie, hier gaan ons nog werk dat dit gons.*
*Massakansellasies is net om die draai*
*en die SANSO-stelsel maak ons almal poegaai!*

*Neels die ou doring - hy hou hom verniet so stil*
*met sy baadjie en sy taatjie het hy sy eie wil.*
*Voortaan sal al die dames vir Neels mooi moet lyk*
*want hy's die een wat nou vir ons deur die kamera*
*se lens gaan kyk.*
*Ria se oë is deesdae vol sterre*
*dis 'n lang storie en kom van verre*
*Huweliksklokke gaan vroeg in Februarie lui*
*Ria en vriendjie gaan "at last" trou aan mekaar*
*bly.*
*Rita is goed uitgerus en vir die nuwe jaar lyk*
*sy baie lus*
*Renée is so vol geesdrif - Universitas kan dit*
*nie eens blus.*
*Sonja sit en kopkrap - die swottings gaan haar*
*onderkry*
*Annemarie wens net een ding - Ek wens tog ek*
*kon 'n kar ry!*

*Mev Rautenbach ons ou steunpilaar*
*sy is nog vol plesier*
*Met 'n Mazda "tree to tree" ry sy deesdae rond*
*Te goed om te glo - hoop die kar bly gesond.*
*Tussen briewe, pos en boeke kon ons skaars vir*
*Sylvia sien*
*Aanhou, moedhou, kophou, ouens*
*So sal ons die Merensky dien.*




STILTE!!

## reprografie

Daar het gedurende Desember 1979 'n verskuiwing van die fotokopieërmasjiene vanaf die Laer Grond verdieping na die Kelder plaasgevind. Talle gebruikers kla nou omdat hulle verder moet loop. Talle nuwe probleme met die masjiene het ook ontstaan, aangesien baie gebruikers meen dat vandat die masjiene geskuif is, dit nou op 'n ander wyse as voorheen werk. Ons kry soveel klagtes van masjiene wat geen fotokopieë aan die einde uitgooi nie, en dikwels is dit slegs die metertjie wat verkeerd ingesit is, of somtyds gladnie ingedruk is nie!

Die eksamenvraestelle van vorige jare is ook afgeskuif. Met die verskuiwing is slegs bundels vanaf 1976 beskikbaar gestel. Die gevolg is dat die rakke maar lee lyk in teenstelling met vorige jare. Sommige studente het nou al tussen die ou tydskrifte in die Kelder rondgekrap op soek na ou vraestelle, en dit laat 'n mens wonder hoeveel studente het vroeër in vraestelle van die jaar toet rondgekrap op soek na "eksamenspots".

Ons hier by die reprografiese dienste wil elke lid van die personeel 'n baie voorspoedige 1980 toewens en sien daarna uit om u hier te sien, selfs al is dit net om kleingeld te kry of dalk net om hallo te sê.

Kobus Muller

SEKSIE FINANSIëLE ADMINISTRASIE

Mnr. Johann Gerard Beyers het op 3 Januarie in die Seksie Finansiële Administrasie begin werk. Hy het verlede jaar in die Departement van Samewerking en Ontwikkeling : Afdeling Staatkundige Ontwikkeling gewerk. Mnr. Beyers was op Lichtenburg op skool en het die B.A.-graad aan U.P. behaal met Staatsleer en Volkekunde as Hoofvakke.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## tweede vloer

Kersfees is agterweë en het op die tweede vloer 3 geskenke agtergelaat. Met dië drie nuwe gesigte in ons midde pak ons die dekade met groter fleur aan! Mev. Anita Joubert is goedgunstiglik aan ons geskenk omdat sy so lekker kan stof opskop .... Anita was voorheen werksaam by die Onderwyskollege vir Verdere Opleiding.

Mev. Lucia Smit het uit Bestelafdeling se geskenkpakkie gekom en is al klaar 'n geliefde steunpilaar. Mev. Susan Swanepoel het besluit dat huishou en studeer baie lekker is maar nie so winsgewend nie. Susan het verlede jaar 'n prestasietoekenning van die S.A.B.V verower en hiermee ons almal se hoor! hoor!

Gelukwensinge ook aan al die groot koddedore waarmee ons kan spog: mev. Alida Dippenaar met haar bevordering tot senior vakbibliotekaris, mej. Rita Badenhorst as leiervakbibliotekaris en mej. M. Lee as redaktrise van Biblikasie. Vir die oningewydes kan ons net sê tussen hierdie groot kanonne moet mens jou sit en staan ken om nie te praat van jou koes nie!

Dit is met 'n tikkie hartseer dat ons afskeid moes neem van mev. Hannelie Swanepoel wat besluit het om haar voltyds aan haar ma-studies te wy. Voorspoed Hannelie met die lewenstaak.

## Toonbank

Baie geluk aan mej. Zanné Joubert wat haar B.A.-graad verwerf het. Tot ons spyt het sy ook verhuis - na Africana. Hoop jy werk lekker daar Zanné, ons mis jou by die Toonbank.

Mev. Amanda Viljoen het ons geledere ook skielik verlaat. Sy verruil Pretoria vir Barberton en sien veral uit na die onderwyspos wat sy daar aanvaar het.

Die ander personeellede is ook weer almal terug na welverdiende vakansies en is besig om hulleself slaggereed te maak vir die studente wat hulle gedurende Februarie gaan oorval. Volgens ons statistiek was die biblioteek besoek gedurende 1979 661463 persone, so daar lê beslis besige dae voor!

Die toonbankpersoneel het ook 'n reuse snanpoging aangewend om alle uitstaande boeke op te spoor. Dae lank is die telefoon vuurwarm gebel, aanmanings en geregistreerde briewe is uitgestuur, en waar die studente nie opgespoor kon word nie, is die werkgewer, ouers, susters, broers en vriende om hulp gevra. Ons "meëdoënlose vervolging" het gelukkig vrugte afgewerp en boeke is van oral af terug ontvang.

## beplanning

Mev. Elsie Mulder is die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling se nuwe sekretaresse. Sy kom oorspronklik van Potchefstroom en het 4 jaar by die Landbank gewerk. Ons hoop sy sal baie gelukkig in die Afdeling wees.


Mnr. Peter Lor bring sy Januariemaand-verlof in Australië deur - wonder of hy kans gekry het om op 'n kangeroe te ry?

Teen die tyd dat hierdie Biblikasie verskyn, het mej. Gerda Maritz reeds haar 3de mondelinge B.Bibl.(Hons)-eksamen agter die rug. Ons hoop alles het baie goed gegaan!

Almal in die Afdeling begin al weer sug oor die kabinette van die Afdeling. So spoggerig as wat daardie wit roldeure lyk - so min werd is hulle. Een staan permanent in die oop posisie, so vas soos 'n rots. 'n Ander een kan sy "mond" nie heeltemal toekry nie. En 'n derde een staan bekend as Die Knyptang - die veer wat die roldeur behoort te hou het gebreek en as mens nie oppas nie knyp hy jou vingers blou wanneer hy toegemaak word. Die Tegniese Afdeling wat ons elke keer vra om die deure te herstel is al net so moedeloos soos ons. Gelukkig sal daar binnekort samesprekings met die vervaardiger gehou word en ons hoop dat een of ander oplossing gevind kan word.

Gelukwensing aan dr. Tamal Trichardt met haar bevordering na bibliotekaresse.

Rolf Tönsing




Spotprente hoofsaaklik ontleen uit Educational Technology.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Medies


*Van Medies se kant*
*is als aan die brand.*
*Almal is al weer op hok,*
*behalwe Pieter - die tokkelok*
*het natuurlik weer besluit*
*dat hy nog vakansie kan gebruik!*

*En bowenal - die probleme*
*wat gepaardgaan met Nuwe Jaarsvoorneme:*
*dit is Medies se bindbeurt*
*(want almal kry mos een beurt!),*
*so tussendeur die tydskrifopnames*
*gaan dit maar druk met al die dames*
*en al die studente is ook al tuis*
*want Medies is mos 'n flukse huis!*

*Annie skryf al weer eksamen -*
*ons wens haar alle sukses toe met die poging.*

*Met ons almal gaan dit verder goed*
*die vakansie op 'n end en werk weer volspoed.*
*Al wat oorbly is die wense*
*vir 'n goeie jaar aan al die mense!*

*Leoné Botha*



# ONDERSTEPOORT

Dit is weer 'n splinternuwe jaar met baie verpligtinge en uitdagings. Vir ons hier op Onderstepoort is daar die verdere vooruitsig van 'n vergrote biblioteekgebou met beter fasiliteite. Voorwaar iets om na uit te sien.

Verder is 'n telapparaat onlangs hier geïnstalleer en 'n mens staan verstom dat soveel persone die biblioteek gedurende vakansietyd besoek. Sonder die teller word 'n mens nie sommer bewus van die hoeveelheid besoekers nie.

Mev. Francina de Villiers, voorheen hier werksaam, en haar man, Dawie, het intussen 'n fris babadogter wat hulle Franda gaan noem, ryker geword. Baie geluk.

Groete vanuit die noorde

Mathilda du Preez



# buitemuurs

*4 OLI .... FANT .... E*

*Wat sal jy doen as jy 'n brug nader met jou motor en jy gewaar 'n olifant op die brug?*

*Maklik!*

*Neem die fant weg en ry net stadig deur die olie.*

---

*Hoekom mag mens nooit om vieruur deur die bos loop nie?*

*Antwoord: Dan spring die olifante valskerm.*

*Hoekom is 'n krokodil so plat?*

*Antwoord: Hy het om vieruur deur die bos geloop.*

---

*Hoe skiet mens 'n blou olifant?*

*- Met 'n blou geweer natuurlik.*

*Maar hoe skiet mens 'n wit olifant?*

*- Nie met 'n wit geweer nie, maar jy wurg hom tot hy blou is en dan skiet jy hom ook met die blou geweer.*

---

*Hoekom kan 'n olifant nie fiets ry nie?*

*- Hy het nie 'n duim om die klokkie te lui nie.*


*Groete van die Middestatters*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Anita Joubert



Johann Beyers

Wanda Herbst



**welkom by ons baie**



Elsie Mulder



Elsa Bosman

Alida Joubert





Kobus Muller

**geluk**



Helena Theron




Susan Swanepoel

Ronél Schwartz





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




# totsiens




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE

U P BIBLIOTEEKDIENS

FEB. 1980.



BIBLIOTEEKORIëNTERING EN GEBRUIKERSOPLEIDING

Ons staan aan die begin van'n nuwe jaar en is daar opgemerk dat groepe eerstejaarstudente en nuwe dosente onder begeleiding van ons eie personeel die biblioteek besoek.

Somtyds word daar gepraat van biblioteek-oriëntering en dan weer van gebruikersopleiding. Is daar 'n verskil tussen hierdie twee terme en indien wel, wat is die verskil? Kortliks kom dit daarop neer dat biblioteek-oriëntering beteken dat gebruikers met die biblioteek georiënteer word; waardeur hulle die opset van die biblioteek leer ken.

Ons het 'n baie mooi biblioteek, maar 'n baie groot biblioteek as in aanmerking geneem word dat die gebou ses verdiepings beslaan en meer as 'n miljoen bande huisves. En as ons verder al die reëls en regulasies wat 'n gebruiker moet nakom in aanmerking neem, dan kan ons 'n idee vorm van 'n gebruiker se onsekerheid.

Maar belangriker is dat ons begin besef watter groot taak op ons skouers rus. Biblioteekoriëntering is nie alleen 'n taak wat net deur sommige van die personeel aan die begin van die jaar hanteer word nie. Dit is 'n taak wat op elke personeellid rus. Dit is 'n verantwoordelikheid wat besondere eise aan ons stel. Dit mag dalk frustrerend wees om hier teen die namiddagure vir die veertigste of vyftigste keer aan 'n gebruiker te verduidelik dat fotokopieë onder in die kelder gemaak word, of dat Africana op die tweede verdieping is (net regs van die beeldjie verby...)

Ons kan daarom sê dat biblioteekoriëntering 'n verwelkoming is van die nuwe student sodat hy met vrymoedigheid gebruik sal maak van die biblioteek. Die student moet bewus wees daarvan dat die biblioteekpersoneel bekwaam en gewillig is om te help.

Die vraag wat nou na vore kom is of ons spesiale opleiding moet kry of spesifieke kwalifikasies moet hê. Ons moet in die eerste plek ons biblioteek ken. Dit is uiters belangrik. Maar ewe belangrik is eienskappe soos entoesiasme, vriendelikheid, behulpsaamheid, geduld en die vermoë om goed te kommunikeer.

Om doeltreffend gebruik te maak van die biblioteek is biblioteekoriëntering nie genoeg nie, en moet daar ook aandag gegee word aan gebruikersopleiding. Deur gebruikersopleiding wil ons poog om die gebruik van die voorraad en dienste te verbeter.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die biblioteek met sy fisiese uitleg en groot versamelings is vir elke eerstejaarstudent 'n nuwe ervaringsveld. Om die situasie verder te bemoeilik word op die oog af 'n ingewikkelde klassifikasiestelsel gebruik. Die student kom voor 'n geweldige hoeveelheid inligtingsbronne, wat steeds teen 'n snelle tempo toeneem, te staan. Boonop word hy gekonfronteer met ontsluitingsapparaat soos katalogi, tydskrifindekse, ekserpjoernale ensovoorts. Hierdie "struikelblokke" kan met behulp van gebruikersopleiding uit die weg geruim word en kan die student in staat gestel word om sodanige inligtingsbronne sinvol te kan gebruik met die doel om 'n inligtingsbehoefte te vervul.

Met die vestiging van die vakbibliotekarisstelsel het dit moontlik geword om gebruikersopleiding te gee. Dit is 'n taak wat met die volle samewerking van die doserende personeel gedoen moet word. Dit is egter 'n nuwe veld wat betree is en baanbrekerswerk word op UP gedoen.

Mev. Alida Dippenaar

## UIT TOPBESTUUR SE DAGBOEKE

| | |
|---|---|
| 24/1 | Dosentekursus - Biblioteekoriëntering<br>Afsluitingsfunksie van nuwe dosente<br>Topbestuur en Vakbibliotekarisse - 'n feestelike koring en pampoen ... ekskuus, kaas en wyn. |
| 6/2 - 11/2 | Eerstejaarsoriëntering - Prof. Gerryts, Mev. Dippenaar, Vakbibliotekarisstelsel en Leendienspersoneel veral betrokke - en 'n groot dank aan mnr. Piet de Kock vir die ordelike gang van sake. |
| 14/2 | Eerste Vakbibliotekarisvergadering |
| 21/2 | Bestuurskomiteevergadering |

*NOG REDAKSIE*

*Eerste Verdieping : Mev. R Viviers*
*Tikster : Mev. E. Mulder*
*Duplisering : Mej. M. Greyling*
*Fisiese versorging: Mnr W. Porter en Bindery*



*VERJAARSDAE*

*2 Mnr. J.C. Visser - Bindery*
*7 Mnr. P. Ferreira - Finansiële Administrasie*
*9 Mej. A. McLaren - Ontsluiting*
*15 Mev. W. Herbst - Tiksters*
*15 Mev. W.J. Malan - Boekbestellings*
*16 Mej. H. Struwig - IBL*
*20 Mej. E. Coertze - Ontsluiting*
*23 Mev. S. Hattingh - Medies*
*24 Mev. L. Smith - Tweede Verdieping*
*25 Mev. E. de Bruyn - Tydskrifte*
*26 Mej. C. Venter - Ontsluiting*
*26 Mev. S. Enright - Tukkiana*

BELANGRIK IN MAART

7 Biblioteekgeselligheid

26 Biblioteekkomiteevergadering



*MAART*

*AULA:*

*20,22,27,29 COSI FAN TUTTE - Mozart*
*21,24,26,28 FAUST - Gounod*

*MUSAION:*

| | | |
|---|---|---|
| *6* | *13h10* | *André Wessels - Orrelis* |
| *11* | *13h10* | *Nils Kayser - Strykensemble* |
| *18* | *13h10* | *Magnum - Popgroep* |
| *19* | *20h00* | *Carol Cooper - Pianiste* |
| *23* | *20h00* | *Eddie Davey - Orrelis "Die Kruistog van Christus" van Marcel du Pré.* |
| *25* | *13h10* | *Piet en Johan - Sangpaar* |

*BREYTENBACHTEATER*

*Maart - Macbeth*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

COSI FAN TUTTE (SO MAAK ALLE VROUENS)

- W.A. MOZART

Die verhaal van die opera begin in Napels in 'n kafee waar die bejaarde don Alfonso en sy twee vriende Ferrando en Guglielmo die getrouheid van die vrou bespreek. Die jong mans is verloof aan twee susters - Fiordiligi en Dorabella, en in 'n weddenskap word daar besluit om die getrouheid van die twee dames te toets.

In die tuin waar die susters oor hulle verloofdes sing, kom Alfonso met die nuus dat die twee jong mans na die front opgeroep is. 'n Roerende afskeid tussen die pare volg, en terwyl die dames ontroosbaar na hul kamers gaan, skok die diensmeisie Despina hulle met haar teorie dat alle mans eenders is, en dat hulle vir hulle nuwe minnaars moet kry. Sy speel so reg in die kraal van Alfonso, wat haar omkoop om die vermomde Guglielmo en Ferrando as nuwe "kuiergaste" aan die twee dames voor te stel.


Die mans doen hulle voor as Albaniërs en is hoog in hulle noppies as die dames duidelik nie belang stel nie, en Fiordiligi sing van haar ewige liefde vir haar verloofde. Alfonso is egter nog nie oortuig nie, en sê dat hulle met die plan moet voortgaan.

Die twee "Albaniërs" kom terug na die verhoog, en stort voor die susters ineen, met die storie dat hulle hulself vergiftig het omdat hulle nie die onbeantwoorde liefde kan aanvaar nie. Despina en Alfonso gaan dadelik om 'n dokter te gaan haal, maar voordat Despina, vermom as die dokter kan terugkom, is dit duidelik dat die meisies glad nie meer so ongeneë vir die belangstelling van die Albaniërs is nie.

Die tweede bedryf begin in die kamer van die dames waar Despina die meisies aanraai om die lewe te geniet. Die mans maak deur middel van 'n orkessie die dames die hof, en veral Guglielmo slaag as Dorabella toegee dat sy aangetrokke tot hom voel. Die mans meet later hulle sukses, maar Ferrando moet erken dat Fiordiligi nog onseker is. As hy egter dreig om selfmoord te pleeg, gee Fiordiligi haar oor aan hom, tot Guglielmo se ontsteltenis, en moet Alfonso die paaiwerk doen.

Terwyl die voorbereidings vir die dubbele huwelik aan die gang is, kom Despina, vermom as die notaris binne, en kondig die terugkoms van die susters se verloofdes aan. Die benoude dames probeer dadelik die "Albaniërs" in 'n ander kamer wegsteek, maar die twee mans verskyn in hulle uniforms, vertel die dames van die poets, en vergewe hulle. Die opera eindig dus op 'n gelukkige, maar soos meer van Mozart se operas, op 'n filosofiese noot.

Inligting ontleen uit: STEYN, L. DIE AFRIKAANSE OPERAGIDS. Kaapstad, Human & Rousseau, 1969.





# IN DIE KOMITEEKAMER

VAKBIBLIOTEKARISVERGADERING 14/2/1980

1. Rekenarisering

   Mnr. de Bruin skets die historiese agtergrond van die hele projek. Mnr. R. Tönsing gee die tegniese kant van die saak, en van die probleme wat opgelos moes - en moet word terwyl mej. Coertze die praktiese implementering van die stelsel verduidelik.

   Die vakbibliotekarisse beny die ontsluitingspersoneel die ervaring wat hulle opdoen, en sien uit na êrens in Mei wanneer dit hulle beurt is om nader kennis te maak met die rekenaar.

2. Besitsverbode publikasies

   Mnr. Duminy gee 'n uiteensetting van die wetlike implikasies van die saak vir die biblioteek, dui die verskille aan tussen die tipes, en die verlangde optrede in elke geval. (Biblikasie plaas binnekort 'n uiteensetting van die aktuele saak.)

3. Outeursregimplikasies by die maak van meerdere kopieë vir die Gereserveerde Studieversameling

   Mej. Rita Badenhorst lê vormbriewe voor vir die verkryging van uitgewers vir individuele sowel as staande goedkeuring om meerdere kopieë van tydskrifartikels vir bogemelde doel te maak.

   Na ietwat van verfyning en etlike wysigings word die briewe vir finale verandering terug verwys. Dit behoort binnekort vir gebruik beskikbaar te wees.

4. Die aankoop van boeke geskryf deur personeel van UP:

   Die Vakbibliotekarisse ondervind probleme om altyd op hoogte te bly van boeke wat deur UP se personeel geskryf word - wat tot 'n verleentheid kan lei indien die boeke benodig word, en dit op die mees logiese plek - die Merensky - nie beskikbaar is nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Etlike maniere word oorweeg om hierdie probleem op te los, te wete:

1. Dat daar van die Universiteit se kant pogings aangewend word om dit van personeel te vereis om die Biblioteek in te lig;
2. Dat UP-gradeplegtigheidprogramme op een of ander manier by die Vakbibliotekarisse uitkom.
3. Die UP-publikasiekomitee as bron van inligting.
4. Tukkiana-versameling.
5. S.A. Uitgewers se beleid oor boekaankondigings.
6. Notules van fakulteite - kondig aan as nuwe publikasies verskyn.

5. Vakansieverlof vir vakbibliotekarisse

Vakbibliotekarisse neem met groot dankbaarheid kennis dat hulle nou ook buite resestye verlof mag neem, mits die werksituasie dit toelaat.

6. Verantwoordelikhede van die senior bibliotekarisse in die vakbibliotekarisstelsel

Die taakomskrywing van bogemelde persone, sowel as die leiervakbibliotekaris en sekundus word bespreek om twyfel uit die weg te ruim.

Die dagbestuur van die komitee van vakbiblioteakrisse, wat sal bestaan uit die leiervakbibliotekaris, sekundus en drie (huidig) senior bibliotekarisse (vakgroepering) se taak word bespreek - wat in hoofsaak meebring dat hulle binne tien dae voor 'n vergadering van komitee van Vakbibliotekarisse byeen sal kom om sake aan te dui wat op die vergadering bespreek sal word, asook om alle begrotingsaansoeke ten behoewe van die vakbibliotekarisstelsel te oorweeg met die oog op voorlegging aan Topbestuur.

'n Praktiese gevolg van die aanvaarding van die Dagbestuur is dat 'n senior bibliotekaris (vakgroepering) nie meer as leiervakbibliotekaris of sekundus kan dien nie - en staan mnr. Piet de Kock die taak, na 'n verkiesing, met 'n groot glimlag aan mnr. Peet van der Merwe af - met die volle vergadering se goedkeuring. Mnr. van der Merwe maak 'n kôrt en krâgtige nooienstoespraak ("Julle sal dit berou!")


7. Biblioteekdiens se betrokkenheid by UP se feesverrigtinge

Prof. Gerryts dui die volgende aan:

1. 2 & 3 Julie: Simposium in samewerking met Departement Biblioteekkunde. Uitdaginge aan die Universiteitsbiblioteekwese.
2. 4 Julie: Ope-dag: U.P. Biblioteekdiens
3. 8 Oktober: Opening van uitstallings in die Biblioteek.
4. Uitstallings deur vakbibliotekarisse by/vir Departemente wat simposiums aanbied.

8. Verdaging

Die vergadering verdaag om 12h40 nadat die vakbiblioteakrisse vir hulle deursittingsvermoë bedank is.



"I work better under a strain."

# DIE GROOT STAP

In Februarie neem die Universiteit se Biblioteekdiens nog 'n groot stap vorentoe. Die langverwagte Personeelhandleiding word offisieël ingebruik geneem.

Hierdie 160-bladsy publikasie, deurspek met diagramme en organigramme en gehul in Universiteitsblou, is oorkoepelend en aanvullend tot die pligtestate en prosedures wat in iedere Afdeling en Seksie bestaan. Die handleiding bevat die kern van die Biblioteekdiens se doelstellings en vorm so die basis vir dienlike leiding. Voorts is dit die hulpmiddel vir die oriëntering van nuwe personeel - en is ook sommer daardie nuttige ou naslaanwerkie waarin die ouer garde met vrug in kan rondblaai en waardevolle inligting bekom, soos: Haai, ons is veronderstel om halfagt in die oggend te begin werk!" - dit het ek nooit geweet nie!

Die Personeelhandleiding verskyn in 'n hanteerbare omslag en is juis in losbladvorm vir doeltreffender opdatumbring waar aangeleenthede aangepas word, afskeidings in afdelings plaasvind en - natuurlik - nuwe reglemente gereglementeer word. Die Personeelhandleidingskomitee sal van tyd tot tyd die nodige bladsye beskikbaar stel.

Om dit toeganklik te maak vir elke personeellid, is daar 'n kopie beskikbaar in elke Afdeling, Seksie, Takbiblioteek en by elke dienspunt in die Biblioteekdiens.

Die konsep en die aansporing wat gelei het tot die voltooiing, het gekom van prof. E.D. Gerryts en sy stempel is op iedere bladsy waarneembaar. Die onuitputlike aanmoediging van die projekleidster, mej. Annatjie Momberg, het die soms tanende ywer en opwellende gemoedere deur die drie-en-'n-halfjaar van arbeid gedra. Ons kan verder nie nalaat om te noem dat mev. Babs von Ehrenberg met haar tipiese blymoedigheid haar deel sonder skroom bygedra het nie. Jammergenoeg kon sy nie die afronding meemaak nie omdat sy die Biblioteekdiens vaarwel toegeroep het en haar plek op die Personeelhandleidingskomitee is ingeneem deur mej. Rita Badenhorst en mnr. Peet van der Merwe wat in bewondering en in stilte die voltooiing gade geslaan het.

Dit word gesê dat mev. Tolstoy haar ou man se "Oorlog & Vrede" sewemaal met die hand moes kopieër voordat hy tevrede was. Met die Personeelhandleiding het mev. Alida Joubert en veral mev. Joyce Botha haar lag-lag (!) die loef afgesteek. Kere sonder tal moes bladsye oorgetik word - en dit op kort



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

kennisgewing en tussen al die ander werk deur.

Mnr. Porter en, trouens, die hele Bindery, moes, toe die lêers uiteindelik arriveer - eers alle ander werk laat vaar, om vir die drukwerk op die omslae te sorg. Daarna is die teksgedeelte na mev. C.M. Smit, van die Universiteit se dupliseringsafdeling, waar die vyftigtal kopieë gereproduseer is.

Genoeglik het ons teruggesit. A, die handleiding is klaar, die baba kan aan die wêreld getoon word! Maar nee, sy "tande" moes hy nog kry. Die gidsblaaie om die verskillende hoofstukke aan te dui, moet voorberei word. En hier het die mevroue Ria van Zyl, Hannelie Swanepoel en Zani Swart - behendig bygestaan deur mnr. Dries Grobler - menige gelukkige ure aan die einde van 1979 met die Lettraset deurgebring om toe te sien dat u die handleiding makliker sal kan raadpleeg.

So in die verbygaan het ons 'n klompie name genoem, maar die eintlike, of, beter gestel, die uiteindelike dank kom aan u toe wat die Personeelhandleiding gaan gebruik en dit sodoende nie net 'n nuttige publikasie nie, maar ook die arbeid wat dit geverg het, die moeite werd maak.

Piet de Kock



## ROOKLOSE DAG

Gesondheidsjaar is verby - en u rook nog steeds? Miskien het u nie gehoor nie, maar daar is onomstootlike bewyse dat die rookgewoonte ernstige gesondheidsgevare inhou, veral as risikofaktor by koronêre hartvatsiekte (waarvoor ons Suid-Afrikaanse mans so vatbaar is). Maar, nou ja, "Smoking or Health - the Choice is Yours."

Om u in u keuse te help, het die Wêreldgesondheidsorganisasie besluit om gedurende April 1980 'n rooklose dag uit te roep ten einde die aandag te vestig op die gevare en nadele van rook. Die Departement van Gesondheid het in oorleg met die Raad insake Rook en Gesondheid van Suid-Afrika besluit om Woensdag, 2 April 1980 as "Rooklose Dag" uit te roep. Daar word 'n beroep gedoen op almal in Suid-Afrika om nie op hierdie dag te rook nie. Ten einde die nadele en gevare van rook onder die aandag te bring, versprei die Departement van Gesondheid plakkate, pamflette en lapelplakkers. Almal wat die Rooklose Dag wil ondersteun - rokers sowel as nie-rokers - kan die lapelplakkers dra.

Hoe lyk dit? Wil u hierdie nasionale gesondheidsvoorligtingaksie ondersteun? Die Mediese Biblioteek sal binnekort die nodige inligtingstukke aan al die vertakkings van die Biblioteekdiens versprei. Ons maak staat op u samewerking om te sorg dat 2 April 1980 nie ongemerk verby sal gaan nie.

Jeanne Cilliers

Poste Restante
Swakopmund
9180

Hallo almal!

Ons is reeds meer as 'n week hier en dit bly nog steeds te goed om waar te wees. Dit is vir my onbeskryflik mooi en ek kan my net aan al die mooi en nuwe dinge vergaap.

Ons is die Donderdagoggend later weg as wat ons beplan het. Toe ons wou ry, wou Kallie, die swart kat om die dood nie van die dak afkom nie. Ek het solank vir elkeen van die honde 'n kalmeerpil gegee terwyl Reinhard slaghuis toe is om polony te koop om Karel van die dak te lok. As ons nog bedenkinge gehad het oor die uitwerking van die pil, is dit uit die weg geruim toe die gulsige Woefels met totale onbegrip na die vleis in Reinhard se hand gekyk het. Uiteindelik het ons albei katte ook in die motor gehad en dit was nie lank nie of 'n lomerigheid het ook oor hulle gekom.

Dit was 'n baie besige reis. Al Alma Cronjé se rate in verband met die vervoer van katte het ons op die proef gestel. Alhoewel hulle beneweld was, was hulle tog baie onrustig. Seker die dat die baas besluit het ons gaan eenvoudig aanhou ry. So gesê, so gedaan. Behalwe vir 'n welkome maar onrustige breek (vanweë die katte) op Sishen die aand by familie, het ons (dit wil sê Reinhard) net gery. Ons het gereël vir petrol langs die pad en self 2 kannetjies saamgery. In die Republiek het die weer goed saamgespeel en was dit nooit te warm nie. In Suidwes was dit 'n ander storie. Sewe uur die oggend was die son reeds warm. Toe ons oor die Steenbokskeerkring ry kon dit netsowel die ekwator gewees het.

Behalwe vir petrol ingooi en een telefoonoproep van Karibib het ons liewer nie stilgehou nie. Die diere het hoofsaaklik geslaap en veral van die honde het ons geen las gehad nie. Hulle wou nie eet of drink nie.

Dit was laat middag toe ons voor ons nuwe tuiste stilgehou het. Wat 'n pragtige ou plek. 'n Reuse gebou en vreeslik hoog. In Pretoria het ons gordyne op die vloer gehang. Hier maak daardie gordyne die vensters net-net toe en dan is nog ongeveer 'n meter muur daaronder oop! Die vertrekke is ruim en heerlik lig. Vier van hulle het uitsig op die see. Dit is die mooiste gesig denkbaar en die dreuning van die see is nou deel van ons bestaan. Daar is net die straat tussen ons en die strandgebied.

Elke oggend en aand word die honde strand toe geneem en hulle en ons geniet elke oomblik daarvan. Moritz is heeltemal tevrede, maar ou Kallie is nog verskrik. Ons wil hierdie naweek so 'n leertjie prakseer waarmee die katte self van ons verdieping tot op die grond kan kom. Almal is tog redelik gou en goed aangepas.

Ons goed is in paaiemente afgelewer en het heeltemal goed aangekom. Ons het net nie plek vir al ons boeke nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Reinhard is baie gelukkig by die skool en vind die leerplan 'n heerlike uitdaging. Soos ek gevrees het, het hul aanvaar dat ek die pos by die Duitse skool sou neem. Dit lyk of ek Ma. Wo. en Vr. sal werk met Dinsdae en Donderdae oop - dis darem 'n troos.

Dit is vreeslik mooi en lekker hier en ons gastekamer is die beste vertrek met uitsig in alle rigtings. Kom kuier gerus en geniet dit saam met ons!

Reinhard en Maretha Kuhles

# BIOGRAFIE — LEES

Daar kan sekerlik nie 'n interessanter en meer ontspannende tydverdryf wees as die van biografie-lees nie. Indien 'n mens hoegenaamd nuuskierig is oor ander mense - sy dit nou die arme Marilyn Monroe of die skepper van die Wankel-enjin - is niks makliker as om 'n biografie van die rak te haal, te gaan sit en te lees nie. Saam met die feite van die persoon se lewe doen 'n mens dan tegelyk kennis van allerhande ander interessanthede op: vergange tydperke en eras; lewensstyle; lewenshoudings en filosofieë; eksperimente met lewenswyses; uitvindings en eksperimente; perspektiewe op geskiedenis, politiek, godsdiens, opvoeding en moraliteite. Daar is altyd 'n iets wat die noukeurige en sensitiewe leser sal beloon: lees 'n biografie oor Bismarck en jy sal verstom staan oor die allerlieflikste liefdesbriewe wat dié ou soldaat aan sy vrou geskryf het. Lees die verhaal van Oscar Wilde en staan verwonderd oor die moraliteit van die Viktoriaanse tydperk.

Die kuns van biografie - skryf kom van veraf, en begin met die "landatory chronicle", veral geskryf deur monnike, wat allerlei mirakels van heilige ervaring aan hul onderwerpe toeskryf. Daarna begin 'n reaksie in die Renaissance tydperk, en word lewens beskryf wat tot 'n val gekom het - as waarskuwing. 'n Voorbeeld hiervan is Sir Thomas More se lewe van Richard III. Feite word nou meer betroubaar en daar is 'n poging tot werklike herskepping van die persoon se lewensomstandighede.

Gou begin die opkoms van die werklike biografie, en verskyn daar sekerlik die beroemste werk in die Engelse Liateratuur: Boswell se lewe van Samuel Johnson. Hierdie sogenaamde intieme biografie is sy naam werd, want Boswell was Johnson se konstante metgesel, en sy boek bevat die digste detail denkbaar. Daarby is dit meesterlik geskryf, en maak dit leesstof wat werklik lewe gee aan die groot ou doktor.

'n Insinking kom egter met die Viktoriaanse biografie en "memoirs"; hier word slegs die "art of concealment" bedryf, en kry ons weer eens, soos by die vroeë monnike 'n vorm van hagiografie, oftewel verheerlikende skrywes. Mev. Gaskell se lewe van Charlotte Brontë is seker die enigste uitsondering in hierdie tydperk.

Die reaksie kom met die werke van Lytton Strachey. Sy sinisme dateer uit die eerste wêreldoorlog en hy skryf met ongekende satire, ironie en, les bes, met volslae kunstigheid. Nie vir hom die Viktoriaanse "ill-digested masses of material ... slip-shod style ... tedious panegyric ... lack of detachment, selection, design" nie. Hy skryf met fyn kennis van die mens en sy afwykings, en daarby maak hy alles dwingend leesbaar.

Ná Strachney begin die onophoudelike stroom goed nagevorsde biografieë wat tans 'n lesende publiek boei en vermaak. Daar word nou krities opgelet na elke detail van 'n mens se lewe, vanaf sy geboortesertifikaat tot by sy doodsertifikaat; sy publieke lewe, sy privaatverhoudings; sy ekonomiese en sosiale omstandighede. Sielkundige analise word gebruik. Leitmotiewe word gesoek en toegepas. Filosofiese benaderings vanaf Platonisme tot Marxisme en eksistensialisme word nadergetrek. Die verskeidenheid uitgangspunte en gevolgtrekkings is legio, en nog nooit het figure so gelêwe tussen boekomslae soos vandag nie. Dit bring die digter John Keats se woorde in gedagte: "A man's life of any worth is a continual allegory ... a life like the scriptures, figurative"

Dus - as jy ooit eendag 'n verveelde biblioteekgebruiker teëkom, wat "iets soek om te lees" - neem hom na die biografieë. Daar sal altyd iets wees om sy smaak te bevredig, vanaf Mailer se "Song of the Executioner" en Lady Antonia Fraser se monumentale "Cromwell" tot Anna M. Louw se "Die Groot Gryse". Indien hierdie ding hom byt sal hy die res van sy lewe nooit weer verveeld wees nie.

Miskien kan mens ook eindig met 'n gedig wat die bibliotekaris ook weer met nuwe oë na sy versamelings op die rakke sal laat kyk, en wat hom sal laat besef wat nou eintlik die aard is van die inligting waarmee hy elke dag werk:

*THE POETS*

*I have often taken down old volumes*
*from long shelves crowded with conversations*
*That have ceased, the interlocuters now*
*standing stiffly side by side, in silence*

*But these others, they quarreled with themselves*
*About terrible things like love and death;*
*And you can hear their passionate murmur*
*Inside the covers, like bees in a hive*

*Elias Pater*

*Jean Maree*





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VAKGEWYS...

DICTIONARY OF SCIENTIFIC BIOGRAPHY

I Wat weet ons alles van mense soos Newton, Einstein, Pascal, Aristoteles, ensomeer? Sou u graag in 'n kort tydjie tot u beskik, sonder om lang, dik, biografië oor hierdie mense te lees, soveel moontlik te leer van Madame Curie, Bacon of Archimedes? En wie sê hierdie leesstof is nie interessant nie?


Op die derde verdieping by die Algemene Naslaanwerke (500) is daar die baie interessante reeks boeke DICTIONARY OF SCIENTIFIC BIOGRAPHY. Hierdie boeke dek alle tydperke van die wetenskap - vanaf die klassieke tot die moderne - en sluit artikels in oor die lewe en loopbane van diegene wat 'n blywende bydrae tot die wetenskap gelewer het, en reeds oorlede is. Die artikel vertel die leser waar en wanneer die persoon gebore is, iets oor sy vroeëre lewe, die opgang wat hy gemaak het en dan val die klem op die deurbraak wat hy in sy betrokke vakgebied gemaak het. Dit lees maklik en kan die algemene kennis op die gebied van die Natuurwetenskappe in 'n etensuur van niks-te-doen-hê aansienlik verbreed.

II AN ABC OF HOME FREEZING. MINISTRY OF AGRICULTURE, FISHERIES AND FOOD LONDON, 1978

Hierdie is 'n boekie wat beslis by die huisvrou byval sal vind. Elke vrieskas is 'n groot bate in die huis indien die voedsel reg bevries word. Lees hierin hoe om voedsel sodanig te bevries dat die voedingswaarde daarvan nie verlore gaan nie; hoe om dit veilig te bevries; die porsies wat u moet kies en hoe om geld te bespaar deur korrekte bevriesing. Vrugte, vleis, groente, vis, eiers, ag alles wat u aan kan dink, word bespreek.

Dié boekie kan by die Huishoudkunde boekversameling op die derde verdieping opgespoor word onder die hoofwoord GROOT BRITTANJE en die klassifikasienommer is 641.453.

Annatjie Momberg




Die Nuwe Afrika deur Professor A.P.J. van Rensburg HAUM, 1979 Klasnommer : 323.6

Professor Van Rensburg, mede-professor in die Departement Geskiedenis aan UP, kan gereken word as een van die grotste kenners van Afrikageskiedenis. Verskeie werke oor Afrika het al vanuit Professor Van Rensburg se pen die lig gesien, waarvan Die Nuwe Afrika dan ook met reg as die grootste bestempel kan word.

Die "nuwe Afrika" is die produk van die nasionalistiese strewe van die onderskeie leiers van die swart state gemotiveer deur 'n sterk rasbewustheid.


Met hierdie werk wil die skrywer 'n antwoord verstrek op die veel omvattende vraag "Wat gaan aan in Afrika", met ander woorde hoe sien die nuwe Afrika vandag daaruit. Eerstens word daar 'n algemene beeld van Afrika geskets waaruit die verandering, veral op staatkundige vlak, oor die afgelope twee dekades duidelik na vore kom.

Voorts word die karakter, leiers en problematiek van die nuwe state in oënskou geneem en laastens word Afrika, "pretpark van die groot moondhede" in internasionale konteks beskou. Volgens Professor Van Rensburg het die groot moondhede se belangstelling in Afrika veral die afgelope tien jaar toegeneem en die redes hiervoor word breedvoerig verskaf.

Nie slegs die politieke probleme word behandel nie, maar daar word ook in diepte gekyk na die ekonomiese en maatskaplike vraagstukke waarmee hierdie state te kampe het.

Hierdie boek is waardevol, nie alleen omdat dit 'n mens insig gee in die Afrika van vandag nie, maar ook omdat kennis van Afrika se situasie in 1979 vir ons 'n beter begrip gee van ons eie problematiek. Dit is 'n werk wat 'n moet is vir almal wat belangstel in die Politiek, staatsleer en geskiedenis, maar ook vir elkeen wat wil weet wat vandag in Afrika aangaan.

Elna Schoeman



"This, then, is what you call 'Higher Education'?"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# ONTSLUITING '80



VERGADERING OOR AACR 2

ONTSLUITERS



KONTROLEERDERS





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE LEWE IN DIE SEKSIE MAKRO-ONTSLUITING

In hierdie afdeling, wat sekerlik die hart van die Merensky-biblioteek se tegniese aktiwiteite vorm, bereken ons ook maar ons goeie dae en ons slegte dae in terme van wat uitgerig word, en wat noodgedwonge moet oorbly vir 'n volgende keer. Dis 'n heerlike plek om te werk, dit sal ons seker almal saamstem; ongelukkig is dit so dat die werk gedurig neig om bottelnekke te vorm as gevolg van allerlei onvermydelike bykomende aktiwiteite. Daar is net nie 'n tyd waar jy kan terugsit en sê "Ek is op datum." Indien jy dit enigsins waag om selfs op te kyk sal 'n iets of 'n iemand na jou toe aangeskarrel kom met 'n spoedboek; 'n handvol konsepvelle om te liasseer; 'n herkatprobleem; 'n tikfout; 'n telefoonoproep van 'n takbiblioteek; 'n navraag of 'n aflosversoek; sodra jy hierdie dinge uitgestryk het, moet jy naderstaan vir 'n vergadering, inliassering van kaartjies, of 'n opleidingsessie; of is dit tyd dat jy jou boeketrollie vergesel na die etensuur- of aanddienspunt. Al hoe vinniger draai jou dag.

Intussen word die taak van onstluiting in alle erns bedryf. Hierdie funksie behels die klassifikasie en katalogisering van nuwe boeke, geskenke, spesiale versamelings soos die Jacob de Villiers regsversameling of die Jurriaanse versameling, en algemene oorplasingsprojekte soos die Landbouprojek, die Buitemuurse projek of die jaarlikse hersiening van die voorgraadse versameling. Hiervoor beskik die ontsluitingsafdeling oor 'n hoof, 4 kontroleerders en 13 ontsluiters. Opleiding en kwalifikasies is professioneel, met 'n B.graad en H.D.B. òf 'n B.Bibl. graad, asook lidmaatskap van S.A.I.B.I.

Daar word grootliks gesteun op die gebruik van professionele en internasionale hulpmiddels soos die Dewey desimale skema (tans word dit omgeskakel na 'n Merensky-notule nommer), die AACR katalogiseerreëls, en bibliografieë soos Library of Congress en Books in English. 'n Groot hulp deesdae in die Cataloging vir Publication data wat in heelwat nuut-gepubliseerde boeke gekry word. Eie middels wat met die tyd opgebou is, is natuurlik die katalogus self, die klapper en sistematiese katalogus,die notasie, reeksklapper, regsklapper, mediese klapper, asook die vir musiek en letterkunde. Verder gebruik ons omtrent enigiets wat voorkom, vanaf vakwoordeboeke en Jacobsens tot die Encyclopaedia Britannica. Dosente word geraadpleeg waar moontlik, asook vakbibliotekarisse.

Hiermee, en met behulp van die tiksters, voorsien ons dus gedurig stelle nuwe kaartjies vir die hoofkatalogus, die klapper en die takbiblioteke se katalogusse, asook sekere departemente se eie katalogusse byvoorbeeld Regte, Volkekunde en Wiskunde. Dat ons deeglik besig bly is dus nie altemit nie.

Heelwat van hierdie aktiwiteite sal natuurlik minder verspreid wees, en gevolglik minder tydvergend, sodra ons rekenariseer, aangesien dinge soos kataloguskontrole op die rekenaarskema sal plaasvind, en inliassering van getikte kaartjies 'n ding van die verlede sal wees. Hierna word daar geweldig uitgesien, daar die fisiese beweeglikheid van 'n trollie vol boeke uiters beperk is, en die gaping tussen ontvangs van 'n boek en sy "verskyning" in die katalogus nog altyd gepla het.

Hiermee dan die hoofstrominge van die ontsluitings aktiwiteite. Ten opsigte van die sterk klem op fisiese bedrywigheid moet daar bygesê word dat die intelektuele aktiwiteit van onderwerpsbepaling en omskrywing nog steeds uiters bevredigend bly, en dat dit hier is waar jy voel dat jy jou intelligensie kan laat geld - totdat daar 'n vakbibliotekaris,dosent of student kom wat weeklaag: "Maar al hierdie man se boeke staan dan op so 'n plek, hoekom dan nie hierdie een ook nie?!"

Jean Maree & Manda Mörsner

## 'N WEEK BY TIK- en KAARTPRODUKSIE

Die Seksie Tik- en Kaartproduksie is die laaste skakel in 'n langsame proses. Die Seksie neem die werk op van nadat die boeke ontsluit is. Vanuit die Seksie beland die kataloguskaarte in die katalogus.

Die Seksie tik die kataloguskaarte vanaf geskrewe velle soos deur die ontsluiters uiteengesit is. 'n Groep van agt velle word op een gesamentlike bladsy getik.

Alvorens die bladsy gedupliseer word, gaan dit eers terug na die ontsluiters vir kontrole. Die Tiksters sorg dan dat sodra die bladsye weer terug ontvang word alle foute netjies reggemaak word. Daar word dan weer eens gekontroleer om te verseker dat foute nie deurglip nie. Alle potloodmerke wat veranderings aandui word nou skoon gevee.

Die bladsye word nou gedupliseer op karton. Dupliseerwerk word aan die begin van die week gedoen. Die dupliseerwerk word gedoen op 'n Xerox 1000 wat spesiaal verander is om aan te pas by die soort dupliseerwerk.

Daarna vertrek die bladsye na Mnr. Porter in die Bindery sodat dit gesny kan word in enkele kataloguskaarte en sorg hy dat daar gate in die kaarte geboor word vir die spiese in die katalogus.


Teen Dinsdag of Woensdag in die week ontvang die Seksie die kaarte terug met 'n albekende roep van Mnr. Porter: "Kos is op die tääfel!" Hierna val al sewe die tiksters weg om elk sy deel aan verwysings te tik. Dit vereis akkuraatheid met die eerste probeerslag want anders gaan die kataloguskaarte slordig vertoon in die katalogus.

Elke tikster moet, sodra sy die verwysings aan elke pakkie kaarte voltooi het, uitpak en in 'n kassie met verskillende vakkies vir takbiblioteke en ander biblioteke. Terselfdertyd hou sy haar oë oop vir 'n fout wat sy dalk kon gemaak het. Hierna word twee of vier dames gevra om almal se kassie weer eens te kontroleer en uit te pak in meester-kassies. Nog is dit nie die einde van die kaarte nie. Sodra kontrole afgehandel is en uitgevangde foute herstel is, span die Tiksters nou saam vir voorsortering van die kaarte. Voorsortering is uiters belangrik. Daarsonder sal daar chaos by die katalogus heers. Die kaarte word in alfabetiese en sistematiese volgorde gerangskik, om sortering in die katalogus te vergemaklik.

Maandae-oggende vroeg-vroeg word die kaarte



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




verdeel vir insortering in die katalogus. 'n Tikster sorteer haar kaarte in; gaan dan na haar eie blok waarvoor sy alleen aanspreeklik is en kontroleer die kaarte soos deur iemand anders ingesorteer. Hierna word die kaarte dan in die katalogus laat sak.

Die hele proses met die kaarte verloop gewoonlik vlot, tog is daar so af en toe 'n probleem wat onverwags kop uitsteek. So kan die Xerox vir twee weke buite werking staan, of foute op kataloguskaarte eers na duplisering agtergekom word. Nog nooit was 'n probleem egter te groot om oorbrug te word nie.

Die algemene versorging van die kaarte is dus primêr die funksie van die Seksie. Dit is egter nie waar die pligte ophou nie.

Daar word dadelik gedink aan werk verbonde aan die SAIBI. Saam met Mej. Coertze vervul die Seksie 'n belangrike rol in die hantering van kennisgewings aan SAIBI-lede. Soms word ure gewy aan dupliseer, vou van velle, en die plaas daarvan in koeverte. Daar is ± 550 lede van SAIBI. Met die Poskantoor se nuwe reëlings kan u, uself indink hoe swoeg 'n tong om 550 koeverte toegeplak te kry! Daar word egter verneem dat na die middel van die jaar die verantwoordelikheid daarvoor oorgedra word aan die nuwe bestuur wat gelukkig in 'n ander biblioteek gesetel is.

Ook is die Seksie verantwoordelik vir die tikwerk van die vakbibliotekarisse. Mnr. Peet van der Merwe is een van die Seksie se gereelde besoekers want waar sal hy nou nog iemand vind wat sy skrif kan lees! Die andersoortige tikwerk gee kleur aan die Seksie en met die nuwe IBM elektriese tikmasjien is die werk ons trots.

Verder hanteer die Seksie ook 'n hoeveelheid spoedboeke daagliks wat opgeskryf, rugbeskryf en dadelik afgelewer word. Alle rugbeskrywings van ontsluite boeke word ook plaaslik gedoen. Sodra die boek gereed is vir die ooprak word hulle op die verskillende rakke gemerk vir die vloere, uitgepak. Vakbibliotekarisse is verantwoordelik vir die afhaal van die boeke. Ook word oudiovisuele materiaal in die Seksie gemerk en beskryf.

Soms gaan dit dol in die Seksie Tik- en Kaartproduksie, ander dae egter minder dol maar nooit verloop die dag sonder voorval nie. Tussen al haar addisionele take deur moet Mev. A. von Backström die wiele van die Seksie aan die rol hou. Samewerking tussen lede van die Seksie is egter 'n belangrike faktor in die vlot verloop van sake.

Ons hoop die leser het nou insig in die verloop van 'n dag in die Seksie. As daar vrae is, vra maar gerus!

Esther Müller




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

BIBLIKASIE

1930-1980

up biblioteekdiens

maart 1980



'N LAASTE KLIPPIE

ENKELE INDRUKKE VAN AUSTRALIESE BIBLIOTEKE

Tussen Australië en Suid-Afrika is daar baie ooreenkomste. Die opwinding van die onverwagte en die eksotiese wat 'n mens in Hong Kong, Rio of Parys meemaak, ontbreek in Sydney of Melbourne. Die verskille tussen Australië en Suid-Afrika is meer subtiel, maar tog nie minder interessant nie. Dit geld ook vir die biblioteekwese.

Na 'n verblyf van vyf weke waartydens 'n stuk of tien Australiese biblioteke besoek is, is niemand 'n deskundige nie. Enkele indrukke wil ek tog graag meedeel.

Soos hul hoofpaaie vergelyk die openbare biblioteke in Australië relatief swak met ons openbare biblioteke. Dieselfde faktor is vir beide verskynsels verantwoordelik: die gefragmenteerde stelsel van plaaslike owerhede, wat meebring dat daar nog weinig vordering gemaak is in die rigting van die sterk provinsiale en metropolitaanse openbare biblioteekdienste - en die snelweë - waaraan ons hier gewoond is. Die openbare biblioteek van Mount Waverley, deel van 'n regionale stelsel wat twee relatief welgestelde voorstedelike munisipaliteite van Melbourne bedien, vergelyk goed met soortgelyke voorstedelike takbiblioteke in Suid-Afrika. Vir Australië word Mount Waverley as besonder goed beskou. Selde het ek egter so 'n deprimerende biblioteek betree as die openbare biblioteek van Necastle (NSW).

Aan die ander uiterste staan die Australiese nasionale biblioteek, die National Library of Australia (NLA) in Canberra. 'n Prestige gebou met 'n vloeroppervlakte van vier hektaar, prominent geleë op die oewer van die Burley Griffin-meer, dui daarop dat dié biblioteek heelwat hoër op die owerhede se prioriteitsranglys staan as waaraan ons in Suid-Afrika gewoond is. Die versameling van 1,7 miljoen boeke, 88 000 lopende tydskriftitels, en 1,5 miljoen items mikro- en oudiovisuele materiaal word aggressief uitgebou. In 1975/6 het die NLA sowat R1,7 miljoen aan die aankoop van biblioteekmateriaal bestee. 'n Wye spektrum van inligtingsdienste word gelewer om hierdie hulpbronne op nasionale vlak diensbaar te maak. Geen wonder dat die personeelstaat sowat 600 persone beloop nie.

Kyk ons na Australiese universiteitsbiblioteke, dan val dit eerstens op dat die biblioteke baie soos ons s'n lyk. Die probleme en uitdagings wat in gesprekke met personeellede van die universiteitsbiblioteke vermeld word, is vir ons



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ook nie vreemd nie:
knellende huisvestingsprobleme, rekenariseringsprojekte, gebruik van eksterne rekenaarmatige inligtingsdienste, werwing van geskikte personeel op middel- en topbestuursvlak, gebruikersopleiding - almal temas wat ook op ons agendas hul verskyning maak.

Die verskille lê eerder op die kwantitatiewe vlak. Vergelyk ons die syfers vir die omvang van die versameling, jaarlikse aanwinste, aantal tydskriftitels lopend ontvang, aantal studiesitplekke voorsien en aantal biblioteekpersoneel, dan blyk dit dat ons geliefkoosde sinsnede " ... vergelyk goed met dié in die buiteland ..." hier nie van toepassing is nie. Geen wonder dat hulle groot huisvestingsprobleme het nie as hul tempo van aanwinste per student twee keer so hoog is as dié in Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke.

"Comparisons are odious." Dit gee ek toe. Ek gee ook toe dat kwantiteit nie noodwendig kwaliteit meebring nie, Maar dink net hoeveel beter ons eie diens kon gewees het as ons oor twee keer ons huidige personeelgetalle beskik het ...

Die waarde van vergelyking lê nie daarin dat ons die een party prys en op die ander neersien nie, maar wel daarin dat ons geprikkel word om te vra waarom die verskille voorkom. Dit is met sulke vrae dat ek na Suid-Afrika teruggevlieg het. Soos die National Library of Australia se prominente plasing in die federale hoofstad aandui, geniet dié biblioteek daar blykbaar 'n veel hoër aansien as soortgelyke biblioteke in Suid-Afrika. So ook slaag die Australiese universiteitsbiblioteke blykbaar daarin om 'n hoër vlak ondersteuning van hul universiteite te handhaaf as wat by ons die norm is. Waarom? Moontlik het ons te veel universiteite, sodat daar nie genoeg geld is om almal ordentlik te ondersteun nie. Moontlik is die aard van ons opleiding sodanig dat universiteitsbiblioteke nie so prominent daarin figureer nie. En moontlik - as ek vir oulaas 'n klip in die bos mag gooi - is ons bibliotekarisse te gou met te min tevrede. Toon ons dalk te veel begrip vir die ekonomiese probleme van land en universiteit?

Peter Lor

BELANGRIK IN APRIL

2 Rooklose dag

23 Senior Ondersteuningspersoneelvergadering

24 Vakbibliotekarisvergadering

# uit topbestuur se dagboeke

17 Die Personeelvereniging van UP vergader ten einde 'n nuwe konstitusie vir die vereniging te aanvaar, en 'n reorganisasiepoging te loods. Mnr. W. Duminy is op die bestuur van die Vereniging verkies. (Die personeel binne die Biblioteekdiens wens mnr. Duminy langs die weg geluk met die aanstelling).

26 Die eerste Biblioteekkomiteevergadering van die jaar vind plaas.



*VERJAARSDAE*

*7 Mev. H. Fourie - Ontsluiting*
*7 Mev. M. Joubert - Ontsluiting*
*8 Mev. R. van Zyl - 2de Verdieping*
*8 Mej. H. Theron - Boekbestellings*
*12 Mej. A. van Zijl - Tydskrifadministrasie*
*18 Mej. E. Bosman - Musiek*
*20 Mej. R. Wannenburg - Tydskrifadministrasie*
*21 Mnr. V. B de V. Otto - Leendienste*
*23 Mej. J. Roos - IBL*
*24 Mev. J. van Oordt - 3de Verdieping*
*28 Mnr. A. van Rensburg - Bindery*



MUSAION

| | | |
|---|---|---|
| 1 20h00 | | David Geringas - Tjellis. Klavierbegeleiding Julian Dawson Lyell |
| 22 | 13h00 | Gerard du Toit - Fluit |
| 24 | 20h00 | Mimi Coertse-sangbeurs. Finale beoordeling (openbare uitvoering) |
| 26 | 20h00 | Sonate-duo (klavier en viool) o.l.v. Derek Ochse |
| 29 | 13h00 | Anneli van Rooyen - Volksliedjies |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# pinter-dramas

Harold Pinter is seker een van Engeland (en die wêreld?) se knapste hedendaagse dramaturge. Sy stukke het 'n ryk tekstuur, 'n meerduidigheid en 'n algemeen geldigheid waarmee min ander toneelskrywers van vandag kan spog.

Daarby is Pinter self 'n toneelspeler en regisseur; die gevolg is dat sy stukke by uitstek opvoerbaar is. Kritici het al van hom gesê dat hy 'n ingeboude bandopnemer het wat die spraak van die kleinburger registreer.

Daar was nog altyd 'n verbod op die opvoering van Pinter se dramas, maar hierdie verbod is aan die einde van verlede jaar opgehef. Dit is die vernaamste rede waarom prof. Louw Odendaal, Hoof van Tukkies se Dramadepartement, besluit het om dadelik twee van hierdie meester se werke op te voer.

"Ek het nou al vir die afgelope ses jaar lank aansoek gedoen om opvoerregte vir Pinter se werke. Toe ek in Londen was, het ek spesiaal na sy agent gegaan. Dië het my aangeraai om nie my tyd te mors nie, want, het hy gesê; "mr Pinter is unapproachable'". So gesels prof Odendaal, regisseur van dië twee eenbedrywe wat met Honneursstudente aangebied word.

Hy vervolg: "U kan u voorstel hoe verbaas ek was toe ons plaaslike agent my skakel en sê ons het die Pinter-regte. Dit was die beste nuus wat ek in 'n lang tyd ontvang het. Ek wou al lankal juis hierdie twee werke op die planke bring".

"Waarom dan juis hierdie twee werke?" wou ons weet.

DIE STOM KELNER en A SLIGHT ACHE is albei baie aktueel. Al twee stukke handel oor verskillende vorme van terrorisme. En is daar nou 'n aktueler onderwerp as dit in Pretoria?

In DIE KELNER is dit 'n lewelose stuk apparaat wat die twee karakters (gehuurde moordenaars), Gus en Ben, terroriseer. In A SLIGHT ACHE is dit 'n geheimsinnige vuurhoutjieverkoper wat vir Edward ('n Filosofie-professor) terroriseer.

Maar dis nie die enigste vorm van bedreiging wat in dië stukke voorkom nie. Gus en Ben bedreig ook mekaar; so ook Edward en sy vrou Flora. Pinter se toneelwerke is immers tereg beskryf as "Theatre of Menace".

Waarom die een in Afrikaans en die ander in Engels?

"Dit is ons beleid om ons studente so tweetalig moontlik op te lei. Hulle moet in elk geval 'n tweetalige oudisie aflê vir toelating tot die Rade vir die Uitvoerende Kunste." So verduidelik prof Odendaal.

Hy vertel verder dat hy 'n aantal jare gelede 'n opvoering van "The Dumb Waiter" in Duitsland gesien het, en dat dit in Duits net soveel trefkrag gehad het, Dit het hom op die gedagte gebring om die stuk in Afrikaans te vertaal.

Die karakters, veral Gus, praat egter nie suiwer Afrikaans nie, maar 'n soort Suburb-taal.

"Ons moet onthou dat Pinter se karakters meestal voorstedelike figure. rowwe "Jêks" is. Ek moes 'n ekwivalent vind vir die Cocney-taal in Afrikaans, voeg prof Odendaal by.

DIE STOM KELNER en A SLIGHT ACHE van Dinsdag, 25 Maart tot Woensdag 2 April in Die Masker opgevoer. Opvoerings begin om 20h00, bespreking is by Computicket en kaartjies kos R2,00 vir volwassenes en R1,75 vir studente en skoliere.

## FOTO-UITSTALLING

Indien u 'n amateur fotograaf is en u in besit is van 'n paar besonder mooi foto's wat u self geneem het, is dit nou u kans om hulle ten toon te stel.

Die Departement Kunsgeskiedenis beplan 'n uitstalling van kunsfoto's wat deur personeellede van hierdie Universiteit gemaak is en wat in Augustus in die Van Wouwhuis uitgestal sal word as deel van die viering van die vyftigjarige bestaan van hierdie Universiteit. U kan soveel foto's as u wil inskryf. Alle inskrywings is gratis. Die sluitingsdatum vir inskrywings is 30 April 1980.

Navrae: Mnr A E Duffey
Departement Kunsgeskiedenis
Tel. 746051 x 302

29 Februarie 1980



## boerebraai !

Almal het uitgesien na die werkspartytjie op 7 Maart, en sommiges was nogal benoud oor die verloop daarvan, maar danksy mev. Amanda van der Hoven se goeie organisasie het alles seepglad verloop.

Die proefplaas se skuur het pragtig by die tema gepas en om daarby aan te sluit het die Boeremusiek in die agtergrond die mense se voete laat jeuk. Boonop was daar sulke tradisionele dinge soos melktert en gemmerbier wat mens na die familiefeeste van jou kleintyd laat verlang het.

Langs hierdie weg wil ons almal bedank wat deelgehad het aan die reël en organiseer - wat bakke, skottels, kanne, lampe, mandjies en panne geleen het, wat gehelp het om die saal te versier en dan ook diegene wat die partytjie bygewoon het en daartoe bygedra het om die aand 'n sukses te maak.

Sosiale Komitee



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## STAATSARGIEF BESOEK MERENSKY

Die Direkteur van die Staatsargief en lede van sy personeel het baie waardevolle hulp aan die Merensky-biblioteek verleen met die ordening van manuskripte en ander argivale materiaal. 'n Taak wat besondere vermelding verdien was die restourasie en beveiliging van die oorspronklike notule van die Genootskap van Regte Afrikaners wat in die biblioteek se besit is.

Om enigsins ons waardering te betoon vir die hulp wat ons van die Staatsargief ontvang het, is die Direkteur, mnr. Preller en sy adjunkte, Dr. Cilliers en Dr. Snyman, asook mnr. Smit genooi om Maandag 18 Februarie 1980 'n koppie tee en verversings in die komiteekamer van die Merensky-biblioteek te kom geniet. Die Vise-Rektore Proff. A.N. Pelzer en D.M. Joubert was ook teenwoordig.

Op meegaande foto is (v.l.n.r.) Dr. Snyman, Prof. D.M. Joubert, Mnr. Preller, en Mnr. W.W. Duminy.

*Baie geluk aan die volgende kollegas wat met die promosieplegtighede die volgende grade ontvang:*

*Mej. Jeanette du Preez - Landbou - B.Bibl. Hons*
*Mev. Jinnie van Oordt - Vakbibliotekarisassistent B.A. Hons (Afr)*
*Mej. Rita Badenhorst - Vakbibliotekaris - B.A. Hons (Afr)*
*Mev. Susan Swanepoel - Vakbibliotekaris - H.D.B.*
*Mej. Leoné Botha - Medies - B.A.*
*Mej. Elsa Bosman - Musiek - H.O.D.*
*Mej. Clarisse Venter - Ontsluiting - B.A. Hons (Duits)*
*Mej. Zanne Joubert - Africana - B.A.*
*Mej. Helena Struwig - IBL - B.A.*
*Mnr. Johann Beyers - Finansiële Administrasie - B.A.*
*Mnr. Kobus Muller - Reprografie - B.L.V.*





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *Koffie en Boeke*

Dis nou een ding wat nie twee is nie, sê oom Schalk Lourens, te veel van 'n goeie ding is ook nie goed nie.

Neem nou maar vir Johanna, ou Koos Beursie se dogter. Sy is hier weg toe was sy nog net 'n langbeen-dogter met 'n paar lieflike boerenooi-vlegsels en 'n paar Maricoson-sproete op haar neus. Sy moes Stellenbosch toe, want wat sy hier in Drogevlei se plaasskool kon leer, was kwansuis nie genoeg vir haar nie en daarna moes sy Universiteit toe, want 'n kind met haar verstand was nie bestem om hier op aarde in die kombuis voor die stoof of 'n opwasskottel te staan nie. Ek het self die onderwyser, Jacobus Nel hoor sê dat dit vermorsing van 'n goeie verstand sal wees as sy dag vir dag vir 'n man koffie op die stoep moet aandra. So al of daar iets mee verkeerd is dat 'n vrou vir haar man koffie aandra.

Ek het na hom sit en luister daardie dag en so in my enigheid gewonder of hy wil hê dat 'n man kort-kort moet opstaan om self sy koffie te gaan haal. So al of hy nie weet wat alles op die plaas kan verkeerd loop as 'n man nie sy oog oor alles hou nie. En so kan dit gebeur dat 'n boer dalk aan die einde van die dag nie weet waaroor hy sy volk skop nie, alhoewel hulle weldeeglik sal weet. Maar dit is nie 'n goeie boer wat nie weet waaroor hy sy volk skop nie en ons boere van die Groot Marico, is die meeste goeie boere. Ons het natuurlik ook ons uitsondering soos die einste Koos Beursie gehad, maar hy was nou weer met 'n goeië voorman geseën.

Anders as wat ons hier in Groot Marico gewoond is, was dit nie met Johanna 'n geval van uit die oog, uit die hart nie, want sy was nie uit klein Gert Greyling se hart nie, en met hom in die buurt, kon ôns haar nie vergeet nie. Nie dat hy met ons oor haar gepraat het nie, maar vandat sy weg is, het hy hier skeef-skeef soos 'n krap rondgedwaal met sy oë stokstyf soos 'n vis s'n in sy kop van die verlange. Ons het ook geweet hoe hy, voor sy hier weg is, met sulke waterige oë na haar gekyk het en ons het alles goed begryp en gewonder hoe lank dit gaan duur voor die uitdrukking in sy oë gaan verander.

Dit het nogal verbasend lank geduur, want Johanna het die eerste paar jaar nie gedurende die vakansies huistoe gekom nie. Dis ook net soos ons ou Koos Beursie geken het. Hy het gesorg dat hy gedurende die skoolvakansies self 'n bietjie uitspan - nie dat hy ooit self ingespan was nie, hy het mos daardie voorman gehad. Ek dink hy het ook gesien hoe klein Gert hier rondloop en was dalk bang dat Johanna sou dink daardie wasige uitdrukking in klein Gert se oë is dalk mooi.

Hoe dit ook al sy, dit staan soos 'n paal bo water, Johanna was te lank van Groot Marico af weg. Toe sy uiteindelik een vakansie terugkeer was sy mooier as ooit tevore en 'n hele paar van die jongmans se oë het 'n waserige uitdrukking gekry wanneer hulle na haar gekyk het. Maar sy het nie meer geweet hoe die jongmense van haar ouderdom in die Groot Marico praat en doen nie. Sy moes toe al so om en by die 19 jaar oud gewees het en as ek reg uitgereken het en haar verstand so goed was as wat ek gehoor het, moes sy al deur haar eerste studiejaar op universiteit gewees het.

Hoe dit gebeur het dat ek so op hoogte van haar wanaangepastheid gekom het, kon ek net aan die toeval en hulle gretigheid - of was dit net klein Gert s'n? - om by mekaar uit te kom, toeskryf. 'n Man en vrou kan immers na sy huis te nooi wie sy wil en as hulle op dieselfde dag daar aankom is dit seker nie sy skuld nie. En as hulle in die voorkamer wil sit en gesels en poervowôr en komentalivoe en siewolplay is dit seker hulle saak as hulle nie juis omgee wie op die stoep sit en koffie drink nie. Daardie dag al het ek agtergekom dat daar te veel verstand in Johanna se kop was en dat sy gans en al te veel dinge in Stellenbosch geleer het. Sy was te lank weg. Ek kon dit agterkom aan die dringendheid waarop klein Gert wou play en die dringender klank in haar stem waarop sy aanhoudend ge-siewolplay het tot sy uiteindelik gesê het: "Asseblief Gert, oom Schalk sit op die stoep!"

Al het ek op die stoep gesit en koffie drink, het ek ook nie alles begryp wat ek gehoor het nie en ek het gewonder hoe sy wou hê die arme klein Gert moes verstaan wat haar ge-siewolplay beteken. Sy moes mos aan sy oë kon sien dat hy nie hoor, nie sien en nie verstaan nie. Ek moes self eers opstaan en twee treë na regs beweeg om oor my skouer te loer voor ek kon agterkom dat sy geen speletjie in gedagte gehad het nie.

Ons kon ook aan die manier waarop klein Gert na daardie dag begin reguit loop het, agterkom dat Johanna se geleerdheid haar verander het. Maar klein Gert se kennis het nie die uitdrukking in sy oë verander nie, nie dadelik nie en in elk geval nie merkbaar nie.

Johanna is terug Kaapstad toe waar sy toe op Universiteit was en ons het eers later gehoor dat sy leer om 'n librarian te word. Dit moes iets baie belangrik gewees het, ons kon dit agterkom aan die manier waarop Koos Beursie sy maag uitgestoot het om ons sy horlosieketting, wat hy by die Indiër op Ramoutsa gekoop het, beter te laat sien toe hy dit aan ons vertel het.

Klein Gert se uitdrukking het eers begin verander toe hy, soos ons, besef het dat sy nooit weer sal terugkeer om te bly nie, maar dit het lank gevat. Haar besoeke aan die Groot Marico het al hoe korter en al hoe minder geword en elke keer was dit net duideliker op te merk dat sy al hoe minder by die mense hier ingepas het. Anders as haar vriendinne het sy al hoe maerder geword en hoe normaler klein Gert se oë na elke besoek geword het, hoe uitdrukkingloser het hare geword, of so het ek gedink tot ek haar die laaste keer gesien het.

Ek moes met my lewer na 'n dokter in Johannesburg. (Verbeel jou: hy sê dis van te veel sit en koffie drink op die stoep, en ek, 'n man wat my hele lewe lank al op die stoep sit en koffie drink en nog nooit iets daarvan oorgekom het nie!)

Ek sou Johanna of Joey soos sy haarself later begin noem het, seker nie weer gesien het as ek nie 'n geleentheid met klein Koos Beursie gekry het nie. Sy het toe in die Reference Section van Johannesburg se Public Library gewerk en hy wou my voor ons terug gaan, net gou wys in hoe 'n spoggerige plek sy suster werk. Dat 'n biblioteek nogal baie soos 'n kerk is, het ek gou agtergekom, maar dan ook anders as 'n kerk, asof daar iets van 'n voorkamer in is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Net soos 'n kerk is hy neeltemal uit klip gebou met pilare, baie trappe en swaar deure. Binne was dit nie net die stilte en die hoë plafon wat mens aan 'n kerk herinner het nie, maar veral die reuk van vloerpolitoer en reukwater soos in die kerk op Zeerust tydens Nagmaal. Langs die muur af was houtrakke vol duisende boeke. Ek het aan klein Koos die opmerking gemaak dat met 'n paar van die rakke vol op my plaas die rysmiere my hoekpale vir 'n paar jaar met rus sal laat en dat ons selfs 'n paar boerbokke en donkies daarmee deur die droogte aan die lewe sal kan hou, maar hy het nie gedink dis 'n gepaste opmerking nie. Dis toe dat ek die idee gekry het dat 'n biblioteek soos 'n voorkamer is, want almal het opgekyk so al of hulle dit wat hulle gelees het nie meer interessant gevind het nie, soos verlede maand se koerante wat Krisjan van Rensburg vir my van Pretoria af saamgebring het. Dit het vir my gelyk of hulle my opmerking teenoor klein Koos baie interessanter gevind het as dit wat hulle gelees het en party van hulle het my met net soveel verwagting aangestaar as van die boere in my voorkamer op 'n Saterdagagtermiddag. Ek wou net my mond oopmaak om vir hulle van die rysmiere en Floris van Barnevelt se stamboom te vertel toe Johanna inderhaas aan ons kom beduie dat ons nie in 'n biblioteek mag praat nie en toe het ek weer die idee gekry dat 'n biblioteek baie meer soos 'n kerk as wat dit soos 'n voorkamer is.

Alles wat ek daar gesien het, het my beïndruk, ook sommer baie beïndruk, maar ek was veral beïndruk deur die uitdrukking in Johanna se oë wat baie aan dié in die oë van klein Gert herinner het. En dit was nie leeg nie, maar vol verlange elke keer wanneer sy van die hoed in my hande en die omkrulpunte van my velskoene opgekyk het. Dit was of sy na iets gekyk het wat agter haar gelê het en waarna sy nie kon terugkeer nie. Daar was ook iets van wanhoop in haar oë en ek het gedink dis omdat sy met al haar verstand en al haar kennis nie geweet het hoe om uit te kom waar sy tuis hoort nie.

Na ek en klein Koos op ons eie 'n draai deur die biblioteek geloop het en na ons terug gegaan het om haar te groet, kan ek, as ek aan haar dink, nie help om te dink aan wat Jacobus Nel jare gelede gesê het nie en veral nie as ek aan die uitdrukking in haar oë dink en die manier waarop sy die boeke vir die mense by die tafeltjies soos koppies koffie vir mense op 'n stoep aangedra het nie.

Peet van der Merwe

Met apologie aan Herman Charles Bosman



# uit die beste bedding..?


Groei die beste vrugte - of so iets ...

In 1979 het die Departemente Biblioteekkunde en Sosiologie die waarde van twee van die Merensky se personeel so hoog geag, dat hulle, (mev. Ria Visser en Annatjie Korkie) as dosente in die onderskeie departemente aangestel is.

Sommer vroeg in 1980 kom oes die Universiteite van die Oranje Vrystaat en Bophutatswana verder in ons boord en word mnre. Henk de Bruin en Peter Lor as Direkteure van die twee universiteite se Biblioteekdienste aangestel.

Ons is saam met hulle bly, en trots op hulle, maar besef dat ons twee besondere kollegas gaan verloor, wat se spore nog lank deur die Biblioteekdiens waarneembaar sal wees.

(Voor die groot totsiens-sê oor 'n paar maande is dit darem lekker om te dink dat dit so al wil lyk of die Merensky 'n bedding vir die kweek van goeie materiaal is ...)




Stokperdjie

Wanneer ons praat van stokperdjies het toonbank seker die mees algemene van almal naamlik naaldwerk.

Alhoewel naaldwerk 'n breë spektrum dek het ek my beperk tot een tipe, naamlik tapesirie. Dit was op 'n dag dat ek besluit het dit is net die ding vir my, en toe koop ek sommer 'n grote en daarna nog 3 kleintjies - om teetye te werk. Tot my verdriet is die 3 kleintjies klaar, maar ek het al weer 2 met heel fyngaas gekoop! Hoewel dit lekker ontspanning is kan dit nogal stremmend op 'n ou se oë werk.

Alhoewel hierdie stokperdjie redelik duur op die langtermyn is, kan ek julle verseker dat dit die moeite werd is.

Marie Schoeman



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

WAAR KOM PêRELS VANDAAN?

Pêrels word op 'n natuurlike wyse gevorm wanneer 'n parasiet of ander vreemde voorwerp probeer om die mantel, dit is die weefsel waarmee die binnekant van 'n skulp uitgevoer is, binne te dring. Die mantel reageer op die indringer deur dit met weefsel te omring, wat dan laag op laag perlemoen rondom dit afskei.

Pêrels kan binne 'n groot verskeidenheid tweekleppige mollusca gevorm word. Gedurende die Romeinse tyd was die vraswaterpêrelmossel die basis van die Britse pêrelindustrie. Deur die eeue is die meeste natuurlike pêrels egter uit die pêreloester wat in die Indiedse en Stille Oseane voorkom gehaal, alhoewel slegs 'n klein hoeveelheid van dié oesters pêrels bevat het.

Vandag, in navolging van die Japanese uitvindings, word oesters geprikkel om pêrels te vorm. Kraletjies, gewoonlik van skulpe en varswatermossels gemaak, word in die oesters geplaas, wat dan in laaie aan vlotte, wat op 'n beskutte plek in die see geanker is, gehang word. Die vorming van pêrels neem van 3 tot 5 jaar, afhangende van die grootte wat verlang word. Jaarliks word daar ongeveer 500 miljoen pêrels op hierdie wyse gevorm.

Wildlife 21(6) : 35 1979

Amanda van der Hoven

## VAKGEWYS...

KOM ONS MAAK MOOI

'n Mooi huis is elke vrou en sekerlik ook elke man se droom. 'n Mens beskik egter nie altyd oor die finansies om 'n professionele persoon te vra om jou binnenshuisversiering te doen nie (buitendien, wie wil nou al die plesier vir iemand anders gee?) Dikwels het jy ook vae idees, maar weet nie hoe dit sal lyk nie en is skrikkerig om te waag.

Geld is nie altyd noodsaaklik om 'n vertrek smaakvol in te rig nie. Die meeste mense sal hulle hande saamslaan as hulle sien hoe hulle ou, vir hulle miskien minderwaardige meubeltjies, daar uitsien as dit oorspronklik gerangskik is. 'n Lampie hier, 'n potjie daar en siedaar, 'n interessante en smaakvolle vertrek.

As eie oorspronklikheid 'n bietjie yl is of heeltemaal ontbreek, kan ek 'n paar bronne aanbeveel om die gedagtes bietjie te laat gaan. Daar is byvoorbeeld onlangs 'n boek in die Biblioteek ontvang wat handel oor die binnenshuisversiering wat Argitekte vir hulle eie huise gedoen het. As dit darem nie so uit die perd se bek is nie! Uit hierdie boekie blyk dit veral duidelik dat 'n mens wondere kan verrig om 'n ou huis na eie smaak in te rig. Hierdie boek bewys dan ook dat oorspronklikheid, en nie noodwendig geld nie, die wagwoord is by die smaakvolle inrig van 'n huis.

Die titel van die boek is : Houses Architects Live in. en dit is geskryf deur B. Plumb. Die boek kan gevind word in die Argitektuurafdeling by klasnr. 728.6.

Boeke is egter nie die enigste bronne om vir binneshuisversiering te raadpleeg nie. Ons tydskrifte bied ook 'n wye skatkis. So kan ek vir u talle titels noem: Schöner Wohnen, Interior International, Textiles Interior, Interiors, House Beautiful, Detail, Domus, Architektur und Wohnwelt, Bauen und Wohnen en talle ander Argitektuurtydskrifte. Ander binnenshuisversieringboeke kan gevind word by 645.2 asook by 747.

Met 'n paar nuwe idees kan 'n mens jou omgewing baie aantrekliker maak as wat jy ooit sou kon droom!

- Matilda du Toit

## biblioteekkundeboeke

SULLIVAN, P. Opportunities in library and information science 1977 (020 ; 597601)

YOUNG, H.C. Planning, programming, budgeting systems in academic libraries 1976 (027.7 ; 597585)

TOWNLEY, H.M. Systems analyst for information retrieval 1978. (014.52; 595376)

SAFFADY, W. Micrographics 1978 (025,179; 599911) 599

GRIEDER, T Acquisitions: where, what and how 1978 (025.2 602417)

NOYCE, J. Cencorship in public libraries 1977 (025.21 593397)

MARTIN, S.K. Library network 1978 - 79 1978 (021.6 597598)

TEAGUE, S.J. Microform librarianship 1979 (025.179 597891)

ROWLEY, J.E. & Turner, C.M.D. The dissemination of information 1978 (014.52 596178)

LANCASTER, F.W. The measurement and evaluation of library services 1977 (025.5 602312)

TRAINING in Libraries 1977 (020.713 593395)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



I.B.L.

SE

MENSE.







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## toonbank se dag

Vroeg oggend, dáármee bedoel ek 7h20, heers rus en vrede by die Toonbank, maar sodra ou Moses die deure oopsluit vir die personeel LET WEL: DIE PERSONEEL, het ons ons hande vol om die studente buite te hou - vir nog net so 'n klein bietjie rus, want sodra die deure oopgemaak word, is dit behoorlik, en dit sê ons almal met apologie, soos 'n malhuis.

Dan is dit kaarte insorteer en kaarte onttrek en adreskaarte en leenkaarte en pienkaarte en bloukaarte - mens voel soos 'n kaartmannetjie teen die tyd dat jy daarmee klaar is.

Behalwe al die geure en kleure kaarte is dit so tussendeur gebruikers, en dit is 'n "Ja meneer" hier "goed meneer daar," "Kan ek help meneer" ens. ens. ens ...

Om alles te kroon lui die klok dan ook nog op die mees ontoontlikste tye en die een kyk altyd vir die ander een WIE GAAN DIE PERSOON HELP! Totdat mnr. Otto uit sy kantoor kom - dan vlieg iemand baie gou-gou op.

'n Groot kopseer is die daaglikse statistiek wat gehou moet word. Uitreikings, terug-ontvangste, voorgraads, nagraads, personeel, verklikkerstelsel en nog 'n skare ander sake word daagliks genoteer, verwerk en gebruik.

Nou ja op hierdie humanistiese noot sluit ons af.

- Adri le Roux

## KUIER BY IBL

Wat doen die seksie vir interbiblioteeklenings? Die antwoord is maklik. Ons funksie is vervat in ons naam naamlik: ons behartig lenings tussen (inter) biblioteke. By sommige biblioteke word die term Tussenbiblioteeklenings dan ook eerde gebruik.

Die doel van die interbiblioteekleningstelsel is om 'n individuele biblioteek se voorraad aan te vul deur sy gebruikers toegang te verleen tot materiaal wat in ander biblioteke beskikbaar is. Dus beteken dit dat ons materiaal van ander biblioteke leen maar dan ook wedersyds ons voorraad aan ander biblioteke beskikbaar moet stel. Ander biblioteke vra altyd meer van ons aan as wat ons van hulle aanvra. In 1979 het Merensky 11 260 items aan ander biblioteke gestuur terwyl ons maar 5 118 items van ander biblioteke ontvang het. In 1978 was die getalle onderskeidelik 8 072 en 3 741.

Die seksie bestaan uit ses personeellede: 'n hoof, vier assistente (waarvan een deeltyds is) en een tikster. Elke persoon hanteer 'n sekere aspek van die werk. Elke aspek verskil van die ander, dus kan 'n mens sê dat elke personeellid 'n spesialis op sy gebied is! Hierdie differensiasie van werksprosedures skep probleme vir enige nuwe personeellid. Nie net moet sy haar eie werk leer nie, maar al die ander s'n ook. Dit is noodsaaklik dat elke personeellid die ander se werk kan doen. Werk kan een dag oorstaan, maar na twee dae sal dit bloed en sweet kos om die agterstand weer in te haal. Ook is spoed 'n belangrike faktor by interbiblioteeklenings. Ons doelstelling is om aanvrae vanaf ander biblioteke binne 24 uur af te handel en Merenskyaanvrae binne hierdie tydpeil te verwerk. As iemand dus met verlof of siek is, moet die ander maar inspring. Daar is ongelukkig noodwendig reeds 'n vertraging van Merensky aanvrae van 24-48 uur omdat alle interbiblioteekleningaanvrae eers deur die vakbibliotekarisse goedgekeur moet word.

Hierdie doelstelling word ook dikwels verydel deurdat die seksie op vaste basis sowel as periodiek ander take moet verrig: 'n Goeie voorbeeld van 'n permanente frustrasie is die berigte Merensky- en takbiblioteek (bloukaart) aanvrae. In 1979 het ons meer as 2 500 bloukaartaanvrae benewens die gewone interbiblioteekleningaanvrae afgehandel. Volgens 'n artikel deur* Ian Douglas in "The Australian Library Journal" is dit moeilik vir 'n biblioteek om diens binne 24 uur te lewer indien interbiblioteeklenings nie 'n hoofdoelwit is nie. Dit is dus jammer dat die Seksie vir Interbiblioteeklenings nie altyd hul doelwit kan bereik nie, veral omdat interbiblioteeklenings een van die maatstawwe is waarmee ander biblioteke jou doeltreffendheid meet.

Die seksie Interbiblioteeklenings maak ten volle gebruik van die tegnologiese ontwikkelings van hierdie eeu. Eerstens gebruik ons natuurlik die teleks- 'n wonderbaarlike uitvindsel. Ons is met 43 biblioteke in teleksverbinding en verkies altyd 'n "teleksbiblioteek" bo 'n "posbiblioteek". Negentig persent van ons aanvrae geskied deur die teleks. Al ons katalogi wat ons gebruik vir besitsmelding is op mikrofiche: een vir tydskrifte en vyf vir boeke. Ons nuutste toevoeging tot die moderne wêreld is 'n spierwit rondomtaliehouer om al hierdie fiche in te bêre. (Ons moet nog net die tyd vind om die bêrewerk te doen!) Intussen sê ons dankie aan mev. Mara Grobbelaar vir haar hulp in die verband. Verder, gebruik ons nie geld om vir materiaal te betaal nie maar koepons wat deur die Staatsbiblioteek gedruk word.

Vir oorsese aanvrae kry ons koepons van die "British Lending Library" af. Oorsese aanvrae is baie duur. Ons betaal R3,00 vir elke tien bladsye wat gefotokopieër word. Die gebruikers betaal egter net die gewone tarief naamlik 5c, 3c of niks.

Desnieteenstaande al ons klaagliedere werk ons lekker saam hier. Die werk is hard, maar dit is ook 'n uitdaging en die dag as jou werk op datum is, kry jy as 'n bonus werksbevrediging. Dus, as jy senuwees van staal het en 'n sisteem van 'n perd, sal jy goed inskakel hier. Hier is nooit 'n vervelige oomblik nie. Het jy al van die episode van die padda gehoor?

Denise Wheeler

* DOUGLAS, I. Waiting for inter-library loans. Australian library journal 19 October 1979 337-339



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# I.B.L.

# SE

# MENSE.









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BIBLIOTEKE GAAN TOT NIET

Die alarmklok lui vir boeke

Ná die onlangse veiling in Kaapstad deur Sotheby van die Hamilton Russell-biblioteek het die oë van baie mense oopgegaan vir die groot moontlikhede wat die boek as investering bied. Dit is egter 'n ingewikkelde onderwerp, met sy pro- en kontrakante. Meer nog as by 'n kunsversameling speel die persoonlikheid van die versamelaars 'n beslissende rol.

Een van die voordele van 'n privaatbiblioteek is in elk geval dat die eienaar meesal pas aan die einde van sy lewe 'n boekery bymekaar gemaak het, wat die moeite werd is.

Omdat hy nie die ewige lewe het nie, sal sy versameling egter òf boek vir boek na allerlei ander persone gaan òf in sy geheel deel word van 'n staats-, universiteit of ander wetenskaplike biblioteek, wat meer aandag as 'n privaatliefhebber aan die fisieke behoud van boeke kan bestee. Maar kan hulle?

Watter omvang die totniet-gaan-proses van boeke al aangeneem het, blyk treffend uit 'n verslag wat die Paryse Bibliothèque Nationale verlede jaar bekend gestel het.

Hierin staan dié sorgwekkende paragraaf: "Van ons boeke is negentigduisend in so 'n slegte toestand, dat hulle eintlik reeds nie meer bestaan nie ... sewe miljoen blaaie van tydskrifte kan prakties al nie meer geraadpleeg word nie, en 36 000 landkaarte, 375 000 prente, 300 000 foto's, 337 700 blaaie musiekpapier en 31 000 handskrifte is ook in 'n hoogs kritieke toestand."

Die bedoeling van hierdie verslag was om die oë van die owerhede en die publiek vir hierdie noodtoestand te open en fondse te vekry om dit teen te gaan. Die direkte resultaat was dat vir 1980 al amper drie miljoen rand beter bewaringsmetodes aan dié biblioteek toegestaan is.

Die probleem is wêreldwyd. Daniel Boorstin, direkteur van die Library of Congress in Washington skat dat van die agttien miljoen boeke wat hulle daar het, ses miljoen in 'n ernstige toestand van verval is, die Beierse Staatsbiblioteek in München kom tot 'n soortgelyke skatting en een dat dertig persent van sy boeke wat ná 1840 verskyn het, in akute gevaar verkeer. En dit is dan nog gunstig as 'n mens dit vergelyk met nuwere openbare biblioteke, soos dié van die stad New York waar al amper die helfte van sy vyf miljoen boeke uitmekaar val.

### 'N RAMP

Maar vir die gebruikers is dit 'n ramp. Elkeen wat al met hulle gewerk het, sal weet dat die lees van stukke op dié manier só vermoeiend is, dat jy ná 'n uur of wat moet ophou, sodat jou oë 'n bietjie rus kan kry.

Die erns van die saak is reeds jare lank bekend en metodes is toegepas om hierdie euwel die hoof te bied. Mikrofilms en mikrokaartjies is die gemaklikste uitweg uit die moeilikheid en word byvoorbeeld ook al jare lank in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Koninging Victoriastraat toegepas om die ou Kaapse koerante leesbaar te hou.




Papierinstitute het die probleem van 'n ander kant aangepak en daar is nou papiersoorte in die handel wat taamlik goed teen die "tand van die tyd" bestand is. Maar dit is duur.

Daar is ook ander metodes soos die onderdompeling blad vir blad in 'n kalsuimhoudende oplossing. Dit is nie net duur nie, maar ook omslagtig.

Die boek-probleem het omstreeks 1840 begin met die massaproduksie van papier. Pleks van lompe, het hout die grondstof vir die papiernywerheid geword en die houbaarheid van die papier is vernietig.

Wat die die oplossing? Dis moeilik om te sê dat dit al gevind is. Die speurwerk rig hom nou in die eerste plek na 'n betreklik goedkoper metode wat biblioteke self kan toepas. 'n Paar groot biblioteke het al begin om boeke wat in gevaar verkeer, te "vergas". Dit het die voordeel dat hulle nie uit die band losgemaak hoef te word nie.

Dit gebeur nou in klein silinders, maar binnekort sal vyfduisend boeke tegelyk in 'n soort lugdigte kluis met gas behandel kan word. Dit sou hul oorlewingskanse aansienlik verbeter. Die koste van so 'n behandeling is egter groot en biblioteke sal ekstra fondse moet kry om dit te kan toepas.

As 'n mens egter besef dat ons hele Westerse beskawing op boeke berus, moet geen uitgawe op dié gebied as te groot beskou word nie.

C. PAMA
Die Burger Dinsdag 4 Maart 1980



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# CURRIEBEKERKOORS ?

Nou se dinge - Koos van der Merwe

Aljaar dié tyd, ná die party-kongresse en ná die Augustuswinde ons murg droog gewaai het, voel ek 'n ding kom. September-Oktober se koers word ek gereeld deur die ongerustheid van 'n heldersiende oorval. Dit loop op, op tot die eindwedstryd om die Curriebeker gespeel is, en verslaan dan skoon.

In ander herken ek dit as die Donald Currie-sindroom, hoë koors gepaard met onwillekeurige armgeswaai en onsinnige gebabbel. Dit is 'n landwye aandoening, met die ergste besmette gebiede beperk tot 'n kol noord van Halfweghuis en in die Suide rondom die Liesbeeck.

Die Currie-sindroom is al met die runderpes vergelyk - die twee het toevallig in die laaste eeu binne 'n paar jaar na mekaar hier aangemeld - hoewel eersgenoemde op die lang duur meer volhardend, aansteekliker en meer verwoestend bewys is.

Dit jaag die nasionale bloeddruk op, verdeel die volk, bevorder alkoholisme en mors brandstof. Daar is mijoene meer op uitgegee as wat bewillig is vir die navorsing van rooiwaterkoors, miltsiekte, bloutong en ander endieme siektes.

Sy oorsprong lê in ons koloniale verlede, die kiem synde oorgedra deur 'n Britse skeepsmagnaat wat in 1888 'n goue beker op een van sy steamers Kaap toe gelaai het.

Die aankoms van die Curriebeker in Tafelbaai was 'n fees-geleentheid. Ek stel my die gloeiende kommentaar voor van wat die vyandiggesinde pers moes gewees het, en John X Merriman wat in sy middel-Victoriaanse vuis gelag het.

Agter Sir Donald se veelgeroemde versiendheid en bereidwilligheid om 'n land aan 'n nasionale spel te help, is ou-koningin Victoria se hand duidelik kenbaar.

Wat in 1888 vir 'n daad van altruïsme aangesien is, staan nou ontbloot as 'n onbeskaamde komplot om die Boerevolk te verdeel. Toegegee, die ou lady was vindingryk. Na 'n kasarm goewerneurs en veldhere vergeefs probeer het om haar opstandige kolonie onder order te hou, moes 'n ander plan bedink word. Eenvoudig, na inligting ontvang is dat die Boere versot is op buitelugsport én in die proses mekaar maklik uit pure ergenis kaalhand kan uitmoor.

Dit het die ou koningin die gedagte van die Trojaanse perd laat aanpas via 'n goue beker wat oubaas Currie in grondelose erbarming geskenk het. Sonder dat nog 'n skoot gevuur word, kon dit Groot-Brittanje se invloed bestendig.

Empire-lojaliste loof die Currie-beker nog as een van die onverwoesbaarste bedinksels van die Victoriaanse tyd. Die oubaas is sewentig jaar, méér, onder die kluite en sy steamers ploeg nie meer die water Kaap toe nie, maar sy beker dreig in 1980 éérs om die Boerevolk te verdeel.

Dis 'n godswonder dat 'n volskaalse rebellie nie al op sleutelwedstryde in die kompetisie gevolg het nie. Sal my nie dit verbaas as 'n vakbond of die een of ander groep nog die wet in eie hande neem as van hulle lede in hierdie stryd om den bloede iets ernstigs oorkom nie. 'n Bloedbad is nie uitgesluit nie.

Die Beker se magiese krag om onenigheid te stig, laat WP en Noord-Transvaal mekaar al vaster aan die keel gryp. Want jy kom nie daarvan weg dat verdeeldheid tussen dié twee bonde dieper loop as tussen ander.

Ek is daarom verlig as hulle twee dié tyd nie kop teen kop staan nie. Want ek verwag nie die lank voorspelde derde rebellie gaan oor die Wesfasade op Kerkplein of in Windhoek oor SWA/Namibië of tussen verlig en verkramp uitbreek nie, maar op Loftus of Nuweland na 'n eindwedstryd om die Curriebeker.

Ou-koningin Victoria se gif het tydsaam maar behoorlik getrek.

Oorgeneem uit Signature
(September 1979)

Verkort en versorg deur
Leoné Botha

## 9096!...5?

Na die opgewondenheid van die nuwe jaar met al sy nuwe dinge, het ons hier by Medies weer teruggeval na elke dag se roetine. Die stryd word moedig volstry!

Maar elke nou-en-dan word die alledaagse opgeflikker deur 'n ongewone gebeurtenis. Soos met die installering van die teller by die deur ...

Die eerste probleem duik op nog voordat die installeerders mooi by die deur uit is. Omdat die teller te naby aan die verklikkerstelsel geïnstalleer is, word die verklikker heeltemal omvergegooi. Oplossing: die teller word twee tree verskuif ... en siedaar!

Probleem nommer 2 Nou een oggend, neem ons ouder gewoonte die tellerlesing. Wat toe op 9096 staan. Wat toe onmoontlik blyk te wees! Goeiste, ek glo nie die Mediese biblioteek kry soveel besoekers in 6 máánde nie. Die algemene gevoel is dat iemand (dit moes beslis 'n hele paar iemande gewees het) in die deur gestaan en gesels het.

Die volgende dag staan die meter toe (glo dit as julle wil) op 5 (vyf!). Weer eens onmoontlik. Iemand moes per ongeluk die knoppie gedruk het en die meter weer op nul gestel.

Wel, eind goed, al's goed. Daar was tot dusver nog nie weer enige probleme nie en ons besoeke wissel tussen 280 en 350.

Verdere nuus is dat Leoné Botha haar BA-graad bepaal het, en deesdae haar aande ... in die Merensky deurbring so voor en na die Staatsleer Hons.- klasse. Annie Pienaar het intussen die eerste gedeelte van haar B.Bibl. (Hons) suksesvol afgelê, terwyl Jeanne Cilliers Noord-Sotho I geslaag het - 'n kursus wat sy glo sommer vir die lekker loop! (As ons nou 'n Staatsdiensnaam vir die Mediese Biblioteek moes uitdink, sou dit voorwaar iets soos die Departement van Ontwikkelende Breinkrag gewees het!)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# ONGELUKKIGI

Die Buitemuurse biblioteek is so geleë dat dit omring is met eenrigtingstrate wat daagliks swaar verkeer dra.

Daarom is 'n mens, hoewel dit soms stil in die Biblioteek is, tog deeglik bewus van die gewoel daarbuite; veral as die vensters oopgemaak word.

Meer as een maal per dag hoor mens die geluid van skreeuende bande op die teer soos wat die motoriste rem trap. Dan sê ons gewoonlik hierbinne vir mekaar " Janee, daardie ou se motor se toeter is seker stukkend, daarom gebruik hy maar die remme".

Soms word die skreeugeluid gevolg deur 'n harde slag; dan weet ons dis 'n ongeluk. Nou onlangs het 'n motorbestuurder sy draai nie kon kry by 'n kruising nie - toe rol sy motor sommer die verkeerslig uit die pad uit.

Nie lank gelede nie staan ek eendag langs my motor hier onder die gebou, toe 'n ander kêrel weer die pad in Proesstraat byster raak en koers kry in my rigting. Ongelukkig (vir hom) tref die motor 'n boom op die sypaadjie en tol die motor toe totdat dit tot stilstand kom reg in die ingang van die parkeerplek onder die gebou. Gelukkig was daar geen ernstige beserings nie.

Ons sien ook dat die arme motorfietsryers altyd aan die kortste ent trek - of anders gestel, hulle kom altyd tweede. (Vir al die motorfietsryers op ons personeel wat reeds vir langer as 'n jaar sy/haar heil probeer uitwerk in hierdie stadsverkeer, haal ek my hoed af. Julle het moed!)

Dit dan wat betref "ons belewing van ons omgewing" in DIE MIDDESTAD.

---

Seksie Boekbestellings

In hierdie afdeling word altyd hard gewerk, maar hierdie maand gaan dit toe eers dol. Met vyf van ons op nuwe plekke, was dit 'n geskarrel om voor te bly. Indien wel!

SAMSO, was soos 'n berg voor ons gelê het, neem toe darem net 'n molshopie grootte aan en was dus nie so moeilik om oor te klim nie.

Maar die bestellings stroom in, die besitkontrole begin en neel gou begin ons nuwe kollegas gemakliker skoene dra ...

Besitkontrole klaar gedoen, kom die bestelkaartjie nie van die drukkers af nie - hulle masjien het gebreek! Voor Mej. Anne-Marie van Staden weet of sy boeke ontvang of nie, beland sy ook agter die tikmasjien en sommer gou-gou het die twee tiksters die bestellings gewen. Ons sal mej. Anne-Marie van Staden baie mis wanneer sy einde Maart ons diens verlaat.

*So tussen alles deur*
*is daar altyd iemand om ons op te cheer*
*Mev. Marié Rautenbach bly ons heldin*
*want sy's die een wat altyd blomme bring*

# TYDSKRIFTE

Desember 1979 - Januarie 1980

| | |
|---|---|
| Toneel: | 'n Deurmekaar poskamer. |
| Teenwoordig: | Twee arme siele wat met die intrapslag reguit wou aanstap en op die brandtrap gaan sit. Het die posomie gesê dat dit 'n goeie môre is? Vinnige voetstappe en 'n bekende stem help hulle om tot verhaal te kom en hulle trek hoop vir hoop met 'n verbete uitdrukking op die gesig nader. Om net te kan begin is om meer as die helfte van die wedloop te voltooi. |

Triomfantelik word die posgereedskap eindelik weggepak en met breë glimlagte en vuil baadjies kom die twee seëvierend aangestap. Waarom lyk die ander in die afdeling dan so alledaags? Oningeligtes!

Maart 1980

| | |
|---|---|
| Toneel: | Poskamer. Gewis meer agtermekaar. Drie poshopies kruip pateties in die hoekie weg. |
| Teenwoordig: | Twee spiksplinternuwe gesiggies. Ietwat onseker maar baie dapper. Met die posmes soos 'n swaard na vore gerig, takel ons posengeltjies die poshopies. Sagweg word die omhulsels afgestroop en die inhoud soos 'n pasgebore baba uitgehaal. Oeps! Verkeerde brief in die regte poshokkie. Ag wat, so leer 'n mens maar, nè. Selfs daardie taktvolle glimlaggies en pogings van die "ouer dames" om ons reg te help sal mettertyd verdwyn en ons sal met vaste tred die poskamer kan betree. |

Intussen het die afdeling 'n rustiger periode betree en is dit net die gebinde bande van derde vloer wat 'n goeie bomskuiling om sommige mense se kardekse sou maak . So akuut het die toestand geword dat selfs die trollies die hasepas gekies het. 'n Oorvloed gebinde bande is egter geen onoplosbare probleem nie.

Nee wat, rustig en kalm sou die leuse vir hierdie maand kon wees.

maar loer net so na die blare wat al vinniger om die bome begin vergader en jy besef dat die natuur 'n antwoord het op die rustigheid in die Tydskrifte-afdeling.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# ontsluiting sê

Jy as mede-mens:

Wat ek dink, wat ek doen, wat ek sê, hoe ek handel: is alles wat ek en jy as mens is.

Besef jy jou verantwoordelikheid in daardie opsig? Jou optrede en lewensuitkyk stuur ander mense óf ryker óf armer van jou af weg.

Jy durf jou nie losmaak van jou medemens nie, want dit beïnvloed jou liggaamlik en geestelik, in karakter en persoonlikheid.

Het jy al gedink dat die geheim van die lewe in jouself is. Vra jou gedurig af wat is die regte ding om te doen en te sê. Of soos Confucius dit gestel het: "Wees 'n voorbeeld vir jou mede-mens. Wees altyd goedgesind, vriendelik en aangenaam teenoor almal!

'n Positiewe mens, met liefde in sy hart en 'n gesonde lewensuitkyk is iemand wat deur sy medemens gerespekteer en waardeer word. Is jy so 'n mens?


'n Gedagte om te onthou: daar's 'n Arabiese spreuk wat as volg lui:

"Daar is vier dinge in die lewe wat onherroeplik verby is:

die gesproke woord
die pyl wat die boog verlaat het
die lewe wat verby is
en verspeelde geleenthede"

Dus, wees 'n lig op die pad van jou mede-mens.

\- Jolinda du Toit



"There's your problem."

Beplanning

Baie geluk aan mnr. en mev du Bruin met die klein Hendrikkie.

Dit lyk of daar baie 'verskuiwings' in beplanning plaasvind of gaan plaasvind. Mnr. Rolf Tönsing hou deesdae baie van beplanning se studiehokkie en mev. Amanda van Heerden het solank 'n nuwe 'baas' in mej. Manda Mörsner gekry.

Mnr. Peter Lor het op 6 Maart 'n lesing oor "selfrenewing libraries" vir die Belangegroep Voorraadbou gegee en 'n herhaling van die Kortkursus oor Doelwitbepaling en werkprogrammering vir die 20ste Maart gereël.

Merensky wil seker nou snags ook vol lewe wees. Mnr. Rolf Tönsing het tydens aanddiens ondervind dat die ligskakelaar van sekere vloere nie meer wil afskakel nie.

# VAKBIBLIOTEKARISSE

Reeds al Maart 1980 en teen hierdie tyd het ons al 'n goeie idee van die drukte van take, toetse en navrae wat met 'n aanloop van ... ek weet nie of u my kan help nie maar ek soek ... kom. Telkens probeer ons hard om te help maar in sommige gevalle kan dit darem net nie - soos wanneer jy versoek word om vas te stel of juffrou X 'n vaste kêrel het en indien wel of hy nie dalk 'n kampioen bokser, karate kenner of judo uitblinker is nie ...

Verder is daar ook die gevalle waar dit moeilik is om ernstig te bly veral as 'n teologiese student ewe vroom verneem "na boeke oor lekker kerke" en na baie taktvolle vrae vasgestel word dat dit 'n skrywer genaamd Lekkerkerker is.

Op die sosiale front is ons almal dit eens dat dit die lekkerste boerebraai ooit was, en wil ons die Sosiale komitee hartlik bedank.

So terloops ... intussen het almal in spanning gewag op mev. Lucia Smith se "kleinkinders" en was almal bly toe hulle opdaag: 4 woelige Maltese-poedel cum ..... iets van duistere afkoms.

Ons wil ook vir mev. Ria van Zyl terug verwelkom, nadat die plae van Egipteland letterlik die afgelope maand oor haar toegesak het. In Ria se eie woorde: "Ek het bronchitis, keelontsteking, steek-in-my-ore, lae bloedsuiker ... en dan is ek nog siek ook! Nietemin, alles lyk heelwat beter, en ons wens haar net gesondheid vir die res van die jaar toe.

Derdevloer

"Cyclohexylmethylacetylene"
"Watter vakgebied is dit?" "O, Chemie; 'n verbinding. Ja, ek sien."

Die student kon netsowel gevloek het, of dalk in tale gepraat het, en in jou gedagtes bly jy wonder wáár jy kan begin soek. Dit voel asof dit veel beter sou gewees het as hy eerder gevra het hoeveel stene in die Uniegebou is- dan kon jy ten minste raai! Gelukkig lui daar iewers 'n klokkie van "Chemical Abstracts". Wonder bo wonder kry jy en die student, wat nie juis veel meer as jy van Chemie weet nie, die verskriklike naam in een van die indekse. As hy eindelik agter die mikroleserdrukker inskuif en sodoende meer inligting oor die verbinding kry, voel dit asof die wêreld se sorge van jou afval - jy kan hom ten minste help.

Die selftevredenheid duur nie lank nie, want skielik staan hy weer voor jou met 'n "Die papier is op" - en dan begin 'n nog ingewikkelder taak. Jy stap vol selfvertroue na die masjien, want net die vorige week het iemand jou gewys hoe hy in mekaar steek, en dit het alles so maklik gelyk. Later help nog iemand jou, die student wil ook hand bysit, die ander personeel is almal alreeds huis toe, en nog steeds wil die papier nie die regte paadjie deur die masjien volg nie. Uiteindelik was al die harde werk nie verniet nie, en al gaan jy baie later as gewoonlik huis toe, kon jy darem een verwarde student help. Nadat 92 Chemie II studente elkeen met hul eie verbinding gekom het, voel ons nou asof ons vir enige Chemienavraag kans sien.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

So tussendeur was dit ook die Derdevloer se bindbeurt en trollies vol tydskrifte is hier afgesleep na mnr. Porter. In elkeen se hart was daar so 'n blyheid, dat die grôôt werk nou van die jaar agter die rug is, en dat ons die vooruitsig van netjiese rakke kan hê. Maar helaas! Die gebinde bande keer terug en dit is weer Seksie Tydskrifadministrasie se beurt om verlig te wees dat hulle weer húl groot werk by ons kan kom aflaai. Gelukkig kom daar ook weer 'n einde aan hierdie stroom gebinde bande wat elkeen weer 'n plekkie op die rak moet kry.

Te oordeel aan die boeke wat oor die tafels verstrooi lê, wil dit begin lyk asof die studente almal skielik in "boekeblaaiers" ontpop het, Stapels boeke tart ons van oral, die wegpakkamers is oorvol, en al wat 'n student is, is knaend op soek na 'n boek wat iewers moet wees. Ons begin al wonder of daar nie meer boeke ván die rak as ôp die rakke is nie. Al verklaring wat ons vir die deurmekaarspul het, is dat die vloer te gewild onder die studente is, of dalk dat die bodes moes handbysit in die soektog na die Chemie-verbindings. Wie sal ooit weet?

Daar is darem aangenamer dinge ook - die werksPartytjie natuurlik! Die aand van 7 Maart het nadergekom - vir diegene wat partytjie toe sou gaan, was dit 'n opgewonde afwagting, terwyl Amanda van der Hoven en die res van die Sosiale Klub 'n gevoel van beklemming gehad het. Hulle het vergaderings gehou, oor kos gesels, gewonder wat die beste sou wees, hoe die saal moes lyk; en uiteindelik kon hulle alles in die praktyk toepas. En siedaar! Die uiteindelike - 'n heerlike braaivleis wat elke gas kon geniet.

Een van die dae is dit Paasnaweek en natuurlik universiteitsvakansie. 'n Lekker rustige tydjie word vir almal toegewens, en die wat wegbreek van die stad - kuier lekker en kom veilig tuis.



"Oh, oh—another dropout. . . ."

The captive audience

Quote from an Inaugural Lecture: "The ritual of the Inaugural lecture must rank amongst the more sadistic practices of the university. An unofficial opinion poll of previous inaugural lecturers reveals that it is regarded as one of the steepest hurdles of their academic careers. It involves an unwilling lecturer and usually an equally unwilling audience. It suffers the further indignity that the lecture is published, whereby the lofty ideals of the new incumbent may be compared at a later date with his achievements."

## Reprografie

Die groot nuus hierdie maand is dat ons drie nuwe kopieërmasjiene gekry het. Die ou IBM-masjiene (Copier II) is almal vervang met 3 nuwes, naamlik Copier III masjiene. Hierdie masjiene kan ook verklein, en dan kan hulle ook afdrukke aan beide kante van die papier maak, die sogenaamde "double-sided copies".

Die enigste probleem is dat die masjiene nog nie behoorlik geïnstalleer is nie. Die probleem kom by die tellertjies wat moet aandui hoeveel afdrukke gemaak word. Spesiale panele moet vervaardig word. Wanneer die masjiene eendag ten volle gereed sal wees, is 'n ope vraag. Intussen sukkel ons maar voort met die Rank Xerox-masjiene en die Nashua, tot groot ontsteltenis van die studente wat byna altyd tou moet staan vir afdrukke.


'n Brokkie interessante nuus is dat die geraaspeil hier getoets is. Metings wanneer al die apparaat in werking is toon 'n geraaspeil van 66 DBA. Hierdie peil vergelyk goed met die geraaspeil in 'n middestadse kantoor, en is (gelukkig!) nie skadelik vir die menslike gestel nie.

Kobus Muller



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

CUPIDO SLAAN TOE ...




Baie geluk Marietjie



Ina Viljoen



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# gelukwense



Mev. Gerda Beukes



Mev. Mariaan Joubert



Mev. Bettie Langkilde

# TOTSIENS



Alida Joubert



Anna-marie van Staden




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE

April 1980

U.P. Biblioteekdiens -



## VORDERING MET REKENARISERING

Ek het opdrag van die Redaksie om vandeesmaand te berig oor die tema Rekenarisering -die eerste maand. Die onlangse verloop van die rekenariseringsprojek maak dit minder sinvol om oor die eerste maand te rapporteer. In die lig daarvan dat April verder my eie laaste maand in diens van die Universiteit van Pretoria is, kan ek moontlik verskoon word as ek die voorgestelde tema 'n bietjie meer subjektief beskou.

By my vertrek, gaan my gedagtes onwillekeurig terug oor my verbintenis van (op 4 maande nā) vyf jaar met hierdie Biblioteekdiens. Die grootste enkele gedeelte van die werktyd oor hierdie periode is gewy aan die rekenariseringsprojek. Dit het die ervaring en insigte van twee oorsese reise ingesluit. Dit het 'n belangstelling gewek wat uitgeloop het op 'n persoonlike navorsingsprojek en 'n magisterverhandeling. Goeie persoonlike en kollegiale verhoudinge is langs die pad opgebou. Algaande het 'n assosiasie met die rekenariseringsprojek ontstaan wat moeilik verbreek word.

Waar vordering ter sprake is, is dit interessant dat die eerste drie jaar en sewe maande (September 1975 tot April 1979) in werklikheid afgestaan is aan voorondersoeke en evaluerings van die verskillende opsies ten opsigte van rekenarisering. 'n Verdere maand, Mei 1979, is afgestaan aan die beplanning van die implementeringskedule wat in werklikheid vanaf Junie 1979 gevolg is. Dit was en is om verskeie redes, 'n besondere moeilike projek om te bestuur en uit te voer. Soveel sake wat streng gesproke met rekenarisering niks te make hoef te hê nie, is bygetrek. Dit het trouens veel meer behels as rekenarisering as sulks. Dis eerder 'n totale vernuwing van alle ontsluitingsprosedures en alles wat as gevolg daarvan tot stand gebring word. Dit het groot eise gestel aan alle personeel wat betrokke geraak het. Dit sal nog verdere eise stel voordat die stelsel teen die einde van Mei 1980 operasioneel behoort te wees. Dat daar in geslaag is om die betrokke personeel gemotiveerd te hou onder moeilike omstandighede, spreek boekdele vir die gehalte en ingesteldheid van ons personeel. Dit is daarom ook gepas dat ons ons dank en waardering teenoor hulle uitspreek.

Hierdie vernuwing wat met rekenarisering gepaard gaan, sal ook nog verder uitkring namate ander funksies soos uitleen en aanskaf aan die beurt kom. Dit verg nie enige profetiese gawes om te



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

voorspel dat hierdie Biblioteekdiens oor 'n aantal jare drasties anders daar sal uitsien as die opset wat ons in 1979 geken het nie. Om die Biblioteekdiens te verlaat terwyl soveel uitdagende en interessante ontwikkelinge wag, is vir my 'n persoonlike ongelukkigheid. Daarenteen is dit ook wel met 'n mate van genoegdoening wat mens kan terugkyk op die voorreg om betrokke te kon wees by die aanvoorwerk tot die wat in die volgende jare hier tot stand gebring gaan word. Aan al die kollegas wat meegedoen het aan hierdie aanvoorwerk, 'n innige woord van dank. Aan die Direkteur en mede Adjunk-Direkteur: baie dankie vir die geleentheid om saam met u te kon werk en soveel te kon leer. Baie dankie vir die vriendelikheid en goeie samewerking wat ek van soveel van u ontvang het.

Ek groet u met my allerbeste wense

H de Bruin



AULA

14 - 17 Ballet : Anna Karenina

MUSAION

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 20h00 | Leipoldtaand |
| 2 | 20h00 | Leipoldtaand |
| 6 | 13h10 | Sjoerd Beute - Klassieke kitaar. |
| 6 | 20h00 | Walter Mony (violis), Peggy Haddon (Pianiste). Beethoven se vioolsonatas (eerste reeks). |
| 7 | 20h00 | New York Harp Ensemble. |
| 8 | 13h10 | Pieter, Corrie en Ettienne (Trio). |
| 13 | 20h00 | Walter Mony en Peggy Haddon. Beethoven se vioolsonatas (tweede reeks). |
| 20 | 20h00 | Walter Mony en Peggy Haddon. Vioolsonatas van Beethoven (finale-reeks). |
| 22 | 13h10 | Arrie Boom (Bas). Klavierbegeleiding : Anna Bender. |
| 26 | 20h00 | Ernesto Bitetti (Kitaar). |
| 27 | 13h10 | Seventh Avenue (Jeug vir Christus). |
| 31 | 20h00 | Piet Koornhof (Violis). Klavierbegeleiding : Gregory Wingerd. |

BELANGRIK IN MEI

6 - 7 Seminaar oor opleiding van inligtingswerkers WNNR.
8 IML-MEDLARS-kursus.
22 Vakbibliotekarisse - Professionele vergadering.
28 Republiekdagviering.
29 Bestuurskomiteevergadering.
Driemaandelikse verslae Januarie - Maart 1980.
Notules van ander vergaderings gereed.



*VERJAARSDAE*

*2 Mej. M. Nortjé - Africana*
*3 Mev. A. van Backström - Direkteur se kantoor*
*3 Mev. J. Duursema - Ontsluiting*
*6 Mnr. R. Tönsing - Beplanning en Ontwikkeling*
*7 Mnr. P. van der Merwe - Vakbibliotekaris*
*8 Mev. M. Pelser - IBL*
*10 Mnr. P. Lor - Beplanning en Ontwikkeling*
*10 Mej. A. van den Bergh - Tydskrifadministrasie*
*11 Mnr. W. Duminy - Adjunk-direkteur*
*14 Mev. M. Willemse - Voorlinies*
*17 Mej. J. du Toit - Ontsluiting*
*19 Mev. R. Roux - Boekbestellings*
*20 Mev. I. Viljoen - Algemene Administrasie*

*25 Mev. M. Grobbelaar - Toonbank*
*27 Mev. M. Meyer - Tik & Kaartduplisering*
*27 Mev. E. Cronje - Ontsluiting*
*30 Mev. S. du Toit - Voorlinies*

## GELUKWENSE

Aan die volgende persone wat ook tydens die afgelope promosieplegtighede grade behaal het.

Mnr. H. de Bruin - M. Bibl.

Mej. E. Stolz - B.A. Hons (Sielkunde)

## uit topbestuur se dagboeke


APRIL

15: Besoek van prof. A.H. Strydom van die Buro vir Universiteitsonderwys, UOVS, aan die Merensky. Prof. Strydom, Prof. Gerryts, mnre. Duminy en De Bruin, Prof. F. van der Stoep (Dekaan : Fakulteit Opvoedkunde) en dr. C.A. van der Merwe (Studentediensburo) voer samesprekings oor die aanwending van oudiovisuele materiaal aan UP.

16: 'n IBM-demonstrasie van die LIBIS-ONLINE (die uitleen- en bestelmodule van DOBIS) vind die eerste keer plaas. Die stelsel wek baie belangstelling, en sal verder ondersoek word. Prof. E.D. Gerryts, mnre. W. Duminy, en H. de Bruin, R. Tönsing, P. Ferreira, V.B. de V. Otto, mev. E. Langkilde en mej. E. Klopper het die demonstrasie namens die Merensky bygewoon, terwyl mev. E. Nel van die Staatsbiblioteek ook teenwoordig was.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



# Mnr H de Bruin

Dit is seker bietjie agterstevoor om by iemand se weggaan iets oor sy verlede te wil sê, maar ek het bietjie met mnr. Henk de Bruin, wat ons nou gaan verlaat, gaan gesels en hom uitgevra oor sy lewenspaadjie tot dusver.

Dit het heelparty interessante feite aan die lig gebring, wat ek seker is die Biblikasie-lesers ook sal interesseer.

Mnr. de Bruin is naamlik 'n Suid-Wester of dan Namibiër van geboorte wat al wye draaie oor Suid-Afrika gegooi het, om uiteindelik in Pretoria te geland het, en nou al weer op pad is Vrystaat toe. Gebore te Aus, 'n dorpie in die omgewing van Luderitz, Suid-Wes Afrika, het mnr. de Bruin hier sy laerskoolloopbaan voltooi waarna hy Windhoek toe is vir sy hoërskooldae. Hierna is dit Stellenbosch toe vir die graad BA Regte wat toe op die ou einde uitloop op die hoofvakke Volkekunde en Bantoeadministrasie. Logieserwys beland hy by die Bantoeadministrasie en van alle plekke op Grootfontein in die Noorde.

Na agt maande aanvaar hy 'n betrekking in die Nuusdiensafdeling van die SAUK in Port Elizabeth, waar hy vir vyf jaar werksaam was, maar besluit het dat hy, gelukkig vir die Biblioteekdiens nie 'n loopbaan daarvan wou maak nie.

Deur bemiddeling van Prof. Daan Kesting, beland hy in die biblioteek van die Universiteit van Port Elizabeth wat net toe gestig word. Die pos wat hy hier beklee het, het sowaar bekend gestaan as "stelselontleder". Hy het hier te doene gehad met hulle gemeganiseerde kaartproduksie, wat hulle genoop het hulle later vir die rekenaar sou kon voer. Hier is dan die eerste sprankie van belangstelling in rekenarisering.


In die tyd verwerf mnr. de Bruin die Hoër Diploma in Biblioteekkunde (1969) en gedurende 1971 verhuis hy Pretoria toe, en aanvaar 'n betrekking in UNISA se biblioteek in die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling. Vanaf 1974 beklee hy vir 'n jaar en 'n half 'n dosentepos in Bedryfsleer aan UNISA. In die tyd stel hy baie belang in werkstudie-ondersoeke en rekenarisering. Hy begin ook baie lees oor bestuur in die biblioteekwese, iets wat hom later handig te pas sou kom!

Julie 1975 neem hom na die Departement Biblioteekkunde aan die Universiteit van Pretoria as navorsingsbeampte. Intussen word Prof. Gerryts Direkteur van Biblioteekdiens by Merensky en op 1 September 1975 word mnr. de Bruin in sy huidige pos as adjunk-direkteur aangestel, en word die Afdeling Beplanning en Ontwikkeing ingestel.

Mnr. de Bruin onthou nog goed dat hy sy eerste werksdag in Merensky in Sharpeville deurgebring het. Darem nie as een of ander opstoker nie, maar in sy hoedanigheid as voorsitter van die Skakelkomitee van die destydse SABV, moes hy 'n Amerikaner, Mnr. John Humphries daar gaan rondneem. Dit is interessant om te verneem dat mnr. de Bruin reeds op sy derde werksdag 'n seminaar oor Dobis, die stelsel wat op die ou eind geïmplementeer sou word, bygewoon het. Op daardie stadium is daar gedink dat dit reeds 'n stelsel was (groot was die ontnugtering later, toe dit nog slegs 'n stelselontwerp blyk te gewees het).

Die stelsel is egter geleidelik ontwikkel en net so het die Merensky se ondersoeke gevorder. Mnr. de Bruin beskou die tyd toe IBM die Dobis-stelsel as 'n produk aangekondig het en dit volledig genoeg was om in sekere biblioteke geïnstalleer te word, as 'n hoogtepunt in al hulle harde werk tot dusver. Teen November 1978 en Januarie-Februarie 1979 het die legkaart begin pas en het die toekoms rooskleuriger gelyk.

Op 1 Mei 1980 begin mnr. de Bruin, op Bloemfontein by die Universiteit van die Oranje Vrystaat as Direkteur van Biblioteekdiens. Ons glo dat daar nou besondere bande tussen die twee biblioteke gesmee sal word. Ons is jammer om mnr. de Bruin te verloor, maar ons wens vir hom en sy gesin net voorspoed toe en heet hulle altyd welkom in Merensky en Pretoria.




'There will be a small fine, Senator Horwood — this one is overdue!' The Argus

22 SA Digest



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



## Mnr P Lor

Peter Lor behaal in 1967 die graad B.A. Bibl. met lof aan die Universiteit van Stellenbosch, en net daarna word die geharde Kapenaar 'n Transvaler, as hy die jare 1968-70 by die WNNR kom werk. Die Instansie span hom in by hulle Bestel- en Klassifikasie-afdelings, en om intussen die tyd om te kry, skryf hy ook in vir die B.A. Hons (Frans); 'n studie wat hy in 1970-71 onderbreek toe die groot Wanderlust hom beetpak.

Dié jare verwerf hy die Licence ès lettres ('n graad in die filologie en letterkunde) in Caen, en kom dan terug na Suid-Afrika om die B.A. Hons (Frans) in 1972 aan U.P. met lof te verwerf.

Sy Alma Mater roep hom egter terug, en terwyl hy van 1972-75 dosent aan die Departement Biblioteekkunde is, behaal hy ook die Honneursgraad met lof.

In 1976 is die Transvaalse gras weer groener, en verlaat die Lors die land van Wyn om hulle weer in Pretoria te vestig - die keer is Peter werksaam in die Biblioteekdiens. Universiteit van Pretoria as persoon tweede in bevel in die afdeling Beplanning en Ontwikkeling.

Van die belagrikste projekte waaraan hy die afgelope vier jaar deel gehad het, was, om as hoof van die mediese biblioteke verantwoordelik te wees vir die fisiese beplanning van die geboue by die nuwe Mediese- en Voorkliniese biblioteke, asook die Onderstepoortbiblioteek. "Iets wat mens warm om die hart maak is om te sien hoe werk die biblioteke vandag, maar dat 'n mens daar ook uit foute kon leer, bewys darem dat foute ook 'n positiewe waarde het" - aldus mnr. Lor.


Ander groot projekte waarmee hy gemoeid was, was die fisiese beplanning van die Merensky wat betref die sitplekbesetting en benutting, die beleidsformulering vir eksterne rekenaarmatige inligtingsdienste en die beleidsbepaling daarvan (soos in die geval van die Hans Snyckers Instituut), die formulering van dokumente vir bouvereistes ten opsigte van die nuwe Mediese- en Voorkliniese biblioteke, die inisiëring van die eerste Verslagreeks, en sy verkiesing as eerste redakteur van die publikasie.

Hier aan die begin van 1980 het daar 'n nuwe uitdaging kop uitgesteek. Met sy aanstelling as universiteitsbibliotekaris van Bophuthatswana sien hy sy taak om die biblioteekdiens op te bou om in die behoeftes van 'n nuwe universiteit - wat veral die klem op beroepsopleiding lê - te voorsien. 'n Taak vol uitdagings, maar ook vol probleme - en ons hoop dat hy sommige van die oplossings sal vind uit die bladsak vol Merensky-inligting wat saam met die trek Mmabatho toe sal gaan!

Die kosbaarste ondervinding gedurende die tydperk by die Biblioteekdiens? "Om saam met die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling te groei, te leer - dikwels uit jou foute uit - , tot waar die Afdeling vandag staan, veral in die deelname in besluitneming waartoe ek gereeld die voorreg gehad het. En buite die Biblioteekdiens? "Seker die verkryging van die M.Bibl-graad in 1976.

En 'n boodskap vir die Merensky-personeel? "Sien die geleenthede wat binne - sowel as buite die Biblioteekdiens geskep word vir verdere ontwikkeling raak, en benut dit ten volle".

(Namens al die personeel 'n dankie, voorspoed en totsiens aan mnr. Lor en sy gesin - Redaksie).






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## GLOBALE RUIMTEBEHOEFTES VAN DIE BIBLIOTEEKDIENS

In vorige ondersoeke van die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling na die omvang van die Biblioteekdiens se versameling, is gevind dat die kritiese rakbesettingspeil vir sowel die hoof- as takbiblioteke respektiewelik teen 1988 en 1989 bereik sal word. Ten einde toekomstige knelpunte in verband met ruimte-voorsiening vroegtydig te identifiseer en die nodige optredes te bepaal om dit uit te skakel, is ondersoek ingestel na die ruimtebehoeftes van die Biblioteekdiens tot en met die jaar 2000. In die vooruitskatting van die ruimtebehoeftes was dit noodsaaklik om sowel die groeifaktore (wat die toekomstige ruimtebehoeftes bepaal) as die norme en doelwitte (wat mag geld by die verdere uitbouing van die biblioteekkomponente) te identifiseer.

### Groeifaktore

Wanneer voorsiening gemaak word vir die toekomstige uitbreiding van fisiese fasiliteite, moet daar rekening gehou word met sowel die kwantifiseerbare (groei in gebruikersgetalle, versameling en aantal personeellede) as nie-kwantifiseerbare oorwegings. Universiteite word primêr op grond van studentegetalle gesubsidieer en dernalwe vorm studentegetalle die vernaamste parameter vir beplanning deur universiteitsbiblioteke.

Die vooruitskatting van studentegetalle, soos deur die Afdeling in oorleg met die Topbestuur voorberei, dui op 'n totale studentetal van 18 104 studente in 1988, 20 944 in 1990, wat geleidelik daal tot 18 827 in 1995 en weer effens toeneem tot 19 194 studente in 2000. Die daling en styging van studentegetalle hou verband met die daling en styging in die geboortesyfer van 19 jaar tevore, asook talle ander faktore wat by die vooruitskatting in berekening gebring moes word.

### Norme en doelwitte

Die ruimtebehoeftes van die Biblioteekdiens hang af van die vlak van voorsiening wat vir die drie biblioteekkomponente (versameling, gebruikers en personeellede) in verhouding tot die studentegetalle gehandhaaf behoort te word. Die norme en doelwitte vir die afsonderlike biblioteekkomponente is as volg geformuleer.

### Voorraad

Ten einde die huidige ontoereikende vlak van voorsiening uit te skakel, is die doelwit vir die versameling gemik op 'n voorsiening van 52 bande per ingeskrewe student vir 1990 en 67,1 bande per ingeskrewe student vir 2000. Die ruimtebehoefte van die voorraad is bereken op 'n basis van 1,3 miljoen bande vir 2000.

### Studiesitplekke

In vergelyking met die ander universiteite is UP in hierdie komponent benede die gemiddelde vlak van voorsiening. Die doelwit vir 1990 word gestel op 'n sitplekvoorsiening van 14,5% van die totale ingeskrewe studente en 17,0% vir die jaar 2000. Dit impliseer dat daar teen 1990 sowat 1 000 en teen 2000 sowat 1 480 meer sitplekke as tans voorsien moet word.

### Personeelvoorsiening

Die norm vir personeelvoorsiening dui op 'n verhouding van 1 personeellid vir elke 97 VTE (voltydse ekwivalent) -studente in 1990 en 1 personeellid vir elke 92 VTE-studente in 2000.

### Ruimtebehoeftes

Die vooruitskatting van die globale ruimtebehoeftes word bereken in toekenbare vierkante meter volgens die gestelde norme en doelwitte. Teenoor die 15 771 TVM (toekenbare vierkante meter) wat tans benut word, sal die Biblioteekdiens 20 429 TVM in 1990 en 23 272 TVM in 2000 benodig. Persentasie gewys gestel, dui dit op 'n ruimte-uitbreiding van 57,15% vir die versameling en 77,24% vir studiesitplekke. Globaal gesproke, dui dit op 'n ruimte-uitbreiding van 29,54% vir 1990 en 47,56% vir 2000 op die huidige benutbare toekenbare vierkante meter. Hierdie ondersoek bevestig dan dat die bestaande ruimte ontoereikend sal wees om die biblioteekfasiliteite vir die volgende 20 jaar te akkommodeer.

- Dr. T. Trichardt

# Kleredrag

## DRA VAN LANGBROEKPAKKE DEUR DAMESPERSONEELLEDE

Damespersoneel mag langbroekpakke dra vanaf 1 Mei tot 30 September.

Al die damespersoneel moet asseblief daarop let dat die dra van die baadjies verpligtend is. Die werksbaadjie vervang die broekpakbaadjie. Rokke mag nie afgesny en as baadjies gedra word nie.

Wanneer u u baadjie was, spoel dit goed uit, hang dit sopnat op 'n hanger en laat so droog word. U het dan nie nodig om dit te stryk nie. Die materiaal is drupdroog en sal dus nie kreukel as u dit met sorg hanteer nie.

- Klerekomitee





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# uit die pers

OPPAS VIR DIE STORIE VOOR SLAPENSTYD

OPPAS vir die slaaptydstorie. Kinders kan daardeur maklik in 'n dwaal van seks- en rassevooroordeel land, sê sosiologiese navorsers.

Noukeurige gevalstudies van kinders deur die navorsers wys die gevare in gewilde verhale soos Mary Poppins en Dr. Doolittle. Die bevindinge is gepubliseer in "Rassisme en Seksisme in Kinders" - 'n boek geskryf deur skrywers en lesers met 'n gids vir ouers wat vasberade is om hul kinders vry van vooroordeel groot te maak.

Rex Harrison in die rol van Dr. Doolittle word gekritiseer as die groot wit pa wat die witman se las dra, maar skuldig is aan elke moontlike vooroordeel bekend aan die Weste.

Kortaf

Die King Koko en Prins Bumpo-karakters wat die dokter op sy fantastiese reise deur die wêreld ontmoet, word afgemaak as eenvoudig belaglik en 'het snaakse name'.

Mary Poppins, die vlieënde kinderoppasser, gespeel deur Oscarwenner Julie Andrews, word oor die vingers getik vir 'onmanierlike en kortaf aanmerkings' teenoor die kinders, byvoorbeeld "Nie 'n tree uit die kamer nie of ek is 'n Sjinees"; "'n Zulu het beter maniere as jy."

P.L. Travers, skryfster van die Mary Poppins-verhaal, kon haarself verdedig. "Ek is geen rassis nie. Ek is nie daarmee gebore nie. Ek het dit nooit gehad nie," sê sy.

Die navorsers - van biblioteekkundiges tot Chileense professors, stel hoë standaarde. Die Britse redaktrise Judith Stintob sê aan ouers elke skoolleesboek waarin die geslagsrol uitgespeel word (die ouer boetie klim 'n boom, die klein sussie bewonder hom van die grond af) moet verban word.

Chileense kritici, Ariel Dorfman en Armand Matelart, sê die kosmos vol Walt Disney ooms, tannies, niggies en nefies, is 'n wêreld van ewige verliefdes. Enige nuwe geslagsfaktor in dié verhale moet kom van buitegeslagsfaktore. Daar is een basiese faktor wat nooit oorlaai is in die verhale nie - ouers!

Knudsen se "How to Make a Baby" word beskryf as akkuraat, onromanties en onmisterieus.

Die boek het 'n kits-gids vir ouers om boeke vir kinders te koop. Dit waarsku teen stereotipe illustrasies soos die "piesang-etende swarte", "skewe-oog Oosterlinge", "die ma wat brood bak", en die "heuningmond, popagtige, soet dogtertjie."

Vermy

Woorde soos barbaar en agterlik moet vermy word en ook boeke waarin nie-blankes slegs 'n ondersteunende rol speel.

DIE TRANSVALER, 20 FEBRUARIE 1980

# kongres in die lug ?

Aangesien ek van tyd tot tyd navrae kry bv. "gee my 'n lys van Mediese Kongresse wat in 1982 in Europa gehou gaan word" neem ek aan dat ander vakbibliotekarisse soms dieselfde tipe navraag kry.

Ek beveel dus die plasing van meegaande stukkie - deur mnr. C. Pietersen geskryf - in Biblikasie aan vir die kennisname van die hele personeel.

Dit was vir my interessant om te weet dat die reël van kongresse heelwat inhou byvoorbeeld eerstens die kongressale met al die nodige mikrofone en oudiovisuele apparate, tweedens, genoeg naby geleë hotelle van hoë standaard om kongresgangers te huisves - oorsee dink hulle in terme van + 5 000, en derdens, die inpas van 'n kort vakansietjie tydens of na afloop van die kongres - in S.A. natuurlik verkieslik die Krugerwildtuin.

S.A. kan op die stadium wat kongresfasiliteite betref nie juis saampraat nie - oorsee is sulke kongressale yslike komplekse; hulle praat van "congress palaces."

Omdat so 'n groot kongres heelwat moontlikhede vir toerisme, positiewe propaganda en les bes die invloei van buitelandse valuta inhou, is dit gerustellend om te weet dat daar so iets soos die S.A. Kongresburo bestaan wat ons belange op die front behartig.

\- Annie Pienaar

KONGRESTOERISME

Kongrestoerisme vorm vandag 'n baie belangrike en steeds groeiende komponent van toerisme. Die ingewikkeldheid van hedendaagse wêreldprobleme asook die ongelooflike snelle tempo waarop die wetenskap en tegnologie vooruitgaan het daarvoor gesorg! Daar sal in die toekoms net meer en meer om die internasionale vergadertafels vergader word.

Die Suid-Afrikaanse Kongresburo

Die Suid-Afrikaanse Kongresburo is gedurende 1975 binne die groter raamwerk van die destydse Departement van Toerisme gestig met die uitsluitlike doel om inligting oor kongresfasiliteite, -dienste en kongresse, konferensies, simposia, seminare, handelskoue en gespesialiseerde uitstallings te versamel en te versprei asook om as skakel tussen die Suid-Afrikaanse Kongresbedryf, plaaslike verenigings en buitelandse verenigings te dien, in 'n poging om meer internasionale deelname en -vergaderings na Suid-





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Afrika te lok. Navorsing asook kongrestoerisme in sy geheel vorm dan ook 'n baie belangrike deel van die Buro se aktiwiteite.

Aangesien die Buro deel uitmaak van 'n staatsdepartement naamlik die nuwe Departement van Handel, Verbruikersake en Toerisme, verrig dit dan ook sy taak gratis op 'n onpartydige basis in die algemene landsbelang.


As deel van sy bemarkingsaksies gee die Buro brosjures uit waarvan die Suid-Afrikaanse Kongreskalender. wat jaarliks gedurende Julie verskyn en 'n periode van vyfjaar dek en die Buro se prestige Bemarkingsbrosjure, waarin tersaaklike inligting oor ons land se belangrikste kongresgeriewe verskyn, die belangrikste is.

Alhoewel die Buro nie self kongresse organiseer of aanvullende dienste (byvoorbeeld gelyktydige vertalingsdienste) tydens internasionale byeenkomste lewer nie, beantwoord die Buro 'n menigte uiteenlopende vrae en is dit te alle tye gewillig om plaaslike en buitelandse kongresorganiseerders by te staan met inligting wat verlang word. Navrae kan gerig word aan: Die Direkteur, Suid-Afrikaanse Kongresburo, Privaatsak X262, Pretoria 0001. Telefoon (012) 2-4334. Mnr. Constant Pietersen en/of mej. Lizette Badenhort wil u graag help met u probleem.

## KALENDER OP MY TAFEL...

Met hoeveel geesdrif en opgewondenheid het ek jou daar in CNA se rakke opgetel, deurgeblaai en bekyk? Hoe nuut het die jaar gevoel en hoever het Junie en Julie voor my uitgestrek - om nie eers van November en Desember te praat nie.

November en Desember se pragtige natuurtonele mag nog vele kere se blaai wees, maar Junie en Julie loer onbeskaamd, uitlokkend-tergerig na my. Nuut is die jaar nie meer nie en steeds herinner jy my getrou aan menige gebeurtenis en al is die dag hoe vaal, maak jy van my tafel 'n blomtuin, 'n wildtuin, 'n waterval en 'n eensame koppie gesien vanaf Tafelberg. Jy is my gunsteling - my sonskyngidsie.



## biblioteekkundeboeke

SHELDON, T. Collection development policy for the University of Kansas Libraries. (027.778.1; 599289)

JONES, K.H. The teaching of library management. (027.716; 602064)

FLEISCHER, E.B. A style manual for citing microform and nonprint media. (014.32; 597695)

HARDESTY, L.L. Use of slide/tape presentations in academic libraries (027.7 602074)

WALLACE, D.L. Setting up a microfilm unit. (025.179 596354)

TUNLEY, M.F. Library structures and staffing systems (023.5 604189)

DARCY, B. (e.a) Libraries are ours: the public library as a source of information for community groups. (027.442 603822)

WALKER, G. Soviet book publishing policy. (014.414.7; 591671)

WEISS, E.C. The many faces of information science. (014.5 603148)


ALLERTON PARK INSTITUTE Changing times, changing libraries. (021 ; 603258)

MALINCONICO, S.M. The future of the catalog; the library's choices. (025.3:518; 602713)

WHITESTONE, P. Photocopying in libraries (025.129; 602714)

MICROFORMS in libraries (025.179; 599011)

FILON, S.P.L. The national central library; an experiment in library cooperation (027.542 ; 604518)




Jammer, net toe dit lyk of dit interessant word.....



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019















Digitised by the Department of Library [illegible] access to information, University of Pretoria, 2019

# só werk boekbestellings

Hier by die seksie Spoedbestellings, eintlik bedoel ons BOEKBESTELLINGS, is ons altyd aan die draf want alle boeke word dringend benodig!

Die bestellings wat ons van die vakbibliotekarisse ontvang, word by binnelandse en buitelandse handelaars of uitgewers geplaas. Die bestemming van die bestellings wissel van Uppsala, Swede tot by Melbourne, Australië en van San Franciso tot by Tokyo. Ons bestel boeke, pamflette, partiture, plate, kaarte, mikrofiches, mikrofilms, skyfies, kasette, videokasette en films.

Hierdie groot verskeidenheid van hulpmiddels word vir die meeste vakgebiede bestel en ons is in die gelukkige posisie om al hierdie pragtige boeke en oudiovisuele materiaal te ontvang. As ons net 'n tydjie kon vind om deur party van die boeke te blaai .... Die tydsfaktor speel egter 'n baie belangrike rol. Ons doel is om die bibliografiese besonderhede van die bestellings volledig te verkry om te verseker dat daar nie onnodige korrespondensie gevoer word nie en dat die boeke die biblioteek so spoedig moontlik bereik.

Daar word maandeliks ongeveer 2 000 bestellings van die vakbibliotekarisse ontvang. Hierdie bestellings word eers in die katalogus gekontroleer om vas te stel of die boeke nie reeds in voorraad is nie. Maandeliks word ongeveer 1 500 bestellings by handelaars of uitgewers geplaas. Die aantal boeke wat maandeliks ontvang word, is ongeveer 1 000. Die pryse wissel van R1 tot meer as R100 per boek! Ons ontvang ook waardevolle boeke as geskenke wat in die biblioteek se voorraad opgeneem word.

'n Werksdag by Boekbestellings is onvoorspelbaar want enigiets kan opduik. Daar is skakeling met vakbibliotekarisse en agente van handelaars, uitstuur van boekaankondigings, besitkontrole, tik van bestellings en briewe, tikkontrole, insortering van bestelkaartjies in katalogus, bibliografiese kontrole, pryse aanvra en ontvang, liassering van oorspronklike bestellings en briewe, navrae in verband met bestellings, korrespondensie, vooruitbetalings, ontvangs van boeke en geskenke, fakture afmerk, kredietnotas aanvra en byhou van statistiek.

Ons werk vereis akkuraatheid, spoed en beplanning. Al hierdie verantwoordelikheid bring mee dat ons as 'n span saamwerk en help waar 'n krisis ontstaan. Tussen dit alles deur behou ons nog sin vir humor ook! Aan die einde van die maand as ons die bestelproses afsluit, voel ons trots en bly dat ons 'n bydrae kon lewer om die versameling van die biblioteek uit te brei.

M. Botes


# GSV se werksaamhede

Ons telefoon lui soos 'n roomysklok, maar dit is gewis nie vir 'n kinderparty nie: "Gereserveerde Studieversameling, goeie môre!" antwoord ons, maar soms is die môre gladnie so goed nie en die hulp wat ons kan aanbied beswaarlik voldoende. Die rede? Perfekte versoeke soos: "Meneer, die boek van Rhoodie, South African Dialogue, by Staatsleer asseblief", word dikwels gevolg deur: "Haai, help tog asseblief, my taak moet môre in en hier is glo boeke uitgesit. Hoenou? Nee jammer ek weet nie wie die skrywer of wat die naam van die boek is nie", tot 'n nog erger: "Ek skryf vanaand toets en hulle sê hier is 'n klomp goed wat ek moet leer." Dan lyk dit waarlik asof die ek geensins weet wie die hulle is nie, wat nog te sê wat die goed is wat geleer moet word.

Die kommunikasie was swak, sê die ouens wat weet. Dit is nou die kommunikasie tussen die dosent en die student, met die student, in die meeste gevalle, as die skuldige.

Nog 'n groter slaggat lê op 'n heel ander plek. By die Gereserveerde Studieversameling is dit inderwaarheid die Vakbibliotekaris wat op versoek van die dosent in samewerking met die personeel van G.S.V, boeke en tydskrifartikels reserveer. Die basis van goeie dienslewering hier berus op kommunikasie, weer eens kommunikasie en ... ja ook metakommunikasie en ons afdeling wat lyk soos 'n fratsmutasie van 'n'Vadertjie-langbeen' met grooot pote, is in hierdie opsig baie weerloos. By hierdie gogga loop die lewegewende bloed van die voete na die lyf en nie andersom nie, en die pote het elk 'n paar gevoelige liddorings wat sommige dae rouer en meer gevoelig is as ander dae. Daarom bly kontak tussen die lyf en die pote 'n tere en sensitiewe saak, en as daar soms uit onbedagsaamheid of voortdurendheid op een van die ou dorings van die lit getrap word, dan hou ons metakommunikasie, Dit wil sê ons kommunikeer oor ons kommunikasie wat skeef geloop het. Ons analiseer, stel reg, vryf die seer beter en alles gaan weer klopdisselboom want uit konflik word altyd beter begrip en dus groter orde gebore.

Die ou lyf weer is net so bekonkeld. Hy het deur die tyd allerhande immuniteite opgebou en verwerp vreemde voorwerpe wat aan hom opgedis word. Verder is hy baie dieëtbewus - dit is 'n besluit wat in die jaar vir gesondheid, 1979 geneem is. Te veel en van die verkeerde, lei tot vetsug, verstop die are en dreig om die hele ou lyf tot stilstand te bring. Gevolglik nou na maande van heroriëntering spog G.S.V. met 'n nuwe fietse perdebylyfie, geen vet meer nie, maar die ene spiere. Hy voel beter, glimlag meer dikwels en kan baie vinniger hardloop.






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Sartre - uitstalling




# GSV se mense





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VAKGEWYS...

DEATH, THE FINAL STAGE OF GROWTH

Skryf oor iets wat almal interesseer - liefde, lewe, plesier, musiek, lewe, dood. Dood? Hoekom dood? Dit behoort tog almal te interesseer want dit lê almal voor - so seker as die dag waarop ons die lewe begin het.

En as u nou besluit om nie verder te lees nie, moenie sleg voel nie, dis 'n baie gemiddelde reaksie, want eers baie onlangs het daar 'n bewuswording gekom dat ons liewer oor die dood moet gesels as om dit te vermy.

Die dood kan mens tegelyk afskrik en fassineer. Min mense kan oor die dood gesels en allermins oor hulle eie. Die vermyding word geïllustreer deur die indwidue wat die gang van die tyd probeer vertraag deur middel van kosmetiese middels en plastiese snykunde. Ons isoleer ons oues van dae in tehuise en sterwendes in privaat hospitaalkamers. Medici doen alles wat nodig is om 'n pasiënt se organe kunsmatig aan die gang te hou en beskou die dood as 'n "vyand" wat oorwin moet word. Die duur kiste en baie blomme op begrafnisse? 'n Poging om die werklikheid van die dood te versluier?

Wat van die fassinering van die dood? Eerstens is die dood 'n misterie, selfs in ons hoogs wetenskaplike tyd waarin ons gewoond is dat alles verduidelik kan word. Tweedens is die dood 'n onvermydelike deel van die menslike bestaan:

*"Cowards die many times before their deaths;*
*The valiant never taste of death but once.*
*Of all the wonders that I yet have heard,*
*It seems to me most strange that men should fear,*
*Seeing that death, a necessary end,*
*Will come when it will come."*

*(W. Shakespeare, Juluis Caesar.)*

Elisabeth Kuebler - Ross beskryf 5 fases waardeur 'n persoon gaan wat hoor dat hy terminaal siek is, Dit is -

1. "denial - no, not me."
2. "rage and anger - why me."
3. "bargaining - yes' me, but."
4. "depression - yes me."
5. "acceptance - my time is very close now and it's all right."

Kennis van hierdie fases en die bewuswording dat die dood eintlik 'n integrale deel van elke dag se lewe behoort te wees, kan mens help om die dood as 'n medereisiger op jou lewenspad te aanvaar wat jou kan motiveer om nie tot môre te wag om iets te doen nie - "then you can learn to live your life rather than simply passing through it". (Kuebler - Ross.) Dit is die kwaliteit van die lewe wat dan belangrik word.

Thomas Mann het geskryf: "Without death there would scarcely have been poets on earth" en daarom sluit ek af met 'n aanhaling uit Die Profeet van K. Gibran:-

"En hy sê:

*Julle wil die geheim van die dood ken.*
*Maar hoe sal julle dit vind tensy julle*
*dit in die hart van die lewe soek?*
*Die uil wie se nagtelike oë blind is vir*
*die dag, kan nie die geheim van die lig*
*ontsluier nie.*
*As julle weliswaar die gees van die dood wil*
*aanskou, maak julle hart wyd oop vir die*
*liggaam van die lewe.*
*Want lewe en dood is een, net soos die rivier*
*en die see een is."*

As ons dit begryp en aanvaar, kan ons miskien daartoe kom om netsoos Kuebler-Ross die dood as "the final stage of growth" te sien en soos Paulus sal kan sê: "Dood waar is jou angel? Doderyk waar is jou oorwinning?" (1 Kor. 15:55)


Die Mediese Biblioteek het die afgelope tyd heelwat boeke oor die onderwerp ontvang:-

WEIR, R.F. : Ethical issues in death and dying, Columbia U.P., 1977.
SAUNDERS, C.M. : The Management of terminal disease; Arnold, 1978.
SILS, E. : Life or Death; ethics and options, University of Washington Press, 1968.
FEIFEL, H.: New meanings of death. McGraw-Hill, 1977.
GARFIELD, C.A. Psychosocial care of the dying patient, McGraw-Hill, 1978.
KUEBLER-ROSS, E. Death; the final stage of growth, Prentice-Hall, 1975.
KUEBLER-ROSS, E. ; On Death and Dying, Harper and Row, 1973.

Nuwe aanwinste sluit ook kasette in wat handel oor onderwerpe soos:

"A Child dies" (MED/OV 88)
"Helping with dying" (MED OV/95)
"Awareness of dying" (MED OV/94)
"Communicating with the dying' (MED/OV 93)

Annie Pienaar






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# intoïtus — musiek

Net agter die Musaion is 'n wit en blou geboutjie wat verskil van ander wit en blou geboutjies deurdat daar 'n biblioteek is, wat weer verskil van ander biblioteke deurdat daar soms 'n deuntjie of twee gehoor word. Noudat julle weet waar ons is, kom kuier gerus in die Musiekbiblioteek!

Ons beskik oor heelwat partiture en boeke wat net wag vir "tydelike base" om hulle saam te neem huis toe. Vertoef gerus 'n rukkie en luister na 'n plaat, blaai deur 'n musiektydskrif of gaan deur die nuutste musiekberigte. Moenie nalaat om kennis te maak met ons "musieklike"gebruikers nie! Elkeen het 'n unieke artistieke persoonlikheid wat die antropoloog se studieterrein verder sal verryk.

As ons weer 'n hoekie in die Biblikasie bestel, sal ons die hele masjinerie belig wat die Musiekbiblioteek se wiele laat draai soos dit moet draai daar in die wit en blou geboutjie agter die Musaion.

Elsa Bosman

# LANDBOUNUUS

Hier by die landbouers is die jaar reeds op 'n drafstappie. Noudat die eerste kwartaal verby is, is die studente baie bedrywig in die biblioteek, want die winter-eksamens is om die draai.

Die deeltydse-nagraadse studente van Agrariese Voorligting het gedurende die eerste week van die tweede kwartaal hulle eerste jaarlikse byeenkoms gehad. Nadat mej. du Preez 'n biblioteekoriënteringslesing gegee het, het die navrae ingestroom en moes 18 bibliografieë saamgestel word. Onder die studente is 4 wat werksaam is by die K.W.V. in die Paarl en 'n aantal wat verbonde is aan landboukoöperasies regoor Suid-Afrika.

Dis deesdae 'n algemene gesig om 'n aantal manne in weermaguniforms hier in die biblioteek te sien. U.P. kommando se hoofkwartier is regoor die biblioteek in Lunnonweg. Verder is 'n aantal afgestudeerde landboustudente wat nou besig is met diensplig, betrek by navorsingsprojekte wat gesamentlik deur departemente hier en die Suid-Afrikaanse Weermag onderneem word.

Dit is verblydend om te sien dat die getalle persone wat die biblioteek besoek steeds toeneem.

Ons groet vanaf die Oos-kampus.

# interbiblioteeklenings

Dit is tjoepstil. Daar is nie 'n geluid by Inter nie. Net so af en toe kom daar 'n teleks boodskap in.

Mej. Randi Pretorius worstel met 'n telefoonoproep. Mev. Denise Wheeler draf die statistiek gou kaf en mev. Mariette Pelser is besig om boeke aan die ander biblioteke "pos-klaar" te kry. Die res van die personeel is af.

So af en toe gaan die glasdeure oop en kom daar 'n verdwaalde student in. Soos reeds gesê dit is tjoepstil en doodrustig hier by Inter op die Vrydagmiddag.

Weer gaan die deur oop soos die vorige kere. Niemand steur hulle daaraan nie tot .....
"Here's your fish that I promised"
Al drie kyk op en sien mnr. Panagis met sulke gevoude handjies - heel eerbiedig. Ewe eerbiedig steek hy sy hande in ons veelbesproke visbak ..... stilte ..... PADDA!!! ...... GROOT VET DIK BRUIN BRULPADDA ..... Choas.

Ewe verleë verlaat mnr. Panagis die versteurde Inter - 'n skreuende Inter.

Mnr. Peet van der Merwe vermoed brand en skakel met 'n groot spoed van derde vloer af om te hoor of hy kan help - helaas.

Maar nou sit Inter met 'n padda wat die toonbank vol water spat en Amigo (dis nou die vis) wat verwoed koes vir die wrede en sluwe kake van die padda ..... en nou?? Ewe braaf gryp Randi 'n C.N.A. sakkie ....

"Ek gaan hom uithaal!"
Hierdie dapperheid hou net tot sy twee tree nader gestap het dan ...
"Oeei!! Ek gril my dood." Sy stap twee tree terug en probeer weer, maar ai die grillerigheid van so 'n storie.

Met baie moed roep Mariette 'n student nader en met 'n verdwaasde glimlag vang hy die padda en sit hom in die C.N.A. sakkie.

Maar nou sit ons met die sakkie - ai tog.

Weer moet 'n student ons te hulp snel, hy neem toe die sakke met die padda en gaan laat hy hom toe vry. Dit gaan toe vir 'n rukkie goed tot ...

"Where's my most sexiest frog?"
"We killed her."
"How?"
"We killed the frog with our shoe heels."

Maar die werklike slot kon mnr. Panagis nog nooit uit ons kry nie.

Sulke stukkies opwinding maak die lewe by Inter regtig die moeite werd.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VAKBIBLIOTEKARISSE

Aprilmaand lyk dit op die Tweede Vloer na die openingsweek van 'n nuwe hipermark, kompleet met die gewoel en gedruis, leë en omgekrapte rakke en oorvol wegpakkamers. Ons is almal bly dat die inhandigingsdatums van die eerste stormloop take begin verstryk want ons het almal al 'n oordosis in van navrae oor misdaad, homoseksualisme, verkragting, terrorisme en helaas ... selfmoord!

Miskien sal dit al help as elkeen een van daardie elektroniese bliep-bliep apparaatjies so getrou soos sy wit-baadjie dra - ten minste sal 'n mens dan die regte persoon kan opspoor (oproep) vir telefoon ensovoorts sonder om telkens met 'n sug die stryd gewonne te gee. Wat dit nie alles vir die bibliotekaris se professionele beeld sal doen nie kan mens net oor droom ...

Vir 'n week het ons darem geweet waar mej. Rita Badenhorst haar bevind. Sy het die Otterwandelpad gaan aandurf en ternouernood daaraan ontkom: wanneer die vol riviere haar nie wou wegspoel nie of die stormwinde nie die hutte wou wegwaai nie, moes hulle deur berge skuimbolle ploeter wat die see en die stormwinde van ontslae geraak het, en laasgenoemde was nie juis haar ideë van 'n geurige skuimbad nie.

Mev. Zani Swart sien elke dag al hoe meer uit na haar nuwe baas, veral as die departemente haar met sulke ambisieuse versoeke soos blits gedenkuitstallings nader ... Ons ander klomp sal net so bly wees want 'n ekstra "antwoordgeër" sal beslis nie 'n vyfde wiel aan die wa wees nie!

## ONTSLUITING

Die lewe begin nou 'n patroon aanneem ten spyte van veranderinge en vernuwinge. DOBIS en AACR II is so te sê bemeester en omvorm tot deel van die daaglikse lewe. Die algemene gevoel is dat dit 'n baie bevredigende presiesheid teweeggebring het in die ontsluitingsaktiwiteit: daar word nou nie meer geraai en bespiegel nie, maar wel met helderheid en doelmatigheid, asook algehele konsekwentheid, gewerk. Die kroon sal gespan word sodra Dewey 19 ook in werking tree by ons, en die klasnommer-probleem verslaan kan word. Ne die gedagte aan daardie hemelse indeks laat mens histeries word van blydskap. Al wat dan oorbly is die onderwerpsontsluitingprosedure, waaroor finaliteit nog nie verkry is nie, en die DOBIS-implementering van die SANSO-statistiekaangeleentheid. Aan die wat nog daaraan skaaf, meet en pas, sê ons Dankie vir dit wat gedoen is, en voorspoed tot by die einde: ons sien uit na die resultate.

Jean Maree

## LEENDIENSTE

By die Toonbank gaan dit hierdie maand baie bedrywig. Die studente kom registreer en neem boeke uit. Ons weet nie of dit die nuwe stelsel is wat vereis dat jy jou registrasiekaart moet toon as jy fotostate wil maak nie, maar ons het opgemerk dat ons heel interessante vanne onder die gebruikers het.

Mej. Aab het seker gemaak dat sy heel voor in die alfabetiese kardex is, terwyl mejj. Blaas en Bronn seker maar probleme gedurende oriëntering ondervind het. Mev. Gravelit-Blondin se van verraai haar haarkleur, terwyl mej. Honey se oupa heel waarskynlik 'n byeboerdery gehad het.

Mnre. Kat, Kop, Oom en Res het seker al dikwels verbasing uitgelok met hulle vanne, terwyl mejj. Mooi, Neut, Noord en mnre. Tee, van Tol, Jelley en Johannesburg seker al meer as een keer moes verduidelik wáár oeroupagrootjie aan die interessante van gekom het.

Dit lyk mos of al die van der Merwes en Bothas baie het om voor dankbaar te wees!

## africana

Aan Mev. Sonja Potgieter wat reeds sedert Februarie in Africana (met 'n vrolike lied) werksaam is: dis aangenaam om saam met jou te werk en gerustellend om te weet daar is 'n bekwame iemand wat na die wel en weë van die F.Z. van der Merwe musiekversameling omsien.

Ons groet Mej. Zanne Joubert wat ons aan die einde van April verlaat. Zanne, die paar maande wat ons saam met jou gewerk het was te kort. Goedgaan vorentoe!

## TYDSKRIFTE

Stilweg het elkeen sy planne beraam. Dit moes 'n verrassing wees- iets besonders, oorspronkliks en totaal onverwags. Die geskenk is so onopsigtelik moontlik gekoop want Anne is gebrei deur jare se verjaarsdag-ervaringe. Hierdie keer moes sy nie 'n vinger kon wys nie. Om die geskenk met die rooi rose en kaartjie ongesiens op die tafel te plaas was die grootste probleem, want Anne het skielik besluit om al haar aandag aan die werk op haar tafel te skenk. Al raad was dat Francina, Anne moes raadpleeg oor 'n probleem met haar duplikaatlys in die poskamer. Skaars het Anne se agterste hakskeen in die poskamer verdwyn of rustigheid verander in 'n opgewonde geskarrel.

Elkeen het 'n beter voorstel vir die rangskikking, maar eindelik is almal tevrede en begin die opgewonde gewag. Hoe gaan ons haar nou weer in die Afdeling kry? Die telefoon! Aartia het Anne gaan roep vir 'n dringende oproep. Gou het die frons verander na ongeloof, verassing en die besef dat sy hierdie een nie sou kon voorspel nie. Die tafel was 'n fees vir die oog.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## SEKSIE TIK-EN KAARTPRODUKSIE

In die Seksie Tik- en Kaartproduksie het daar heelwat verwikkelinge plaasgevind. Mev. Alida von Backström het die Seksie verlaat om haar aan te sluit by mev. Chrissie Blignaut en wel as die sekretaresse van Prof. Gerryts. Om haar plek as Seksiehoof in te neem is mej. Marietjie Greyling aangestel as waarnemende Seksiehoof.

Dan is daar 'n nuweling in die Seksie. Aan mev. Maryna Bekker 'n hartlike welkom en ons hoop jy gaan gelukkig wees hier by ons. Die tiksters is dus nou weer in aantal voltallig.

Die verantwoordelikheid vir die katalogusse van die Musiekbiblioteek het intussen op die skouers van die Seksie kom rus en word daar ywerig aan gewerk.

Illustrasies uit:

1. Betrifft Erziehung 13(1) Jan. 1980.
2. American Libraries.
3. One hundred years, a collection to celebrate the Library Association Centenary. Aberystwyth, College of Librarianship, Wales, 1977.
4. The Argus.
5. Educational Technology

# welkom



Maryna Bekker

## Reprografie

Hier in die Kelder kan 'n mens seker die beste waarneem hoe die jool sy tol eis. Die jooiweek was een van die stilste weke by die fotokopieermasjiene, en die statistiek het geweldig gedaal. Daarna het die vakansie aangebreek, en was daar ook maar min gebruikers. Na die vakansie het die hordes ons weer begin toesak, en daar is kwalik 'n ruskansie.

'n Nuwe gesig hier by reprografie, is Chris Visser. Hy is eintlik al in ou bekende, aangesien hy van die bindery af hierheen oorgeplaas is. Ons sê vir hom baie welkom, en hoop dat hy dit baie aangenaam hier sal vind.

Kobus Muller

# TOTSIENS



Kobus Muller



Zanne Joubert




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE

up biblioteekdiens

mei 1980



DIE MEDIESE BIBLIOTEKE AS DEEL VAN DIE BIBLIOTEEKDIENS, EN HULLE SKAKELING MET ANDER INSTANSIES

Die Mediese, Tandheelkundige- en Veeartsenykundige Biblioteek- en - Inligtingsdienste bestaan uit die volgende:

- die Mediese biblioteek wat agter die H.F. Verwoerdhospitaal geleë is en wat as die sentrale takbiblioteek van die groep beskou word. Die gebruikers van die biblioteek wissel vanaf studente van hulle vierde jaar, verpleegsters, dosente, persone vanuit privaatpraktyke en lede van die paramediese dienste tot kliniese assistente, dit wil sê persone wat besig is om hulleself as spesialiste te bekwaam.

- die Voorkliniese satellietbiblioteek in die gebou van die Basiese Mediese wetenskappe (BMW) wat die mediese studente tot by die derde studiejaar en die toekomstige tandartse van literatuur voorsien.

- die Veeartsenykunde satellietbiblioteek op die kampus te Onderstepoort waarin 'n hond of kat soms 'n onverwagte verskyning maak.

- die Klinikala biblioteek naby die Kalafonghospitaal wat eintlik as 'n gereserveerde studieversameling beskou word en waar slegs die basiese handboeke en tydskrifte ontvang word.

Die benadering van die gebruiker ten opsigte van inligting is ietwat anders as by die Merensky biblioteek omdat hulle gewoonlik baie spesifieke inligting benodig, haastig is en min tyd het om self te soek.

Die oorsese medici het die belangrikheid van relevante inligting en die effektiewe beskikbaarstelling daarvan reeds so vroeg as 1880 besef en die Index Medicus was die gevolg. Deur middel van hierdie bibliografie met sy handige indeks; die Medical Subject Headings (MESH) kan selfs 'n leek sy inligting oor 'n gespesialiseerde onderwerp vind.

Die Index Medicus was ook die begin van 'n gemeganiseerde inligtingstelsel wat vandag as die Medical Literature Analysis and Retrieval System (MEDLARS) bekend staan. Die benutting van MEDLARS en ander gerekenariseerde inligtingstelsels word tans nog via die Instituut vir Mediese Literatuur te Tygerberg benut en die onlangse kortkursus wat die genoemde Instituut hier in die Kliniese-gebou aangebied het, was juis 'n poging om die diens wyer bekend te stel. Die tevredenheid van gebruikers met die inligtingstelsel laat die personeel van die bio-mediese biblioteke gretig uitsien na die uitda-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

gings wat direkte skakeling met die VSA gaan meebring.

Die belangrikheid van resente inligting veroorsaak dat die tydskrifversamelings in al die biblioteke besonder goed is en ten einde sake te bespoedig behartig die Mediese, Voorkliniese en- Veeartsenykundige biblioteke hulle eie interbiblioteeklenings en het eersgenoemde biblioteek teen die einde van 1979 'n teleks ingebruik geneem.

Feitlik sinoniem met die bio-mediese biblioteke is oudiovisuele materiaal in al sy vorme. Mediese onderrigsmetodes leen hom goed tot hierdie tipe hulpmiddel en die aanskaf, ontsluiting en beskikbaarstelling daarvan stel besondere eise aan die biblioteekpersoneel. Mettertyd het dit duidelik geword dat daar heelwat farmaseutiese en ander instansies bestaan wat oor films beskik en wat bereid is om dit vir vertonings beskikbaar te stel.

Die Mediese biblioteke skakel ook nou met die Hans Snyckers Instituut wat konsentreer op siektes eie aan Suid-Afrika met besondere klem op die unieke geleentheid wat tans hier voorkom, naamlik die feit dat ons hier met minstens twee rasse te doen het wat eeue lank langs mekaar gelewe het, maar afsonderlik, en dat elkeen sy eie lewenswyse het en elkeen sy eie siekteprofiel vertoon. Namate die nie-blanke rasse verwesters sal die geleentheid verdwyn.

Die Mediese Biblioteekvereniging van Suid-Afrika voer 'n beskeie bestaan en waar sy oorsese bondgenote reeds aandag gee aan die opleiding van mediese bibliotekarisse was ons tevrede met 'n suksesvolle vergadering tussen verteenwoordigers uit hierdie groep biblioteke waartydens stewige grondslae vir onderlinge samewerking gelê is.

Daar bestaan 'n reëling met die Suid-Afrikaanse Mediese-en-Tandheelkundige Raad wat afgestudeerdes in staat stel om steeds van die biblioteke se geriewe gebruik te maak. Ontstellend is egter die feit dat daar vir die lede van die verpleegsters en- paramediese beroepe nie so 'n reëling bestaan nie en dat daar elders weinig voorsiening gemaak word vir die inligtingsbehoeftes van afgestudeerdes in hierdie groepe.

As 'n mens 'n keer so 'n draai deur die hospitaal geloop het, of die geleentheid gehad het om te sien met hoeveel entoesiasme 'n fisioterapeut 'n pasiënt aanmoedig, of besef dat 'n verpleegster 'n pasiënt met deernis as 'n persoon ervaar en nie net belangstel in daardie kolletjie van hom wat siek is nie, dan is ons dankbaar vir die geleentheid om deur middel van die voorsiening van inligting aan hierdie beroepe ons beskeie deel by te dra.

- Annie Pienaar

BELANGRIK IN JUNIE

25 Senior Ondersteuningspersoneelvergadering

26 Vakbibliotekarisvergadering



VERJAARSDAE

8 S. Otto - Vakbibliotekarisassistent
10 L. van Heerden - Veeartsenykunde
13 R. Badenhorst - Vakbibliotekaresse: Zoologie
17 A. Jordaan - Ontsluiting
20 R. Pretorius - IBL
20 S. Geyer - Toonbank
23 R. Delport - Boekbestellings
26 A. van Heerden - Beplanning en Ontwikkeling
30 BIBLIKASIE - Biblioteekdiens



AULA

| | | |
|---|---|---|
| 18 | 20h00 | TRUK-Simfonieorkes onder leiding van Henri Arends<br>Soliste: Philip Levy (Klavier) en Inka Polic (sopraan) |

MUSAION

| | | |
|---|---|---|
| 3 | 13h10 | Maria Swart (fluit) |
| 7 | 20h00 | Marc Raubenheimer (pianis) |
| 8 | 15h00 | Noord-Transvaal Jeugorkes<br>Dirigent: Naudé Burger |
| 10 | 13h10 | UP-koor onder leiding van Petru Gräbe |
| 17 | 13h10 | André Swiegers (ligte liedjies) |
| 28 | 20h00 | Ensemble Musica Intima: Derek Ochse (viool) en Odette Ray (klavier) |

STADSAAL

TRUK-Simfonieorkes: Tweede seisoen 1980

| | | |
|---|---|---|
| 6 | 20h15 | RACHMANINOV: Klavierkonsert nr. 2<br>BEETHOVEN: Simfonie nr. 7 |
| 13 | 20h15 | MOZART: Dubbel klavierkonsert in E mol k. 365<br>SAINT-SAENS: Karnaval van die diere<br>DVORAK: Simfonie nr. 8 in G majeur, op. 88. |
| 20 | 20h15 | TCHAIKOVSKY: Klavierkonsert nr. 1<br>TCHAIKOVSKY: Simfonie nr. 5 |
| 27 | 20h15 | MOZART: Simfonie nr. 39 in E mol, k. 543.<br>LISZT: Klavierkonsert nr. 2 in A majeur.<br>LISZT: Klavierkonsert no. 1 in E mol<br>BRITTEN: Young persons' guide to the Orchestra |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# UIT DIE KOMITEEKAMER

VAKBIBLIOTEKARISVERGADERING 24 APRIL 1980

1. Die aankoop van boeke geskryf deur UP-personeel

   1. Administrasie sal die gradeplegtigheid-programme, sowel inligting oor nuwe UP-publikasies so gereeld moontlik beskikbaar stel.
   2. Uitgewers word genader om die Biblioteekdiens in kennis te stel in gevalle waar hulle bewus is van boeke wat deur UP-personeel geskryf is.
   3. Seksie Makro-ontsluiting word gevra om indien moontlik, proefskrifte en verhandelinge binne 'n maand na gradeplegtigheid op die rak te hê.

2. Berging van oudiovisuele materiaal

   1. Mev. Langkilde stel die saak - wat besig is om in 'n aktuele probleem te ontwikkel aan die vergadering.
   2. Mevv. A. Arnold en A. Moolman sal die moontlikheid en wenslikheid van 'n geïntegreerde berging van boeke en oudiovisuele materiaal ondersoek, en aan Topbestuur verslag lewer.

3. Interbiblioteeklenings

   1. Mev. Denise Wheeler skets die algemene werksaamhede van IBL, en veral die samewerking wat van gebruikers - sowel as vakbibliotekariskant verlang word om flink diens te verseker.
   2. Die sorgwekkende styging in internasionale aanvrae geniet veral aandag, en mev. Wheeler onderneem om soortgelyke statistiek van ander universiteitsbiblioteke te bekom sodat 'n vergelyking met dié van die Biblioteekdiens getref kan word. Die inligting sal dan aan die dagbestuur van die Vakbibliotekarisse voorgelê word.
   3. Mej. Momberg en mev. Wheeler sal ook 'n gewysigde IBL-aansoekvorm aan die Dagbestuur voorlê.

4. SANSO

   Mnr. Peter Lor gee 'n verduideliking van die ontstaan, sowel as die toepassing van die stelsel - en uiteindelik word verstaan wat dit behels - en hoeveel werk in die verlede, sowel as die toekoms daaraan verbonde is. (Mog die statistiek die Staat oortuig om sommer nog sakke vol geld by die Universiteit te kom aflaai!)

SENIORONDERSTEUNINGSPERSONEELVERGADERING

23 April 1980

1. Statistiekhandleiding

   Die handleiding vir tak- en satellietbiblioteke vir die opstel van die driemaandelikse statistiekhouding word bespreek, en mnr. Otto word bedank vir al die arbeid wat hy daaraan verrig het. Takbibliotekarisse word versoek om die verslag so noukeurig moontlik te voltooi.

2. Plasing en berging van oudiovisuele materiaal

   1. Die huidige posisie ten opsigte van berging en plasing van oudiovisuele materiaal het ontoereikend geword, veral vanweë die feit dat sommige tydskrifreekse tans net in kassetvorm ontvang word.

      Die vraag het onstaan of sulke materiaal as 'n eenheid volgens vorm geberg moet word (soos tans) of dat alle materiaal ongeag vorm of medium by die vakversameling geplaas moet word, soos die algemene tendens is.

   2. Mev. Langkilde stel voor dat die saak na die Vakbibliotekarisse verwys word vir bespreking en moontlike ondersoek van die probleem.

   3. (Lees maar wat hulle met die turksvy (of handgranaat?) aangevang het!)

3. Algemeen

   1. Alle klagtes in verband met meubels, lugreëling en soortgelyke sake moet na Algemene Administrasie verwys word.
   2. Mev. Botes word versoek om 12 addisionele kopieë van Dewey 19 te bestel.

4. Werksmotivering

   1. Mev. Anita Moolman lewer 'n lesing oor werksmotivering, in aansluiting met die

   van mev. Duursema oor personeelmotivering wat gedurende die vorige vergadering gelewer is.

   2. Die volgende voordrag sal deur mej. Annie Pienaar gelewer word, en sal handel oor die evaluering deur personeel op middelbestuursvlak van junior personeel.

## onthou jy nog....

... van die biduur elke Donderdag die eerste halfuur van etenstyd in die Jurriaanse kamer?

Kom gerus - ons wil graag sáám met jou daar wees.

Hannetjie Erlank





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# ibl-kode

Interbiblioteeklenings vorm 'n belangrike deel van dienslewering maar is vir sy sukses afhanklik van die navolging van die interbiblioteekleningskode. Hierdie kode is meer as net reëls, regulasies en prosedures. Dit is die onderlinge verstandhouding wat daar tussen biblioteke bestaan.

'n Kort opsomming van die kode is as volg:

1. Interbiblioteeklenings is afhanklik van die welwillende samewerking van deelnemende biblioteke. Hierdie welwillendheid word verkry deur die kode streng na te kom.

2. Dit is 'n voorreg en nie 'n reg wat 'n gebruiker het om van ander biblioteke se voorraad gebruik te mag maak. Alle aanvrae moet dus noukeurig nagegaan word om te voorkom dat daar nie van hierdie voorreg misbruik gemaak word nie. Slegs materiaal wat noodsaaklik vir navorsing of studie is, mag aangevra word.

3. Spoed is 'n belangrike faktor by interbiblioteeklenings en moet daar nie onnodige prosedures geskep word om die aanvraag te vertraag nie.

4. Bibliografiese gegewens moet altyd korrek en volledig wees. Dit bespoedig die diens en verseker goeie samewerking tussen biblioteke.

5. Die interbiblioteekleningskema moet met omsigtigheid en diskressie gebruik word. Dit is 'n duur metode om inligting te bekom wat koste en arbeid betref. Nie net vir die lenende biblioteek nie maar ook vir die uitreikende biblioteek. Die eie voorraad moet altyd eers nagegaan word en die bestel van materiaal moet altyd voor interbiblioteeklenings oorweeg word.

Wie mag aan die interbiblioteekleningskema deelneem? Enige biblioteek wat die kode nakom.

Bronne:


1. Inter-library loans manual for Southern African Libraries. State Library, Pretoria, 1979.
2. National interlibrary loan code draft - May 1979. Special Libraries 70 (12): 556 - 557, Desember 1979.


Nuwe tariewe vir Internasionale Interbiblioteeklenings

Die Staatsbiblioteek se nuwe tariewe vir internasionale aanvrae het in werking getree 1 Mei 1980.

1. Fotokopieë

   R4,00 vir 1 - 10 bladsye met ander woorde 40c per bladsy.

2. Boekaanvrae


   R24,00 om 'n boek van oorsee te leen.

3. Mikrofilm of mikrofiche

   R40,00 per item.

Vanaf 24 April - 19 Mei 1980 het Merensky-biblioteek 24 items teen 'n koste van R276,00 vanaf oorsee aangevra. Gemiddelde R11,50 per item.

- Denise Wheeler




TITTE (Herman Dens, b. 1932).
Works mainly for the Flemish press.
Awarded prize by the general public at Knokke-Heist in 1967.

# tongklaptaal

| | |
|---|---|
| rooster | Wat die Amerikaners "broil" of "grill" noem. Om vleis/vis deur direkte hitte, gewoonlik onder die oond of gasrooster of oor kole gaar te maak. Wanneer die vleis bedruin word, praat ons van braai. |
| rissotto | Italiaanse rysgereg met goedgegeurde hoender- of kalfsvleisaftreksel. |
| ratatouille | Sterkgegeurde groentebredie. |
| ravioli | Geurige maalvleis in deegvierkantjies toegevou, gekook en met 'n sous bedien. |
| sambal | Sterkgekruide toekossie by kerriegeregte. |
| toekos | 'n Gereg of geregte wat saam met die hoofgereg van een maaltydgang voorgesit word. |
| soteer | Om voedsel vinnig in botter/olie te braai. |
| smoor | 1. Laat groenteblokkies 5 tot 10 minute stadig bruin braai in gesmelte botter om die geur uit te trek. Plaas altyd die deksel op die kastrol. Skud kastrol af en toe terwyl die groente smoor om te voorkom dat dit aanbrand. Seldery moet altyd eers geblyk word voordat u dit smoor.<br>2. Braai vleis bruin in vet/olie en kook baie stadig in 'n klein hoeveelheid water in 'n kastrol met 'n digpassende deksel. Word gebruik vir goedkoop vleissnitte wat stadig gaargemaak moet word. Die vleis kan ook saam met groente gesmoor word. |
| stoom | Om voedsel in 'n digsluitende kastrol of bak in/oor kokende water gaar te maak - ook tussen twee borde oor kokende water. |
| Slagroom | Styfgeklopte room. |
| Slaphakskeentjies | Uieslaai met eier - asynsous. |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# dobis - kennismaking

DOBIS, wat tot dusver slegs deur die Ontsluiters bedryf is, het in Mei ook begin kennis maak met personeellede uit ander afdelings van die Biblioteekdiens: Vanaf 9 Mei het die vakbibliotekarisse van Merensky, en personeellede uit die Leenafdeling, IBL en Seksie Boekbestellings opleiding in die soektogfunksie van DOBIS ontvang.

Die agtergrond tot hierdie opleiding is dat ontsluiting van nuwe boeke vanaf Junie slegs op DOBIS sal plaasvind en die kaartkatalogus dus vanaf daardie datum afgesluit sal word, benalwe vir nie-boekmateriaal en die bestelkaartjies. Die nuwe katalogus sal in twee vorms beskikbaar wees:

- Op mikrofiche (RUM - rekenaar-uitvoer-mikrovorm): Kopieë van die nuwe katalogus sal in aparte outeurs- en titelvolgordes op alle verdiepings van Merensky en in alle takbiblioteke beskikbaar gestel word. 'n Aantal nuwe fiche-lesers is reeds vir hierdie doel bestel. Gebruikers sal vrye toegang tot hierdie fiche-katalogi besit.

- Op DOBIS self, dit wil sê intyds via 'n terminaal en sleutelbord: Die DOBIS-katalogus kan volgens verskeie soekpunte geraadpleeg word, onder andere outeur, titel of gedeelte van titel (KWIC-beginsel), ISBN, klassifikasienommer, uitgewer. Vir navrae op DOBIS word drie terminale op verdiepings G, 2 en 3 beplan. Aangesien intydse soektogte op DOBIS egter redelik duur is, sal gebruikers nie toegelaat word om self intydse soektogte met die sleutelbord en terminaal te doen nie. Slegs personeellede van die Biblioteekdiens sal sulke soektogte doen - vandaar die opleiding. Meeste navrae, wat die nuwe voorraad betref, sal in elk geval met behulp van die fiche-katalogus opgelos kan word en slegs in gevalle waar dié nie kan help nie sal personeellede die intydse katalogus raadpleeg - byvoorbeeld vir die jongste aanwinste, wat nog nie op die fiche aangedui word nie, of vir werke waarvan slegs 'n gedeelte van die titel bekend is. Personeellede van die Seksie Boekbestellings sal ook hul kataloguskontrole intyds doen, wat betref die nuwe voorraad.

Die intydse DOBIS-stelsel sal vir hierdie jaar nog slegs vanaf 7h30 - 16h30, Maandae tot Vrydae beskikbaar wees. Verder sal nog vir geruime tyd geen terminale in takbiblioteke geïnstalleer kan word nie. Daarom word tans nog geen DOBIS-opleiding aan aanddienspersoneel en takbibliotekarisse aangebied nie. 'n Eerste kennismaking met die stelsel sal wel later vanjaar gereël word. Intussen sal die fiche-katalogus natuurlik te alle tye en ook by alle takbiblioteke beskikbaar wees.

Die DOBIS-opleiding wat vanaf 9 Mei aangebied is, het slegs 'n kerngroep uit die reeds genoemde afdelings betrek. Sodra hierdie personeellede DOBIS-soektogte bemeester het, sal hulle self verdere personeellede uit hulle afdelings betrek en oplei. Op die foto sien u mnr. Piet de Kock hard besig om met DOBIS te "praat".



# Konferensie: WNNR

Conference on Information Specialists held at the CSIR on the 6th and 7th of May.

An irreverent view of the panellists taking part in the final session ...

... 'say-man' of this panel is of course prof
Zaaiman
and, while mr Barlow bears low,
hoping prof Boshoff won't buzz off,
prof Bottle prepares to do battle,
with mr de Jager hunting around,
it seems to prof Duffy to be a tuffy
to convince miss Jackson
that prof Meiring may ring the changes
on prof White who is sure he is right
to have his say, man ...

- Piet de Kock

NUWE VISE-REKTOR VIR UP

Die Raad van die Universiteit van Pretoria, het op 21 April 1980, op aanbeveling van die Senaat besluit om prof. P. Oosthuizen aan te stel as Vise-rektor vanaf 1 Januarie 1981.

Prof. Oosthuizen volg prof. A.N. Pelzer op, wat aan die einde van 1980 met pensioen aftree.

Prof. Oosthuizen is tans dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid. Hy was vroeër tydelik-deeltydse dosent in die Strafprosesreg, en het in 1971 professor en hoof van die Departement Prosesreg en Bewysleer geword.

Namens die Biblioteekdiens ons gelukwense aan prof. Oosthuizen. Wees verseker van ons beste wense vir geseënde en vrugbare arbeid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# THE PERIODICAL JOURNAL OF MAGAZINES

ONE VOLUME ONLY

20 MAY 1980



ESTABLISHED 1930



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Redakteur: Anne
Sub-redakteur: Rentia
Medewerkers: Hestë, Amelia, Ilse-Marie, Carina, Aartia, Elna, Ronel, Andrea en Irene

*Waar ons die dag mee begin, dit weet julle wel*
*Is die groet op die vloere, en verneem wat daar kwel.*
*Met 'n lied in die hart laai ons tydskrifte af*
*By die vakbibliotekarisse wat met oop arms wag!*
*Dit afgehandel, [illegible] die mense gegroet*
*Begin ons die dag met hope moed.*

*Dis proefnommers, bestellings en nuwe reekse hanteer*
*So vinnig as moontlik, om probleme te keer!*
*Dis tydskrifte aanteken, briewe skryf en eis*
*En tussen die stof deur ook 'n duplikaatlys*
*Dis fakture aanteken en probleme bekyk*
*En gebinde tydskrifbande wat ons plek naar laat lyk*

*Kort daarna kom die posman se vrolike groet:*
*"Goeiemôre dames" en net dáár kraak ons moed*
*Want geen mens kan voorspel wat hy die dag bring nie*
*En party dae is dit ook gladnie te min nie!*
*Sorteer, spoed en foutloos, loop hier hand aan hand*
*'n "Slip of the finger", en kyk waar jy land!*

*Intussen staan die terminaal stil in die hoek*
*Ons hou tog van hom al laat hy ons vloek.*
*En moenie die hope geskenke vergeet nie*
*Ons voorouers het gladnie van 'n asblik geweet nie*
*En net om ons lewe nog meer te versuur*
*Moet ons daagliks ook vir SANSO verduur*

*Maar moet net nie dink dat ons nie hiervan hou nie*
*By ons is geen Maandag of Vrydag ooit blou nie*
*Dit wikkel en woel, met die blikkant steeds bo*
*Kom kyk maar gerus as jul ons nie glo.*
*En boonop weet ons die "Ontmoet en Eet"*
*Help mens sommer gou-gou jou sorge vergeet!*


SO 'N IETSIE PERSOONLIKS

Rentia Wannenburg het verloof geraak op 10 Mei en ons sê baie baie geluk. Hoe sy en Ilse-Marie wil hê ons moet 2 troues op een Saterdagmiddag deurleef, sal ons nog maar sien op 5 Julie.

Amelia van den Bergh het haar bestuurderslisensie gekry en sommer dadelik in 'n ongeluk betrokke geraak. Sy het blykbaar gedink dis deel van die opleiding!

Francina de Villiers het weggeglip Africana toe, maar ons het gelukkig reeds vir Carina van Wyk in haar plek gekry. Baie welkom Carina, en Francina, jou verblyf by ons was kort maar baie aangenaam. Baie dankie.

Amanda van Heerden behoort eintlik net gedeeltelik aan ons, maar maak ons gebruik van ons deeltjie! Baie dankie vir al die hulp, veral met die pos.





'n Dik vel is seker nie die beste ding om mee geseën te wees nie, maar as 'n mens wil valskermspring, is so 'n ekstra lagie (letterlik en figuurlik) beslis 'n bate, indien nie 'n noodsaaklikheid nie. Hoekom mense (veral die sogenaamde sterkere geslag) nog in hierdie moderne eeu skeef kyk na 'n meisie wat wil valskermspring, is 'n raaisel. Maar feitlik bly staan: die meeste mans kyk 'n mens met bejammering, meerderwaardigheid(?) of waarskuwend aan. Om dit te kan oorleef, is 'n dik vel die antwoord. In die tweede plek is die grondvat ná die sprong nie altyd van die sagste nie, dus is 'n dik vel maar weer die antwoord.

So 'n springery en grondvattery vind gewoonlik Saterdae en Sondae asook vakansiedae bo en op Wonderboom se vliegveld plaas, mits die weer dit toelaat.

Al ooit gewonder waar Wonderboom se vliegveld aan sy naam kom? As 'n mens so 'n paar duisend voet bo die aarde uit 'n vliegtuig spring, mòèt jy wonder in watter doringboom jy gaan val!

Tog is dit alles oor en oor die moeite werd: Al die "valle en rolle" oefen voo[illegible]yd, die gesukkel om die valskerm reg op [illegible] geld wat moet betaal word en selfs [illegible] (wie't gepraat van angssweet?) wat 'n mens in die proses van voorbereiding aftap, word beloon wanneer 'n mens soos 'n wafferse wolk in die lug rondsweef. En as 'n mens eers weer met albei voete op die harde Moeder Aarde staan, kan jy nie wag om weer "daar bo" te kom nie. En wie weet, dalk is die volgende landing 'n "stand-up" binne-in die "pit".

- Carina van Wyk





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



# Die Merensky– Muise

Eendag was daar 'n regte familie stadsmuise. Hulle het onder die Wesfassade van Kerkplein in Pretoria gewoon. Hulle was gelukkig daar, want alhoewel Ousus Marinda gereeld geneul het dat hulle na die Oostelike voorstede moes trek, het Pa maar gemaak asof hy nie hoor nie. Die huis was gerieflik - en buitendien het hy 'n renons in trekkery ... totdat hy een aand bleek om die snorbaarde met 'n stuk van die middagkoerant by die huis ingestrompel het ...

Hy het skoon vergeet om vir Ma koffie te vra, net die koerant vir haar gehou sodat sy kon lees: WESFASSADE BESLIS GESLOOP - GEEN VERDERE ONDERHANDELINGE - ADMINISTRATEUR.

"Ons sal moet trek, vrou: mens kan nie wag totdat jy finaal kennis kry, en dan eers begin blyplek soek nie". "Joegaai! Pa, kan ons nou na die oostelike voorstede trek - Waterkloof toe, of ...", kom dit van Marinda waar sy sukkel om met haar gesig vol seëls Pa te probeer oorreed. "Genugtig kind, wat vang jy aan!" "Dis 'n gesigmasker Pa, almal by die werk sê dis goed vir jou gesig". "Bid jou aan," sê ma, "ek moes vanmiddag help om haar hare met skuifspelde in te draai!"

"Ons moet trek vrou, die plek raak al hoe boser" "Pa moet net sorg dat daar genoeg kos is" mompel Ouboet Andries waar hy al knagende aan 'n telegramvorm die sitkamer inkom. "Ek's nou al moeg vir telegramvorms en telefoongidse. Selfs bonusobligasies is nie meer lekker nie ..." "Waar's die vierling - kyk dat hulle huiswerk gedoen kom," boender Ma haar immer-honger seun uit die geselskap. Vanaand moet daar belangrike sake bespreek word.

So begin Pa die volgende oggend om die Plein stap - op soek na 'n bus na die Oostelike voorstede, maar die verste wat hy kon kom, is tot by die Reserwebank, waar hy toe maar die Sunnysidebus haal, en die verste wat die bus hom neem, is die Universiteit van Pretoria.

'n Aand later stap hy weer sy huis binne. "Julle moet pak mense, môre-aand wil ek trek". "Hoekom in die ăănd," wil ma weet. "As ēēn muis soveel katastrofes in 'n bus veroorsaak as wat ek veroorsaak het ... reken 'n vrou sit mos mooi haar mandjie met kaasbroodjies langs my neer, en toe ek net wil proe, sien sy my ... ons trek in die aand, en gee my nou net 'n kans, dan vertel [illegible] die oggend hier weg is, het ek met die Sunnysidebus gery tot waar die laaste mense afgeklim het, en toe maar ook afgeklim en aangedrentel. Daar was groot geboue - amper soos hier, meestal net nuwes. Ek stap toe maar so aan - en raai wie loop ek raak - my kleinneef Adriaan. Hy het gou 'n klompie grassade kom haal vir sy familie. Sy eerste tweeling se hare begin uitkom en sy vrou sê grassaad is gesond. of so iets.

Ek moes toe opsluit eers gaan kennis maak met sy familie. Adriaan het pas sy kursus in Argitektuur voltooi. Hy moes glo vyf volumes van 'n tydskrif "Progressive Architecture" opvreet, en nog 'n skripsie ook, om sy graad te kry. Die skripsie se tema was "Die beveiliging van universiteitsbiblioteke teen natuurrampe, plae en studente". Ek't nog altyd geweet hy is die slimkop van die familie. Sy vrou is net so slim, het glo 'n Honneursgraad in Sielkunde, maar sy is vreeslik neus in die lug.

Toe ek hom vertel van ons woningnood, het hy my dadelik gaan wys waar hy bly, en gesê dat ons ook daarheen moet trek - daar's ruimte vir nog muise vir 'n honderd jaar. In daardie Merenskybiblioteek-huis van Adriaan is daar plek vir baie geslagte muise. Adriaan sê die plek het net een nadeel - hy lek partykeer, maar die mense het sulke oulike blou kassies gemaak, seker om boeke in te sit, maar Adriaan sê hulle maak uitstekende bote. Hy het my sommer gewys waar ek 'n klomp kan kry. O ja, die plek bly in elk geval so laat oop dat ons in vrede in die aand kan intrek.

En so gebeur dit toe een Woensdagaand dat Pa, Ma, Oupa, Ouma, Andries en Marinda, die jong vierling Pietertjie, Petrussie, Mietjie en Sussietjie en hul tant Johanna, 'n weduwee wat haar man verloor het nadat hy onder 'n possak beland het, sak en pak na die Merensky verhuis. Neef Adriaan se vrou het melk en koek oorgestuur - glo uit die groot kombuis gekry. Die nuwe intrekkers het aan die westekant van die gebou ingetrek - tot Ousus se frustrasie - "al wêêr aan die wéstekant!" Ma het egter voet by stuk gehou - "familie bly nie op mekaar se drumpels nie". Gou het die verkenningstogte gevolg, en met so baie knaaggoed ēn nesmaakgoed om hulle, het veral Pa klaar besluit dat hy eendag hier gaan aftree - met trek was hy klaar.

"Ma, ma, kom help, Petrussie het maagpyn!", roep Mietjie een aand - haar twee kraalogies sommer so blink van skrik. "Wat het julle aangevang, waaraan het julle weer geknaag?" Ma, hy't byna 'n hele woordeboek opgeeët - een van daardie met die kolle op wat op die derde verdieping staan: en weet Ma wat nog - Pietertjie en sy maats het een van die derde verdieping se atlasse gaan haal. Hy sê hy wil dit vir oom Piet Muis gee dat hy saans die weervoorspelling nog beter op die TV kan lees as hy saam met oom Haas Das is". "Mietjie, gaan haal gou kookwater in die kom-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

buis, maar oppas vir brand - daardie taai salf wat Pa laas in die Bindery gekry het vir brand is byna klaar. Net kookwater help vir so 'n maag!"

"Ma, ek pas sowaar nie weer Adriaan en Belinda se kinders op nie", mor Andries een aand. "Dis die stoutste twee muise wat ek in my lewe gesien het. Ek dink dis hoekom hulle Pa en Ma so baie uitgaan. Weet Ma wat het sy laas vir my gelos om te eet - 'n pak kataloguskaarte! Jig - dis erger as telegramvorms! Daai swart ink daarop smaak soos Rocquefortkaas! Honneurs in Sielkunde - sy gaan 'n Honneurs in Kriminologie nodig hê om daai twee te verstaan. Weet Ma wat moes sy doen vir haar graad? Sy moes 'n volume van "Psychological Abstracts" opvreet... of verwerk, soos sy ewe neus in die lug beduie. Sy sê sy moes ook "etlike Sielkundeboeke" wat in die pakkamer op die tweede verdieping staan ... 'n verwerk, en nou pas sy die teorieë op haar kinders toe!"

"Moet net nie dink ĕk gaan dit doen nie", kom Marinda tussenby. "Buitendien, ek's nou besig met 'n tikkursus op daardie nuwe tikmasjiene wat hulle op Laergrond geïnstalleer het. Weet Ma, mens gebruik nie papier nie, die letterjies kom so groen op die skerm voor jou. Ek kan net nie verstaan dat daardie twee mans en klomp vrouens in die oggend so kla dat die masjiene nie wil werk nie. Hulle werk dan so goed as ek in die aand daarop oefen".

So gebeur dit dan dat Tant Johanna die twee booswiggies een aand gaan oppas toe die Instituut vir Muis-Argitekte hulle jaarlikse funksie het - die eerste keer dat sy in haar slim kleinneef se huis kom. Sy kon haar oë nie glo nie, sowat van weelde het sy nog nooit gesien nie. Die struktuur het hy gebou van sulke swart boekbuiteblaaie, met sulke goue letterjies op. "Colliers Encyclopedia", lees sy - "sowaar dertien van hierdie boeke - wonder wat hy met die blaaie aangevang het?" "Haai, my kind, is dit waarop jou kinders moet slaap?" sê tant Johanna aan Belinda toe sy die bestelkaartbedjies sien. "Dis dan so hard vir hulle ou ruggies. G'n wonder mens moet so spook om hulle daarin te kry nie!"

"Petrussie, wat het julle nŏŭ weer aangevang", raas Ma ontsteld toe haar telg een middag sonder twee van sy snorbaarde en 'n bytplek aan sy stert by die huis aankom. "Dis daai rotte op die eerste vloer, Ma. Hulle sê ons is sommer kŏmmen muise oor ons in die kelder bly, en hulle op die eerste vloer. Die een sê sy Ouboet sit lŏ, en buitendien kan hulle dit bekostig om hofverslae vir beddegoed te gebruik, terwyl ons moet slaap tussen vorms om fotostate goedkoper te maak! En toe ... toe wiks ek hom!"

"... en toe wiks hy terug," sug Ma terwyl sy die goudbladverband om sy stert draai ...

"Dit lyk my Oupa is darem gelukkig hier", sê Mietjie vir Sussietjie terwyl hulle ma help huis skoonmaak. Hy bring sy dae in Africana deur. Hy sê in al die boeke wat hy al daar gelees het, kon hy nog nie vasstel wanneer katte in Suid-Afrika aangekom het nie. Wonder hoekom wil Ma nie hê ons moet saam met Oupa gaan nie, sy't iets gepraat van vreeslike boeke agter slot en grendel, en toe sy my sien sê sy net "kleine muisies grote ore", en boender my kombuis toe.

"Ou Man, het jy gesien wat het ou Wilhelmus en sy vrou Willemina als hier weg?" "Ja, jong, ek het gedink die ou met sy doktorsgraad in Opvoedkunde, en sy ou vrou wat glo 'n spraakkliniek vir muise wil begin, sal op die tweede verdieping gaan oes, maar waarvoor hy al drié eksemplare van die naslaanboek "Fundamenteel-pedagogiese begripsverklaringe" moes saamvat, sal net hy weet." "Ja, en sy vrou weet te vertel dat die "Journal of Fluency Disorders" net die inligting bevat wat sy nodig het om muisies te leer om nie tussen hulle voortande deur te fluit nie - en toe vat sy sommer almal saam. As dit sŏ aangaan, sal ons nog hierdie winter koud en honger slaap, dan weet ek nie eers van die kinders se geleerdheid nie!"

"Toemaar vrou, volgens 'n verslag in verlede maand se Biblikasie gaan hierdie gebou te klein wees teen die tyd dat ons agter-agterkleinkinders begin kinders grootmaak. Hier wag nog baie werk vir ons as ons moet help dat die gebou nie te klein word nie - ek het nog altyd geweet die mense kan nie juis sonder ons klaarkom nie. Terloops, ek sien ons ou blyplek gaan nie meer gesloop word nie, - wil jy terug trek?"

"Ag nee wat, ou man," sê Ma, en leun genoeglik terug teen Pa se skouer. "Dit klink tog soveel beter om te sê jy is aan die Universiteit verbonde, as aan die Poskantoor."

- Magriet Lee




GUIDO (Guido Van Loos, b. 1939)
A humorous artist, he is one of the rare draughtsmen (with Bush, Horn and Freddy) to do sporting caricatures.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




JOHAN (Johan De Moor), the son of Bob De Moor, a satirical and political cartoonist.

## finansiële administrasie

Die Seksie het in Januarie 1978 tot stand gekom. Vóór daardie stadium is baie van die werk wat tans deur ons gedoen word deur verskillende persone in verskeie seksies en afdelings gedoen.

In 1977 het daar by die Biblioteek se Bestuur die gedagte ontstaan om alle take wat met die administrasie van die Biblioteek se finansiële aangeleenthede te doen het, te sentraliseer. Die uiteindelike stigting van die Seksie was die uitvloeisel van daardie gedagte.

Ons daaglikse taak bestaan hoofsaaklik uit die beheer oor geld wat ingevorder word, beheer oor die jaarlikse begroting en, in aansluiting by laasgenoemde, advies, aan die Universiteit se Afdeling Finansiële Administrasie in verband met betalings wat namens die Bibliote[illegible] boekhandelaars gemaak moet word.

[illegible] tes sluit, onder andere, in geld vir fotokopieë, laatgeld, geld vir verlore boeke en die dames se kleredraggeld. Elke dag word die vorige dag se invorderings by Administrasie inbetaal.

Alhoewel die Biblioteek dus gedurigdeur geld tot sy beskikking het (verlede jaar is daar, byvoorbeeld, R120 000,00 ten opsigte van fotokopieë ingevorder), mag hy nie daardie geld gebruik om diverse aankope mee te doen of om boekhandelaars se rekenings mee te betaal nie. Die Administrasie betaal die rekenings nadat die Seksie Finansiële Administrasie gesertifiseer het dat die betrokke items ontvang is en op voorraad geneem is. Hierdie sertifisering kan egter nie gedoen word sonder die hulp van Boekbestellings en Tydskrif-administrasie nie.

Ons taak in verband met begrotingsbeheer behels die daaglikse beheer oor bestellings, wat deur departemente geplaas word, om te verseker dat 'n departement (daar is ongeveer 160) nie die bedrag wat aan hom vir die aankoop van boeke toegeken is, oorskry nie.

Ter afsluiting kan genoem word dat Merensky-Biblioteek vanjaar, saam met die bedrag wat van verlede jaar af oorgedra is, oor 'n bedrag van ongeveer R1 250 000,00 beskik om aan biblioteekmateriaal te bestee. Op sigself maak die syfer nie sin nie, maar as daar byvoorbeeld, in aanmerking geneem word dat Bronkhorstspruit se stadsraad vir die nuwe boekjaar die "reusebedrag van sowat R1 200 000,00"* begroot het, kry dit vir 'n mens meer betekenis.

* HOOFSTAD, 30 April 1980

\- Mnr. P. Ferreira



## DANKIE UIT DE FACTO

Geagte Redakteur

Die hele LLB V-klas van 1980 wil by wyse van hierdie skrywe [illegible] mev. Viviers en Willem Oliver bedank vir alles wat hulle gedoen het (en steeds doen) ten opsigte van die opstel van bronnelyste oor elkeen van ons se skripsie - onderwerpe.

By voorbaat dankie

Die LLB-V-klas



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## SAPSE ?

'n Universiteitsbibliotekaris
maak 'n stelling wat sekerlik waar is:
"Teen dié ding, genoem SAPSE,
maak ek beslis kapsie,
ek wens tog dat ek daarmee klaar is!"

Sy kollega, van tel siek en sat,
sê van sy kant so ewe gevat:
"Dis sommer 'n slenter
van ene Roe Venter,
O, ek wens hom 'n kramp op sy blad!

As die grootbase by D.N.O.
darem al hierdie syfers gaan glo -
Al lyk dit nie sleg nie,
ek weet nie so reg nie:
Mikrofilms en A.V.'s
tydskrifreekse, S.P.'s,
boeke (titels en bande),
al's bereken in Rande,
volgens C.E.S.M.
wat dit alles bedêm,
lopend en retrospek
mens word heeltemal gek!
-Dan sê ek: Kollega, vat so!"

So tel ons en raai ons vir SAPSE
en hoop maar ons maak nie 'n blaps nie.
As ons eendag klaar het
en alles weer bedaar het,
gaan maak ons 'n lekker ou snapsie!

(Met erkenning aan Bibliovaria - Unisa)

## WAARHEDE EN WYSHEDE....


Ons doen 'n beroep op alle personeel om bydrae te gee vir hierdie rubriek: 'n brokkie wysheid - enigiets om ons dinkproses aan die gang te kry - in Afrikaans of Engels. - Patience Strong uitgesluit.

*The present moment, that elusive time which is always with you, can be most beautifully experienced if you allow yourself to get lost in it. Drink in all of every moment and tune out that past which is over and the future which will arrive in time. Seize the present moment as the only one you have. And remember, wishing, hoping and regretting are the most common and dangerous tactics for evading the present.*

*Dr Wayne W Dyer*
*Your Erroneous Zones*

*Nothing that is worth doing can be achieved in our lifetime, therefore we must be saved by hope.*
*REINHOLD NIEBUHR*

*Doubters do not achieve;*
*skeptics do not contribute;*
*cynics do not create.*
*CALVIN COOLIDGE*




"EK STEL 'n BLITSDIEET VOOR"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

WERKSMOTIVERING

Weens die beperkte ruimte aan hierdie bespreking toegesê, kan 'n dieptestudie aangaande hierdie onderwerp nie uiteengesit word nie.

Werksmotivering in eenvoudige vorm kan gedefinieer word as 'n krag wat 'n mens of mense aanspoor om energie, in die vorm van werk, te verruil om 'n doel of beloning te bereik. Hierdie beloning is die bevrediging van drifte, wense en behoeftes. Die probleem om laasgenoemde te bepaal, is die probleem van motivering.

Die bestuurder wat sy personeel wil motiveer, dit wil sê om meer uit die werker te kry as waartoe laasgenoemde bereid is om uit eie wil te gee, sal die kuns van, wortel voor die donkie se neus, moet leer. Hy sal meer moet weet as slegs om die wortel te besit, maar ook waar om die wortel te hou.

Hiervan is McGregor se X- en Y-teorie 'n duidelike voorbeeld. Volgens sy X-teorie is die tipiese werker lui, onambisieus en het 'n natuurlike teësin in werk. Die probleem is dus, sal die motiveerder voor of agter die donkie staan, hom slaan of hom omkoop? As 'n alternatief bied McGregor ook die Y-teorie. Volgens hierdie teorie is die mens geneig om, indien hy die kans gegun word, selfgemotiveerd te wees.

Uit alle studies wat op motivering gedoen is, blyk dit dat behoeftes die spil is waarom motivering draai. Die behoeftes van die mens word in primêre en sekondêre behoeftes verdeel. Die sekondêre behoeftes verdeel in sosiale en egoïstiese behoeftes.

Maslow het verder gegaan en 'n gemiddelde hiërargie van behoeftes daargestel. Dit begin by die mees primêre behoeftes (fisiologiese) en loop op tot by die mees sekondêre behoeftes (egoïstiese).

Nie alle insentiewe, soos bepaal deur 'n studie van Herzberg, dra by tot werksmotivering nie. Insentiewe soos die instandhoudingsfaktore - geïdentifiseer as werksomstandighede, interpersoonlike verhoudings, ensovoorts - dra slegs by tot ontevredenheid indien dit ontbreek, maar motiveer nie om 'n beter dienslewering nie.

'n Belangrike feit wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat elke persoon wat gemotifeer moet word 'n individu is met 'n eie persoonlikheid en omstandighede - 'n persoon wat homself ook iewers in die hiërargie van behoeftes bevind. Om die saak nog verder te kompliseer, is dat 'n persoon se behoeftes nooit staties bly nie - bevredigende behoeftes word voortdurend vir nuwe begeertes verruil.

Insentiewe verdeel in positiewe en negatiewe insentiewe. Negatiewe insentiewe word in dreigemente vervat, terwyl die positiewe insentiewe die van aanmoediging en toegewings is. Laasgenoemde insentiewe is vir my die mees aanvaarde op die Biblioteekwese - hoofsaaklik nie slegs omdat daar sulke hoë verwagtings van die Biblioteekprofessie gekoester word nie, maar bloot op grond van die behoeftes en verwagtinge van die persone binne hierdie beroepsveld.

Die belangrikste insentiewe wat moontlik tot werksmotivering kan lei, word kortliks genoem:

- salarisse
- deelname aan besluitneming
- persoonlike standaarde
- individuele belangstelling vanaf bestuurskant
- voorbeeld van die bestuurder
- werksontwerp en werksvloei

Bogenoemde bespreking was slegs 'n kykie in die uiters moeilike situasie waarin bestuur hom bevind. Ingewikkeld, hoofsaaklik omdat dit die mens raak. Indien die mens en sy wil om te werk ontbreek, kan bestuur beplan, organiseer en al die ander bestuursfuksies probeer uitvoer, maar sonder sukses, want die menslike elemente moet die werk verrig.

- Anita Moolman

THE WALL STREET JOURNAL



"I now pronounce you a two-spouse working household."

# BINDERY

Die Bindery is steeds aan die gang, vanaf die Kelder tot op die derde verdieping lê ons spore. Soos almal, veral tweede vloer kan getuig, hou ons hulle besig, en Tydskrifte hou ons met 'n sug dop as die gebinde tydskrifte afgepak word.

Mnr. Chris Visser het ons geledere tydelik aangevul, totdat Reprografiese dienste vir hom aantrekliker geword het. Baie dankie vir 'n lekker saamwerktydjie, Chris! Ons hoop dat die vakature in die Bindery weer vanaf 1 Junie gevul sal wees.

Mnr. André van Rensburg het 'n paar dae in Durban by sy pa gaan vakansie hou, terwyl mnr. Marthinus Labuschagne in Vryburg by sy ma gaan kuier het. Mnre. Dawie Hughes en Paul Erasmus het ook hulle jaarlikse uitspan gehad.

Ons baba, mnr. André van Rensburg het pas in 'n duplekswoonstel ingetrek; ons wonder maar net wat se planne gesmee word.

Gegroet van die Binders



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VOORKLINIES

'n Radiotoestel? Dit is George se Gebit

Sunday Times - 24 Februarie 1980
New York Verslaggewer

New York - 'n Onthutste loodgieter by name George Dillard kon net nie uitvind waar die aanhoudende radiomusiek vandaan kom wat besig was om hom tot raserny te dryf nie.

Uiteindelik het hy daarin geslaag om die lawaai te doof deur sy kunstande uit te haal en dit in 'n glas water te dompel.

In werklikheid het George se kunsgebit hierdie fratsstreke uitgehaal deurdat dit as 'n radio-ontvangstel gedien het en die programme in sy kop uitgesaai het.

Die raaisel van George se musikale tande het begin met 'n telefoonoproep na sy plaaslike polisiestasie in Riverhead, New York.

"Help," het George gesê "ek kan nie slaap nie, want hoewel my radio afgeskakel is, hoor ek voortdurend musiek."

George se naam is aangeteken as diè van nog iemand wat van lotjie getik is en 'n moeë geregsdienaar is gestuur om hom te kalmeer.


"Hou jou oor teen myne," het George gesê. Sugtend het die dienaar dit gedoen en tromme, kitare en 'n dowwe trompetgeluid gehoor.

Hy kon selfs die radiostasie uitken. Met hulle ore weg van mekaar, het George en die konstabel koppe bymekaar gesit en besluit dat die musiek iets met die nuwe kunsgebit te doen mag hê.

Elektroniese deskundiges het vir die 45-jarige George verduidelik dat die metaal in sy tande as 'n soort radiobuis gedien het.

Die seine wat opgetel is, is dan in sy skedel versterk!

Uitreksel uit : DENTEKSA April 1980 (P3)




VRAESTELLE IN DIE KELDER

Gebinde vraestelle is slegs die volgende vir periodes beskikbaar in die kelder:
Maart en Aprilmaand
Einde Julie (einde van wintereksamens) tot einde September.

Los vraestelle word glad nie meer te koop aangebied nie.

# medies

MEDIES SKOMMEL-SKOMMEL ALWEER!

Die paar maande (een jaar en drie maande) se windstilte oor Medies se personeel het verander in 'n storm. Baie welkom aan mev. Bessie Gericke wat vir 'n paar maande by ons aflos voordat sy na Voorklinies gaan om daar skouer-aan-die-wiel te sit. En vir mej. Mariê Nortjê ook 'n groot welkom hier-by-ons. Sy kom mev. Jeanne Cilliers wat aan die einde van Mei vir agttien maande na Amerika vertrek, se pos oorneem. Ons hoop hierdie twee dames gaan [illegible] (hopelik langer as 'n jaar!) en gelukkig hier by ons swoeg.

Na die la-a-angnaweek (wat ook maar korterig gevoel het) is:

Annie Pienaar darem weer veilig terug van die "verskriklike" afgronde by Golden Gate,
Sophia Möller terug na 'n blitsige kuiertjie in Bloemfontein (sy sê die ou Vrystaat is nog nie bibber-koud nie, dus is daar nog hoop vir ons spul Transvalers!),
Jeanne Cilliers nogsteeds besig om in te pak en te stoor en-in-te-pak-en-te ... (Sterkte!),
Sannie Hattingh en Bessie Gericke weer volmoed nadat hulle die Voortrekkers se Gebiedsraadkongres bygewoon het (Hou Koers! is nou weer die wagwoord),
Mariê Nortjê weer terug by Merensky vir die laaste paar dae, sodat julle vir oulaas goed vir haar kan wees,
Pieter Greyling uitgerus na die naweek by die huis, en
Leoné Botha nogsteeds al drawwende om al die reëlings vir die (vinnig) naderende troue gereël te kry!

Ons hoop elkeen se naweek was interessant lekker!

En nou op 'n meer somber noot: daar is 'n tyd vir kom en 'n tyd vir gaan. Ons is jammer dat jou tyd vir gaan so gou aangebreek het, Jeanne. Baie dankie vir die entoesiasme, ywer en toegewydheid waarmee jy jou werk by die Mediese biblioteek verrig het. Ons beste wense vir 'n aangename verblyf in die V.S.A. vergesel jou en Pierre.

Groetnis van Medies

# Reprografie


Indien 'n nuwe roering in die [illegible] is, is dit eintlik ou nuus. Soos bekend het ek mnr. Kobus Muller vervang, wat reeds verlede maand ons geledere gegroet het. Saam met die gerugte dat sy sou kom het mej. Ronel van Staden ingestap. Dit is maklik om iemand welkom te heet maar moeiliker om die persoon welkom te laat voel, veral as die res van die sogenaamde personeel in die kelder masjiene is. Ons hoop sy het van die begin af tuis gevoel. Dit was ongelukkig slegs 'n vlugtige ontmoeting, omdat sy nou weer aflos by IBL. Kortliks kan 'n mens net sê dat as die fotokopiërmasjiene vlot werk, loop die ratte van die Reprografiese afdeling ook glad. Hier in die kelder sien mens dus die [illegible] tekens van masjienbeheer oor die mens!

Chris Visser



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VAKGEWYS



## HUMAN RESPONSE TO TALL BUILDINGS

edited by D.J. Conway

Stroudsburg: Dowden, 1977
Klasnommer: 154.1

*Now came still Evening on, and Twilight gray*
*Had in her sober Liverie all things clad;*
*Silence accompanied, for Beast and Bird,*
*They to thir grassie Couch, these to thir Nests*
*Were slunk ....*

*- Paradise Lost*

Wat is die impak van wolkekrabbers op die mens? Fazlur Kahn, 'n spesialis op hierdie terrein, is van mening dat: *"Today, without any real trouble, we could build a 150 story building. Whether we will, and how the city will handle it, is not an engineering question, it is a social question".*

Die boek het ontstaan vanuit 'n simposium, gehou deur die American Institute of Architects. Die eerste deel is 'n oorsig oor navorsing met betrekking tot die kwaliteit van stadslewe en hoe dit in verband staan tot hoë geboue. Die tweede deel bespreek die hoë gebou in verhouding tot sy omgewing, en deel drie bevat empiriese resultate in verband met bewoners van wolkekrabbers se tevredenheid, al dan nie, met hul lewensruimte.

Studente in Argitektuur en Stads- en streeksbeplanning behoort die bevindinge te kan gebruik, maar die nut daarvan vir sosioloë en sielkundiges is te betwyfel. Daar is 'n gebrek aan diepte en verklarings van verskynsels en tendense.

Die resultate en gevolgtrekkings is nietemin interessant. Die vernaamste besware wat respondente teen hoë geboue gehad het, was die verlies aan uitsig (veral op die natuurlike topografie van heuwels ens.), die onpersoonlikheid van die geboue en die verdwyning van unieke argitektoniese karakter en styl. Daar word ook melding gemaak van die inperkende invloed wat hoë-digtheidsbehuising op kinders het, veral ten opsigte van spel, sosialisering en verkenning. Inwoners het bevestig dat hulle eensaam is en dat sosiale kontak met bure oppervlakkig bly. Daar is 'n duidelike behoefte aan buitelewe.

Voordele van hoë-digtheidsbehuising word beklemtoon, soos die nabyheid van werksplek en winkels, die gevoel van veiligheid, veral tydens storms, oorstromings en selfs aardbewings (!). Geen beduidende skending van inwoners se privaatheid word ondervind nie. Die leser moet egter in gedagte hou dat die resultate vir die Amerikaanse situasie geld, en nie regstreeks op die Suid-Afrikaanse gemeenskap van toepassing gemaak kan word nie. Dit is duidelik dat die skrywers die teendeel probeer bewys van die stelling dat ... *"all tall buildings are bad for all people in all circumstances"*

By die lees van hierdie werk blyk dit dat die sogenaamde "nuwe gemeenskap" in vele opsigte die beste moet maak van 'n slegte saak; dat daar inderdaad 'n verlore paradys is, waarheen die moderne mens al moeiliker sal kan terugkeer.

- Susan Swanepoel

---

## INDEX TO SCIENTIFIC & TECHNICAL PROCEEDINGS

Jaarliks word daar 'n 10 000 wetenskaplike byeenkomste gehou waartydens duisende wetenskaplikes navorsingsresultate en opinies aanbied. Aangesien kommunikasie die doel is, word hierdie verslae as konferensie-verrigtinge gepubliseer. Omdat dit die nuutste inligting is, is hierdie materiaal gesog deur die gevorderde biblioteekgebruiker.

Aangesien die verrigtinge in verskillende tipes publikasies aangebied word, soos boeke, verslae en spesiale tydskrifuitgawes, is opsporing 'n probleem. Daarom het die Institute for Scientific Information (publiseerders van die Arts and Humanities Index, Science Citation Index en Social Science Citation Index) in 1978 begin met die publikasie van die INDEX TO SCIENTIFIC & TECHNICAL PROCEEDINGS wat 'n waardevolle hulp is by die opspoor van konferensie-verrigtinge.

In 1979 het hierdie publikasie 3 000 konferensies geïndekseer en die dekking word as volg opgesom:

| | |
|---|---|
| Fisika en chemie | 20% |
| Geesteswetenskappe | 30% |
| Geneeskunde | 8% |
| Ingenieurswese | 34% |
| Landbou en biologiese wetenskappe | 8% |

Die uitgangspunt is dat Bradford se wet ook hier van toepassing is, en dat die belangrikste materiaal verteenwoordig word. Die redakteur meen dat dit tussen 75% en 90% kan wees.

Die INDEX verskyn maandeliks en word halfjaarliks gekumuleer in twee bande. Die een band is verdeel in die volgende seksies: Outeurs, Onderwerpe, Byeenkomste/Kompiekke en Borge. Van hier word verwys na die tweede band waarin volledige bibliografiese gegewens van die konferensies verskyn. Benewens konferensie-titel word ieder referaat met outeur en plasing-verwysing aangegee wat aanvraag op interbiblioteeklening, indien nodig, grootliks vergemaklik.

Aangesien die INDEX vir meerdere wetenskappe van nut is, het die Biblioteekdiens sedert die eerste uitgawe in 1978 'n staande bestelling daarvoor, en dit is beskikbaar op die indeksrak by die Ingenieursversameling.

- Piet de Kock



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# WELKOM

# TOTSIENS



Thea Heckroodt



Norrie Nel



Elna Malan



Marianne Backeberg



Bessie Gericke



Jeanne Cilliers



Ronel v Staden



Carina v Wyk



Rieta Otto




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE

junie 1980

up biblioteekdiens



TUKKIANA

*"As 'n oud, opregte Tukkie van 1927 wil ek u as die eerste persoon wat die Tukkie-argief gaan waarneem, hartlik gelukwens met u aanstelling. Ek is waarlik bly dat daar nou, na baie, baie jare, iemand is vir die opsporing en bewaring van geskiedkundige stukke. Ek het reeds in ongeveer 1952 by mnr Bags Cilliers aangedring vir 'n argief en het aan hom 'n Tukkie kleurbaadjie (gemaak in 1927) oorhandig vir bewaring ......"G.R. Mulder 5 Julie 1978.*

So lank bestaan daar al 'n behoefte aan 'n argief vir die Universiteit van Pretoria en 'n persoon wat net so verheug was oor die instelling daarvan, was prof W Kleynhans, 'n vurige Tukkie en versamelaar van politieke dokumente, wat lank reeds met mnr Bags Cilliers gedagtes gewissel het oor die instelling van so 'n argief.

Aan die einde van Februarie 1978 word daar in opdrag van die topbestuur van die Universiteit begin met 'n ondersoek na die wenslikheid van die instelling van 'n Universiteitsargief. Navorsing is gedoen oor die aangeleentheid, verslae van alternatiewe moontlikhede is opgestel, en deur die topbestuur van die biblioteek aan die Raad voorgelê.

Daar word besluit op die instelling van 'n oorkoepelende Universiteitsargief met Tukkiana, 'n argief van UP publikasies as een van sy komponente en die aanstelling van 'n gekwalifiseerde argivaris wat verantwoordelik sal wees aan die Direkteur (Biblioteekdiens).

Tot tyd en wyl fisiese fasiliteite vir so 'n Universiteitsargief geskep kon word, geld die volgende tussentydse maatreëls vanaf 28 Junie 1979:

1. 'n Eksemplaar van alle publikasies wat op die Universiteit van Pretoria betrekking het, moet deur die eienaar daarvan by die Direkteur (Biblioteekdiens) ingelewer word. Genoemde materiaal sluit in alle publikasies wat

1.1 Oor die Universiteit van Pretoria handel;
1.2 met die ondersteuning van universiteitsfondse gepubliseer is;
1.3 verskyn het deur die toedoen van enige personeellid, akademiese of navorsingseenheid, akademiese, professionele of studenteliggaam, of enige vereniging of organisasie wat aan die Universiteit van Pretoria verbonde is

2. Geen argiefmateriaal of museumstukke wat op die Universiteit van Pretoria betrekking het mag vernietig of vervreem word nie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

3. Wat betref bestaande argiefmateriaal in akademiese departemente en institute of in enige ander liggaam of organisasie aan UP sal die persoon aan die hoof daarvan verantwoordelik wees vir die betrokke argiefmateriaal tot tyd en wyl verdere reëlings getref kan word.

4. Bewaring van alle museummateriaal wat op die Universiteit betrekking het is ook die verantwoordelikheid van die hoof van elke eenheid tot verdere kennisgewing.

5. Die Direkteur(Biblioteekdiens) sal verantwoordelik wees vir die versameling, ontsluiting, bewaring en beskikbaarstelling van alle UP publikasies.

6. Die Direkteur (Studentediensburo) en waar van toepassing die Direkteur (Buro vir Kultuur aangeleenthede) sal verantwoordelik wees vir die versameling van die notules van alle studenterade, - verenigings, en dergelike studenteliggame.

7. Die Direkteur(Sportburo) sal verantwoordelik wees vir die versameling van die notule van alle studente-sport liggame.


Ten einde Tukkiana onder die aandag van alle belanghebbende persone te bring word daar beplan om 'n prominente plek toe te ken aan UP publikasies tydens 'n uitstalling van Biblioteekmateriaal in Oktober 1980.

Argiewe vorm die geheue van 'n organisasie en hierin word vasgelê wat gedoen is en hoe dit gedoen is. Dit stel die organisasie in staat om sy regte te beskerm en om sy aktiwiteite op 'n sinvolle en doeltreffende wyse voort te sit. Hierin behoort 'Tukkiana', wat veral ook bedrywighede van studente-organisasies en koshuise in en om die kampus uitbeeld, sy bydrae te kan lewer.

Titels soos die volgende weerspieël die akademie en kultuur, die soet en die suur, die erns en ja, ook so belangrik, die humor van die studentelewe:

Wapendion, Wurm en Worp
Politika, Perdeby, Pendoring
Banier, Buxton, Bostelegraaf
De Jure, Castalia, Commercium, Communica
en Ekonomiese Bussing
Hiserika en ja, Historiese studies
Ingvaria, Jôlknol, Jysmyne, ou Kammelfant
en Kappit-Flo
....... hier op ons "Eie Werf" ons "Tukkie-Werf".

- Erna Klopper



BOEK



*VERJAARSDAE*

*2 Mev A Dippenaar - Vakbibliotekaresse*
*3 Mej A le Roux - Toonbank*
*5 Mev R Schwartz - Tydskrifadministrasie*
*9 Mev Z Swart - Vakbibliotekarisassistent*
*20 Mev S Geyer - Toonbank*
*29 Mev S Swanepoel - Vakbibliotekaresse*
*30 Mev G Beukes - Beplanning en Ontwikkeling*

## uit topbestuur se dagboeke

24/6 SAIBI - uitvoerende komiteevergadering - Potchefstroom.

Mnr Duminy is verkies tot eresekretaris van SAIBI vir die termyn 1980 - 1982. Langs hierdie weg ook die personeel se gelukwense met die verkiesing.

BELANGRIK IN JULIE

2 - 3 Simposium: Uitdagings wat nuwere tendense aan die Universiteitsbiblioteekwese stel.

4 Opedag



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# SIMPOSIUM

1. SIMPOSIUMOOGMERKE

   1. Om kennis te neem van die invloed van veranderende sosio-ekonomiese en kulturele omstandighede op die Suid-Afrikaanse universiteitswese;

   2. Om insig te verwerf ten opsigte van die karakter van die Suid-Afrikaanse universiteit in die tagtigerjare;

   3. Om die uitdagings en geleenthede wat die veranderende omstandighede vir die universiteitsbiblioteekwese bied, te identifiseer;

   4. Om te verken wat gedoen behoort te word om die geïdentifiseerde uitdagings te aanvaar en die verwagte geleenthede te benut.

2. ENKELE BESPREKINGSPUNTE

   1. Die invloed van veranderende sosio-ekonomiese en kulturele omstandighede op die Suid-Afrikaanse universiteitswese.

   2. Die karakterisering van die toekomstige Suid-Afrikaanse universiteit.

   3. Die universiteitsbiblioteek - verwagtinge en uitdagings:

      1. Wat verwag die natuurwetenskappe van die universiteitsbiblioteek? - Prof N Sauer, Hoof: Departement Toegepaste Wiskunde, UP.

      2. Wat verwag die geesteswetenskappe van die universiteitsbiblioteek? Prof D M Kriel, Hoof: Departement Latyn, UP.

      3. Uitdagings en verantwoordelikhede van die universiteitsbiblioteek teenoor die universiteit - Prof E D Gerryts.

      4. Versamelingbou en dokumentlewering.

      5. Langtermynbeplanning.

3. OPEDAG

   1. Uitdagings en probleme betreffende die vernuwing van die biblioteekdiens aan UP - Prof E D Gerryts.

   2. Inisiëring en uitbouing van die vakbibliotekarisstelsel - Mev A Dippenaar.


   3. Beplannings- en ontwikkelingsaktiwiteite met die oog op 'n doeltreffende biblioteekdiens - Mnr H de Bruin.

   4. Undersoek en evaluering met die oog op rekenarisering in die Biblioteekdiens van UP - Mnr R Tönsing.

   5. Die UP - DOBIS-stelsel - mev E Langkilde.

   6. Demonstrasie van UP-DOBIS stelsel.

   7. Besigting van die Merensky-biblioteek.



BOEKWURM

# FEESTE !

Die afgeworpe sorge van die personeel- en prosedurehandleiding se totstandkoming is op Dinsdag 10 Junie paslik gevier.

Prof Gerryts het al die outeurs, mede-outeurs, proeflesers, kopieerders en toesighouers getrakteer op 'n luncheon par excellence by die Sir Loi

Die apêritif was 'n kort vergadering waarop mnr. Piet de Kock aangewys is as die instandhoudingsredakteur. Hy sal dus voortaan alle wysigings en byvoegings (ook weglatings) in die handleiding hanteer.

Oor 'n goeie wyn en ander lekkernye het 'n mens byna vergeet dat daar ooit so iets soos werk is ...... en nog 'n middag voor! Daar is gevind dat onderwerpe soos Vrystaaat-rugby, provinsialisme en voorgenome huwelike veel meer interessant is as 10.2.2.1 Bodes en skoonmakers of
7.13.6.5 Die Opbou en hantering van belangstellingsprofiele.

Of hoe dan?

- Susan Swanepoel

When a nation gets to the ridiculous position of spending more than half of its substance in creating new technologies of death and when it measures its power by the capacity for meta-deaths, it is by no means foolish to ask what kind of power resides in love, or in flowers.

Sam Keen

Time is the road between the unalterable past and the future.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

TELL ME THAT YOU LOVE ME, JUNIE COMPUTER

John H. Hollifield

The secretary admitted a nervous-looking woman, about 40, into the office. Guidance counselor Gwyn Reynolds stood and smiled warmly.

"Mrs. Daly. Very nice to see you."

Mrs. Daly smiled nervously in return. Gwyn offered her a seat, seeking to put her at ease. Mrs. Daly had sounded very distraught when she had asked for the appointment over the telephone. "I must talk with you about Tommy, "she had said. After the call, Gwyn had quickly checked Tommy Daly's records. He was an eighth grader, close to an A average in an advanced program. On the surface, no problem. But here was Tommy's mother, seeking help for the boy.

"I-I don't know how to say this," Mrs. Daly began. "Tommy's never been any trouble. He's a good student - a good boy. But lately - oh, it's been terrible."

Gwyn's mind was working. Eighth grade. Fourteen years old. Good student suddenly having problems. Experience told her - cherchez la femme.

"His school work is getting poor, although his grades haven't shown it yet. He mopes around the house. He has a strange look in his eyes, as if his mind is somewhere far away."

Gwyn nodded sympathetically and patted the woman's hand. "Don't worry, Mrs. Daly. This is a common occurrence in eighth grade boys. It sounds to me if Tommy may be having his first case of puppy love."


This statement did nothing to reassure Mrs. Daly. The woman wailed loudly. "He is, he is! she cried, "and he needs help desperately!"

"Pleas stay calm, Mrs. Daly. The stage will pass. He'll soon forget this little girl he's enamoured with. . ."

"That's the problem! It's not a little girl. It's his - his science teacher!"

Gwyn leaned back, pursing her lips, smiling slightly. Of course. Tommy has a crush on the teacher! Normal enough. She explained calmly to Mrs. Daly how this was a natural part of every boy's childhood and how Tommy could be expected to grow out of it. But Mrs. Daly became even more upset.

"Oh, no, no! You don't understand!" Mrs. Daly took a deap breath and forced herself to relax. "I'll start from the beginning, Ms. Reynolds. I- I have always wanted the best for Tommy. I wanted him to have every benefit in his education. So I've always sought out the most advanced techniques. There was a program, when he was five, where he received instruction at home over the telephone. It was a computer setup. The computer would call every morning at nine and give Tommy a 15-minute basic lesson over the phone. It was wonderful. He learned so much. And then there was another program in the third and fourth grades, a special mathematics program that let the children interact with a minicomputer. Oh, that was wonderful, too. And the reason I chose this junior high for Tommy to attend was because of the science curriculum. This is the only junior high in the state in which the entire science program is linked to computer assisted instruction!"



LEERBOEK

Gwyn frowned deeply. "Mrs. Daly, are you trying to tell me that Tommy's science teacher is ..."

"That's right - a computer! He -he calls her - he calls it - Junie. Every day he comes home from school and talks about Junie. Junie said this, Junie said that. Junie helped him get an A in his test. Junie ..."

"Mrs. Daly, please calm down. I'll call Tommy in today and I'll have a long talk with him. This is not an insurmountable problem, believe me. Boys have always gotten crushes on their teachers. It's perfectly natural. Just because the times change and teaching becomes more computerized..."

Mrs.Daly stood up quickly.

"I only hope you can help him," she declared. "I've been so worried. You will see him today?"

"First thing," Gwyn promised. "But please don't feel too badly. Tommy's generation is being brought up on computers. It's normal, really, for attachments to be formed."

"I guess so," Mrs. Daly nodded. A frown wrinkled her forehead. "But last night he mentioned something about having a date with her for Friday night. That's what upsets me so. I think he's planning to tuck her under his arm and take her to the movies."

"Leave it to me," Gwyn assured the woman. "I'll have a long talk with Tommy."

Mrs. Daly thanked Gwyn and went out. Gwyn sighed deeply. She had not really convinced Mrs. Daly that Tommy's behavior was nothing out of the ordinary. The old generation gap problem. Most adults who had never had much to do with computers could not understand people who dealt with computers every day of their lives.

She looked at her watch. Ten o'clock. She would send for Tommy in an hour. First she had her morning course in Principles of Innovative Guidance to go through. She swiveled her chair to face the portable console beside her desk. Delicately, she pressed the on button.

"Good morning, Ms. Reynolds," the deep voice said.

"Good morning," she answered, her voice bright.

"We'll begin today's lesson with principle number three of innovative guidance, which is the use of computer terminals in selecting occupational alternatives. Are you ready to proceed?"




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

"Yes, I'm ready," Gwyn answered.
"Good. By the way, I'd like to compliment you on your progress thus far. Your grasp of the preceding lessons has been quick and accurate."

Gwyn blushed. She wondered if he were saying that just to flatter her. Briefly, she wondered if he had noticed the new dress she was wearing.

"Thank you," she said quietly. "Thank you, Jim."

EDUCATIONAL TECHNOLOGY - January 1974, p 42 - 43



RvR BOEKERY

# VAKGEWYS

'n Merkwaardige publikasie

Seker een van die merkwaardigste publikasies van 1979, naas D J Opperman se Komas uit 'n bamboesstok, is sy Die galeie van Jorik*, uitgegee ter herdenking van sy 65ste verjaarsdag. Die werk is, soos die titel aandui, 'n uitgawe van die manuskrip van Joernaal van Jorik, van al die stadiums waardeur die epos, 'n hoogtepunt in die Afrikaanse letterkunde, gegroei het. Die redigering van die werk is deur die Stellenbosche akademikus, dr J C Kannemeyer behartig.

Die werk bestaan uit die volgende afdelings: 'n "Voorwoord" (waarin die redigeerder sy dank aan die medewerkers betuig), "Metode van transkripsie en redigering," "Inleiding: Die geskiedenis van 'n teks", "Twee briewe van mnr Gerrit (Koos) Boonstra", (wat agtergrond tot die Jorik-figuur verskaf), "Ontwerp: FAKSIMILEE EN TRANSKRIPSIE (Opperman se ontwerp van die gedig), "Geskrewe manuskrip: FAKSIMILEE EN TRANSKRIPSIE MET REDAKSIONELE AANTEKENINGE," "Getikte teks en "Finale teks".

Ten spyte van kritiek deur literatore soos onder andere van T T Cloete, sal Kannemyer se "Inleiding: Die geskiedenis van 'n teks" vir die oningeligte nie net interessante agtergrond verskaf nie, maar ook heelwat deure oopmaak die gedig beter te begryp. Dit is indringend en veral interessant waar hy nagaan hoe die teks gegroei het en hoekom Opperman sekere dele laat vaar en aan ander voorkeur gegee het.

Die belangrikste en ook die grootste deel van die publikasie (meer as 50%) is die "Geskrewe manuskrip". Op die linkerkant van die bladsoieël is die faksimilee van die manuskrip afgedruk. Kannemeyer se transkripsie daarvan is op die linkerkantste kolom, en sy redaksionele aantekeninge op die regterkantse kolom van die regterkantse bladspieël afgedruk. Hierdeur word die lees van die werk baie vergemaklik. In 'n soortgelyke uitgawe, die manuskrip en 'n transkripsie van T S Eliot se The Waste Land, word die Editorial Notes na die faksimilee en transkripsie gegee wat veroorsaak dat die leser gedurig agter toe moet blaai om dit te lees. Daarby is Kannemeyer se aantekeninge meer uitgebrei. Iemand wat hierdie uitgawe van The Waste Land ken, sal by die lees van Die galeie gou agterkom dat dit vir Kannemeyer as voorbeeld gedien het, maar ook nie sonder dat hy daarop verbeter het nie. Kannemeyer moet alle eer toekom. Die transkripsie van die geskrewe teks en veral van die ontwerp was alreeds 'n reuse taak en is noukeurig met die grootste omsigtigheid deurgevoer.

Die getikte teks waarvan daar 'n paar kopieë bestaan en wat Opperman aan drie van sy vriende gegee het om daarop kommentaar te lewer, word nie in faksimilee afgedruk nie. Slegs 'n geteleskopeerde transkripsie van die drie kopieë word opgeneem met die verbeteringe deur Opperman self aangebring in rooi, terwyl die kommentaar van J du P Scholtz, Fred le Roux en N P van Wyk Louw op ander maniere onderskei en aangetoon word.


Dat hierdie uitsonderlike dokumente vir die Afrikaanse nageslag bewaar gebly het, is besonders; dat dit vir die belangstellende op dié wyse en in so 'n keurige uitgawe beskikbaar gestel is, is bewonderingswaardig.

- Peet van der Merwe

---

* Volledige bibliografiese besonderhede is:

D J Opperman: Die Galeie van Jorik, Joernaal van Jorik: Faksimilee en transkripsie van die oorspronklike dokumente met 'n weergawe van die finale TEKS; Geredigeer en ingelei deur J C Kannemeyer, Kaapstad, Tafelberguitgewers, 29.9.1979.



RvR BOEKSTAAF.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

RAADOP MET BIBLIOTEEKMISBRUIKERS

Wie en wat is dié spesie wat verantwoordelik is vir biblioteekfrustrasie soos:

- boeke wegsteek;
- tydskrifte gaps;
- wette, ordonansies en tydskrifartikels uitskeur;
- dringend na inligting soek en nadat die biblioteekpersoneel berge versit het om die inligting op te spoor dan eers weke later opdaag om dit te kom haal.

Hierdie tipe insidente gee aanleiding tot die opbouing van gebruikersweerstand en laat die personeel magteloos, woedend en moedeloos.

Die biblioteekmisbruiker kan met die alombekende "padvark" vergelyk word. Kenmerkend is die uiterstes van selfsug en eiegeregtigheid waaraan hierdie groepe hulle skuldig maak.


'n Ondersoek wat 'n tyd gelede deur die Nasionale Verkeersveiligheidsraad onderneem is het aan die lig gebring dat alvorens die totale geestesingesteldheid van die mens van vandag nie verander word nie, dié tipe ongewenste gedrag sal toeneem. Wanneer 'n groot organisasie met so 'n omvattende skakel - en reklameveldtog tot hierdie uitsluitsel kom, kan ons maklik tot die gevolgtrekking kom dat in die biblioteek ons hierdie misbruikers soos die spreekwoordelike armes moet beskou - altyd met ons ...

Wat staan ons te doen ten einde die misbruiker se gesindheid positief te verander? Eerstens moet ons deeglik besin oor die aard van die tipe gebruikers, dosente, studente of navorsers; 'n beplande skakelprogram gemik op die doeltreffende opleiding van die gebruikers wat waardering vir die biblioteekdiens sal aanwakker.

Die belangrikste bly egter die persoonlike kontak wat tussen personeel en gebruiker bestaan. Dit is ook hier die geval dat die klein jakkalsies die wingerd verniel. Ons ken die verlamming wat oor 'n mens neerdaal as 'n gebruiker kom vra waar is die boek as hy nie op die rak en nie uitgereik is nie, of as die tydskrif waarna mens weke gesoek het sonder dié belangrike artikel op jou tafel lê, of as juis daardie spesifieke wette wat almal soek (so voel dit later ...) uitgeskeur is ...

Om egter met 'n arrogante houding te antwoord; is soos om in die kerk te preek vir die mense wat nie kerk bywoon nie.

Telkens ondervind ons dat 'n vriendelike en hulpvaardige houding, 'n saamstap en saam help soek die gebruiker met 'n gevoel van dank teenoor die biblioteek, en 'n wrewel teen die misbruiker hier laat uitstap - en dan het ons die belangrikste skakelwerk gedoen. Dalk sal hy die een wees wat 'n klasmaat, maar biblioteekmisbruiker, oortuig dat sy biblioteekmaniere veel te wense oorlaat. Dalk nie, maar dan het ons nog nie van hom 'n misbruiker gemaak deurdat ons die saadjie van frustrasie laat ontkiem het nie. En as prof So-So hom vervies omdat "sy boeke" by Departement X staan "en net besmet word", doen hy dit uit onkunde en kan ons help deur te verduidelik. Dit is ons taak om 'n balans te handhaaf tussen waardering vir ons materiaal en 'n vrees dat iemand ooit daarop asemhaal ....




BOEKMERK.

En na hierdie lesing wil ons vir almal op die tweede verdieping dankie sê vir die heerlike teetuin-konferensie. Rita jy kan maar meermale verjaar! Mev Anne-marie Arnold vertrek eersdaags vêr oor die blou water en almal sien uit na die bestellings vir kaas, sjokolade, parfuum ens... wat sy moet saambring.

Ria van Zyl

# 'n stekerige stokperdjie!

As iemand vir u sou vra of 'n kaktus 'n Suid-Afrikaanse vetplant is, wat sal u antwoord? Ja? U is verkeerd, 'n kaktus is 'n lid van die familie Cactaceae wat meerjarige plante is wat gewoonlik dorings het, en wat droogtes kan weerstaan vanweë hulle sappige stamme wat water stoor. Kaktusse is ook alleenlik inheems in die noordelike, sentrale en suidelike Amerika en die aangrensende eilande. Waar die plante in lande soos Australië, Indië, Ceylon en dele van Afrika voorkom, is dit ingevoer.

Daar is baie interessanthede oor die plantsoort, onder andere die wyse van voortplanting, hetsy deur saadjies, steggies of inenting. Om op 'n dag 'n plantjie so groot soos 'n speldekoppie deur die grond te sien breek is 'n heel opwindende gevoel.

Daar is heelwat eienaardighede en lengendes rondom hierdie plante. So is die Echinscactus grusonii die kaktus wat die grootste word; sowat een meter in deursnee. Alhoewel die plant se blom klein en onopsigtelik is, het dit baie heldergeel dorings wat dit mooi laat vertoon en van dit 'n groot gunsteling op rotstuine maak. Hier in Suid-Afrika het dit, terloops, die bynaam van skoonma-se-kussing gekry ...

Die dorings van die Ferocactus,- groep is baie groot en sterk met 'n krom haak aan die einde. Hierdie dorings is deur die Rooihuide as vishoeke gebruik.

'n Ander soort, waarvan die naam liefs ongenoem moet bly, is deur die Rooihuide gekou en het dieselfde uitwerking as hedendaagse verdowingsmiddels op 'n mens. Die Cephalocerens senilis kry sy naam van die feit dat dit 'n langerige plant is wat met verwilderde wit hare oortrek is en wat bietjie soos 'n mal ou man (senile) lyk.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die mees belonendste deel van hierdie stokperdjie is egter die blomme. Alhoewel van korte duur is die blomme so mooi en fyn en kleurvol dat dit mens aan die volmaakte herinner.

Daar is baie verskillende soorte, die Mammillaria-groep alleen bestaan uit meer as 400 verskillende soorte, dus kan u besef dat dit 'n moeilike taak is om almal te versamel. Meeste liefhebbers versamel 'n spesifieke groep of anders sommer net die plante wat vir hulle mooi is, hetsy vanweë 'n besondere egalige vertoon van dorings of 'n besondere blom.

Ten slotte, vir die luies onder ons, hierdie plante groei maklik, vra min water en aandag en lyk nie te sleg nie - net doringrig!

- Annie Pienaar




## ontsluiting

Die Ontsluitingsafdeling kan nog nie spog met verjaarsdae soos UP self (50 jaar) of Biblikasie (4 jaar) nie, aangesien ons DOBIS-babatjie nog maar net één maand oud is; wat ons gemoedere betref, voel ons egter almal so oud soos Metusalem, en nogal met die wysheid van Salomo daarby! Ja-nee, hier waar ons nou die DOBIS-ontsluitingstelsel bedryf en die groot erns van die saak duidelik geword het, moet daar nou sô sekuur en akkuraat gewerk word dat dit nogal 'n tol van brein en liggaam eis.

Dit bly egter steeds 'n plesier en genot om te sien hoe die rekenaarlêers opgebou word en hoe die inligting netjies en eenvormig volgens vaste besluite en voorskrifte in hul korrekte kategorieë ingevoer word. Saam met die nuwe AACR II reëls en die heerlike nuwe Dewey 19 klassifikasiestelsel word die DOBIS-stelsel 'n baie doeltreffende gebruikersinstrument hier in ons eie biblioteek, en sal dit ook natuurlik 'n groot aanwins wees vir die hele land se toekomstige biblioteeknetwerk.

Wat die bedryfsfase van DOBIS betref, blyk dit dat alles heel vlot sal verloop, veral die oorplasing van ou voorraad op die nuwe stelsel. Dit was natuurlik iets waarvoor almal heel asems ingehou het, want 'n biblioteekvoorraad is 'n baie beweeglike ding. (Dit is mos 'n algemene ding om 'n ontsluiter al-prewelend voor die hysbak te sien staan: sy is besig om 'n skietgebed te uiter: "Asseblief tog: laat daardie boek(e) tog net vandåg op die rak wees!") Eienaardig genoeg word daar op die oomblik, vir DOBIS-oorplasingsdoeleindes, wel die nodige boeke op die rakke gekry - tot 'n baie groot mate. Daarvoor is ons dankbaar! Hulle word dan gou-gou oorgeplaas en danksy die tiksters kry hulle baie gou hul nuwe rooi rugbeskrywings, en word die handkatalogus aangesuiwer. Hier moet ons ook ons dank uitspreek teenoor die personeel van die takbiblioteke, asook IBL, wat baie fluks saamwerk om aanvrae blitsvinnig by ons af te lewer. (Miskien moet ons net noem dat ons alle kopieë van 'n nuwe boek op die nuwe stelsel plaas, asook daardie identiese kopieë wat reeds volgens die handstelsel in ons voorraad opgeneem is. Verder word veral ook reekse in geheel oorgeplaas wanneer ons 'n deel van die reeks ontvang. Vroeëre uitgawes van boeke word egter daar gelaat, en sal moontlik eers baie later oorgeplaas word).

Daarmee ons daaglikse aktiwiteite. Iets spesiaal wat op die oomblik voorberei word, is lesings en demonstrasies ten opsigte van DOBIS vir die UP 50 jaar program en die SAIBI konferensie wat gedurende Julie op ons kampus gehou word. Twee ontsluiters sal saam 'n terminaal beman; terwyl een persoon praat en verduidelik, sal die tweede persoon die invoerwerk doen. Dankie aan die vakbibliotekarisse wat so 'n gewillige gehoor speel vir ons oefenlope. Ons sien uit na die groot dag.

Graag wil ons afsluit met bedankings aan een en almal wat saamwerk om hierdie nuwe era in ons lewens doeltreffend te laat verloop: dit sluit dan veral 'n spesiale woord van dank in aan mev Langkilde (ai - wåt 'n baas!), mnr Roberts, die liewe Danie, en mev Duursema.

Groete van ontsluiting, en lekker verder verjaar aan Biblikasie.

Jean Maree






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



# bindery 1930 ?




Fig. 85.—Finishing Stove.




Fig. 89.





Fig. 21.—Standing Press.








Fig. 22.—French Standing Press.



White Pigskin.—*Basle*, 1512.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BINDERY 1980




Mnr. PORTER







CHRIS




DAWIE



NIC






TINUS en RASSIE





DAAN





ANDRE





JULIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

AAN DIE SOSIALE FRONT VANUIT DIE ONTSLUITINGS-AFDELING

Ontsluitingsafdeling was die maand vol aangename en interessante geleenthede gewees.

Vir mev. Juriet Coetzee, wat stil-stil ons midde betree het, wil ons hartlik welkom heet. Ons hoop die deurmekaar gevoel wat jy nou dalk het, is spoedig iets van die verlede.

Verdere verrassende nuus was mej Anthea McLaren se verlowing. Op Maandagoggend 2 Junie het Anthea se oë geblink en die ring het aan haar vinger gepryk.
"Neville en Anthea, baie geluk en mag die toekoms saam vir julle net die mooiste inhou".

En dan! Afgesien van al die bedrywighede op professionele vlak die afgelope paar maande het ons ook tyd ingeruim vir die sosiale sy van die lewe.

Soos aan almal bekend, was ons besig om van 'n ou era na 'n nuwe oor te skakel, en op voorstel van mev Duursema is toe besluit om 'n feesgeleentheid daarvan te maak. En was dit nie 'n fees nie!

Heerlike slaaie, kerrie en rys en aangename geselskap het deel uitgemaak van dié aand.

Die Kroon van die aand is gespan toe almal saamgepak het om die kruiwa waarin 'n vuur belowend gebrand het. En toe gebeur dit: Aan mev Langkilde word 'n OU MERENSKY ROTULE oorhandig en sonder om te skroom word die boek in twee geskeur en toe in kleiner en kleiner stukkies. Lang tonge vuur het in die lug in opgelek. Kataloguskaartjies is met 'n lekker hart in die vuur gegooi. Té lekker!!

Almal het met lus bygedra tot die vernietiging van die OU ERA!

- Jolinda du Toit

# AFRICANA


Marië Nortjé het ons verloor
By Medies sal jul van haar hoor.
Wat van iemand in haar plek?
Dié geheim sal nooit uitlek.

Erna Klopper gaan ons ook verlaat
Sy gaan studeer in die Verenigde Staat.
Baie geluk, ons gun jou dit
solank jy nie vir altyd daar sit!

Voete moeg
Hard geswoeg
Van 'n Volksraadsdebat
Het ons genoeg gehad.

Die een dag stil
Die ander dag besig
Maar nooit is ons vir 'n oomblik ledig.

Ons hoop die siektes
sal ons nie gou weer sien nie.
AFRICANA word nou 'n "Saamwerkunie".



RR KASBOEK.

# interbiblioteeklenings

Verlede week is ons swaar getref deur die griep en verkoues maar ons het dit oorleef en is weer vuur en vlam aan die gang. Met al die siektes was mej Ronel van Staden 'n steunpilaar, veral met al die teleksaanvrae. Ons bedank haar vir die hulpvaardigheid.

Mej Randi Pretorius het die maand nie net mondig geword nie, maar ook verloof geraak. Daar word nou baie uitgesien na die bruilof in Oktober.

Mev Mariette Pelser was vir 'n week met verlof om haar nuwe breimasjien in te breek. Vroeg Maandagoggend was sy gereed om ons haar handewerk te wys - 'n trui en twee kepsies vir haar ousie!

Vrydag arriveer mev Denise Wheeler se ouers uit die Kaap vir 'n besoek van drie weke. Die afgelope weke is Denise net besig met al die voorbereidings. Ons hoop almal sy gaan lekker kuier en uitrus want sy verdien die blaaskansie werklik.

Mev Annette Booyzen se skoonfamilie kom ook kuier daar uit Vryburg se wêreld. Ons hoop regtig die plaasboer bring vir jou vleis saam!

Mej Heleen Struwig is stil maar nietemin baie bedrywig met al die aanvrae wat op haar gewag het. Sy was ook met die griep platgetrek, en ons hoop sy voel nou sommer baie beter.

- Joy Roos

If a man has one person, just one in his life
to whom he is willing to confess everything -
and that includes, mind you, not only things
criminal,
Not only turpitude, meanness and cowardice,
But also situations which are simply ridiculous,
When he has played the fool (and who has not?)
Then he loves that person, and his love will
save him.

:T S Eliot




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


# Reprografie


Die afdeling reprografie is sinoniem met die woord student. Andersins sou al die masjiene altyd gewerk het. Stel jouself voor 'n dag in die kelder sonder studente - die eensaamheid. Vanaf die bende-sindroomtipe waar elk sy posisie luidkeels probeer bevestig tot die alleenloper wat aggresief weier om te glo hy gaan tien sent betaal sonder 'n lenerskaart bly dit studente. Soms kan mens glo almal studeer regte sô vlot kan hulle redeneer oor lenerskaarte.

Baie mense glo warm lug styg op. (Copernicus se wet). Daal dus af in die dik dofheid van die kelder en 'n mens is bereid om enige weerkenner as 'n leek uit te kryt. Snaaks hoe die masjiene georganiseerd gelyk kan breek wanneer nog 'n horde jou toesak. Dit is seker die gevoel van ek is nie alleen nie. Dit is dan dat die nare suspisie dat een miskien saggies in sy baadjie oor jou penarie lag, pos vat. As mens weer na 'n mooier kant kyk; dis min mense wat daagliks met die reuk van geld aan sy hande kan huiswaarts keer. Met 'n stewige neonlig "tan" groet ons uit die kelder.

'n Reprografis






Beplanning

Mnr Rolf Tönsing sê dankie aan die Ontsluiters vir hulle lekker partytjie.

Hy het ook die 4de Junie 'n MARSA-seminaar oor gerekenariseerde mikrofilm-herwinning by die Jan Smuts Holiday Inn saam met mnr Duminy bygewoon.

Verder het daar 'n krisis met die kragpunte vir die nuwe mikrofichelesers en terminaal op die grondvloer ontstaan, en daar moes inderhaas ander planne vir die staanplek van die lesers bedink word. Daar sal hopelik geen verdere probleme hieroor voor die Opedag opduik nie. Die tafels vir die mikrofichelesers is deur dr. Tamal Trichardt ontwerp en word deur Prins gemaak. 'n Toetsband vir die katalogus op mikrofiche is intussen deur mnre Danie Coetzee en Tony Roberts geskep. 'n Plaaslike firma het hiervan 'n RUM- of COM-meesterfiche geskep en daarvan weer kopieë. Hierdie kopieë is volgens 'n nuwe metode, die "blaasvorm" (vesicular) metode geskep.

Mev Gerda Beukes en mnr Tönsing het 'n doktorale seminaar van mej M Eales oor "Situation analysis in curriculum design in information science" by RAU bygewoon en ook sommer hulle nuwe baas gaan ontmoet.

# boekbestellings

Graag wil ons vir mev Minda Meyer welkom heet in Seksie Boekbestellings na haar oorplasing vanaf Tik- en Dupliseerafdeling. Minda ons hoop jy werk lekker saam met ons.

Huiskoop was ook aan die orde van die dag. Baie geluk aan mevv. Ria Delport en Renée Roux met hulle nuwe huise. Ons hoop hulle het herstel na die groot trek. Mej Helena Theron het ook die woonstelkrisis oorkom deur 'n woonstel te koop. Sterkte vir die trek wat voorlê en ons beste wense vergesel jou met die nuwe woonstel.

Bestellings word nou onder die titel uitgemerk en nie meer onder die outeur soos in die verlede nie. Bestelafdeling het nou ook 'n nuwe fase betree in die wêreld van rekenarisering. Al die personeellede het opleiding ontvang om met die terminale te werk. Alle bestellings word nou teen DOBIS gekontroleer en dit is 'n groot hulpmiddel en vergemaklik die taak van besitkontrole aansienlik.

Nog 'n groot projek wat op Bestelafdeling wag is die ontrekking van + 8000 geel bestelkaartjies wat in die huidige katalogus is. In hierdie verband is ons groot dank aan die tiksters verskuldig wat ons met hierdie taak behulpsaam gaan wees.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# toonbank

By die Toonbank gaan dit nog maar op die ou stryk, 'n dolle gejaag van die môre vroeg tot die aand laat, vêrâl noudat die studente take moet inhandig en sommiges eksamen skryf.

Vrae soos

"Nou hoekom is die biblioteek op 'n Saterdag dan net tot 12h30 oop ek het gedink dit is tot 17h00. Wat dink jy miskien hoe gaan ek my taak klaar kry dit moet Maandag in wees?!!! ...

of

"Ek doen môre oggend 'n mondeling - het julle dalk die/daardie boek (gewoonlik iets onverstaanbaars in Duits/Latyn) in die biblioteek beskikbaar" "Nie - kan julle hom deur IBL aanvra"

of

"Wat het van die ou vraestelle geword - hoe moet ek nôû weet wat om te spot en wat om uit te los! ...

Dâñ moet jy met 'n vriendelike glimlag en baaaie geduld verduidelik .....

Nou op 'n ligter noot: ons is almal baie onder die indruk van die naderende wintervakansie. So gaan almal behalwe mevv. Hannetjie Erlank en Mara Grobbelaar 'n slag uitspan. Die twee dames het besluit om die fort te hou, maar hulle slyp egter hulle tande vir die volgende geleentheid wat hom sou voordoen. Aan almal wat 'n bietjie gaan rus geniet dit en aan die wat agterbly STERKTE.

Aan Biblikasie wat die maand verjaar
BAIE GELUK
on hoop jy sal sommer nog lank bly voortbestaan.

Adri le Roux


# VAKBIBLIOTEKARISSE

DERDE VERDIEPING

Ons het verneem van die groot gebeurtenis
Iets om te vier, dis gewis.
Biblikasie is vier jaar oud, hoerê!
Ons wil ook hiermee baie geluk sê.
Ons afdeling het ook baie Feeste om te vier
Vir Dries moes ons groet voor die "army" hom wegstuur.
'n Afskeid is gereël en ons het gaan eet
Is Toiings se kos lekker? - vra ons, ons weet.
Die groot groot fees - Annatjie se troue - lê nog voor
Haar kombuistee was 'n sukses, en ons is bly daaroor
Die reëlings het ons baie bekommernis besorg
Dat sy daar sou opdaag was geen waarborg
Piet het ons verlaat vir 'n maand of twee
Hy't gaan kyk hoe lewe die mense ver oor die see.
Almal het seker ook al gehoor van Matilda se ramp
'n Ander ou het haar motor lelik gestamp.
Vir Peet en Hennie was TV-kyk nie genoeg -
moes na Bloemfontein om die Leeus te sien swoeg.
Partydae wens Sonja haar klasdraf is al oor
Jinnie en Amanda word saans by die Gym lekker gemoor,

Op hierdie trant gaan ons min of meer voort ...
Van die (MON)BERG se kant tot anderkant die OORDT!

Hennie Fouche




# veeartsenykunde

Dis amper Juliemaand en Juliemaand is wintervakansiemaand. Vir my beteken wintervakansie altyd 'n heerlike koppie stomende koffie met 'n yslike boerbeskuit en biltong vir ontbyt op die stoepie van 'n rondawel in die lekker ou Krugerwildtuin. Wat is meer bevredigend as daardie stilte en rustigheid in die koel vroegoggend.

Ons hier het die voorreg om te kan sê dat ons albei 'n ware wintervakansie voor die deur het: Mnr. Leon van Heerden besoek van 28 Junie eers die Eiland-vakansieoord waarna hulle na Skukuzakamp vertrek, terwyl die uwe haar vanaf 21 Julie in Satarakamp bevind.

Aan al die ander gelukkige vakansiegangers: Geniet dit.

Groete vanaf Onderstepoort.

Mathilda du Preez

# medies

SNAAKS?

Het julle al van die heel snaaksste gebeure in die Merensky biblioteek gehoor? Ja, ek weet van sommige studente wat boeke wegsteek en dan verwag dat die arme vakbibliotekaresse dit moet gaan uitsnuffel en van soortgelyke gevalle, maar noudie-ander-dag het die heel snaaksste gebeurtenis by Medies gebeur...

Een van die gebruikers het 'n boek uitgeneem (wat natuurlik nie snaaks is nie) en toe besluit om dit as sy eie te gebruik en vol strepe te trek (wat natuurlik hoegenaamd nie snaaks is nie!), maar hy het 'n plan gehad. Sy eie boek het 'n bietjie lank geneem om by hom uit te kom en toe dié uiteindelik arriveer, daag hy met die nuwe boeke en die biblioteekboek by ons op. Hy wil toe ruil - sy nuwe boek vir ons (sy) belynde boek! Ons het toe maar geruil...

Is dit nie die heel snaakste waarvan julle nog gehoor het nie?

Medies



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TYDSKRIFTE


STORMS IN DIE TYDSKRIFTE TEEKOPPIE

Hierdie maand het voorwaar veel meer as 60 dae gehad. Elkeen van hierdie dae was vol bedrywighede - en dikwels gevul met meer as een stormpie. "Die duiwel is weer vandag los in hierdie afdeling" - Anne se geliefkoosde uitdrukking.

Baie sakke pos, baie tydskrifhernuwings, spoedbestellings en fakture het die botoon gevoer. Rekenaaruitdrukke, van die tydskrifte op hul vakgebiede, is aan elke vakbibliotekaris oorhandig en Hestê het begin met versendings van tydskrifte aangevra vanaf die duplikaatlys wat ons uitgestuur het. Maar wat, vir Tydskrifte-Afdeling was al hierdie "gebeurtenisse" slegs 'n ou stormpie in 'n teekoppie - gemeet teen diê een reusagtige "koue" probleem. Die agterdeur. Vars lug is wel welkom, maar nie as dit teen diê windsnelheid hierbinne afgelaai word nie. Hier teen die tweede laaste week van die maand het nie minder as drie lede van die Afdeling in die stof gebyt nie - en is dit blote toeval dat dit hulle is wat die meeste van die vars "koue" lug "ontvang".

Mev Elna de Bruin se vertrek het ons laat kwyn totdat mej Esther Müller ons, soos 'n ware heldin van ouds, vanuit Seksie Tik- en Kaartproduksie, te hulp gesnel het. Esther, ons wil net vir jou sê dat jy welkom is en dat elke maand, gelukkig nie Junie-maand is nie.

Wel, Junie-maand, ons groet jou. Dit is nou nie dat ons die tyd omwens of dat ons iets teen jou persoonlik hou nie, maar jy was 'n holderstebolder maand.




*THINK*

*Think before you cut the link*
*that snaps the golden chain*
*Pause before you take a step*
*that causes other pain ...*
*Wait before you speak the word*
*that tears old bonds apart -*
*Listen to the voice of conscience*
*in your secret heart*
*Think before you cast aside*
*affection tried and true*
*and break the faith of someone*
*who has loved and trusted you.*

*Uit: Die Koord*





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# MEDIES

'N DAG IN MEDIES

Praat van dol dae! Mense, daardie spul by Medies kan darem rondhardloop as dit die dag nodig word. Nee, sien, ek besluit toe mos nou-die-dag-wanneer om weer 'n bietjie te gaan dagsê - was mos darem lank deel van die ou biblioteek, wat toe die nuwe biblioteek geword het. Spoggerig, sê ek jou. (Ek het my verkyk aan al die nuwe goed en die gesiggies was ook maar nuut.) Maar dis nie waarvan ek wil praat nie. Ek dink ek het die verkeerde dag gekies om te gaan oë wys...

Ek gaan toe maar vroeërig, sien; net so skuins na sonop. Maar ek was nog te laat. Hulle was al aan't drawwe om al die boeke wat die spul studente gebruik het, weggepak te kry. En almal was net mooi gebêre, toe Sophia so 'n allemintige pak koeverte onder die een arm en 'n handvol stempels gryp en afsit toonbank toe (om glo die pos gepos te kry.) Hulle vertel my toe dat sy onder andere al die IBL's (ek het maar nie gevra wat dit is nie) behartig.


Annie het nog nie eens haar lessenaar gehaal nie, toe staan die eerste probleem in lewende lywe voor haar. Die kind wil nou kwansuis 'n vergelykende studie van die gesondheidsdienste in Finland en Thailand maak. (Vir wat sy so-iets wil aanvang sal net haar dosente weet!) Maar dit was die laaste sien van Annie, want net daarna is sy weg vir die een vergadering na die ander.

Toe gaan gesels ek maar 'n bietjie met Mariê, maar sy was so besig met al die opsigboeke en bestellings wat glo nog gepos moet word dat ek ook nie juis iets uit haar kon kry nie. En Bessie sit die hele dag met haar neus tussen die skyfies. (Soveel prentjies het ek nog nooit bymekaar gesien nie!)

Ek stap toe ook maar toonbank toe, maar ek moes liewers in die kantore gebly het. Elkeen wil dringend iets hê - van tellers (ek wonder nog hoekom kry die studente nie liewers die lesings by die dosente nie - dis tog baie makliker as om kopieë te maak) tot GSV-boeke en "call key-operator". Dis 'n naarheid en dan soek elke tweede een die tydskrif wat nie meer vandag op die rak staan nie. Ek weet nou nog nie hoe Sannie en Leonê almal so gou weghelp nie. Hulle sê dit was nie so erg nie, maar vir my het die stroom nimmereindigend gelyk.

Die enigste rukkie wat ons rustig oor 'n koppie rooi tee kon gesels, was 10 uur en weer 3 uur. En toe het Abel en Elizabeth beurte gemaak om een te kom wegroep toonbank toe.

Die middag was dit redelik stil en kon ek en Pieter darem nader kennis maak, terwyl Sophia en Annie gou twee soektogte afhandel. Maar Pieter moes so tussen die onttrekkings en tellers uitdeel, kort-kort "key-operator" ook speel. Toe Annie-hulle my vier uur groet, het dit vir my meer na ses uur gevoel. Pieter moes toe natuurlik nog tot tien uur toe werk, maar ek het ook maar geloop.



AFBOEK

Dit was darem vir jou 'n ondervinding hoor. Maar hulle sê darem dat dit nie elke dag so dol gaan nie. Soms moet hulle net al hulle take op een dag doen soos daardie dag. Wel, ek gee maar liewers pilletjies vir siek ou mensies, voordat ek tussen so 'n klomp rondhoppende energie-pilletjies moet werk.

Groetnis

Dr Donsies

Eintlik is ons dae baie interessant en leer ons elke dag iets nuuts by hetsy oor die wonderlike liggaam van die mens ôf sy gees ôf 'n nuwe siektetoestand. Omdat ons met 'n klein (relatief) groepie saamwerk, kom ons baie nader in aanraking met die mens, sy werk en soms ook van die gevalle. Veral wanneer soektogte oor spesifieke gevalle gedoen word, voel 'n mens dat jy 'n wesenlike deel bydra.

# buitemuurs

'n Prentjie van Buitemuurs

'n Foto gee mens nou wel 'n beeld van die werklikheid, maar is self nog ver van die werklikheid verwyder.

Net so is dit vir 'n buitestaander wat na 'n ander se "huishouding" kyk. Hy mag miskien presies weet van hoe so 'n huishouding behoort te funksioneer, maar nog bly hy 'n buitestaander.

Buitemuurs met sy enorme personeel van vier kan beskou word as so 'n unieke huishouding. 'n Mens mag nou wel weet hoe die ratte daar behoort te werk, maar as jy nie self deel is van hierdie huishouding nie, dan is jy nog 'n buitestaander.

Soos ek reeds gesê het, is ons hier vier op die personeel en is ons net so verskillend van persoonlikheid soos die vier windrigtings.

Oos = mnr du Toit
Wes = die uwe
Noord = Tinie
Suid = Annette

As jy nou sou gaan sit en spekuleer oor hierdie vier windrigtings, kan jy dalk later rasend word van oorspronklikheid.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Hoewel verskillend, het hierdie vier tog ook deel aan die grotere geheel. 'n Geheel waarin daar soms stormwinde en donderstorms voorkom maar dikwels ook harmonie en sonskyn.

Ons nooi graag "buitestaanders" (van al die ander takke) om op 'n sonskyndag te kom inloer in ons eie melkwegstelsel, nie net om ons te leer ken nie, maar ook om jouself aan ons bekend te stel. Miskien vind jy dat jy nie soveel van 'n buitestaander is as wat jy meen nie.

Groete van die vier windrigtings uit die middestad



BOEKENHOUT

I LOVE YOU
THIS IS A RECORDING
by Arthur Hoppe

Herewith is another unwritten chapter from that unpublished text, "A History of the World, 1950 to 1999. "Its titie: "Ma Bell Saves the Day."

By the early 1970s, the old morality had crumbled. The old certitudes had vanished. Wars, riots and revolutions flourished. Neighbor mistrusted neighbor. People no longer touched each other. Conversations were icily polite.

And from the look in the eyes of mankind, it was clear that the human race was on the brink.

It was the telephone company that preserved civilization.

With people retreating inward on themselves, the number of telephone calls placed daily had dropped alarmingly. To stimulate business, it was suggested that the company provide another recorded message as a public service.

"We already give our subscribers the time and the weather," said the Board Chairman irritably, "What else do people need these days?"

"Sympathy?" suggested a vice president, half jokingly.

The new service was an instant success. At first people were hesitant to dial "S-Y-M-P-A-T-H-Y." "That's silly," they'd say, shaking their heads. Then , when they were sure no one was listening, they'd pick up the phone in embarrassed secretiveness.

"Poor dear," the recording began in a gentle voice of sweet consolation. "I'm so terribly sorry for you. Oh, the pain you must be suffering! But how brave you are not to show it. How very proud of you I am. Poor dear."

After one month, studies showed each subscriber was making an average 3 - 4 calls to the number daily. The company immediately announced plans for new recorder services. Next came, "I- L-O-V-E-Y-O-U":

"Oh, dearest, how deeply I love you - with my whole soul, my whole being. You are everything on earth to me - my sun, my moon, my stars ..."

This was quickly followed by "F-R-I-E-N-D-S-H-I-P" ("Hi, there, old buddy . . ."), "C-O-N-F-I-D-E-N-C-E" ("Gosh, you're just about the greatest ..."), and "S-E-C-U-R-I-T-Y" (There, now, there's absolutely nothing to worry about as long as we have each other").

Special messages were added for those with special needs, such as "M-O-T-H-E-R" ("Oh, it's so good to hear your voice, son. Are you getting enough to eat? Are you wearing your galoshes? Are you . . .").

Surprisingly, one of the most popular was "A-U-T-H-O-R-I-T-Y." ("When you hear the signal, you will have 60 seconds to state your dilemma." After 60 seconds, a stern voice came on to thunder: "You know what't right. Now, by God, do it!"

Thus humanity came to have everything that man had always wanted from his fellow man - sympathy , love friendship, confidence, security and authority. And yet, oddly enough, deep down people were still uneasy.


Further studies were made. And at last the telephone company came up with the solution: "U-L-T-I-M-A-T-E- N-E-E-D."

"You are a singular human being, unique among all living creatures, different from all other men. You are that God-created miracle: you are, above all else, an individual."

"This is a recording."

Uit:

Flynn, E W Designs in affective education: a teacher resource program for junior and senior high. NEW YORK. Paulist Press, 1974. p . 308



BOEKDRUKKERY



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# WELKOM










marianne backeberg



elna de bruyn

# TOTSIENS






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE

up biblioteekdiens

julie 1980



REKENARISERING NA TWEE MAANDE

Die UP-DOBIS ontsluitingstelsel is twee maande oud. In die eerste berig in Biblikasie oor DOBIS VANUIT DIE Seksie Makro-ontsluiting is daar gesê dat die ontsluiters skrikkerig is vir DOBIS. Dit was Januarie 1979. Daarna het berigte gekom wat opmerkings soos "die katalogus is dood, lank lewe die rekenaar" en oor die waardevolle ondervinding wat opgedoen word bevat het. In April 1980 voel die ontsluiters dat hulle DOBIS nou bemeester en ook slaggereed is vir die finale inwerkingstelling van die stelsel.

Die inhoud van hierdie berigte weerspieël die wisselende gewaarwordinge wat deur die personeel tydens hulle kennismaking met DOBIS ervaar is. Alle personeellede wat reeds met DOBIS kennis gemaak het, kan egter nou met oortuiging sê dat die koms van DOBIS 'n tydperk van harde werk ingelei het, maar noudat die ondersoeke afgehandel is en alle besluite gedokumenteer is, daar net vreugde van die vrugte van sukses gepluk kan word.

Die implementering van die DOBIS ontsluitingsmodule kan gesien word as die eerste fase in die rekenarisering van die verskillende biblioteekfunksies. Daar is op die seksie as beginpunt besluit, omdat hier die grootste aantal professionele personeel saamgetrek is en dus ook die grootste salarisonkoste in die biblioteekdiens verteenwoordig. Dit het veral betrekking op die sinvolle aanwending van professionele mannekrag wat op sy beurt vra dat die aktiwiteite in die seksie naamlik skep van ontsluitingapparate op die mees effisiënte metodes uitgevoer moet word. Verder staan die ontsluitingsapparate sentraal tot alle ander funksies in die Biblioteekdiens en sal dus die latere rekenarisering van die ander funksies soos uitleen en aanskaf vergemaklik.

Deur net te kyk na watter sleuraktiwiteite met behulp van DOBIS uitgeskakel word, kan ons die DOBIS sukses reeds sonder veel moeite bepaal.

So sal daar nooit weer in die Seksie Makro-ontsluiting binne die bestek van drie maande ongeveer 4500 konsepkaarte per hand geskryf word, dieselfde aantal geproeflees word en 15 650 kaartjies in die alfabetiese katalogus geliasseer word nie. Die Seksie Tik en Kaartduplisering slaak ook 'n sug van verligting, want nooit weer sal die verantwoordelikheid vir die gereedmaak en uitstuur van 30 000 kataloguskaarte vir al die katalogi binne die Biblioteekdiens op hul skouers rus nie. Al het die rekenarisering van die bestelfunksie nog nie aandag gekry nie, word die werk van Seksie Boekbestellings ook reeds vergemaklik. 'n Onvolledige titel is 'n riskante soekpunt by kontrole van nuwe bestellings maar met behulp van die persentasie van die titel binne DOBIS word dit 'n



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

veilige soekpunt, wat die bestelling van materiaal wat reeds in die voorraad is, sal teëwerk. Aan die vakbibliotekarisstelsel en dus ook aan die gebruiker word nou 'n beter diens gelewer want die inligting vir materiaal wat ontsluit is, is onmiddellik na ontsluiting op die terminaal beskikbaar waar daar voorheen 'n vertraging van ongeveer twee weke was, voordat die kaartjies in die katalogus verskyn het. Takbiblioteke het tot dusver nie terminale nie en moet dus op die fichekatalogus, wat periodiek op datum gebring sal word, steun, maar met die voordeel dat dit nou 'n katalogus is en nie net dié vir die spesifieke takbiblioteek nie. Die fichekatalogus is ook op verskillende punte in die biblioteek beskikbaar en alle katalogussoektogte hoef nie op die grondvloer te geskied nie. Teoreties kan daar dus 'n fichekatalogus op verskillende punte op die kampus beskikbaar gestel word, wat met die ou kaartkatalogus van ongeveer 1,3 miljoen kaarte 'n onbegonne taak sou wees. DOBIS het dus reeds binne die afgelope twee maande aan die verwagting wat daar gekoester is voldoen. Die ontsluiters en die topbestuur se hoop is nie beskaam nie.

Mag die entoesiasme wat tydens die DOBIS-demonstrasie op 4 Julie geheers het nooit kwyn nie sodat die standaard vir die ontsluitingsapparaat wat ons as mikpunt gestel het nooit sak nie.

Dankie aan almal wat meegehelp het om van die projek 'n sukses te maak. Sleurwerk is dood - lank lewe DOBIS.

Mev E Langkilde



*VERJAARSDAE - Augustus*

*2 Mej A Bosman - Tydskrifte*
*3 Mnr C F Buys - Bindery*
*5 Mev I Venter - Toonbank*
*8 Mev L Briers - BMW-biblioteek*
*10 Mej I S du Preez - Kelder*
*11 Mev A Arnold - Vakbibliotekaris: Ekonomiese Wetenskap.*
*13 Mev A Botes - Vakbibliotekaris: Chemie en (Momberg) Huishoudkunde*
*13 Dr T Trichardt - Beplanning en Ontwikkeling*
*19 Mnr P Erasmus - Bindery*
*21 Mej A van Rensburg - Ontsluiting*



AULA

| | | |
|---|---|---|
| 14, 16, 19, 21, 21 | 20h00 | Carmen |
| 15, 20, 22 | 20h00 | Madame Butterfly |

MUSAION

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 20h00 | Belgiese Volksdans- en Sanggroep |
| 2 | 20h00 | Ensemble-groepe - Musiekdepartement van UP |
| 5 | 20h00 | Jorge Bolet - Pianis |
| 8 | 11h00 | Kuesta '80 |
| 12 | 13h00 | Anta Meyer - Pianiste, en kamermusiek-ensembles van die Toonkunsakademie |
| 13 | 20h00 | Eddie Davey - Orrelis |
| 15 | 20h00 | Pretoriase Universiteitskoor onder leiding van Prof Petru Gräbe |
| 19 | 13h10 | Neil Immelman - Pianis |
| 20 | 20h00 | Robin Alleson (Violis) en Neville Schäfer (pianis) |
| 21 | 13h10 | Amanda du Preez (fluitspeelster) en Heinrich van der Mescht (pianis) |
| 23 | 20h00 | Jürgen Schwietering (violis) |
| 26 | 13h10 | Ambassadeurskoor onder leiding van Ria Nel |
| 27 | 20h00 | Pro Musica Dameskoor |
| 28 | 13h10 | Jannie du Toit & Kobus de Witt |
| 29 | 20h00 | Pretorium Trustbeurskonsert |
| 30 | 20h00 | Orkeskonsert - Departement Musiek, Technikon Pretoria |

BELANGRIK IN AUGUSTUS

| | | |
|---|---|---|
| 7 | Bestuurskomiteevergadering<br>Driemaandelikse verslae April-Junie 1980<br>Notules van ander vergaderings gereed | 07h45 |
| 14 | Vakbibliotekarisse - Professionele vergadering | 14h00 |
| 30 | Laaste dag vir voorlegging van Kapitaal- en personeelbehoeftes vir begroting | |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# SIMPOSIUM

*Tukkies word toe vyftig jaar*
*en almal vier toe fees -*
*Wat gaan die Biblioteekdiens doen?*
*'n Simposium sal dit wees!*

*Die werk begin sommer vroeg die jaar*
*Departement Bibkunde moet ook deel*
*en so tussen temas en die sprekers*
*het die komitee hul nooit verveel!*

*Hul besluit toe op die temas*
*Kry sprekers van hier en daar*
*en so tussen al die kopsere*
*kom die program ook darem klaar*

*Maar ai, dit was nog die begin*
*want Rita moes nog bel,*
*van die Kaap tot in Kairo kom*
*- en sommige bly in die hotel*

*Die dag kom nader*
*dit word al later*
*party bly koel, ander word kwater -*
*en wie sorg nou weer vir die pepermente en*
*die water?!*

*In die Merensky begin 'n groot skoonmaak*
*wat 'n sa'majoor sou laat blom*
*Ons is mos trots op ons werkplek*
*En onthou dis BBP's wat kom!*

*Die Ontsluiters leer vir DOBIS*
*en luister moet die vakbibliotekaris,*
*terwyl Rolf orals loop en soek*
*waar nog plek vir kragproppe is!*

*So breek die 2de Julie toe aan*
*ons skarrel vir oulaas*
*en ontvang toe koel en kalm*
*vir Baas- en ook vir Klaas!*

*Ons luister na panele*
*- klink soms soos "future shock"*
*en net voor ons wou moeg word -*
*toe lui die etensklok!*

*Die middag se gesprekke*
*was ook 'n hoogtepunt -*
*soms wonder mens half radeloos*
*Sal Utopia oplossings vir alles vind.*

*Op 3 Julie kom help mnre Lor en de Bruin*
*Nog net so slim, al is hulle hier weg*
*met die werksessies sweet almal saam*
*en toe ons die middag loop, is die hele wêreld*
*reg'*

*4 Julie hoor ons van die Merenskyers se wil*
*oor vernuwing, DOBIS en vakbibliotekaris*
*ons lig in, demonstreer en vertel elke besoeker*
*van navorsing, toepassing en baie dae se woeker*

*Die simposium was nommer een*
*aan al die organiseerders 'n groot dank*
*baie gedink en baie geleer -*
*slimmer geword - sommer almal deur die bank!*

*Nou wonder ek maar net*
*van al die baie praat en sê*
*gaan daar ooit iets van gebeur*
*of gaan ons maar net nog drome hê?*

*Gaan die uitdagings van die Negentigerjare*
*oor tien jaar bespreek word -*
*sonder nadere oplossings -*
*- met vele gebare?*

*of gaan Baas en Klaas 'n slag*
*met nuwe moed en nuwe krag*
*'80 se uitdagings so hanteer*
*dat '90 se simposiumgangers daaruit kan leer?*

Magriet Lee

---

S.O.P. - vergadering

By die jongste S.O.P. vergadering het daar 'n paar sake ter sprake gekom wat vir almal van ons van belang is:

1) Sluiting van die agterdeur - 'n aflewerings-portaal gaan vir sekuriteitsredes by die agterdeur gebou word. Slegs gemagtigde persone sal dan deur die agterdeur mag binnekom. Dit sal beteken dat Merensky-personeel ook voortaan net die voordeur sal mag gebruik.

2) Teetye:- dit moet soos volg nagekom word:

| Soggens: | Middae: |
|---|---|
| 9h55 - 10h10 | 14h55 - 15h10 |
| 10h15 - 10h30 | 15h15 - 15h30 |

3) Kleredrag - die reëls in verband hiermee word weer beklemtoon.

---



*If a professor thinks what matters most*
*Is to have gained an academic post*
*Where he can earn a livelihood, and then*
*Neglect research, let controversy rest,*
*He's but a petty tradesman at the best,*
*Selling retail the work of other men*

*Kālidāsa 400 A.D.*
*Uit die Sanskrit*

*Most men can see another's faults;*
*Another's virtues some can see;*
*And there are those who see their own*
*Shortcoming. Yes? - Well, - two or three.*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Nuus uit die VSA!

Ja ons het nou 'n aktiewe medewerkster in die land van die "denims" en "country en westerns" - Jeanne Cilliers.

In dikkerige gefotokopieerde briewe lig Jeanne ons in oor hulle vliegrit na Parys, die hotel waar hulle hier tuisgegaan het se kleurskema - oranje en pienk matte en donker olyfgroen deure, en hulle ontmoeting met Monica, 'n vryskut kunstenares en 'n bekeerde Christen, wie se woonstel in Washington hulle uiteindelik kan huur.

Washington is 'n baie groen en skoon stad waar morsjorse $ 300 boetes betaal, kennisgewings in die parke diereliefhebbers herinner "Please clean up after your pet" en vuilisverwyderaars ("sanitary engineers") $12 000 verdien.

Gedurende die somervakansie besoek ongeveer 10,000 mense die Wit Huis tussen 10h00 en 12h45. Groot dele van die gebou is in marmer - indrukwekkend; maar nie altyd mooi nie.

Die gebou van die Library of Congress oortref alle verwagtings - dis soos 'n paleis, pragtig versier met marmer, skilder- en mosaiekwerk. Die biblioteek is oorspronklik tot stand gebring vir die Amerikaanse Kongres, en alhoewel dit tans op internasionale vlak diens lewer, bied dit nog steeds 'n volledige naslaan- en navorsingsdiens aan die regeringslede. Daar word daagliks sowat 2,000 navrae van kongreslede ontvang, die boekrakke beslaan 'n totale afstand van 350 myl en dit duur sowat 45 minute voordat jy 'n boek wat jy aangevra het, ontvang.

Die internasionale nuus op die Amerikaanse televisie is skraal - die skoleboikot was die laaste nuus oor Suid-Afrika.

President Carter se wetsontwerp wat lotelinge oproep vir militêre diensplig is met die volgende weerstand begroet:-


dit is diskriminerend - vroue is nie opgeroep nie,
dit skend die indiwidu se privaatheid,
daar is geen oorlog op hande nie.
'n Redaksionele artikel in die Washington Post het die situasie so opgesom:-

"What are the chances that, if war breaks out, the Americans won't turn up?"

Jeanne en Pierre se adres is:

702 Chaney Drive Apt. 404
Takoma Park, Maryland
20012
U.S.A. en hulle sal alle briewe uit die RSA verwelkom. Hulle telefoonnommer (301) 270 5377 waar 301 die areakode is.

Uittreksels uit briewe van Jeanne




# VAKGEWYS

WASTEWATER ENGINEERING

J B White - 1978
628.2

Hierdie werk is gebaseer op deeglike ingenieurspraktyk en behandel afvalwaterversameling sowel as oppervlakte-afloop. Daarom ook dat dit 'n metode vir vloedbepaling insluit.

Die grondbelading wat waterpype moet dra word behandel en pompinstallasies sowel as die bybehore word op 'n aanskoulike wyse aangebied. Ongelukkig genoeg word die ekonomiese sy nie bespreek nie.

Die teoretiese aspek van hidroulika is goed behandel en opkanaalvloei - wat 'n basiese studieonderwerp aan die universiteit is - is wat die teoretiese en tegniese sye betref, op 'n veel hoër vlak as die ander gedeeltes.

Die boek is 'n bruikbare inleiding tot die beheer van afvalwater vir voorgraadse studente, maar het ook nut by gespesialiseerde kursusse.

Piet de Kock

BOEKBESPREKING

In aansluiting met die sosiale struktuur en lewensomstandighede van die mense in Europa en in Suid-Afrika en wat ons in Europa gesien het het die volgende aanhaling uit 'n toespraak van F J Roethlisberger in D A Wren The Evolution of Management Thought, my laat nadink oor die werksmotivering, lewensstandaard en nie slegs waarom 'n mens werk nie, maar ook die geleentheid om te kan werk in 'n tyd waarin die werkloosheidsyfer bly styg.


"People at work are not so different from people in other aspects of life. They are not entirely creatures of logic. They have feelings. They like to feel important and to have their work recognized as important. Although they are interested in the size of their pay envelopes, this is not a matter of their first concern. Sometimes they are more interested in having their pay reflect accurately the relative social importance to them of the different jobs they do. Sometimes even still more important to them than maintenance of socially accepted wage differentials is the way their superiors treat them..."

uit Wren, D A The Evolution of management thought 2nd ed. John Wiley, Toronto 1979 (375(09)/602416)

Anne-Marie Arnold



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



'I might have guessed! A man driver!'

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK VAN AMSTERDAM
HANDLEIDING VOOR BEZOEKERS

Universiteitsbibliotheek van Amsterdam

Het is mij opgevallen, dat het verbod om in de boeken van de U.B. "vouwen te maken, erin te schrijven of te strepen of de boeken op andere wijze te beschadigen" vaak overtreden wordt. Dit veroorzaakt veel schade, overbodig werk en ongerief voor andere leners. Daarom heeft het personeel van het uitleenbureau opdracht er, zowel bij het uitlenen als bij het terugontvangen, op te letten of er in de boeken aantekeningen staan.

De lener, die in een boek van de U B. gestreept of geschreven heeft, is verplicht een nieuw exemplaar te verschaffen of, indien dit niet mogelijk is, een schadevergoeding te betalen. Aan leners, die zich herhaaldelijk aan de bovengenoemde overtreding schuldig maken, zullen geen boeken meer uitgeleend worden.

De bibliothecaris

Tien geboden voor de gebruiker

In het belang van de bibliotheek, de boeken, de gebruikers en het personeel wordt men vriendelijk verzocht zich aan de volgende regels te houden:

1. Men mag geen titelkaartjes uit de catalogus halen.
2. Men wordt verzocht na gebruik catalogusladen op te bergen.
3. De boeken mogen niet aan derden worden uitgeleend.
4. Zonder voorafgaande toestemming morgen geleende boeken niet worden meegenomen naar het buitenland.
5. Het is ten strengste verboden in de boeken vouwen te maken, erin te schrijven of te strepen of de boeken op andere wijze te beschadigen.
6. In het belang van de andere leners wordt men dringend versocht de boeken niet langer te houden dan nodig is.
7. Men is verplicht de boeken op eerste aanvraag terug te bezorgen.
8. Men geve tijdig een eventuele adreswijziging op.
9. Het is verboden tassen en jassen mee te nemen naar de studiezalen en de catalogushal.
10. Men wordt verzocht in het hele gebouw en vooral op de studiezalen de nodige stilte in acht te nemen.

DANKIE, BROEDER
EKSKUUS, SUSTER

*"'n Aanhoudende gedrup op die dag van 'n stortreën en 'n twisgierige vrou is net eenders," sê Salomo in Spreuke 27: 15.*

In ons huis kon 'n aanhoudende gedrup en 'n twisgierige vrou reeds weke lank in verband gebring word. Die gedrup was egter nie tot die dag van stortreën beperk nie. Snags lê ek week in, week uit geïrriteerd en luister na die tip ... tip van 'n badkamerkraan, terwyl my drupbestande man die slaap van die regverdige slaap. Bedags tip ... tap die kombuiskraan reëlmatig deur my werksaamhede heen, aansluitend by die geanimeerde tip-tap-tap van die waskamer krane. Ek weet magteloos: 'n paar nuwe wasters en 'n man wat die tyd (en lus) het om die oues te vervang, kan my gehoor en senuwees red, my bloeddruk stabiliseer en my lewe weer druploos en daarmee leefbaar maak. Maar van my man sien ek in elk geval net 'n verdwynende agterkop, nä 'n vinnige verduideliking: "Gaan skool open ... "of "Vergadering toe" of "Huisbesoek doen." Anders is die verskoning veilig van agter die lessenaar: "preek maak" of "verslag opstel."

Ouderling Piet tref my die oggend onbetwisbaar twisgierig tussen die bondels wasgoed aan. Sy gebruiklike "Kook die ketel vir koffie?" gaan vanoggend aan dié pastorievrou verby. Ek begin uitpak. Ek is uitgekuier met druppende krane. Ek is veral uitgekuier met 'n man wat altyd tyd het vir ander se probleme, maar verseg om sy hand aan die huis te hou.

"Kyk, sorg jy nou vir die koffie. Ek is nou terug," paai ouderling Piet, met die begrip en insig van 'n man wat self ook al 'n paar huweliksherdenkingsdae agter die rug het. Enkele minute later stap hy met 'n handvol wasters en 'n gereedskapkissie badkamer toe. Toe my man van sy skoolopening af terugkom. sit ek en die ouderling gesellig in 'n drupgesuiwerde atmosfeer en koffie drink, met die hopie verslete wasters as verdoemende getuienis van my man se versuim op die koffietafel.

"Piet het die krane reggemaak," lig ek hom in.
"Dankie, Piet," is al wat hy sê en hulle wissel 'n blik wat vir my onrusbarend kameraadskaplik lyk.
Die volgende dag kry ek die ouderling se vrou in die winkel.
"Jong, ek is darem baie dankbaar oor Piet se hulp gister, " merk ek op
"Piet se hulp?"
"Ja man, het hy jou nie gesê nie? Hy het al ons krane reggemaak. Nuwe wasters ingesit."
Dit lyk asof sy my nie mooi hoor nie.
"Hy het wat gedoen?"
Ek herhaal
Twee rooi kolle slaan op haar wange uit. Met stywe lippe sê sy met groot nadruk: "Mevrou weet, daar is in ons huis nie 'n enkele kraan wat nie lek nie."

Uit: Pastoriedeur op 'n kier
Deur Leona Venter



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

JAMMER DAT EK GEVRA HET. . .

Nou die dag kom die redaktrise van Biblikasie na my en vra. "Piet kan jy vir ons 'n artikel vir Biblikasie skryf?" "Seker" sê ek. "Waaroor, Ag, verskoon tog, die telefoon. "Goeie môre. ... Ja tot sesuur vanaand ... Ja, die hele Januarie ... Ja, ons is Saterdae ook oop ... Nou goed dan ... Tot siens. Jy was besig om te sê ... ag, jammer, die telefoon.

"Goeie môre. ... Tot sesuur ... Tot siens. Jy wou sê. ... net so 'n oomblik. Meneer, die natuurwetenskappe is aan die oorkant. Nou goed ... waar was ons ... o ja, jy wou my iets vra. Ag, netso 'n oomblik. Mejuffrou hier is die bibliografie wat ek vir jou uitgewerk het. U sal merk ek het die tydskrifte aangestip wat in die biblioteek is.

"Aarde, dis al teetyd. Ek is op eerste tee. My assistent is na die departemente toe en dan moet hy fotokopieë kom maak en die uitstalling gereed kry.

"Nou waar was ons ...? O, ja, ... jammer die telefoon.
"Goeie môre. ... Nee, met 'n dubbel s. ... Ja, ja ek weet. Dit lyk snaaks as 'n mens dit so skryf, maar dit is korrek ... Nou goed ... Ja, ja ... Nou, maar ... Ja, ek weet ... Ha ha ... Ja, as u weer ... ja ... ja ... Goed, tot siens.
"Nou waar was ons. Ag, verskoon tog, Jy wil die weekverslag hê? Wanneer moet dit klaar wees? Môre, hmm. Dan sal ek moet spring.
"Nou goed ... ag, verskoon tog, die telefoon.

Goeie dag. ... Ja, mevrou, tot sesuur vanaand ... Alles in die hak ... tot siens.

"Nou goed, jy wou sê ... ag, netso 'n oomblik. Hmm, die kwartaalverslag, en wanneer moet dié klaar wees? Vanmiddag. Ek doen my bes. "Is jy nog hier? Jy sê ... ag, verskoon tog ... hoe sê u, mejuffrou, 'n bibliografie oor dié sielkundige invloed van die jaargetye op die sonette van Bandelaire ... Laat ons dit hier in my kardeks naslaan. Hier is heelwat materiaal Is dit genoeg? Nee, maar mooi.

"Nou ja, jy wou sê ... Hiert, dis al etenstyd en ek moet gaan diens doen op grondverdieping. Kom sien my na ete.


"A, hier is jy; jy wou my iets vra ... ag, jammer netso 'n oomblik .... Julle wil die jaarverslag hê ... wanneer moet dit klaar wees? Nou?! Aarde ons, goed ek kry dit reg vir julle. "Nou dan ... netso 'n oomblik, ek moet net gou teken vir die spoedboeke.

"So ja, dis afgehandel. Wat kan ek vir jou doen?"

"Piet, kan jy vir ons 'n artikel skryf oor 'n dag in die lewe van 'n vakbibliotekaris?"
"Jammer, jong, dis huistoe gaan tyd."

P de Kock

---




# ontsluiting

Ontsluiting se Opedag

UP Biblioteekdiens se nuutste spogaanwins kon natuurlik ook nie agterbly met die Opedag nie, en daar moes summier gewys word hoe werk hy en hoe speel hy. Mev Langkilde het dit op haar geneem om die ontsluiters voor te berei vir openbare demonstrasies, en dit is ook deeglik gedoen. Eers is daar proefdemonstrasies gedoen voor groepies gewillige proefkonyne uit ander dele van die Biblioteekdiens, en mevv. Langkilde en Duursema het ook gesorg vir lastige vragies tussenin wat beantwoord moes word sonder om te huiwer. Daarna is 'n klein prosedure opgestel om die soek en katalogiseerfunksies te verduidelik en het almal hard "geswot" om hul roetine perfek onder die knie te kry. Dit het meer na 'n modeparade gevoel op die ou end: Oë links, skouers regs, kop omhoog; kyk direk na die toeskouers, praat duidelik, en gebruik hande uiters grasieus om stokkies te swaai en op sleutelbord te tik.

Nouja so is dit beplan en gedoen. Op die groot dag het elke ontsluiter-paar hul groepies konferensiegangers gekry, en het die demonstrasie begin. Reaksies was so gevarieerd soos die toeskouers self, en het gewissel vanaf ekstase na kritiek tot oë wat ontsenuend rol in die kop na die konferensie-ete se wyn. Die meeste vrae het gehaak op die feit dat DOBIS klaarblyklik nie volgens gekombineerde outeur-en-titel soekterme kon soek nie. Dié moes ons maar toegee: DOBIS is maklik, hy is gerieflik - maar algehele wonderwerke kan hy nie verrig nie. Gaandeweg, en na aanleiding van belangstelling aan die kant van die toeskouers, het almal effens ontspan en het die ontsluiters as geheel dit baie geniet om die nuwe stelsel ten toon te stel. Dit was eintlik jammer om weer die stokkies te moes wegbêre en om weer alleen by die terminale te gaan sit. Indien IBL ooit "reps" soek om die stelsel elders te demonstreer en te bemark, kan hulle net laat weet. By UP se Biblioteekdiens is daar 16 deskundiges wat graag sou wou.

J Maree



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# musieknote - en-node !

## 'n Dag in die lewe van Musiek

'n Tipiese dag by Musiek het vele fasette wat mekaar voortdurend afwissel. Die studente kom al vroeg soggens in en elkeen het eers 'n praatjie te lewer oor hul moeilike lewe hier op aarde wat met elke opdrag meer versuur word. Soms beklee ons ook verskeie beroepe op een dag - psigiater, sieketrooster, dosent, vertroueling - afhangende van die spesifieke geval wat ons moet hanteer, asook die normale daaglikse takies as telefonis, tegnikus, fotokopieërder, posmaker, teemaker, skottelgoedwasser. Somtyds is dit weer pakesel as die HOD-studente hul weeklikse opdragte kom uitvoer. Dan benodig elkeen ± 30 plate waaruit hulle snitte moet maak vir die lesse wat hulle aanbied, en die uitleenrekords vir boeke en partiture klim die hoogtes in.

Soms kan ons hul gedagtes lees soos hulle hul opwagting maak. Mnr. X se angstige uitdrukking verraai sy soeke na die nuwe "Clavier" en mnr. Z se stormloop vir die "Mens en Melodie". As mev. F haar verskyning maak, weet ons al dat alle werk eers sal moet wag, want 'n katalogus en sy sal in 20 jaar nooit maats word nie. Dan benodig ons ook eers 'n aantal naslaanbronne om alle spelfoute op te spoor sodat die navraag meer verstaanbaar kan lees.

Sommige studente is weer baie lugtig vir ons, en sal allerlei slim sette uitdink om nie 'n boete te kry nie. Ons het dringend 'n boek benodig van 'n sekere meneertjie K, maar ondanks aanmanings en telefoonoproepe is die boek nie terugbesorg nie. Op 'n goeie dag het sy vriend hier opgedaag daarmee, gewapen met twee briewe. Die een was afkomstig van mnr K self, waarin hy die verskoning voorhou dat hy lank in die hospitaal was vir waarnemingstoets met die oog op sy stoeitoer na Switserland. Die ander brief was afkomstig van 'n onbekende dokter, en daarin is melding gemaak van die akute harsingskudding waaraan mnr. K bykans ontkom het. By nadere ondersoek van die twee briewe is gevind dat die dokter en pasiënt onder dieselfde skrywer resulteer. Dis maar een van die eienaardige gebeurtenisse wat ons soms aan die kopkrap het hier, maar tog sorg vir afleiding.

Ons tipiese dag sal van nou af 'n spesiale dag word aangesien ons nuwe platespelerapparate al die suur lewetjies hier sal veraangenaam. Soos een student tereg opgemerk het: "'n Engel uit die Hemel het op die Musiekbiblioteek neergedaal."

## Het u geweet?


'n Getikkel en 'n getokkel kan menige aktiwiteite verraai ...

Een hiervan is Elsa en haar ghitaar
Klaar studeer in klavier en klarinet
besluit sy ghitaar is nou net die ding.

Weer 'n lesnemery?
O nee
om jou eie leermeester te wees is veel makliker,
dit bring verligting -
want onthou 'n oefenry elke dag, elke sekond ...
Ag, dit verg te veel
veral as die hekelwerk en blokkiesraaisels ook nog roep.

Tans is dit musiseer bloot vir die plesier
nogal 'n effektiewe afwisseling met 'n lewe
hier in die biblioteek
van vrae, klagtes, stof en musiek -
Ja musiek, omdat dit die spil is waarom haar
lewe nog steeds draai.

Ou Elsa jong, ons is so bly jy is deel van ons
Die getikkel en getokkel van jou lewe sal altyd
by ons weerklank vind.










Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# MEDIES

'n Dag by Medies

Dae my Medies kan vanuit twee gesigspunte benader word naamlik:

1. die dag wanneer die personeel voltallig is:

   - dan beheer en delegeer Annie,
   - Sophia doen alles wat lyk na interbiblio-teeklenings of interne leenverkeer
   - Marië hou 'n ogie oor toonbank, nege vakke en opsigboeke
   - Bessie is stadig maar seker besig om in 'n kleurskyfie te verander
   - Leoné hou die toonbank en xeroxmasjiene gelukkig
   - Sannie die inhoudsopgawes en tydskrifte
   - Pieter is ons naguil

2. die dag wanneer die personeel nie voltallig is nie

   Soos byvoorbeeld, verlede week toe net Sannie, Marië en Annie daar was en Mnr Porter op die koop toe 450 ekstra bande vir inbinding soek. Toe het Sannie geïnter, Marië getoonbank en Annie gate toegestop.

   Sal iemand ooit weer oor roetine kla?


Neels en Leoné Muller

Die slag is gelewer

Uiteindelik het die langverwagte 28ste Junie 1980 aangebreek. Die kerk was om 15h00 vol en almal het vir die belangrikste persone van die dag gewag. Dit was naderhand 15h15 en die gemeente het onrustig geraak en om 15h30, toe party al soos Venus de Milo begin voel het (van die naelskouery) het die Ds. met 'n verduideliking gekom.

Die verrigtinge het verder seepglad verloop en Leoné en Neels se huweliksbootjie is veilig van wal gestuur.

Baie geluk en voorspoed vir julle twee.




"As a youth, I always wanted to be a dancer. Then I made my fatal error. I decided to write instead."

*"The Kontrykats"*




SKOERT!.

Uit die Kaap het Beeld se susterkoerant Die Burger enkele dae gelede vir 'n glimlag om die mondhoeke gesorg met 'n beriggie op sy voorblad van die Russiese skip wat gelas is om die Australiese gebiedswaters te verlaat. Die skip se naam is Professor Bogorof, en die opskrif het gelees: Bogorof gee pad.

Net daarna het The Star berig dat mev. Margaret Thatcher met die Britse staalwerkers beraadslaag onder die opskrif: Gloom as Iron Lady meets steel men. Die volgende dag vertel die blad hoe positief sy vorder. Die opskrif lees: Iron Lady's velvet glove.

'n Goeie woord is seker soms 'n duisend foto's werd.

\- BEELD



**BOGOROF GEE PAD**

SYDNEY. — 'n Russiese navorsingskip, Professor Bogorof, is gister deur die Australiese regering gelas om binne 24 uur die land se gebiedswaters te verlaat. Die stap is gedoen uit protes teen die Russiese indringing in Afganistan. — (Sapa—Reuter.)




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# boekbestellings

Eers wil ons baie dankie sê aan die tiksters wat ons gehelp het met die onttrekking en sortering van die ± 8000 geel bestelkaartjies. Al die geel kaarte is nou volgens titel in alfabetiese orde gerangskik en word in die voorbestelrekord gehuisves in ons afdeling. Ons het nog ietwat van 'n agterstand in verband met nuwe boekbestellings. Ons vertrou om dit vroeg in Augustus afgewerk te hê. Ons handhaaf tans 'n kwota van 100 bestellings per dag.

Ons beny Mev. Marié Rautenbach wat vir twee weke gaan toer in Suid-Wes. Ons hoop jy sal dit baie geniet. Mej. Helena Theron was vir twee weke ook met vakansie; 'n week daarvan by die see. Sy moes soek na die bodem van haar lessenaar, wat so toe onder werk gepak is. Om die skok te versag het ons vir haar 'n ruiker madeliefies neergesit. Mej. Verona Blignaut se lewe is nou weer terug na normaal, noudat haar suster, Mev. Ilse van Niekerk by Tydskrifte, se troue agter die rug is. Ons hoop maar dat dit nie te gou aansteek nie, Verona! Neels en Irene Venter was ook 'n week see toe en moes ongelukkig altwee siek aan griep weer begin werk. Mev. Ria Delport se "studievakansie" is ook amper oor. Die klasse begin al weer Dinsdag. Geluk ook aan Mev. Rita Botes met haar twee kinders wat albei bekers ontvang het. Mariëtte het 'n beker gekry vir die beste biblioteek-prefek. ("It runs in the family"!) Flippie het weer hier skeefskeef ingekom met 'n groot beker vir die beste vordering in middelafstande. Mev. Anne-marie Pienaar hou vakansie by die huis vir twee weke. Sy spring ten minste die koue in die oggende vry.

Dankie ook aan mev. Wanda Herbst wat instaan terwyl Anne-marie weg is.







ONTSLUITING

Ons benut die stilte van die vakansietydperk ten volle, veral wat die gebruik van die rekenaar betref. Omkeertyd is tans uitstekend, en ons vind dat 'n magdom aanwinste binne 'n paar roosterbeurte ingevoer kan word - 'n verblydende besef, nadat ons aanvanklik heelwat gesukkel het met stadige response as gevolg van lae prioriteit op die Universiteit se rekenaar. DOBIS wys nou waartoe hy in staat is, en voel nou (veral ook na die deeglike instudering wat gedoen is vir die onlangse Opedag) soos 'n ou vriend. Ons werk vloei al hoe meer egalig en ritmies vanaf bestelrakke na lessenaars na terminale. Oorplasing van ou voorraad geskied ook met gemak, en hier wil ons weer eens almal bedank vir hul samewerking. 'n Spesiale woord van dankie gaan na die Toonbankpersoneel wat ook nou besonder behulpsaam is met besprekings van uitgeleende boeke, telefoonoproepe na gebruikers, en paaiwerk as Prof. X sê hy kan onmoontlik bestaan sonder boek so-en-so.

Intussen het ons ons eerste mikrofiche katalogusuitdruk ontvang, tesame met 'n hele paar pragtige nuwe lesers waarmee dit bekyk kan word. Ons is natuurlik baie trots op die eerste uitdruk, en dit dra ook by tot 'n gevoel van die werklikheid en onherroeplikheid van UP se biblioteekrekenarisering. Daar is natuurlik nog 'n paar foute te bespeur, maar oor die algemeen lyk die uitdruk vir ons besonder netjies en bruikbaar. Ons hoop dat ons gebruikers dit ook so sal vind. Verder is daar darem die wat tussendeur 'n bietjie vakansieverlof neem om te gaan ontspan in minder tegnologies- gevorderde dele van die land. Staptoere en seetoegaan is aan die orde van die dag, asook huisopknap, leeswerk en breiwerk. Die wat nie ontspan nie, kry griep en word in elk geval gedwing om agteroor te sit, indien nie plat in die bed te lê nie.

Om mee af te sluit, welkom terug aan mev Dalena Stols, ons hoop die studieverlof het goeie vrugte afgewerp. Baie welkom ook aan mev Juriet Coetzee, wat gekom het, gesien is, en toe verdwyn het onder 'n hoop Chemiese reeksoorplasings. Sterkte met die vuurdoop. Om Gmelins Handbuch der ... vir DOBIS ("hy wat nie kan dink") voor te berei kos baie moed. Ten einde laas moes ons vir mej. Alna Jordaan vaarwel sê, aangesien sy bedank om haar M-studie in die skilderkuns te voltooi. Ons sal jou baie mis, Alna, en hoop darem om jou nog as biblioteekgebruiker te sien.


J Maree




"The following instruction comes to you live."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



"Somewhere out there in the universe there must be other bowls with fish just like us in them."

# VAKBIBLIOTEKARISSE

VAKBIBLIOTEKARISSTELSEL - TWEEDE VERDIEPING

Die groot maagseer van die afgelope maand was die simposiumreëlings wat getref moes word. Almal het 'n sug van verligting geslaak toe die spanwerk darem die nodige resultate behaal. Mev. Rautenbach het ons ure se plesier verskaf met haar eie "Ikebana Banana" komposisie wat vriendskap en vyand gesimboliseer het ... Dit was veral 'n groot genot om te sien hoe besoekers van Ikebana na "Ikebana Banana" stap en die kommentaar aan te hoor.

Intussen was mev. Arnold alreeds 'n hele week aan die rondloop in Europa. Hier volg nou Anne-Marie se indrukke van haar en Miles se onvergeetlike drie-weke toer:

"Ons kort vakansie in Europa was heerlik, vol interessante belewenisse en ervarings en sommer baie pret.

Wanneer 'n mens self deur die nou straatjies langs die watergragte van Brugge of Gent stap, met die ou geboue wat uit die elfde eeu dateer beleef 'n mens 'n gedeelte uit hou eie voorgeskiedenis. In jou eie katedrale is elke brandglasvenster mooier en treffender as die vorige. Die treffendste brandglasvenster wat ons gesien het was die in die Domkerk in Gouda, die katedraal in Chartres en die reuse Domkerk in Gent.

In die omvangryke museums soos die Louvre en die Nasionale Biblioteek in Athene het ons baie ure deurgebring. Hier het ons die Antieke kunswerke van Egipte, Antieke Griekeland en die Romeinse Ryk bewonder. Daar is soveel om te sien dat 'n mens beswaarlik alles kan inneem.


Wat die skilderkuns betref is daar 'n rykdom in ervaring in die musea soos die Jeu de Pomme (Parys) met van die impressionistiese werke van Renoir en Loutrex; in Weenen is die groot kunsmuseum langs die Hofburg met werke van Holbein in die pragtige Hollandse tonele van Breughel. Die Vermeer - werke het ons in die Mauritzhuis in Den Haag gesien.

Die Cluny museum in Parys bevat 'n interessante versameling meubels en artikels uit die kloosters van die Middeleeue. In Weenen het ons 'n oulike uitstalling van flora van die Alpe raakgeloop. Tussen die onbekende maar asemrowende rankplante, bome en veelkleurige blomme het ons die alombekende Edelweiss gesien. In kontras het daar 'n versameling bonsai-boompies uit Japan, langs die Alpynse plante gestaan. Een ou knapie was meer as 400 jaar oud maar skaars 'n halwe meter hoog.

Die nuwe George Pompidou - sentrum in die marais area van Parys het my verstom. Die konstruksie met pype in onder andere bloedrooi en koningsblou, en verder net glaspanele is vyf verdiepings hoog en vertoon meer 'n fabriek. Hier word uitstallings gehou oor die tegnologie en wat ons opgeval het was 'n besondere uitstalling oor die ontwikkeling van die kartografie en weerkunde vanaf die begin van die wetenskap af. By hierdie uitstalling is kunstig gebruik gemaak van atlasse, kaarte en instrumente soos 'n satelietskerm waarop die metereologiese strominge oor die aarde op daardie tydstip aangedui word.

Alhoewel dit somer in Europa is, is die hoë pieke van die Alpe maar deurentyd onder 'n wit kombers. Ons het met die kabelkar na die bergtop van die Schildthern gegaan. Hier is die roterende restaurant vanwaar 'n mens die asemrowende panorama van sneeubedekte pieke die Matterhorn, Schrickhern, Eiger en Jungfraujoch kan waarneem terwyl jy aan Bratwurst met pommes frites (aartappelskyfies) smul. Op die terras langs die restaurant het 'n groepie mense hard probeer om in die koel luggie te sit en sonbruin - te snaaks met hul baaikostuums aan teen die sneeubedekte agtergrond.

Griekeland, het ons met 'n warme 32°C verwelkom! Al wat bietjie verligting gebring het was die groot hoeveelhede roomys en koeldrank wat ons verorber het. Hier het ons argeologiese opgrawings by Delphi en Micenae (waar die moontlike graf van Agamemnon is) en die amfiteater van Epidawres met sy uitstekende akoestiek, besoek. Die toergidse in Griekeland kon baie vertel van die mitologie en geskiedenis van die Griekse beskawing. 'n Besoek aan een van die eilande aan die kus is 'n moet. Per "hydrofoil" ('n tipe seevaartuig wat bo-op die wateroppervlak beweeg) neem dit ongeveer 'n uur na Paros. Hier wemel dit in 'n mengelmoes van style en giere van die groot getal toeriste. Hier kan 'n mens fietse huur en oral is die toeristestalletjies met pragtige linne, weefwerk, leerwerk en juwele maar natuurlik net baie duurder.






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ons het baie geleer oor die verskillende regeringsnorme van die lande wat ons besoek het, Die vreemde kantonstelsel van die Switsers is in Bern aan ons verduidelik en in Den Haag het die gids verduidelik wat die funksie en prosedures by die wêreldhof is wanneer geskille tussen V.V.O lidlande besleg word.

Die kontak met die mense wat ons besoek het het lig gewerp op die sosiale toestande, huisvesting, werkloosheid en geestesingesteldheid van die Europiër. Werkloosheid in Switzerland is feitlik nie 'n faktor nie vanweë die beleid dat geen uitlander in diens geneem word nie. Die ekonomie is stabiel, opvoedingspeil besonder hoog en die salarisse enorm. Tog is dit onmoontlik om 'n huis te kan bekostig.

In Griekeland is die prentjie heelwat anders. Werkloosheid is aan die orde van die dag, geleenthede om te studeer is skaars en die mense leef grootliks van die hand na die mond".

Die oggend van Anne-Marie se terugkoms het almal in afwagting op haar afgepeil, enersyds uit nuuskierigheid en andersyds om te hoor of sy onder andere Alida se knoffelkaas uit Parys saamgebring het. Die kaas het vir 'n groot verleentheid gesorg. In Griekeland het dit ietwat van vorm verander en ten einde raad het dit apart in 'n plastieksak saam met 'n paar tekkies beland. By doeane wou die amptenaar opsluit na die inhoud in die plastieksak kyk: - hy maak die sakkie oop en sien die paar tekkies, kry die verdagte kaas se reuk en maak die sakkie sonder enige verdere seremonie summier toe. Anne-Marie probeer tot vandag toe nog die uitdrukking peil ...

So hier is 'n wenk aan alle voornemende besoekers as julle al daardie ou dingetjies wil insmokkel - kom kry die naam van Alida se kaas voor julle vertrek.

*Worry is one of the silliest occupations of mankind*
*Worry does nothing except weaken initiative*
*dull the sparkle in the eye*
*drive out hope and sap courage.*
*Where there is too much worry, the cause is lost.*

*Worry causes dissipation of energy, brings fear of the future, regret for the past.*
*You can't solve your problems by intensifying them through worry, anger and fear.*

*You need to work on yourself - set your own mind in order. Forget greed - discard fear.*
*Do every day the very best you can do in every situation. Be energetic, be unselfish, be happy.*



'I've come to complain about the noise.'

DERDE VLOER

'n Nuwe semester het weer begin - daarvan kan ons almal getuig. Die studente sluip verby ons, trappe op en trappe af. Soms kry 'n mens die idee dat hulle by die ouerhuise met die dood gedreig is as hulle nie nou dadelik begin werk nie. Sommige sien ...... blykbaar nou vir die eerste keer die biblioteek van binne.

Sommer 'n voorbeeld van nou onlangs. Ewe vervaard kom 'n gebruiker en vra:

"Kan julle my sê waar staan die boeke van outeurs wat met 'n 'R' begin?"

Op die rak, sou 'n mens wou antwoord. Maar nou ja, miskien het iemand per abuis die laaste oriënteringslesing misgeloop.

Dis sulke dinge wat 'n mens so laat uitsien na die tydjie by die huis as jy jou skoene kan uitskop, en lekker agteroor kan sit met 'n koppie koffie.

So tussen die werk deur is daar gelukkig nog iets om op te kan teer - Annatjie Botes (nêe Momberg) se troue. Dit was voorwaar lekker - so is daar eenparig besluit. Van die oomblik dat sy met haar ligpienk rok die kerk binnegestap het, totdat die tafels weggeskuif is, die dans begin het; en elkeen homself kon geniet het, en natuurlik alle Merensky-sorge kan vergeet. Dankie, Annatjie, dat jy getrou het - so kon ons toe weer eens sê dat ons almal se wens is dat jul huwelik baie gelukkig sal wees.


Piet is weer terug van oorsee - ons kan skaars glo die tyd het so vinnig gevlieg. Hy vertel net van die inkopies, die lekker verblyf en die halfgaar Franse vleis wat geen Afrikaner kan eet nie. Met sy terugkoms het hy sommer Kersvader gespeel ook. Julle moet tog almal mooi kyk - elk van ons spog nou met 'n skouersak van oorsee.

So kom en gaan week na week. Elkeen beplan sy eie lewe, sy eie verlof, maar tog werk ons almal saam om 'n diens aan ons gebruikers te lewer.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# baie geluk



Annatjie Botes

Rentia Pretorius

Ilsé- Marié

v Niekerk

# totsiens




Alna

Jordaan




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE

UP BIBLIOTEEKDIENS

AUGUSTUS 1980



VERANDERINGS IN DIE BIBLIOTEEKDIENS

Die jaar 1980 sal in die annale van die Biblioteekdiens opgeteken staan as dié jaar van groot veranderinge. Die rekenarisering van die katalogus is nou 'n voldonge feit. Die ou katalogus is afgesluit en in die plek daarvan het DOBIS gekom met sy rekenariseringspunte en mikrofichelesers. Dit is 'n behoefte van die hart om almal wat daarmee te doen gehad het te bedank vir al die harde werk wat daarmee gepaard gegaan het. Die omskakeling het vlot verloop en die Biblioteekdiens kan werklik trots wees op dit wat bereik is. Daar word gretig uitgesien na die volgende fase van die projek.

Maar dit was nie net ontsluiting waar veranderings teweeggebring is nie. Die gebruik van oudiovisuele hulpmiddele is stadig maar seker besig om 'n integrale deel van die Biblioteekdiens te word en apparate soos die videokassetspeler, skyfieprojektor en oudiokassetspelers is nie meer vreemd in die Biblioteekdiens nie. 'n Nuwe lusfilmprojektor wat besondere moontlikhede vir opleiding inhou is aan die Mediese-biblioteek voorsien terwyl klank/skyfieprojektors ook reeds in gebruik is by die Mediese-, Voorkliniese-, Klinikala-, Merensky- en Veeartsenykunde biblioteek.

In die Merensky-biblioteek is pas 'n nuwe Minolta leser/drukker vir mikrofiche en mikrofilms aangekoop, en ook 'n dupliseerder vir mikrofiche, wat ons in staat stel om vinniger eksemplare van onder andere proefskrifte aan aanvraers te voorsien.

Die platespelers by die Musiekbiblioteek is pas vervang met moderne apparaat wat ook voorsiening maak vir die speel van kassette. Dit word beoog om in geval van intensiefgebruikte items liewers kassetopnames in plaas van plate aan gebruikers beskikbaar te stel. Om binne die bepalings van die outeursregwet te bly is met die platenywerheid onderhandel en 'n ooreenkoms bereik wat ons in staat stel om vir eie gebruik in die biblioteek, kassetopnames na plate te maak.

Die Bindery is nie vergeet nie. Die afronding van die rugkante van gebinde volumes is in die verlede met 'n hamer op 'n houtblok gedoen. 'n Metode wat baie vermoeiend en tydsaam was. Gelukkig kon ons daarin slaag om 'n rugrondingspers aan te koop wat die proses baie vereenvoudig en minder vermoeiend vir die binders maak. 'n Bestelling is verder geplaas vir 'n addisionele bordskêr. Hopelik sal die bindproses met die nuwe toebehore versnel kan word.

Goedkeuring is intussen verkry in die inrigting van 'n ontvangsportaal op die laergrondverdieping. Wanneer die werk afgehandel is, sal persone om veiligheidsredes nie meer vrylik op die laergrond-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

verdieping die gebou kan binnekom of verlaat nie en sal van die Biblioteekpersoneel verwag word om die hoofingang op grondverdieping te gebruik. Aangesien personeel veronderstel is om van parkeerarea P4 gebruik te maak sal die reëling hopelik nie te veel ongerief veroorsaak nie. 'n Herrangskikking van die seksies, Aanskaf, Finansiële administrasie en tydskrifte word beoog. Meer inligting sal later hieroor bekendgemaak word.

By Veeartsenykunde is begin met die vergroting van die biblioteek. Volgens die bouaannemer behoort die werk teen die einde van September grootliks afgehandel te wees. Die installering van die rakke sal waarskynlik eers later gedoen word, maar dit word in die vooruitsig gestel dat die inrigting van die Biblioteek met die aanvang van die nuwe akademiese jaar heeltemal afgehandel sal wees.

Mnr W W DUminy



*VERJAARSDAE*

*5 Mev C Elignaut - Sekretaresse: Adjunk-direkteure*
*10 Mnr D Grobler - Militêre Diensplig*
*12 Mev S Steyn - Ontsluiting*
*12 Mnr M Bekker - Buitemuurs*
*13 Mev M Rautenbach - Boekbestellings*
*15 Mnr D Hughes - Bindery*
*18 Mej M Mörsner - Ontsluiting*
*19 Mej S Möller - Medies*
*20 Mnr W Porter - Bindery*
*20 Mev A Moolman - Musiek*
*22 Mnr N Venter - Boekbestellings*
*22 Mev I-M van Niekerk - Tydskrifte*
*23 Mev A Pienaar - Boekbestellings*
*25 Mev D Wheeler - IBL*
*27 Mev R Viviers - Vakbibliotekaresse: Regte*
*29 Mej R van Staden - Reprografiese Dienste*

THE FAMILY has a special vocation to be a place where people are loved not for what they do or what they have, but simply because they are.



SEPTEMBER

AULA

| | | |
|---|---|---|
| 2,6,8,9 | 20h00 | Jakara - Musiekblyspel wat die geskiedenis van UP uitbeeld. Libretto: Fanus Rautenbach Musiek: Louis van Rensburg Spelleiding: Carl Trichardt |
| 19,20 | 20h00 | Alabama Studentegeselskap - P.U. vir C.H.O. |

MUSAION

| | | |
|---|---|---|
| 2 | 13h10 | Hilda Kriel (Sopraan) Leon Smith (Bariton) en Hermine Weiss (Alt) |
| 3 | 20h00 | Gerda Hartman (S.A.-sopraan) en Johan Whitelow (Amerikaanse pianis) |
| 4 | 13h10 | Nellie Spies-Bowen (pianiste), Pieter Niemann (tenoor) en Susan Steenkamp (pianiste) |
| 12 | 20h00 | Feeskonsert - Departement Musiek - UP. |
| 16 | 13h10 | Jeanette Harris (sopraan) en Dina Potgieter (pianiste) |
| 23 | 13h10 | Janita Claassen (Luisterliedjies) |
| 24 | 20h00 | Noord-Transvaalse jeugkoor o/v Adolf Theron |
| 25 | 13h10 | Salome Coertze (pianiste) |
| 30 | 13h10 | Ansa van Rensburg (pianiste) en Kamermusiekensembles van die Toonkunsakademie |

AMFITEATER

| | | |
|---|---|---|
| 9 | 13h10 | UP-koor & S.A. Lugmagorkes |

UITSTALLINGS: RAUTENBACHSAAL

16-19 Ikebana-uitstalling, lesings en demonstrasies, aangebied deur Ikebana Internasionaal

25/9-2/10 Kunsuitstalling - Gekeurde Kunsbesit van UP

DEPTARTEMENT BEELDENDE KUNSTE GALERY

9-26 Studentekuns - Dept. Beeldende Kunste



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VAN WOUWHUIS

6/8 - 30/9 Kunsfotografiese uitstalling - UP-Personeel

KUNSMUSEUM

18/9 - 26/10 Kunswerke - Oud-studente van UP.

MASKERTEATER

4-12 20h00 Ses karakters op soek na 'n skrywer.



" REMEMBER, CLASS THIS FILM IS RATED X- MEANING IT WILL BE ON THE X-AMS "

*STUDENT TEEN DOSENT*

*Wanneer 'n student lank neem - dan is hy stadig.*
*Wanneer 'n dosent lank neem - dan is hy deeglik.*

*Wanneer 'n student iets nie doen nie - dan is hy lui.*
*Wanneer 'n dosent iets nie doen nie - dan is hy te besig.*

*Wanneer 'n student vanself handel is hy voorbarig.*
*Wanneer 'n dosent vanself handel is dit inisiatief.*

*Wanneer 'n student standpunt inneem is hy hardkoppig.*
*Wanner 'n dosent dit doen is hy ferm.*

*Wanneer 'n student etiket reëls oortree is hy onbeskof.*
*Wanneer 'n dosent dit doen is hy oorspronklik.*

*Wanneer 'n student sy dosent plesier is hy kruiperig.*
*Wanneer 'n dosent sy dekaan plesier is hy samewerkend.*

*Wanneer 'n student goed vorder het hy raak gespot.*
*Wanneer 'n dosent presteer is dit harde werk.*

*(Met erkenning aan UPEN, studentekoerant van UPE).*

## Kleredrag

Al die dames wat baadjies bestel het, het na 'n lang gewag uiteindelik elkeen nou 'n nuwe baadjie ontvang. Verder word die dames versoek om asseblief die baadjies elke dag te dra.

Dankie
Klerekomitee

## ONS VOEL SAAM....




M1.3

19 Augustus 1980

OMSENDBRIEF AAN ALLE AFDELINGS- :SEKSIEHOOFDE

Dit is vir my 'n genoeë om u mee te deel dat goedkeuring verleen is dat personeellede van die Biblioteek toegelaat mag word om 'n volle dag (8 uur) op 'n keer af te neem sonder dat 'n verlofvorm daarvoor voltooi word, onderworpe daaraan:

a) dat die personeellid die tyd tot sy krediet het;

b) dat reëlings vooraf met die afdelingshoof getref word, welke reëlings ook vooraf deur die Direkteur goedgekeur moet word;

c) dat die personeellid die tyd mag afneem aan die begin of einde van 'n tydperk van verlof maar nie gedurende die verlofperiode nie met dien verstande dat tydperke van afwesigheid deur afneem van tyd aaneenlopend met 'n tydperk van verlof nie onderbreek mag word deur naweke of vakansiedae nie;

d) dat die afneem van tyd nie op twee agtereenvolgende volle werksdae mag geskied nie.

Wat paragraaf c) betref is die implikasie die volgende, naamlik: Personeel mag nie 'n volle Vrydag of die dag voor 'n vakansiedag die hele dag afneem nie, met ander woorde 'n persoon mag nie verlof insit vanaf 'n Maandag en dan reeds die voorafgaande Donderdag met verlof vertrek nie. U moet asseblief hierdie reëlings nougeset toepas.

W W DUMINY
ADJUNK-DIREKTEUR (ONDERSTEUININGSDIENSTE)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# UP 1912

'N GREPIE GESKIEDENIS

In die Lochhead's guide, hand-book and Directory of Pretoria, published by The Transvaal Reliable Agency, 30 Erasmus Buildings, Church Square in 1912, het mnr Otto 'n tydjie gelede die volgende inligting oor die destydse Pretoria-afdeling van die"Transvaal University College", en spesifiek oor die biblioteek opgespoor. Ons haal aan uit bogenoemde werk:

Description of Buildings. - The College Buildings consist of two detached blocks, and form portion of a large design to be gradually completed with the growth of the institution.

The front block, containing the Library and Offices, class-rooms in Literature and Science, and the laboratories in Biology Geology, is two storeys in height, faced entirely with white free-stone, and covered with a tiled roof, the main front being arranged with open areaded corridors. The treatment is a free Byzantine.

The principal entrance is from the centre of the quadrangle facing the town, and opens into a spacious hall. The Board Room and Secretary's offices are entered from this hall, and access is obtained to open corridors on right and left, leading to Lecture Rooms and lavatories.

The Entrance Hall and staircase is simply treated in Warmbaths stone, with groined plaster ceilings.


The student's entrances are in the wings, that on the right for women, and that on the left for men. Cloak-rooms and lavatories are provided in each case on opposite sides of the building.

On the two floors of this building, Lecture Rooms are provided for English, Dutch, Philosophy, Greek, Latin, French adn German, Mathematics and History, also Lecture Rooms and Laboratories for Geology, Botany and Zoology, and a large Lecture Hall for general purposes. Each Lecture Room has a Professor's Room adjoining, and there is a Common Room for the staff on the first floor.

The large Library, which occupies the upper storey of the South Wing, is a fine apartment, panelled throughout in dark wood, well ventilated, and divided into numerous bays, screened off for private study. It has been designed in a thoroughly practical and up-tp-date manner, and is probably the finest example of a college library in South Africa. The books already number upwards of 4,000, and additions are constantly being made. The chief English and Continental periodicals in Literature and Science are regularly taken in."

As die skrywer in toeka-se-tyd al die biblioteek as "the finest example of a college library in South Africa" beskou het, sou ek graag, nou byna 70 jaar later wéér met hom wou gesels.

Meegaande foto's wat ook uit die werk kom, is die Ou Lettere-gebou, blykbaar pas na voltooiing, en die "fine apartment, panelled throughout in dark wood ... designed in a thorougly practical and up-to-date manner ...".





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# MY BEROEP... IN 2005 ?

In 'n onderhoud met Adam Osborne, president van die uitgewersmaatskappy Osborne/ McGraw-Hill wat in die Instructional Innovator van Maart 1980 gevoer is, is dit duidelik dat die gevierde uitgewer van mening is dat die werkspatroon 'n kwarteeu vorentoe radikaal gaan verskil met dié van vandag.

Sy redes daarvoor is die volgende:

1. Masjiene kan die sogenaamde "blue-collar jobs" van mense suksesvol vervang. Masjiene raak nie verveeld nie, word nie moeg nie, (is hy seker?) en kan nie staak nie. Rekenaars en robotte kan vandag al sien, hoor en praat.

2. Telekommunikasie gaan die aflewering van pos en koerante uitskakel. Dit sal ook nie meer nodig wees om werk toe te gaan nie. Besluite kan van die huis af aan 'n rekenaar gevoer word, wat dit aan die geprogrammeerde rekenaars kan oordra om uit te voer.


3. Inligtingsnetwerke kan die sogenaamde "white-collar workers" vervang in die beantwoording van navrae, bevele te ontvang, en veral administratiewe take uit te voer. Dit sal beroepe soos reisagente, vervoer- en hotelbesprekingspersoneel en aandele-makelaars uitskakel.

4. Die grootste hoeveelheid sekretariële- en klerklike take sal uitgeskakel word deur stemgeaktiveerde tikmasjiene, en diktafone wat tikmasjiene elektronies beheer, sal aan die orde van die dag wees.

   Die teendeel van die "arbeidsrevolusie" bestaan ook. Die wêreld van die mikro-elektronika sal soveel nuwe beroepe skep - in die telekommunikasiewese, en ander tegnologiese gebiede. 'n Uitvloeisel van die behering van al die media sal inhou dat daar korter werksdae sal wees, en dat die mensdom al hoe meer na ontspanning, vermaak en die kunste sal soek.

   Die moontlikheid dat hierdie "elektroniese revolusie" gestuit kan word, is, volgens Osborne net so skraal as wat die Industriële Revolusie gestuit kon word.

   Hy voorsien 'n groot vraag na media-instrukteurs wat die wêreld sal moet help om al hierdie nuwe apparaat baas te raak. Die wetenskap van die toekoms is inligtingstelsels, en die optimale beheer en gebruik daarvan. Met die rekenaar-terminaal wat as standaardtoerusting in 'n biblioteek beskou sal word, sal dit die taak van die biblioteek en sy personeel wees om mense in staat te stel om die inligting wat hulle benodig uit die menigte beskikbare databasisse te onttrek. Al hierdie nuwe media sal boeke aanvul, maar nie vervang nie.




Die gebruik van mikrogolf-telekommunikasie sal so goedkoop word, dat dit later binne almal se bereik is - in so 'n mate dat 'n onderwyser in een land onderrig kan gee aan studente in 'n ander land, en dat direkte kommunikasie tussen die twee moontlik sal wees.

Rekenaarprogrammeerders staan in die beroep van die verlede en die hede, maar definitief nie van die toekoms nie. Programmering sal so eenvoudig word, dat die rekenaar homself, met die minimum instruksies, sal programmeer. Dit sal egter meebring dat almal op 'n stadium basiese rekenaaropleiding en -programmering sal moet ondergaan - nog 'n beroep wat geskep word.

Osborne vergelyk die verhouding tussen die rekenaar en die menslike brein met die graaf en die mens se arm. 'n Mens kan met 'n graaf beter grawe as met jou naels, maar jy het nogtans 'n arm nodig om die graaf te hanteer. So bly die brein nodig om die rekenaar te beheer.

In die opvoedingsatmosfeer sal die rekenaar ook 'n direkte invloed hê. Leerplanne sal so aangepas word dat dit voorsiening moet maak vir die tegnologiese eise wat aan die mens gestel word, rekenaars sal as ensiklopedieë gebruik word, sal in herhalingsoefeninge gebruik word, en terminale sal sowel tuis as in die werk beskikbaar wees.

Die rekenaar sal egter nie al die onderrigstake kan oorneem nie. In 'n vraag-antwoord-situasie sal 'n vakkundige nodig wees om foute uit te stryk - die rekenaar sal geprogrammeer word om alle moontlike antwoorde van die student te dek, maar dit sal 'n enorme taak op die onderwyser lê.

Of 'n rekenaar 'n mens poësie kan leer verstaan, of kan leer skryf of teken, is huidig nog 'n aanvegbare stelling. Die videoskyf word geneem as 'n medium met groot moontlikhede in 'n opvoedingsituasie.

Geen medium kan egter die onderwyser vervang nie - dit kan slegs 'n aanvulling wees. 'n Rekenaar kan per slot van rekening nie 'n kind straf as hy nie doen wat hy gesê word om te doen nie - en as baie ouers vandag nie juis meer 'n wakende oog oor kinders se studies hou nie - des te meer in 2005.

Daar sal dus altyd 'n mark vir onderwysers wees - maar wat van ander beroepe? Osborne gee etlikes, waarvan slegs die van die bibliotekaris hier aangehaal word: "LIBRARIANS? Not as custodians of materials or guides to specific resources. If I want to know something, I'll simply plug into the worldwide network of databases, but ... to organize the search through labyrinthine networks. Their responsibilities will expand beyond mere resource acquisition and circulation; they'll be skilled in anticipating what people need to know, and making sure it's available".

Sal ek nog werk hê in 2005? (Gelukkig is ek dan darem nie ver van aftree af nie!)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# HART WIE KAMEL-

# DORNHOLZ....

INDRUKKE VAN NAMIBIË

Van die oomblik toe Sylvia en Chris Ipland ons op J G Strydom-lughawe ontmoet, was alles nuut, opwindend en lekker.

Hulle ry draaie met ons om en deur Windhoek sodat ons hulle "dorp" kan sien. Dan gaan maak ons kennis met 'n Duitse biertuin, en toe-word alles nog lekkerder!

Later neem hulle ons na die ou begraafplaas wat bekend is as die beste-versorgde begraafplaas in die wêreld, en dis voorwaar pragtig netjies, nieteenstaande die bladwisselende bome. Blomme groei op die grafte, of daar is potte met snyblomme op.

Opvallend is die groot aantal dubbele grafte met bankies bedagsaam geplaas op die onbewoonde helftes. Wat merkwaardig is: daar is nie één geboë, treurende figuur in die hele kerkhof te sien nie! Die oorblywendes het vermoedelik troos gaan soek by 'n nuwe maat.

Vroeg Dinsdagoggend kom laai die bus ons op vir 'n S.A.S-toer na Etosha. Ons is maar 'n bont spul, en almal lyk bedees en formeel, wat baie gou deur die dag verander toe ons toerleier eers begin praat. Almal hou dadelik van hom. Hy is 'n jong Belgiese Suid-Afrikaner, Jos Dupon, vriendelik, hulpvaardig, - met 'n onuitputlike bron van kennis; hy is vrolik, vertel goeie stories en geniet klaarblyklik sy werk.

Ons begin die lang pad na Walvisbaai en Swakopmund en by altwee hierdie dorpe word ons beïndruk deur massas blomme wat natgespuit word, ten spyte van die duur water.

In Swakopmund ontmoet ons vir Maretha en Reinhard Kuhles - hulle woon soos vorste in die bodeel van 'n geweldige groot en pragtige ou huis. Voor hulle is die see en die son gaan rooi onder oor die water. Maretha bring 'n bossie Kappertjies uit haar tuin vir ons hotelkamer. Hulle is tuis en gelukkig in die Duitse gemeenskap.


Die volgende oggend is daar mis oor die see en met die bote lyk dit na 'n egte Turner-landskap. Mens kyk dwarsdeur die dorp en sien die son skyn in die Namib. Die bus kom haal ons om te gaan kyk na die welwitschias waarvan sommiges glo 2 000 jaar oud is. Jos verduidelik en wys vir ons die verskil tussen die manlike en vroulike plante. Die saad van die vroulike plant word deur die wind versprei en bevrug die manlike plant - 'n fantastiese reëling!

Jos tel 'n handvol droë stokkies op wat hy in die bus in die water sit. Die volgende dag is die takkies vol groen blaartjies, dis die sogenaamde opstandingsplant.

Die woestyn is nie elkeen se idee van mooi nie. Een van die groep sê sy sal nou maar bietjie slaap want daar is niks te sien nie. Toe sy aangesê word om na die geweldige ruimte te kyk, sê sy sy het dit klaar gesien. Verlore vir haar is die ligte suurlemoengeel lug op die horison, die ylblou berge, die verbleikte oranje van die sand. Sy kla dat sy lus is vir tee - dit sou 'n verligting wees om haar onmiddellik terug te plaas in haar huis met 'n emmer tee voor haar!

- Daar kom nog meer
Miskien volgende keer

Mev Mariè Rautenbach




"Why, we wrote the book on cutting costs but, I must confess, we've never read it."

# VRAELYSTE ?

Die vraelyste oor Biblikasie se wel en weë in die toekoms hét toe so 'n ligte roering in die Merensky-geledere veroorsaak.

Waarom is dit versprei? Om 'n idee te vorm wat die personeel graag lees - en nie lees nie, of daar onnodige inligting geplaas word, en nodige inligting ontbreek - en of Biblikasie 'n plek het - en dit darem volstaan in die Biblioteekdiens - (en; o, ja, mens kan dalk 'n storie daarvan maak as dit, soos die koerantmense sou sê, komkommermaand is!)

By die vlugtige deurgaan van die lyste, het daar al 'n aantal heel interessante feite aan die lig gekom - wat die een graag lees, word deur die ander nie eers na gekyk nie - 'n "algemene voorkeur" bestaan net nie.

Die Redaksie hoop om met die September-uitgawe 'n ontleding van die vraelyste te plaas. Tyd om die inligting te orden, het hierdie maand ontbreek, en DOBIS, het, toe ons hóm gevra het om te help, ons in kennis gestel dat hy nou by die Rekenaarsvakbond aangesluit het, dat sy kwota werk vir die maand afgehandel is, en dat hy dit dálk sal oorweeg om dit volgende maand in te pas - teen ekstra vergoeding!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# PUK- BESOEK

STUDENTE VAN DIE PU VIR CHO BESOEK MERENSKY

Ses-en-twintig studente in hulle tweede jaar van die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde aan die PU vir CHO het op 11 Augustus 'n besoek aan die Merensky Biblioteek gebring. Sulke besoeke is 'n jaarlikse instelling by hierdie universiteit en die doel daarvan is om studente te oriënteer met betrekking tot die Universiteitsbiblioteek as biblioteektipe.

Die groep is om 14h00 deur mej Rita Badenhorst en mnr Otto ontvang, waarna hulle in vier groepe 'n vol program van oriëntering gevolg het. Soos die tyd dit toegelaat het, is hulle na al die afdelings van die biblioteek geneem en in bree trekke ingelig oor die stelsels wat gevolg word, en aktiwiteite wat daar plaasvind. DOBIS het veral weer die aandag getrek, hoewel daar onder van die studente gewonder is of 'n ander loopbaan nie die noodwendigheid van hierdie tegnologie vir hulle sou kon afweer nie. Na al die ervaring daarmee sal die ontsluiters hulle seker kon verseker dat dit 'n gerief is waarmee hulle al net so maklik soos met 'n radio en televisie omgaan. Behalwe die vinnige rondtes wat verder op elke vloer gedoen is, het mev Alida Dippenaar 'n kern-agtige lesing oor die Vakbibliotekarisstelsel gegee. Terwyl daar aan die einde van die besoek-tyd rustig tee gedrink is, het prof Gerryts informeel geantwoord op vrae en gesels oor die wyse waarop in die Merensky-biblioteek gewerk word ooreenkomstig 'n bepaalde historiese agtergrond, en ook sy verbondenheid aan spesifiek die Universiteit van Pretoria, sowel as vanuit die standpunt van die beste benutting van personeel tot die voordeel van beide; die instansie wat gedien word, sowel as elke individuele personeellid met sy of haar bevoegdhede en behoeftes.

As daar gedink word aan die tyd wat in beslag geneem word deur die voorafbeplanning van so 'n besoek, sowel as vir die besoek self vir beide besoekers en gasheer, is dit noodsaaklik om te vra na die betekenis daarvan. Afhangende van die kwaliteit van wat aan so 'n studentegroep gebied is, kan gesê word dat die gasheer-biblioteek 'n aandeel geneem het aan die professionele voorbereiding van biblioteekwerkers. Verder was elke afdeling en persoon wat by die oriëntering betrokke was in die geleentheid om weer te besin oor dit waarmee hulle elke dag besig is en wat daarmee bereik wil word. Uiteindelik behoort dit te lei tot verdere vaartbelyning van verskillende aktiwiteite. Vir die besoekers moes dit waardevol wees om kennis te maak met nog 'n biblioteek waarvan die struktuur en organisasie verskil van ander wat hulle besoek het en die waaraan hulle tydens hulle studietydperk gewoond word. Dit alles behoort mee te werk tot aan die een kant, die uitskakeling van alles in die gasheer-biblioteek wat nie sinvol afstuur op gestelde doelwitte nie, en aan die ander kant vir die besoekers, 'n ruimer begrip van die Universiteitsbiblioteek as biblioteektipe.

- Thea Heckroodt




# IBL.

Mev Mariette Pelser en mej Randi Pretorius het ons verlaat en nou is ons maar weer besig om die ekstra werk onder die knie te kry.

Gelukkig het mev Maryna Bekker by ons aangesluit en staan alreeds haar plek vol. Ons wil haar baie welkom heet en hoop dat sy lekker saam met ons sal werk. Ook wil ons vir Toonbank bedank vir hul hulpvaardigheid - dit word opreg waardeer.

Vir interessantheid bied ons nou 'n uiteensetting van Departemente wat van oorsese interbiblioteek-lenings gebruik maak.

Tydperk Mei 1980 - Julie 1980

| | Departement | Bedrag |
|---|---|---|
| 1. | Teologie | R237 |
| 2. | Staatsleer | 123 |
| 3. | Musiek | 69 |
| 4. | Kunsgeskiedenis | 66 |
| 5. | Ingenieurswese | 39 |
| 6. | Entomologie | 36 |
| 7. | Dierkunde | 30 |
| 8. | Bestuurswese | 27 |
| 9. | Sielkunde | 24 |
| 10. | Plantkunde | 12 |
| 11. | Wysbegeerte | 12 |
| 12. | Geskiedenis | 9 |
| 13. | Chemie | 9 |
| 14. | Latyn | 6 |
| 15. | Volkekunde | 3 |
| 16. | Veeartsenykunde | 3 |
| 17. | Landbou | 3 |
| 18. | Regte | 3 |
| | Totaal | R711 |

Joy Roos en Denise Wheeler



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Links na Regs


Sarki du Toit, Linda Briers,
Marie Willemse (Vakbibliotekaresse)



Patrick en Dora



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



"It's a bureaucratic hangover—everything in triplicate..."

# VOORKLINIES

'N DAG BY VOORKLINIES ...

... 'n klein bedrywige Biblioteek met 'n gesellige atmosfeer, geleë in die B M W - gebou op die Mediese kampus. Voorklinies bedien die Mediese studente (voor-klinies), Tandheelkunde-studente, Personeel verbonde aan die Mediese Skool, asook instansies soos die R A K, T B-Instituut en menige besoekers, veral Medici vanuit die stad, studente van Technikon Pretoria en die Universiteit van die Witwatersrand.

Die bedrywigheid en gesellige atmosfeer is te danke aan die gebruikers - altyd belangstellend, vriendelik en ywerig. Hierdie ywerigheid bepaal dan ook die verloop van 'n dag hier by Voorklinies.

Die Vakbibliotekaresse se dag begin in die donker - letterlik en figuurlik - wanner sy reeds voor sonop die pad aandurf Pretoria toe. Hoe dunner die pak boek- en tydskrifbestellings word, hoe ligter word haar dag. So tussendeur die vergaderings, verslae, opnames en statistiek, word die katalogus gekontroleer en die gebruikers gelukkig gehou. Die Medlars-manie wat so pas kop uitgesteek het, word met 'n bewonderenswaardige moedigheid hanteer!

Weerskante van die Vakbibliotekaresse staan haar twee assistente. Hoewel dit voel of twee derdes van hul dag bestaan uit die invul van statistiek, is hulle ook verantwoordelik vir al die roetinewerk wat die wiele aan die draai hou : "Gebruikers by die toonbank help, uitleenkaartjies insorteer en onttrek, boeke wegpak, omsien na die Gereserveerde Versameling, aanmanings uitstuur, I B L[e] hanteer, meters vir fotostaatmasjiene uitreik, kataloguskaarte insorteer, nuwe boeke lys, tydskrifinhoudsopgawes fotostateer en laat sirkuleer, telefoon beantwoord en tot hulp van menige dokter uitsaaidiens speel, rakkontrole doen, gebruikers oplei by die katalogus en mikrofiche en tee maak as daar 'n blaaskans kom ...

Twee persone wat sorg dat Voorklinies menige kompliment kry, is die Bode en die Skoonmaakster. Hulle moet toesien dat die Biblioteek netjies en skoon is. Hulle is ook onderskeidelik verantwoordelik vir die wegpak van tydskrifte, maak van fotokopieë, versorging van die kleedkamers en ander bode-pligte.

Om deel van Voorklinies te wees, bly 'n plesier - 'n interessante plesier! As gevolg van die feit dat slegs 'n spesifieke groep gebruikers bedien word, leer mens hulle maklik ken:

Die fotokopie-makers, akademies-georiënteerdes, navorsers, koerantlesers, moeës, ontevredenes, verliefdes, gejaagdes en nog vele meer : almal deel van 'n dag by Voorklinies.

# 9 NM— MERENSKY-TYD!

Vir meer as een van die 10 bittereinders wat saans nagdiens doen in die Merensky is 9-uur 'n knellende, kwellende en kriewelende uur - 'n uur wat baie, baie stadig aanbreek, maar helaas ook die begin is van die luiste en langdradigste Merensky-uur denkbaar.

9-uur is die uur as hart en verstand saamspan en weier om een minuut langer produktief of kreatief of enigiets anders te wees. 9-uur is ook die uur wanneer vlees en bloed gewoonlik besef dat half agt vanoggend 14 ure gelede was en dat 14 ure 'n baie lang tyd is - weg van huis en haard en kind en kraai.

9-uur in die Merensky het die slegte manier om jou onkant in een van drie toestande te betrap. Gewoonlik kom jy dan ook agter dat 9-uur in die Merensky beslis sterker is as die goeie en edele in jou, ook sterker is as jou ideale van hoë produktiwiteit en goeie verhoudinge met dom mense wat snaakse vrae vra oor boeke wat weg is, of wil weet of jy net gou kan sê of hierdie 20 boeke in die biblioteek is, en dan stomverbaas vir die eerste keer van 'n katalogus hoor. 9-uur saans gee jy jou oor aan die sleg en aanvaar die toestand wat daardie aand jou baas is, gelate.

Die onwaarskynlikste toestand of geestesingesteldheid wat jou 9-uur saans kan tref, is die maniese of idealistiese. Hierdie toestand kom gewoonlik elders voor soos die weerman sê - nooit hier nie. As dit jou die aand tref, trek jy 9-uur met 'n glimlag 'n bibliografie nader en kyk gou-gou op TISAB waar 'n lys tydskrifte hulle in SA bevind. Hierdie toestand is beslis in die Merensky se kraal, maar baie nadelig vir jouself, want as jy teen 9-uur nog so aktief is, weier jou brein gewoonlik om tot rus te kom en is die volgende dag gewaarborg om "the day after the night before" te wees.

Die waarskynlikste toestand wat jou kan tref is die een van algehele uitputting. Skielik is alles aan en in jou half stywerig en stokkerig. As hierdie toestand jou tref word veral jou motoriese vaardighede aangetas - jou skryfhand beweeg van baie langsaam tot gladnie, jou voete weier om die deurgetrapte paadjies na Psychological Abstracts of die pakkamer te stap en jou moeë oë is gewoonlik starende na iewers, en is ook genieg om met tye toe te gaan. Medici sal hierdie toestand as 'n stoktoestand beskryf en opvoedkundiges sal waarskynlik hierna verwys as passiwiteit, maar iets sê vir my dat die Prof dit sommer slegtigheid sal noem.

Die gevaarlikste toestand wat jou 9-uur saans kan tref is die depressiewe een. 9-uur begin jy oproerig wonder wat jy hier soek en besluit beslis en finaal dat dit die heel laaste keer is dat 9-uur jou hier gaan aantref. Jy gryp die telefoon skakel jou verdwaasde man en kondig aan dat jy gaan ophou werk want hoe durf hy sit en televisie kyk terwyl jy tot middernag hier moet sit. Voor hy kan paai plak jy die telefoon neer, en bedink jou net betyds om nie die tweetjies wat nou al van 5-uur af op een stoel sit en pollevink te gryp nie. Hierdie soort 9-uur is 'n 9uur met 'n nasmakie want gewoonlik voel jy so skuldig en skaam oor jou oproerigheid, dat jy tot en met die volgende nagdiens werklik voortreflike diens lewer.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Gelukkig is dit net so elke tweede week vir jou 9-uur in die Merenksy, dus glo ek nie dat die 9-uur-spook regtig nodig het om jou na Hoofstad se Posteparade te laat gryp nie!

- Lucia Smith

# VAKGEWYS...

## BOEKE VIR BYBELSTUDIE

Kempff, D. Gee dit deur. Skrifstudies oor 1 en 2 Timoteus en Titus. Johannesburg: De Jong, 1978 227.83 KEMPFF

Kempff, D. Leef vorentoe: Skrifstudies oor Hebreërs. Johannesburg: De Jong, 1979 227.87 KEMPFF

Kempff, D. Reg gekies: Skrifstudies oor Rut en Ester. Johannesburg: De Jong, 1973. 222.3 KEMPFF

Bybelse ensiklopedie. Tweede hersiene uitgawe onder redaksie van W H Gispen (e.a.) Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers, 1977. 2 volumes N220.3 BYBELSE

Mijnhardt, Felix A. Afrikaanse Bybelkonkordonsie. Sesde uitgawe. Pretoria: Van Schaik, 1973 N220.2 MYNHARDT

Aharoni, Yohanan & Avi-Yonah, Michael. Bybelse Atlas ... in Afrikaans verwerk deur A H van Zyl. Durban: Butterworths, 1979. 220.95 AHARONI

---

Die drie boekies deur dr D Kempff vorm deel van 'n reeks getiteld Die Betroubare Woord. Die skrywer stel dit in sy voorwoord dat die bedoeling met hierdie boekies is om "studie in die Skrif self te stimuleer, ook gedagtig aan die waarheid: hoe meer jy oor die Bybel lees, hoe meer lees jy in die Bybel."[1]

Die patroon wat die skrywer volg, bly deurgaans dieselfde. By elke Bybelboek wat hy behandel, word eers in 'n inleidende hoofstuk die agtergrond van die boek gegee waarin hy kortliks handel oor die skrywer van die boek, die ontstaan daarvan, die plek daarvan in die kanon, ensovoorts. Daarna word elke hoofstuk van die betrokke Bybelboek in 'n afsonderlike afdeling behandel.

Die skrywer maak ruim gebruik van verwysings na tekste dwarsdeur die Bybel en dit kan vir die leser verrykend wees om hierdie verwysings na te slaan en te bestudeer in die lig van die gedeelte onder bespreking. Aan die einde van elke boekie gee die skrywer 'n lys van werke wat die belangstellende leser kan raadpleeg ter aanvulling van sy Skrifstudie.

[1] D. Kempff, Gee dit deur: Skrifstudie oor 1 en 2 Timoteus en Titus. Johannesburg: De Jong, 1978, p. 5.

'n Onlangse aanwins in die Teologie-vakversameling, is die Afrikaanse uitgawe van die bekende Macmillan Bible Atlas. Dit is in Afrikaans verwerk deur prof A H van Zyl, hoof van die Departement Ou-Testamentiese Eksegese en Teologie van die Fakulteit Teologie, Nederduits Gereformeerde Kerk, hier by U.P. Hierdie atlas is 'n baie nuttige hulpmiddel by Bybelstudie. Prof P B van der Watt sê in 'n resensie daarvan: "As die behoefte aan én noodsaak van 'n goeie atlas by die gewone geskiedenis voorop staan, soveel te meer geld dit wat die Bybelse geskiedenis aanbetref." [1]

U kan gerus self kom blaai deur hierdie atlas - dit is die moeite werd.

Die Bybelse ensiklopedie en die Afrikaanse Bybelkonkordansie is twee verdere hulpmiddels wat u kan gebruik vir u Bybelstudie.


Die konkordansie is seker by meeste van u goed bekend. U vind hierin 'n alfabetiese lys van onderwerpe met die verwysings daarby in watter Bybeltekste dit voorkom. In hierdie uitgawe kom meer as 100 000 teksverwysings voor. Verdere interessanthede wat agter in die werk voorkom, is onder andere 'n lys van eiename met hulle betekenisse, en ook lyste van diere van die Bybel en munte van die Bybel.

Die Bybelse ensiklopedie wat uit twee dele bestaan, is 'n vertaling van 'n Nederlandse ensiklopedie. Dit is suiwer wetenskaplik, maar tog maklik verstaanbaar geskryf. Interessante illustrasies en enkele kaarte dra by tot die waarde van die werk.

---

[1] P.B. van der Watt, Boeke op my studeertafel: 'n gids by ons Bybelstudie, Die Kerkbode, 4 Junie 1980, p. 736.

Rita Badenhorst
VAKBIBLIOTEKARESSE : TEOLOGIE






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# klinikala



'N DAG IN DIE LEWE VAN .........

KLINIKALA

As gevolg van die feit dat daar, behalwe myself natuurlik, geen ander personeel by die Klinikala biblioteek werksaam is nie, dink ek dat daar moontlik al 'n mate van skisofrenie by my ingetree het: 'n-meisie-vir-elke-dag soort van ding.

Maandag se meisie is gewoonlik effens deur die wind. Die dag begin dan ook koud en winderig en in die lang, koue hospitaalgang het ek net nie genoeg hande om die mannetjieswind te beheer nie. Die oopsluit van die biblioteek .... en die ontdekking dat die vensters kaalgestroop daar uitsien, neem die wind nog verder uit my seile. Nog 'n gordyndiefstal, nog 'n polisieondersoek - wat 'n manier om die week te begin! Die res van die dag verloop niks beter nie. 'n Ontstoke student wat die boek "gister nog hier op die rak gesien het" moet gepaai word, die fotostaatmasjien lol, en intussen wil die polisiesersant dan nog van my weet wie die chroniese diefstalle pleeg! (Asof ek nie genoeg werk het nie).

Die meisie wat Dinsdag instap, vind alles kalm en rustig. 'n Anonieme skenker wat 'n koeldrankbotteltjie met blomme voor die deur gelaat het, help om tot die sukses van die dag by te dra. Almal wat kom hulp vra is gaaf en vriendelik en die dag is sommer net mooi.

Woensdag breek bewolk en trietsig aan. Die oggend verloop aanvanklik heel rustig tot 'n kragonderbreking ons verras. Die wat die biblioteek hier ken sal weet dat die plek met die nodige beligting maar "donkerig" kan wees op 'n bewolkte dag. Stel jou dus dieselfde situasie voor sonder enige ligte! Gewapen met 'n flits in die een hand en 'n student aan die ander, sluip ek dus soos 'n Sherlock Holmes tussen die rakke deur, op soek na die regte boek. Voel kompleet soos 'n dief in my eie huis!

Donderdag is dié dag! Van vroeg af begin die dokters en studente ronddraf, soek na die regte foto, illustrasie of iets "wat ek tydens die bespreking vir my voordrag nodig het". Maar Donderdae draf ons meisie nie saam nie en die wat dit nog nie weet nie, vind baie gou uit (tensy die kalf in die put is, natuurlik!). Die wat egter 'n referaat op 'n Donderdag moet lewer, weet dit laaaank voor die tyd en het dus geen verskoning om my die dag van die bespreking stokflou rond te jaag totdat ek later uitasem oor my eie voete struikel nie! Die moeë, verwilderde, verwaaide persoon wat in die verlede die biblioteekdeur op 'n Donderdag agter haar toegetrek het, het dus nou plek gemaak vir 'n baie meer gesofistikeerde dame.

Ons meisie wat Vrydag oopsluit glimlag vir die kennisgewing teen die deur wat sê: DIE BIBLIOTEEK SLUIT VRYDAG OM 12h00. Dis die laaste Vrydag van die maand en almal weet dit ons meisie se "af-middag". Dus: van vroeg af staan daar toue wat wag om gehelp te word en ek moet my spring ken. Van boeke uitleen en terugontvang, fotokopieë maak, (tee drink), tot nuwe dieëtkundestudente rondwys ... en voor ek weet, is dit 12h00! Vir oulaas help ek nog 'n student weg en sluit dan die deur met 'n breë glimlag. Met 'n knipoog loer ek na die gordynlose vensters en hoop ek ons Maandag-aandiens-dame tref dit die keer gelukkiger.

- Wendy Vorster




"It's happened! . . . It's happened!!"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VAKBIBLIOTEKARISSE

REKENARISERING - op tweede vloer beslis nog 'n "bedekte" seën

Die netjiese wit en swart "televisieskermpies" met die "tikmasjientoetse" of te wel, die terminale, wat in Merensky vernuwing, verbetering, rekenarisering en nog baie deugde wat eie aan die 20ste eeu is, verteenwoordig, is seker veronderstel om vir die Merensky-personeel en gebruikers al 'n bekende item te wees, maar helaas is dit beslis nog nie 'n huishoudelike item nie.

Die term huishoudelik impliseer natuurlik 'n hoë mate van bruikbaarheid, betroubaarheid, bekendheid en ook beheerbaarheid oor 'n bepaalde artikel - as jy byvoorbeeld 'n eierklitser wil gebruik, stel jy jouself beslis nie eers formeel as die "gebruiker" bekend en "enter" dit daarna sodat hy kan besluit of jy hom nog mag gebruik of nie - nee, jy is sy heer en meester en hy beslis nie joune nie.

Op die 2de vloer het ons in die paar maande van rekenarisering met ontsag ontdek dat die term huishoudelik beslis nie op ons terminaal van toepassing is nie en dat hierdie meneer beslis nie vatbaar is vir manipulasie van enige aard nie. Onnodig om te sê dat die oorspronklike ontsag gou plek gemaak het vir 'n menigte frustrasies en konsternasies en vir sommer baie innerlike konflik - want vir dae lank was sy koue reaksie beperk tot "input inhibited" of "Dobis nog nie aktief. Probeer weer later". Nog erger was die skerm vol fyn strepies (wat selfs die man met die wit jas nie kon uitwis nie!) en die skokkende en onverstaanbare dinge wat hy ons toegevoeg het: "invalid information" of "GETE 006"! Nog skokkender was die ontdekking dat hierdie ding jou nie net geestelik aftakel met sy teregwysings van "Logon error - GeLGo52" nie, maar dat hy jou selfs fisies aanval as jy aan hom vat- glo omdat hy op die mat staan sê Rolf, blykbaar in die winter ook erger as in die somer. Alles in ag geneem - voorwaar 'n kruitjie-roer-my-nie.


Na 'n baie drukke telefoonverkeer tussen ons en ontsluiting en weer tussen hulle en die rekenaarsentrum, was die liggie by "system available" toe uiteindelik aan, maar! hierdie keer het 'n totaal ander stelsel die "Dortmunder Bibliotheksysstem" (klink baie vernamer as DOBIS!) uitgekanselleer en was dit vir 2 dae lank met UP se 50-jarige feesstelsel wat sy verskyning gemaak het en halsstarrig geweier het om te verdwyn (selfs al het ons skelmpies die "clear" knoppie gedruk).

Maar nou, op hierdie oomblik (laat ek net seker maak) - funksioneer die meneer al vir 2 volle dae lank en ek moet erken, noudat hy reg werk, begin ek selfs dink dat hy dalk ook soos 'n bekende en geliefde?! huishoudelike artikel kan word - bruikbaar, betroubaar, bekend en selfs beheerbaar?

Maar - sien is glo en gelukkig beskaam die hoop ook nie. Dus kan ons hoop dat die 2 dae van funksionering vele dae sal word, met 'n "system" wat altyd "available" sal wees en 'n gereelde vriendelike "dankie en totsiens" om ons steeds van sy goeie gesindheid en edele bedoelings te verseker.

N.S. Vir die wat my aanspreekvorm dalk mag bevraagteken - proefondervindelik het ek besluit dat die terminaal manlik is en dus as "hy" aangespreek moet word, want soveel grille en giere en boonop nog nukke ook, is slegs die manlike geslag beskore.

- Lucia Smith




# MEDIES.

VAN OORSESE TOERE TOT NUWE WOONSTELLE ...

As daar nou een feit is wat soos 'n paal bo water staan, is dit dat daar onder ons klomp geen tekort aan beresenheid bestaan nie! Mej Sophia Möller is skaars terug van Europa, of mej Annie Pienaar vertrek vir 'n maand na Amerika. Annie, geniet dit en sterkte vir die afgronde wat julle op mûile moet aandurf! Jeanne skryf nogsteeds die interessantste nuus vanaf haar nuwe huis in Amerika.

Al die geklaery van die dames het toe niks gehelp nie. Tot 22h00 toe sal ons maar moet werk, want mnr Pieter Lourens moes 'n operasie ondergaan. Nou ja, sterkte vir Pieter. (En vir ons; dis maar donker hier bo as ons 22h00 moet toesluit!)

Mev Sannie Hattingh trek deesdae so stuk-stuk in 'n splinternuwe woonstel in. Stuk-stuk omdat sy die afgelope week al met al haar breekgoed in kartondose in die motor rondry - die elektrisiteit is nog nie aangesluit nie! Maar as sy eers in is, sal die drumpel dit nooit hou met al die nuuskierige besoekers nie. Dit klink dan alles so presies net reg!

Groetnis van Medies



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Op Woensdagaand 30 Julie het 'n groot oomblik vir die 24 B-Cur studente aangebreek toe hulle tydens 'n plegtige geleentheid die diensgelofte vir verpleegsters afgelê het. Nadat die formaliteite afgehandel is, kry elkeen, by die aflees van haar naam, 'n brandende lampie - simbolies van die beskermers van die vlam van die lewe. Nadat die ligte gedoof is, word die diensgelofte gesamentlik hardop gelees. Voorwaar 'n gewyde oomblik terwyl die flikkerende vlammetjies vriendlik brand.

Ek haal graag die diensgelofte volledig aan: met min veranderinge kan dit ook op die biblioteekberoep van toepassing gemaak word.

DIENSGELOFTE VIR VERPLEEGSTERS

Ek verbind my plegtig in diens van die mensdom en onderneem om my beroep met nougesetheid en met waardigheid te beoefen.

Ek sal alles in my vermoë doen om die eerbaarheid en die edele tradisies van my beroep te handhaaf.

Die algehele gesondheid van my pasiënte sal my eerste oorweging wees.


Ek sal alle persoonlike sake waarvan ek te wete mag kom, in vertroue bewaar.

Ek sal nie toelaat dat oorwegings van godsdiens, nasionaliteit, ras of sosiale aansien tussen my pligte en my pasiënte kom nie.

Ek sal die hoogste agting vir menselewens handhaaf.

Ek lê hierdie beloftes plegtig, vrywilliglik en op my erewoord af.

- Annie Pienaar



"It seems to have sprung a leak."

# TYDSKRIFTE.

Dit is 'n dwaasheid om 'n mens se lewe verby te wens - of om net voort te bestaan van dag tot dag. Daarenteen is dit 'n talent om van elke dag, al begin hy hôê oes, 'n plesier te maak. Hier in Tydskrifte-Afdeling is ons dae, weke en maande gevul met plesier. Sommige maande het sôveel plesierigheid dat jy soos 'n tolbos voel - en lyk - aan die einde van die maand. Julie was so 'n plesierige-tolbos maand. Augustus was 'n stil maand, 'n rustige maand, maar 'n maand met sy eie besondere asemteugies opwinding.

Die vakansie is verby, die afdeling is voltallig en bedrywighede gaan rustig hul normale gang. Die studerendes het 'n onrustigheid ontwikkel - was dit nie Shakespeare wat gesê het:
"..there is many a slip
'twixt the cup and the lip."

Amanda van Heerden is steeds besig met 'n retrospektiewe opname van die tydskrifvoorraad - vir SANSO-doeleindes. Sy vorder fluks in ag genome dat sy al klaar soos 'n optelmasjien voel. Sterkte Amanda, ons voel dat jy dit nodig gaan kry.

Wat die duplikaatlys betref, verkeer ons in die gelukkige posisie dat die keerdatum vir aansoeke vanaf die ander biblioteke verstryk het en die aangevraagde materiaal reeds versend is. Nou kan ons mos die papiermeule ondersteun en terselfdertyd ons poskamer herorganiseer.

So het ook Augustus se deurtjie agter hom toegegaan en 1ë September met so 'n heerlike pienk lenteskynsel en wag.

Rentia Pretorius

# boekbestellings

Soos 'n 'arabier' op 'n kameel' destyg Mev Rautenbach die Merensky om weer haar werk te vervat na 'n luilekker vakansie in Suidwes. Ai, wat 'n tog was dit nie! Ons is behoorlik vergas met al die katastrofiese gebeure vanaf die lughawe tot by die 'baie sand' en weer terug. Mevrou, ons is net baie bly u het die vakansie oorleef, en baie dankie vir die warm sonskyn wat u vir ons saamgebring het en so ongesiens oor ons harte kom streel het.

Tweede in die ry is ons nuweling, Estelle Els. Baie welkom hier by ons, en moenie skaam wees om die katalogus te besoek nie. As jy eensaam voel, stap bietjie na DOBIS en gaan gesels met hom - hy is altyd baie vriendelik en behulpsaam.

Haar buurvrou se tydjie hier by ons raak ook al kort. Annemarie Pienaar ons gaan jou baie mis. Jy moet ons kleinding mooi grootmaak en gereeld jou oë - ag ekskuus - jul oë kom wys.

Ja-nee Neels, jy weet ook net hoe om jou sake te reël, want as jy nie by die klas is nie, gooi jy net heeldag jou lyf rond as fotograaf. As ek jou raad kan gee, kies jou fotografiese modelle maar versigtig -as jy nie 'n koekroller oor jou kop wil voel nie!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Rita en Mev Nel is ewe bedrywig in hul hoekie en hulle moet net spook om die masjien aan die loop te hou.

Ria, en wat vang jy so in die stilligheid aan? Dit was vir ons almal 'n groot verassing. Dit lyk my jy het by Annemarie aangesteek, of hoe? Voorspoed vir jou en ook vir die eksamen.

Siestog Minda, die see is ook maar diep, nê! Maar hou maar moed; oor 'n paar maande is die storm oor die see uitgewoed en dan lyk alles nie meer so duister nie.

Ja Verona, elke hond kry sy dag! Jy het lekker vir ons gelag toe die griep ons almal platgetrek het, en nou lê jyself uitgestrek op jou rug. Ons hoop jy word gou gesond.

So tussen Jurgen en tien ander honde 'n hele week lank, is dit amper onmoontlik om Renée Roux terug te ontvang sonder 'n blaf of 'n byt van ons kant af. Toemaar Renée, dit is maar deel van die lewe. Geniet die week tussen die honde.

En laastens kom ons by Helena Theron wat soos 'n pronkduif rondstap en vertel oor haar nuwe woonstel. Helena, ons hoop jy voel al tuis daar, en onthou ons wag vir die uitnodiging vir 'n koppie tee.

Die 'seksie' Boekbestellings nooi almal in Merensky uit om enige tyd 'n draai by ons te kom maak om die dinge saam met ons te beleef.

# buitemuurs

Tyd: 08h00
Plek: MacFadyen-biblioteek, Buitemuurse terrein, Proesstraat
Atmosfeer: Rustig ... kalm ... stil. Wonderlik vir die student wat sy dag verlof deeglik wil benut om die taak wat môre-aand in moet wees, af te handel. Net die aanhoudende gedreun van verkeer steur ietwat.


Dit is die indruk wat die terloopse dagbesoeker van MacFadyen kry. Stil en rustig. Opmerkings soos: "Genade, wat dôen julle die hele dag hier, hier gebeur dan absoluut niks!" of "Die tyd gaan seker vreeslik stadig verby as mens niks het om te doen nie en dis so stil om jou" is nie meer snaaks nie. Ons probeer nie daarop antwoord nie, hoogstens 'n skewe laggie is gewoonlik die enigste reaksie. Ons ken die onderstrominge en weet hoe skielik hierdie rustigheid in skerwe kan spat.

Betree die dagpersoneel hierdie rustige biblioteek in die oggend, weet hulle nooit wat om te verwag nie. Gewoonlik is die dag lank genoeg om al die verpligtinge in te pas. Die periode tot teetyd. normaalweg 10h00, word gebruik vir roetine-werksaamhede soos 'n vlugtige inspeksie van die fisiese opset om seker te maak dat alles pluis is; (het daar byvoorbeeld nie weer die vorige aand 'n buislig besluit om met al sy teebehore los te kom uit die dak en met groot gedruis en ontploffing van die buise in die gang neer te stort nie? Terloops, die konsternasie wat dit onder die studente veroorsaak het, was nogal erg). Aandag moet ook gegee word aan probleme wat die aandpersoneel ondervind het, boeke moet aangevra word van Merensky of op IBL, Xerox-masjiene moet nagegaan word, ensovoorts. Die leenrekords moet op datum gebring word. Name op nuwe adresvorms tik, leenkaarte en koepons liasseer, onttrekkings doen, alles met die gepaardgaande statistiese aantekeninge. Die balansering van Xerox-gelde kan in besige tye ook nogal 'n groot hap neem uit die beskikbare tyd. En wat gedoen as die aantal afdrukke gemaak eenvoudig nie met die beskikbare geld wil klop nie! Kleingeld moet ook gekontroleer word.

Teetyd, normaalweg 10h00 tot 10h15, is volkome afhanklik van die giere en grille van die telefoon of gebruikers en is besonder plooibaar. Yskoue tee met 'n onaantreklike wit roomlagie

op is niks ongewoons nie.

Boeke wegpak na teetyd kan ook 'n langsame proses wees, veral wanneer die Regte-leeskamer die vorige aand druk gebruik is. Maand- en kwartaalstatistiek moet op gesette tyd gedoen word, telefoniese opvolging van lank uitstaande boeke of oornag-lenings, lyste van boeke benodig vir voorgeskrewe take wat ons ontvang van Merensky moet getik word, die boeke onttrek en voorberei word vir die Gereserveerde studieversameling. Drie dae per week bring 'n bode pos vanaf Merensky: posstukke word nagegaan, boeke se leenrekords verwyder, kataloguskaarte onttrek en geliasseer, tydskrifte gebêre en Inter-aanvrae afgehandel. Korrespondensie en tikwerk word afgehandel en van tyd tot tyd moet losbladtoevoegings tot Statute en Ordonnansies aandag geniet. So tussen die gewerskaf deur kom daar enkele studente, enigiets van 5 tot 30, in wat aandag vereis. En die dierbare temperamentele Xerox-masjiene! Papier wat opraak of vassit, swak afdrukke of vyfsente wat ingegooi word sonder dat dit afdrukke oplewer dryf mens tot skielike histerie, veral op 'n besige Saterdagoggend en daar is niemand anders wat kan help nie.



"Here—take this course in domestic tranquility and solve your own problems."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Tussen die gewone werksaamhede moet tyd ingeruim word vir spesiale projekte soos boeke beveilig, want Buitemuurs het ook nou 'n verklikker, boeke verskuif om rakke leeg te kry vir die nuwe DDK-versameling en swart syfertjies stensil op wit papiertjies totdat jou vinger kramp en jou oë skeel kyk en jy snags droom van swart syfertjies wat dans op wit papiertjies want geen van die bestaande rakbeskrywings pas meer by die boeke op die rakke nie. (Die dans van rooi syfertjies op wit papiertjies kom ook nog!). Ander projekte soos rak- en kataloguskontrole, kontrole en tydskrifte teen tydskrifkatalogus en mikrofiche, byhou van indeks van fotokopieë van tydskrifartikels ontvang, kontrole van leenrekords, kontrole van vermiste boeke en alle ander nodige kontroles moet maar rustig wag vir "rustige" vakansietye.

Vanaf 12h00 benut studente hulle etenstye en vinnig inligting te kom versamel en skielik is die stilte nie meer so stil nie. Personeel beweeg aanvanklik heen en weer tussen telefoon, gebruikers, katalogus, rakke en Xerox-masjiene, die pas versnel progressief totdat hulle teen 13h00 drafstap tussen gebruikers en die betrokke apparatuur.

Vanaf 14h00 neem die tempo effens af. Die aandpersoneel arriveer en weer eens moet Xerox-gelde en kleingeld gekontroleer word. Aandpersoneel kan nou rustig algemene take verrig want vanaf 17h00 steek onweerswolke op tot die orkaan om 18h30 sy hoogtepunt bereik:

"Iets oor die Tagtigers asseblief."

"Vyfsente asseblief."

"Meneer, daai masjien van hulle sluk my geld, rêrig. 'n Rooi liggie ok wat sê 'please check paper path'!"

"Meneer, die masjien se papier is op."

"Meneer, hierdie boek asseblief."

"Jammer juffrou, hy's nie hier nie." (Na raadpleging van betrokke katalogi en lyste).

"Meneer, die dosent het gesê die boek is hier en ek wil die boek graag nou hê!"

"Maar juffrou ..."

"Meneer, ek wag nog steeds vir papier! Asseblief, my tyd is beperk!"

Die nuwe ysterbrein by die deur gaan aan die skreeu. 'n Man, rooi in die gesig, steek verward vas. Wat sal dit nou weer wees. Werklik 'n boek wederregtelik probeer verwyder, 'n pen of potloodblikkie waarvan die masjien nie hou nie of dalk 'n personeellid wat nog nie die masjien gewoond is nie en vergeet het om 'n boek te ontlaai?

Statistiek en leessaalgebruikers moet aangeteken word. Elke halfuur vind 'n stormloop deur die biblioteek plaas om die studerende siele te tel. (Daar is mos nie meer tasse wat kan help nie!). As jy al tellende nog omdraai ook, loop jy in jouself vas, - meer haas, minder spoed.



"TAPEWORMS!"

20h30. Die tyd snel verby. 'n Effense verslapping van die pas. Skaars droom jy van verre lande met stille waters wat oor geronde kuste spoel of daar is weer navrae. Uiteindelik word die laaste statistiek teen 22h00 aangeteken en 'n laaste tydskrif weggepak.

Moeg word ligte afgeskakel en die stil spook gesluit. Jy slenter uit die stad in. Maar in jou hart is daar 'n lied: jy het daartoe bygedra om ander te help om hulle aardse roeping te vervul.

Dit is dan Buitemuurs. Ons doen hier maar amper dieselfde as wat by Merensky gedoen word, net op veel kleiner skaal. Omdat die personeel beperk is, moet 'n groot verskeidenheid take deur elke personeellid gedoen word. Geen werkie is te nietig vir 'n spesifieke persoon nie. Iemand moet dit tog doen. Roetine se grense hier is so wyd dat dit verdwyn.


As u dan weer 'n besoek aan Buitemuurs bring, kom maak kennis en waardeer die rustigheid, maar weet dat daar tog wel in hierdie stilte en rus veel gedoen word om binne ons vermoeëns die beste diens aan ons gebruikers te lewer.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# WELKOM



ESTELLE ELS


# TOTSIENS

MARIETTE PELSER



RANDI PRETORIUS

PEET V.D. MERWE






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE

UP BIBLIOTEEKDIENS

SEPTEMBER 1980



## DIE PLEK VAN AFDELING LEENDIENS IN DIE BIBLIOTEEKDIENS

Die Biblioteekdiens bestaan uit talryke fasette. Elke faset, soos fasette in 'n diamant, is belangrik en verleen glans aan die Biblioteekdiens. Dienslewering in die Biblioteekdiens is nie net slegs eie aan Afdeling Leendiens nie, maar het 'n besondere hoë prioriteit. Indien hierdie faset verwaarloos word is funksionele en effektiewe dienslewering aan al sy gebruikers nie moontlik nie.

Onder Afdeling Leendiens ressorteer die seksies: Hooftoonbank (insluitend Inligting en katalogusadvies sowel as Algemene Naslaandiens); Interbiblioteeklenings; Gereserveerde Studieversameling; Reprografiese diens; Africana en Besondere Versamelings (bestaande uit: Tukkiana; verbode publikasies; Res-versameling; Regeringspublikasies asook die F Z van der Merwe-musiekversameling). Verder word alle oudiovisuele materiaal en apparatuur van die Hoofbiblioteek in hierdie Seksie gehuisves.

Tussen die Afdeling Leendiens, die Vakbibliotekarisstelsel en Takbiblioteke is daar noue skakeling.

'n Vinnige blik word op elk van die seksies gewerp.

- Seksie Reprografiese diens. Met die druk akademiese programme maak studente, universiteitspersoneel, skoolkinders en ander persone uit die gemeenskap daagliks van die fotokopiëringsfasiliteite in die biblioteek gebruik. Statistiese gegewens ten opsigte van afdrukke wat in die biblioteekdiens gemaak is gedurende die vorige driejaar, is soos volg:

  1977 - 4 069 964
  1978 - 5 369 139
  1979 - 4 155 172

Ten opsigte van fotokopiëringstariewe is daar drie verskillende heffings.

1 Studente wat 'n geldige biblioteeklenerskaart kan toon betaal 5c per afdruk.

2 Gebruikers wat nie in besit van 'n biblioteeklenerskaart is nie, moet 10c per afdruk betaal.

3 Magister en Doktorale studente kan afdrukke slegs uit tydskrifte maak, teen 'n verminderde tarief van 3c per afdruk.

Alle gebruikers is nou reeds bekend met die regulasies dat tydskrifte nie meer uitgeleen mag word



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

nie en daarom sal laasgenoemde tarief weer eens onder die vergrootglas geplaas word.

- Seksie Interbiblioteeklenings. Geen biblioteek het al die boeke of tydskrifte wat sy gebruikers benodig in sy eie voorraad nie. Die Biblioteekdiens het hierdie probleem ook in sy midde. Gedurende 1978 is 3 741 en gedurende 1979, 5 118 items van ander biblioteke ontvang. Items aan ander biblioteke gelewer was respektiewelik 8 072 en 11 260. By Interbiblioteeklenings is spoed altyd die wagwoord. Die installering van 'n teleksapparaat by die Hoofbiblioteek sowel as die Mediese Biblioteek bespoedig aanvrae. Die snelle versending van inligting deur middel van moderne tegnologiese apparaat behoort aandag te geniet. Hier word daar veral gedink aan die telefacsimile-oordrag teenoor die lewering van 'n kopie. Suid-Afrika met sy lang afstande sal baie daarby baat, indien van die groter biblioteke dit installeer.

- Seksie Gereserveerde Studieversameling. 'n Universiteit met bykans 18 000 studente, bevind hom dikwels in posisie waar groot getalle studente in dieselfde vak, noodwendig dieselfde bronnemateriaal benodig. Hierdie seksie is verantwoordelik vir die beskikbaarstelling van relevante bronne aan studente, en is verder in noue skakeling met Departementshoofde van hierdie universiteit.

- Seksie Hooftoonbank. Bruce Alper beweer dat die sentrale uitleenseksie "the most active public service point" in die biblioteekdiens is. Dit is sekerlik ook waar van die leendiens. Merensky-biblioteek is die bedrywigste enkele biblioteek in die biblioteekdiens. Alle gebruikers en besoekers aan die biblioteek moet noodwendig deur die toonbankarea beweeg. Al word daar nie direk van die diens daar gebruik gemaak nie, word die beeld en atmosfeer van wat die biblioteek is, geskep. Omdat dit die bedrywigste gebruikerspunt in die hele biblioteekdiens is, behoort hierdie area dus besondere aandag en beplanning te geniet. Die beeld wat die biblioteek na gebruikers en besoekers uitdra moet diensgeoriënteerd en positief wees.

Rekenarisering van die uitleenstelsel gedurende die nuwe jaar is sekerlik een van die opwindenste vooruitsigte.

- Seksie Africana en Besondere Versameling. Africana boeke kan soms teen besondere hoë pryse van die hand gesit word. Soos bv. die R27 500 wat vir die boek van Samuel Daniell se "African Scenery and Animals" aangebied is. Hierdie boek besit ons nie, maar ons het wel sy "Sketches representing the native tribes, animals and scenery of Southern Africa", London, Daniell, 1820. 'n Ander soortgelyke publikasie is sekerlik die waardevolle "Portraits of the game and wild animals of Southern Africa" deur Captain W Cornwallis Harris, London, Pickering, 1840.

Merensky-biblioteek beskik oor 'n aantal waardevolle Africanaboeke en die notuleboek van die G R A is onvervangbaar en enig van sy soort. Daar rus 'n groot verantwoordelikheid op die Africanapersoneel om die kultuurskatte van die gedrukte woord of manuskrip vir die nageslag te bewaar. Die hoof is verantwoordelik vir die uitbouing en instandhouding van die voorraad.

Verder word Leendiens se personeel verantwoordelik gehou vir die opstel van die na-uurse diensroosters; die hantering van tuggevalle by die verklikkerstelsel, en die fisiese voorbereiding en deurvoering van die oriënteringsprogram wat jaarliks aan die eerstejaarstudente aangebied word.

Bestuursgewys is en bly Afdeling Leendiens 'n besondere uitdaging. Om personeel en alle gebruikers daagliks tevrede te hou, laat mens soms met die harde werklikheid kennismaak. Dieselfde het gebeur met die swartman wat met sy fiets sonder remme teen die afdraende met asemrowende snelheid beweeg het. Toe hy 'n klompie omstanders gewaar, benoud geskree het "fakka lo stick". Die sydelingse inbeweeg van 'n stok in 'n bewegende speekwiel het hom kennis laat maak met die harde werklikheid.

Mnr v B de V Otto



*VERJAARSDAE - OKTOBER*

*2 Mnr W Oliver - Vakbibliotekarisassistent: Regte*
*3 Mev J Maree - Ontsluiting*
*6 Mev A Booyzen - IBL*
*12 Mev J Nel - Ontsluiting*
*14 Mev W Vorster - Klinikala*
*17 Mej E Stoltz - Toonbank*
*30 Mej B Kotzé - Ontsluiting*
*30 Mev H Fouché - Vakbibliotekarisassistente*
*30 Mev L Müller - Medies*
*31 Mev M Viljoen - Tydskrifte*

*EK IS BLY EK HET BY JULLE BELAND*
*EN EK VAT JUL ELKEEN AAN DIE HAND*
*VERSEKER IS JULLE 'N LEKKER LOT*
*EN OP JULLE IS EK VERSOT*
*JULLE MAAK MY LUS OM NOG SESTIG JAAR TE LEWE*
*AS TOPBESTUUR DIT HOOR? SAL HUL BEGIN BEWE!*

*- Mev M Rautenbach*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Poste Restante
Swakopmund, 9000
7 September 1980

Hallo Almal!

Die 3de kwartaal spoed ten einde en dit was soos gister toe ons gereedgemaak het vir die Julie-vakansie! Dit het tog beslis voordele wanneer man en vrou albei in dieselfde onderwysberoep is. Vir die eerste keer kan ons nou saam beplan vir elke vakansie.

Na 'n moordende week, feitlik sonder slaap, as gevolg van vraestelle nasien, het 5 onderwysers die lang pad Kaap toe aangedurf. Ons het gelukkig 'n permit gekry om na-ure petrol in te gooi. Middernag, op Keetmanshoop, het ons die tenk volgetap en 'n onderwyseres afgelaai. Die twee mans, Reinhard en Gerard Schwär het die bestuurdery oorgeneem, terwyl Heather McKay en ek snoesig warm gelê en slaap het.

Dit het al kouer geword en vanaf Grünau het dit aanmekaar gereën. Om 06h00 het ons wakker geword toe die mans besluit het om ook te rus. Steinkopf was die enigste aanduiding van 'n dorp in die nabyheid en aangesien die petrol baie min was, het hulle besluit om daar te wag tot die vulstasies oopmaak. Steinkopf het 'n uiters troostelose indruk gemaak met sy verspoelde modderstrate. Om 08h00 het Reinhard wakker geword van die hael op die dak. Hy het ook net daar en dan besluit om die enigste petrolpomp in sig te besoek om so gou moontlik weer terug te kom op die grootpad.

Terug op die teerpad, het ons ontdek dat die petrol eintlik tot op Springbok sou hou, maar aangesien die kaart by die huis gebly het, het ons nie geweet hoever die plekke uitmekaar is tensy die bordjies langs die pad dit aangedui het nie. Ons het 'n stywe ontbyt in 'n hotel genuttig en koue water in die gesig help sommer baie om mens beter te laat voel. Algaande het die wêreld verander. Die klipkoppies het in berge verander en anderkant die berge was die "beskawing". Tot in die Boland het dit gereën, maar in ons harte het die son geskyn en ons het weer tuis gevoel in die omgewing. Die woestyn was ver agter ons en dit was goed om weer die mooi versorgde landerye te sien. Ons het nie besef hoe ons dit al gemis het nie.

Die tydjie in die Kaap was baie kort en bedrywig. Ons het hoofsaaklik doktersafsprake gehad. Nou is ons weer heel en gesond en kan hou totdat ons weer in die beskawing kom. Woensdagoggend het ons nog in Tygerberg deurgebring en vandaar het ons vir Ma-Corrie in die Strand opgelaai terug na Suid-wes. Reinhard moes Vrydagoggend om 08h00 inklok vir Unisa-lesings in Windhoek.

Ons het baie gevorder en besluit om deur te druk tot by Noordoewer. Nadat ons die motel se mense opgeklop het: het ons tog besluit dat dit vir ons te duur was en liewer in die Kombi geslaap. Dit bly darem die ideale vervoermiddel vir langafstande!

Nadat ons petrol ingegooi het, het ons besluit om Grünau in daglig te besoek en daar tee te drink. Dit was 'n ontnugtering. 'n Slegte grondpad, vulstasie, skool, poskantoor, stasie en so 'n ry geboutjies wat die hotel, kafee, winkel en slaghuis huisves - en dis die dorp wat duidelik op die landkaart aangedui word.

Die aand in Windhoek, was Henriette Kloppers so gaaf om weer eens aan ons huisvesting te verleen. Ma het die bed gekry, syself het op die mat geslaap en Rienhard en ek het in die Kombi geslaap. Terwyl Reinhard die volgende dag die Unisa-dosente aangehoor het, het Ma en ek die Kaiserstraat leer ken.

Ons het beplan om oor Khomashoogland terug te ry na Swakopmund. Hoogs in ons skik dat ons plek gekry het in die Daan Viljoenpark ongeveer 20 km op ons pad buite Windhoek, het ons uitgery daarheen. Weer eens het 'n ontnugtering op ons gewag. Ons het verkeerde inligting bekom en moes daar uitvind dat hulle geen petrol het nie. In plaas van vroeg weg te kom, moes ons die volgende oggend eers weer terugry na Windhoek om die tenk vol te maak, voordat ons die pad huis toe kon neem. Op daardie pad is daar nie weer 'n petrolpomp voor Swakopmund nie. Dit was egter die moeite werd om die pad te ry. Die Hoogland met sy heuwels so ver soos jou oog kan sien, is net 'n wonderlike gesig. (Natal se vallei van 1000 heuwels is iets soortgelyk, maar mens kan dit nie vergelyk nie, omdat die hele landstreek en plantegroei so totaal anders is.)

In hierdie pas het ons byna gedink dat die nuwe enjin nooit die Kombi bo uit sal kry nie. Na 'n hele lang dag op die pad, het ons eindelik moeg maar baie beïndruk deur die veranderende omgewing waardeur ons gery het, by die huis aangekom. Hier was alles 100%. Mev Helga Hälbich het ons vier diere spekvet gevoer en heerlik bederf.

My Ma het dit besonder gelukkig getref met die weer. Ons het byna die hele week Ooswindstemming gehad sonder die wind en kon Swakopmund op sy beste geniet. Presies wat die oorsaak was, sal ons nie weet nie, maar skielik het sy genoeg gehad van Suidwes en wou net terug na die Suide!

Sy het die familie in Stampriet gebel en Reinhard het besluit om sy skoonma tot daar te neem. Dit sou vir ons ook heeltemal 'n nuwe pad wees om oor Walvisbaai en Maltahöhe daarheen te ry. Toe ons die Maandag oggend in die pad geval het, was dit ook die einde van die lekker sonskyn dae. In plaas van vir Ma die regte sandduine van die Namib te wys tussen Swakopmund en Walvisbaai, was daar so 'n digte mis dat ons beswaarlik 60km per uur kon ry. Van die omgewing was daar niks te sien nie. Hierdie mis het ons nog tot omtrent 17km in die woestyn vergesel.

Wat baie interessant was, om te sien hoe die plantegroei verander. Eers was daar net sand (maar dit moet my Ma ons maar glo, omdat sy dit nie gesien het nie!), dan kom daar klein bossies, daarna losstaande graspolle, dan meer bossies en duidelik te onderskei waar daar 'n loop van 'n spruitjie of soiets moet wees - aanmekaar grasveld. Dit was die mooiste wuiwende geel grasvelde, maar telkens kom weer droë kolle tussenin. Dit was 'n groot opwinding toe ons die eerste bome gesien het. Eers net enkele bome en later meer en elkekeer was dit ook 'n aanduiding van 'n rivier. Mens wonder net wanneer daar ooit regtig water in die riviere loop. Die grondpaaie is eintlik in 'n puik toestand en die afwisseling in die landskap maak so 'n reis 'n heerlike ervaring. Behalwe deur die Kuiseb, het ons eintlik die hele tyd geklim. By Solitaire moes ons eers weer brandstof inneem voordat ons verder kon gaan.

Warm, moeg en honger het ons op Blässkranz aangekom, waar ons die albekende Suidwester gasvryheid van die Voigts geniet het. Na middagete is ons verder, maar ons het dit nie reggekry om Stampriet nog met daglig te bereik nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Dit was 'n gawe herontmoeting van 'n kleinniggie wat ek in jare nie gesien het nie. Dit is ook goed om te weet dat mens familie het in hierdie groot uitgestrekte land. Saam met David en Elsa (Maritz) is Ma toe nog in daardie week terug Republiek toe. Ons het die volgende oggend net na ontbyt na die besondere artesiese water gaan kyk en is toe met die teerpad, oor Windhoek terug huis toe.

Asof Suidwes se vlaktes vir hom inspirasie gegee het, het Reinhard hom tot sy skryftafel gewend en sommer 3 Unisa-take afgehandel. Daarmee het hy nou 7 vraestelle toelating. Hou maar styf duim vas. Die eksamen begin reeds die 17de Oktober.

Ons het ook ons eerste besoekers uit die Republiek hier gehad. Wat 'n vreugde om weer die bekendes te sien en met hulle te gesels! Ons sê baie dankie aan Annemie, Abbie en Dinkie en die seuns en aan mev Rautenbach. Ons het dit so waardeer dat julle tot in hierdie uithoek gekom het. Elke besoekie was net te kort en ons hoop regtig dat dit nie die laaste keer is dat julle ons hier besoek het nie.


My Ma het my aangespoor om meer aan die tuin te doen. Nou die dag het Reinhard vir die eerste keer die "grasperk" gesny. Ons het so baie kappertjies en renonkels, dat ek blomme kan weggee en my eie huis gedurig van vars blomme voorsien. Ons het selfs in die "agterplaas" begin tuinmaak. Van die 6 steggies lyk dit asof vier moontlik moerbeibome sal word. Die voortuin kan slegs plante en struike neem wat wind bestand is. Die rose sal maar na agter moet verskuif. Op die ou end gaan dit nog net madeliefies wees wat by die voordeur oorbly. Op die oomblik is die brawe affodille my trots. Hulle hou wonderbaarlik in die koue en die wind.


Ons (4 leeringe en ek) is veilig terug van Windhoek waar hul klaviereksamen gespeel het. Ek is bevrees dit het met ons nie so goed gegaan nie. Die kinders het dit egter ewe braaf verwerk en volgende keer probeer ons weer. Die een het vandag vir die eerste keer weer les gehad en dis heeltemal 'n ander kind. Die spanning is af en die gesig is stralend.

Volgende kwartaal is dit kunswedstryd in Windhoek en nog later is die uitgestelde balleteksamens. So sal ons tot die bitter einde aan die gang bly. Tot dusver het ons nog geen weggaanplanne vir Desember nie. Ou Swakopmunders sê in elke geval dat mens nie weggaan gedurende die Desembervakansie nie. Dan is hierdie dorp glo op sy beste! Hoe lyk dit, is julle nie lus vir 'n seevakansie nie?

Groete

Reinhard en Maretha



Rencia, Czechoslovakia

# HART WIE KAMEL--

# DORNHOLZ....

DEUR ETOSHAWILDTUIN

Ons reis met die toerbus deur Etosha Nasionale Park, en anders as in die Kruger Wildtuin is hier groot oop ruimtes sodat die wild beter sigbaar is. Wild is dan ook volop en is vet en blink. Wat ook volop is, is troepe in groot vragmotors, met sifdraad omspan.

Terug in die Republiek hoor ons dat Etosha 'n gewilde wegkruipplek vir terroriste is daarom dat troepe gedurig die gebied patroleer. In elk geval was daar nie 'n hakskeen van 'n terroris te sien nie!

Die drie ruskampe Okankuejo, Halali en die skouspelagtige Fort Namutoni is goed toegerus. Saans hoor jy jakkalse of leeus of die gesnork van een of ander dier-of mens!

In Halalikamp groei baie Mopanibome en die blare op die grond lyk soos bruin skoenlappers.

Die water in die park kom van boorgate of natuurlike fonteine, en daar is altyd 'n menigte diere en voëls by die drinkplekke. Teen sononder by Mamutoni neem die bus ons om die kleinste klein bokkies, Damara-dikdik, te gaan soek. Ons kry hulle ook, waar hulle altyd twee-twee wei langs die pad.

Ons ondervind ongewenste drama toe 'n Koedoe voor die bus spring. Dis 'n geweldige slag en die Koedoe rol van die pad af maar spring op en verdwyn in die bosse. Almal in die bus is bleekgeskrik behalwe die busbestuurder vir wie dit nie 'n nuwe ondervinding is nie. Naby Windhoek bly hy net so kalm toe die bus se agterband bars. Gelukkig dat die bus baie wiele het.

- Mev Marié Rautenbach



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

'N REKORD IN 'N REKORDBOEK?

"Speel jy dominoes?
"Ja, ek's nogal goed daarmee"
"Het jy al 169,713 dominoes agtermekaar gesit?"

Of het jy al 'n warmwatersak opgeblaas totdat hy bars?
Of hou jy die wêreldrekord vir die 100 meter - agteruithardloop?

Hoekom doen mense sulke dinge - en hoekom teken ander mense dit op?

Die verhaal van die Guinness Book of Records dateer baie jare terug, toe Sir Hugh Beaver een van die direkteure van die Guinness Biermaatskappy na 'n jagtog nie kon vasstel hoe vinnig die vinnigste wilde voël vlieg nie. Sir Hugh het toe aan die moontlikheid gedink om 'n rekordboek te laat saamstel wat sulke feite sal bevat - en ook gebruik kan word om menige kroegoorloë oor die grootste vis - of die langste wakkerbly op te klaar.

Die taak om so 'n boek op te stel het op die tweelingbroers Ross en Norris McWirther - geval, wat in 1955 die eerste Guinness Book of Records die lig laat sien het. Die byna onafskeidbare tweeling het die boek self tot rekordhoogtes uitgebou. Dit word vandag beskou as die titel wat die vinnigste in die wêreld verkoop (34 miljoen kopieë sedert 1955) - en die boek wat die meeste in Britse openbare biblioteke gesteel word!

Met die dood van Ross in 1975, wat vanweë sy regse uitsprake 'n slagoffer van die Ierse Republiekeinse Leër geword het, het Norris die verantwoordelikheid van die Guinness Book of Records op sy skouers geneem. Vandag hou hy self 'n rekord wat aanspraak maak op erkenning. Van die 17,000 rekords wat in die 1979-uitgawe van die boek opgeneem is, ken Norris 15,000 uit sy kop!

Die boek wat in 21 tale vertaal word, word in Engeland en die V.S.A. uitgegee. In laasgenoemde land word dit as 'n baie gewilde kersgeskenk beskou, en beleef dit ook 'n tipies-Amerikaanse advertensieveldtog wat omtrent net deur Star Wars - of die presidentsverkiesing geëwenaar kan word. Guinness notaboeke, legkaarte, almanakke en dies meer is orals in die V.S.A. verkrygbaar.

Die geweldige "aanslag" van mense wat poog om in die Guinness Book of Records opgeneem te word lei soms tot vele absurditeite en vervalsings, en moet Norris McWirther maandeliks deeglik sif onder die 20,000 briewe wat hy ontvang, om die werklike rekords te kan opneem.

Behalwe die klompie eienaardighede wat aan die begin genoem is, is daar nog rekords soos die volgende:

1. Mark Gottlieb wat Handel se watermusiek - onder in 'n vol swembad op 'n viool gespeel het!

2. Lang Martin wat ses gholfballe vertikaal op mekaar gebalanseer het.

3. Guy English wat die wêreldrekords hou vir soen (3,000 meisies in agt uur), wakkerbly (288 uur) en twist (102 uur).


4. Arron Marshall wat 224 uur onder 'n stort gestaan het - met opgeblaasde voete, 'n lyf soos 'n pruimedant - en 'n breë glimlag daar uitgeklim het.

McWirther heg hierdie eienaardige rekords aan die mens se behoefte om te wen, en as hy nie die talent het om op normale terreine bo uit te kom nie, word die sogenaamde "Guinnessport" gebruik - of ontdek. 'n Persoon wat daarop aanspraak maak dat hy in die boek opgeneem moet word moet duidelike bewyse soos ooggetuies, koerantuitknipsels en foto's voorlê - en selfs dan is McWirther nog versigtig voordat hy dit aanvaar.

As jy dus weer 'n slag by die Guinness Book of Rekords op die grondvloer verby loop, kyk gerus of daar nie 'n ou rekordjie is wat dalk agter jou naam kan pryk nie - wat van iets soos die meeste boeke op een dag rondgedra - of tydskrifvolumes gestempel!

Inligting uit: Sports Illustrated 51(5) : 56 - 70, 30 Jul. 1979.

- Magriet Lee



"I've been meaning to talk to you about some of the personnel in the research department . . ."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




THE WAY A POLITICIAN'S MIND WORKS,
WHICH IS NOT TOO OFTEN

With Politicians on the campaign trail more and more these days, the time has arrived, I think, for me to let the voting public know that I have developed extraordinary insight into the way a politician's mind works, which is not too often.

I not only can read his mind; I can read it in italics. Take Congressman Henry Littlefinger. After a campaign trip to hither, followed by one to yon, he was met on his return to the local airport by a middle-aged female constituent with a child in hand.

"How are you, Henry?" she called, waving to him. *(Wave back and smile. They like that. But how to answer this woman's tough question? If I frankly tell this stranger that I have a postnasal drip, high blood pressure, and a hardening of the left kidney, my opponent next year may claim I am in failing health. On the other hand, if I tell her I feel great, this might indicate a lack of concern for the problems the country faces.)*

"Not too bad," replied Congressman Littlefinger. "You've certainly been traveling a lot lately," said the woman.

*(Damn! This nosy broad must know I was absent for 43.2 per cent of the roll calls. There's only one way out.)*

"I've always felt the prime duty of every congressman is to visit his constituents as much as possible so he can better represent their views, "said Littlefinger.

"We haven't seen you in a long time, " said the woman.

*(Aha! We've met before, then. But is she one of my many ardent supporters or one of the other kind? Find out.)*

"I hope you will stand beside me in our unending search for ..."

"Glad to help," she interrupted. "Isn't that brown one and the plaid one with the zipper yours? I hope you haven't been working too hard."

*(How the hell was I supposed to answer that one? "Yes" implies I'm on the verge of a nervous breakdown and "no" means I'm a lazy bum.)*

"I thrive on hard work," said Littlefinger. *(Now don't forget to show concern for this voter.)* "But tell me about the grave problems you face, ma'am."

"Well, my gravest is that I don't have enough money to get my car out of the parking lot. I was hoping you ..."

*(A problem! Look vigorous!)*
"You can count on me to lead a vigorous fight against poverty and inflation. Let me say that ..."

"Darn, there goes our little chat," the woman said. "Here come the photographers." *(Photographers! What's a heart-warming picture? Quick! Pick up that ugly little kid she's got. Littlefinger loves all children.)*
"My, you're a manly chap."
"Thanks, daddy."

*(Daddy? Good Lord, I can see the headlines now: Littlefiner Faces Paternity Suit. Take the offensive.)*

"You won't get away with this, my good woman." cried Littlefinger. "What's your name?"
She sighed. "Oh my, not again. My name's Glynda, dear
You know, Mrs. Henry Littlefinger?"

- John Keefauver
Jul. 11, 1980
National Review,
p. 833

*Every man prefers belief to the exercise of judgement*
*SENECA*

*Doubts is not a pleasant mental state, but certainty is a ridiculous one.*
*VOLTAIRE*

*Calmness is only another word for confidence, and confidence is faith in action.*
*A.P. GOUTHEY*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DIE HOOF EN DIE NEKKIE

"Kom jy vanaand?" het hy gevra.

"Ek weet nie," het ek gesê, "ek sal eers by Annette moet hoor."

"Moet jy dan permissie vra om saans uit te gaan?" Die verbasing in sy stem was onmiskenbaar daar en ek kon dink wat in sy gedagtes omgaan. Ek kon myself voorstel hoe hy my sien met my bles en 'n voorskoot voor die opwasbak. Nie dat ek nooit daar staan nie ...

"Nee," het ek gesê, "dit is maar net 'n beleefde wyse om haar te laat weet dat ek uitgaan."

"Ek sal dit nooit doen nie," het hy gesê. "Om 'n vrou te vra of ek iewers mag heengaan! Ek het nie eens my ma gevra nie."

"Dit hang miksien daarvan af met wie jy getroud is," het ek gesê, "miskien sou ek dit ook nie gedoen het nie as ek met iemand anders getroud was nie."

Ek wou nie die gesprek voortsit nie, want hy was besig om persoonlik te raak en ek het 'n kriewelinq onder my vel gevoel. Die gevoel ken ek goed en dis 'n duidelike waarskuwing voor ek my sin vir alle redelikheid verloor.

Ek kon sien hy wou dit nie daar laat nie, maar ek wou en ek het hom dit ook laat verstaan.

Hy kon maar dink wat hy wou. Hy het nie nodig om te weet van die maande wat sy die pot aan die kook gehou het toe dit vir my onmoontlik geword het om gelyktydig te werk en te studeer nie; hy hoef nie te weet van die gerief van 'n eie huis en genoeg geld om te koop wat nodig is, wat sy ontbeer as gevolg van foute wat ek gemaak het nie; hy hoef ook nie te weet watse tipe mens sy is nie en hoe ver ons vandaan gekom het nie.

Ek het probeer om in my vriend se terme te reken, maar alles het net daar plat geval: die basis waarvandaan ek moes werk is te wisselvallig. Ek ken myself en ek weet dat geen mens presies dieselfde sou optree as al sy invloede presies dieselfde sou bly behalwe vir een nie. En ek kon met geen sekerheid sê dat ek sou maak soos ek wou as ek met M. getroud was nie, of dat ek sou toelaat dat C. in 'n ander geval my lewe sou beheers nie, ook nie dat ek met enige ander vrou presies so soos met Annette sou optree nie of dat dit anders sou wees met Annette as die omstandighede anders was nie. Ek weet dat ek die "square peg in a round hole" is wat in geen gegewe vorm in te dwing is nie. So ook elke ander mens, en dit sluit my vriend met sy besliste "nooit" ook in.

Ek hou van standvastige mense en veral in 'n tyd soos ons s'n, maar jy moet sterk wees waar jy nie gebreek kan word nie.

Op die huidige oomblik ken ek persoonlik vyf vrouens wat hulle mans onderhou terwyl dié nog besig is om te studeer. Verder weet ek nog van 'n paar ander gevalle waar die vrouens hulle mans vir drie en meer jare onderhou het. In een van hierdie gevalle het die vrou die man onderhou tot na hy sy honnouersgraad behaal het en daarna vir nog vyf jaar terwyl hy besig was om vir mediese dokter te studeer.

Is hierdie vrouens nie ons agting werd nie?

Daar is 'n waarheid wat lui dat agter elke groot man 'n groot vrou staan, (ek het amper gesê "groter") en ek hoor my ou grootmoeder se wysheid: "Die man mag wel die hoof wees, maar die vrou is die nekkie. Die hoof kan maar maak soos hy wil, hy kan nie in 'n ander rigting kyk as wat die nekkie gedraai is nie."

En as hierdie nekkie nou nie meer saam met die kop wil draai nie? Of as hierdie nekkie geknak moet wees en, (om Opperman so bietjie te misbruik) die kop "hang appelkoos" ...?

Ek groet julle dames; al die Elsas, al die Christines, al die Engelas en die Annettes ... om geen besondere rede nie, miskien maar net om julle buigsaamheid.

- Peet van der Merwe

# veeartsenykunde

'n Publikasie wat beslis een van die hoogtepunte vorm wat die Suid-Afrikaanse veeartsenykunde geskiedenis betref het in 1979 verskyn uit die hand van Thelma Gutsche onder die titel van: There was a man; the life and times of sir Arnold Theiler K.C.M.G. of Onderstepoort.

Theiler kan met reg as dié baanbreker op die gebied van die veeartsenykunde in Suid-Afrika beskou word. Gutsche gee in die omvangryke werk 'n uitgebreide en volledige beskrywing van die lewe van Theiler asook die ontwikkeling van die veeartsenykunde in Suid-Afrika.

In die bestek van 468 bladsye vertel die skryfster van Theiler, 'n Switser van geboorte, se aanvanklike moeilike jare in die Transvaal waar 'n veearts destyds nog onbekend was en sy stryd teen siektes soos byvoorbeelde pokke en runderpes.

Een van die hoogtepunte breek in 1908 in Theiler se lewe aan as die Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde op Onderstepoort betrek word waar verskeie entstowwe teen dieresiektes onder sy leiding ontwikkel is. Voorts beywer hy hom ook vir die vestiging van 'n veeartsenykunde fakulteit in Suid-Afrika wat in 1921 as deel van die destydse Transvaalse Universiteitskollege tot stand kom met Theiler as eerste dekaan.

Hier is 'n goed nagevorste biografie pragtig geïllustreer met talle historiese foto's wat beslis van waarde sal wees vir die liefhebber van lewensbeskrywings en die Suid-Afrikaanse veeartsenykundige geskiedenis.

Volledige bibliografiese besonderhede:
Gutsche, T There was a man; the life and times of sir Arnold Theiler K.C.M.G. of Onderstepoort. Kaapstad, Timmins, 1979.

Mathilda du Preez







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



**Tinie:**
Hy is die "ridder" van Buitemuurs. Sommige meisies egter, staan hom meer aan as ander.



**Mnr. du Toit;**
Hy is ons baas. Sy stokpertjie word elke oggend beoefen daarom is hy baie fiks vir sy jong ouderdom.




**Piet:**
Sy stokpertjie is om verhandelings te skryf maar ten spyte daarvan neem sy "werk" heelwat van sy aandag in beslag.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

'N RARITEIT BY REGSGELEERDHEID

D.G. van der Keessel, Professor aan die Universiteit van Leiden (1770 - 1815) was een van die bekende skrywers oor die Romeins-Hollandse reg.

Een van sy allerlaaste verhandelinge oor die Romeins-Hollandse Reg uit die tyd toe dit nog in Holland van krag was, is die "Praelectiones" het tot stand gekom uit 'n werksmetode wat Van der Keessel gevolg het deur enkele woorde van Hugo de Groot se "Inleidinge tot de Hollandsche Rechts-geleerdheid" aan te haal en dié dan van sy eie kommentaar te voorsien. Hierdie werksmetode het hy vanaf 1793 gevolg, met die gevolg dat daar tot 1806 gedurig byvoegings tot sy manuskrip gemaak is. Op dié wyse het die "Praelectiones" die laaste uitvoerige werk oor die Romeins-Hollandse reg geword wat 'n weergawe van die Romeins-Hollandse reg verskaf, soos dit in sy tyd algemeen aanvaar is. Kort na die tot standkoming van die geskrif was die Romeins-Hollandse Reg waaroor dit gehandel het, nie meer in Holland geldig nie en die werk is dus nie gepubliseer nie.

Vir Suid-Afrika waar die Romeins-Hollandse Reg nog voortbestaan word hierdie geskrif in die howe as gesaghebbend aangehaal en in vonnisse as basis vir beslissings vermeld.


Ongelukkig was hierdie belangrike werk vir die wetenskap van die reg en die regspraak nie algemeen toeganklik nie. Die Raad van die Fakulteit Regsgeleerdheid van die Universiteit van Pretoria het hom ten doel gestel om dit toeganklik te maak. In 1939 is daar 'n komitee in die lewe geroep met die volgende lede aan die stuur: Prof L I Coertze, Dr E M Hamman, Prof H L Gonin, Prof D Pont en Prof H G Viljoen. Later het Prof P van Warmelo, Prof J A Maré, Prof J P verLoren van Themaat, Dr W J G Lubbe, Adv. A S Botha, Adv E L Jansen, Dr C P Joubert en Adv J J Trengrove ook tot die komitee toegetree.

Die Komitee het besluit om die teks van die Utrechtse handskrif te publiseer. Latyn is egter nie meer die gebruiklike taalmedium oor die hedendaagse reg nie, en daar is besluit om die Latynse teks van die "Praelectiones" in Afrikaans te vertaal en die vertaling tesame met die oorspronklike teks te publiseer. Hierdie Herculiaanse taak is aangepak deur Proff P van Warmelo, L J Coertze, H L Gonin en D Pont, wat die werk die lig gedurende 1961 laat sien het.

Wat die teks van die "Praelectiones" betref is daar van die Utrechtse sowel as die Leidse handskrifte gebruik gemaak. Die Utrechtse manuskrip is die van Van der Keessel wat hyself geskryf het van tyt tot tyd bygewerk het. Die Leidense manuskrip is 'n afskrif wat deur een van sy studente gemaak is en deur Van der Keessel persoonlik nagegaan en hier en daar verbeter is. Van der Keessel het die druk daarvan verbied omdat hy nie daarvoor wou instaan dat dit 'n volledige en korrekte weergawe van sy "Praelectiones" was nie.

Merensky-Biblioteek beskik oor 'n afskrif van die Utrechtse manuskrip van Van der Keessel.

- Ria Viviers


[1] PRAELECTIONES IURIS HODIERNI AD GROTII INTRODUCTIONEM AD IURISPRUDENTIAM HOLLANDICAM

PRAEFATIO

[1] VOORLESINGE OOR DIE HEDENDAAGSE REG NA AANLEIDING VAN DE GROOT SE „INLEIDING TOT DE HOLLANDSCHE RECHTSGELEERDHEYD."

INLEIDING

Latynse teks met die Afrikaanse vertaling

Blad 3



Oorspronklike Utrechtse manuskrip




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



# landbou







# lentedag!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# LANDBOUNUUS



Goeiemôre mevrou
Waar is mejuffrou du Preez
Kyk maar by die abstracts tussen die rakke
Dis nie ongewoonds om so 'n tweespraak aan te hoor nie, want 35 Diereproduksiestudente moes die afgelope maand elk 6 seminare skryf. Onderwerpe het baie gewissel soos die volgende:

Juffrou het jy al konynvleis geëet?
Ek weet darem nie so mooi nie - die ding lyk afgeslag baie na 'n kat. Waar sal 'n mens tog literatuur daaroor kry. Na 'n soektog deur die naslaanbronne word 'n paar firmas se adresse deur die vakbibliotekaresse verskaf, want met 'n paar jaar ondervinding in die landboubedryf is ook kennis gemaak met konyntelers.

Sedert 1976 is mev Fisher en mej du Preez saam werksaam by die Landboubiblioteek. Hier op die Ooskampus het ook sedertdien baie ontwikkelings plaasgevind. Die nuutste - vir 'n hardwerkende boer sal so 'n biertjie na 5 die dag se stof lekker afspoel en veel sal te vertel kan word rondom so 'n samesyn by Huis en Haard. Selfs die 7 K.W.V studente wat die deeltydse Agrariese kursus volg was verheug om te verneem dat die vrug van die wynstok ook hier plaaslik geniet kan word.

Andries Choba is sedert 1960 werksaam by die landboubiblioteek en dis 'n voorreg dat hy sy blou uniform kon verruil vir die kakiepak. Hy is die biblioteekpersoneel se regterhand as dit kom by die fotokopieë en wegpak van nuwe en gebruikte materiaal. Gelukkig het die sterkte van die personeel hierdie jaar gegroei met die koms van Efrat Soeka. Van skoonmaak hoef ons hom niks te vertel. Die twee vorm 'n baie goeie span.

Gedurende die wintervakansie het 'n paar groot verskuiwings hier plaasgevind. Ons moes kort-kort die verbaasde vrae hoor soos: Waarheen skuif julle die masjiene? Uit of net weg? Somtyds is ons wens die eersgenoemde, maar met die nuwe Xerox se koms hier is ons gehalte fotokopieë baie hoër. Ons doserende personeel verwelkom dit ook veral omdat verkleinings nou hier plaaslik gedoen kan word.

Na die verskuiwings kom nou deeglike herbeplanning, waarvoor dr Trichardt heel dikwels die afstand tussen Merensky en Landbou aanpak.

Eersdaags sal die verklikkerstelsel geïnstalleer word en so mettertyd tree die vernuwings hier in werking.

Ons groet hier vanuit die landboubiblioteek waar 'n mens die lente veral ervaar as 'n student 'n wit magrietjie op jou tafel plaas en die lug blou is na die heerlike vroeë lentereëns.

# MEDIES.

'N REKENAAR WAT KOPPE LEES?

Personeel van die Biblioteekdiens van UP hou deesdae mos oë en ore gespits wanneer dit kom by rekenarisering. Hier by die H F Verwoerd-hospitaal is die Brein-rekenaar-tomografie-afdeling waar die blikbrein sedert Julie 1976 op 'n ander soortige manier ingespan word, naamlik - 'n mens kan maar sê - om 'n persoon se kop te ondersoek.

In 1971 het die briljante idee by G N Hounsfield, 'n senior elektroniese fisikus verbonde aan die EMI Central Research Laboratories te Hayes, Middlesex, Engeland, ontstaan om die rekenaar te gebruik vir die verkryging van inligting ten opsigte van die skedel. Die Nobelprys is in 1979 aan hom toegeken vir hierdie rewolusionêre tegniek en toerusting op mediese gebied.

'n EMI-skandeerder (Eng. EMI-Scanner, na die firma wat die masjiene produseer) is aan die rekenaar gekoppel. Wanneer die ondersoek gedoen word, lê die pasiënt op 'n bed voor die skandeerder met die kop in 'n rubber omhulsel wat buite om met water gevul is. Deur die hoeveelheid water in die omhulsel te vermeerder, word die omhulsel dan ferm dog gerieflik teen die kop vasgedruk om sodoende die invloei van lug tot 'n minimum te beperk.


Lesings van die pasiënt se brein word geneem met behulp van 'n smal X-straalbaan en twee kristalontvangers wat elk een helfte van die straal monitor. Die skandeereenheid roteer graad vir graad deur 180° om die pasiënt se kop om 'n snit te verkry. So word ongeveer 70 000 lesings geneem om een snit te verkry. Die rekenaar verwerk die inligting, plaas dit op 'n magneetband en gooi die beeld op die skerm vir bestudering. 'n X-straal film word van die beelde geneem wat as hulpmateriaal dien vir die neurochirurge in die teater tydens breinoperasies. Die inligting op die magneetbande word bewaar vir enige latere verwysing.

Rekenaar tomografie of rekenaar aksiale tomografie (Eng. CT = computer tomography, of CAT = computer axial tomography) soos hierdie tegniek bekend staan, demonstreer die breinweefsel self, iets wat voorheen nie moontlik was nie. Dit sal neuroloë in staat om verskeie ongesteldhede van die brein op 'n vroeë stadium te diagnosieer.

'n Skandeerder is sedertdien ontwikkel wat soortgelyke ondersoeke van die liggaam moontlik maak. Die brein-rekenaar-tomografie-afdeling by die hospitaal verwag hulle s'n in Mei aanstaande jaar.

Die woord tomografie is afgelei uit die Griekse tome wat "'n snit" beteken en graphein wat beteken "om te skryf". 'n Tomograaf is dan die X-straal ondersoek wat 'n straalbeelding van 'n laag weefsel by enige diepte weergee.

- Marié Nortjé






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




LEEF MEER EENVOUDIG, KOOP OORDEELKUNDIG EN REK DIE RAND!

Minnie Wessels

Nie so lank gelede nie, het 'n verwysing na die stygende lewensduurte dieselfde impak gehad as 'n opmerking oor die weer - 'n gerieflike ietsie om oor te gesels wanneer daar nie veel anders te sê was nie!

Deesdae raak die meeste van ons egter met oorgawe welsprekend oor hierdie onderwerp - pryse van alles het so drasties gestyg dat daar min persone is wat nie gevoelig deur hierdie hoër pryse geraak word nie.

Die nuwe hoër lewenskoste sal nooit weer daal nie - ons enigste uitweg is dus om ons bestaande lewenstyl te heroorweeg en aan te pas na 'n minder luukse leefwyse en om die rande wat ons wel tot ons beskikking het, te rek sover ons kan.

Die vraag onstaan dadelik - hoe doen 'n mens dit? En die antwoord is seker redelik eenvoudig - deur weer te dink oor hoe ons leef en te besin oor wat ons koop!

Probeer ons nog meedoen en meeding met die Smitte langsaan? 'n Mens is so geneig om bure, vriende en familie se behoeftes op jou eie lewenswyse te projekteer - hetsy 'n swembad, nuwe plakpapier in die badkamer, 'n ronde eetkamertafel of 'n egter leerjas! Dit hoef nie eens doelbewuste kompetisie te wees nie - net maar miskien die begeerte om ook dieselfde mooi en goeie dinge te besit! Maak baie seker of u hierdie dinge met gemak kan bybring - indien nie, maak vrede met uself en beskou dit as 'n langtermynprojek. Snaaks hoe ernstig 'n mens tog kan raak wanneer jy so 'n skielike kooplus met 'n sekere ant-koop wilsbesluit hokslaan! So 'n twee weke nā die tyd kan 'n mens nie verstaan hoe jy kon lê en rondrol met die tobbende gedagtes van sål ek of sal ek nie!

Om te onthaal en die goeie saam met vriende te geniet, is deel van die lekker van menswees. Die manier waarop ons dit egter doen, kan 'n groot invloed hê op ons maandelikse begroting. Diegene wat in die verlede eerder vriende in 'n restaurant onthaal het as tuis, sal waarskynlik moet begin dink om dit eerder tuis te doen.

Hoe onthaal ons tuis? Probeer ons om die vorige gasvrou se standaarde te handhaaf of om dit selfs te oortref? Weet u, al die plesier van mense ontvang en trakteer, verdwyn wanneer dit op kompeterende basis gedoen word. Dit is 'n fyn lewenskuns om gaste te laat deel in jóu manier van leef! Die warmte van gemaklike samesyn en ware

kommunikasie kan nie met Parmaham of kaviaar gekoop word nie.

Wanneer ons onthaal, is ons so geneig om al ons staatmakergeregte op een slag te wil voorsit. Waak hierteen asook teen die impuls om op duur geregte te konsentreer.

Met vleispryse wat hemelhoog is, kan u gerus 'n slag maalvleis oorweeg wanneer u weer onthaal. Gemaalde vleis van goeie gehalte - onthou 'n mens kan met binneboudmaalvleis as die ander wat dikwels baie vet bevat - kan die basis wees van 'n uithalergereg of voortreklike maaltyd. Dink maar aan bobotie met plompe rosyne en fyn-geurige suurlemoenblare; lasagne, moussaka of 'n maalvleispastei met 'n goudbruin pasteikors bo-oor. As u die kuns verstaan om 'n frikkadel onopgesmuk op sy beste te laat smaak, waarom nie dit vir die volgende keer?

Het u al skaapskenkels, gegeur met fyn kruienaeltjies en piment, gestowe to die vleis van die bene afval, en dan 'n stuifie neut en 'n lepel suurlemoensap bygevoeg. Met 'n pasteikors bo-oor sal 'n mens moet fyn proe om te weet dat dit dierugstringpastei is nie!

'n Lekker nagereg hoef nie noodwendig duur bestanddele te bevat nie - hoekom nie souskluitjies op 'n gure wintersaand voorsit nie?

Gewone pannekoek met 'n skeppie gestoofde appel daarin met 'n bietjie geklopte room of 'n warm lemoensous is net so lekker.

'n Goeie riglyn vir onthaal in hierdie duur tye, is om gebruik te maak van die bestanddele en produkte wat u in die huis het! Pas ook die spyskaart aan by die groente en vrugte in seisoen. So sal 'n mens in die winter eerder die volle verskeidenheid van koolsoorte benut as om ten duurste te betaal vir groenbone!

Vrou Haar eie wêreld
Vinkel en Koljander
Saamgestel deur
Berna van Coppenhagen

Daan Retief Uitgewers
1979

*"Take away my affections and I should be like sea weed out of water; like the shell of a crab, like a husk. All my entrails, light, marrow, juice, pulp would be gone. I should be blown into the first puddle and drown.*

*Take away my love for my friends and my burning and pressing sense of my importance and lovability and curiosity of human life and I should be nothing but a membrane, a fibre, uncoloured lifeless to be thrown away like any other excreta"*

- *Virginia Woolf*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TYDSKRIFTE.

EENS OP 'N DAG HET TYDSKRIFTE GESKUIF ......

Dit was 'n gewone dag - so in die middel van die week. Die tydskrifte is weggeneem, die pos het aangekom en is al oopgemaak - alle tekens dat hierdie dag soos enige ander sal verloop. Totdat ons besef het dat Anne darem lank na die planne van die afdeling staar ... arms swaai, vinger beduie soos 'n Cecil John Rhodes van ouds - net, sy het nie na die resiesbaan gewys nie, maar al in die rondte van die een kardeks na die ander.

Een wat haar nuuskierigheid nie meer kan bedwing nie, vra uiteindelik: "Anne, wat gaan ons doen? Gaan ons trek? "Ja, my poppie, ons gaan trek." "Wanneer gaan die groot dag aanbreek, Anne?" "Sommer nou, my poppie."

Wel, dit was 'n gewerskaf, skaars het die een tafel geskuif, of die planne is geraadpleeg om vas te stel wat met die volgende gaan gebeur. Rakke is verskuif, gebinde bande is afgepak, tydskrifte verduister, elkeen het dit geniet tot op 'n punt, sommige selfs meer as ander, maar daar kom altyd 'n tyd met so 'n geskuiwery dat elkeen besef dat hy nou net een groot begeerte het - hy wens al sy goed is op hulle plek - dat die getrekkery nou al op 'n end is, en dat hy soos 'n normale mens van die een kant na die ander kan beweeg - sonder om onderdeur tafels te wil kruip, bo oor te seil of deur Bestelafdeling te sluip net om by ons eie telefoon uit te kom.

Sowat van deurmekaar het ons nog selde hier belewe - 'n deurmekaar nes. Dit het natuurlik ook sy uitwerking op sommige mense - hulle word self so half snaaks - so al of daar aan hûlle geskuif is. Hulle vat hier, los daar en gaan sit so ewe selfvoldaan op die einste tafel waaraan hulle nou net wou skuif - sonder dat dit wel geskuif is. Erger nog, lui die telefoon, is hulle skielik seker dat dit nie ons telefoon is nie - so skielik is ook hulle ore en voete aangetas.

Maar die snaaksste was die bestudering van die planne - as jy in aanmerking neem dat elkeen sy eie manier het om 'n ding te doen. Die een het die planne bestudeer, gedraai na die tafel wat hy dink hy gelokaliseer het, gestaar, gedink (hopelik) en sy kop goedkeurend geknik. Die ander het soos 'n stiervegter na die tafel geloop, in die rondte gedraai, 'n paar treetjies getrippel, gedink en ontevrede sy kop geskud - of selfs sy kop so heen en weer gewieg dat dit nie na 'n ja of nee gelyk het nie. Nie dat dit alles gehelp het nie, want teen die einde van die stryd het sommige mense nie geweet waar hulle heen geskuif word nie!

Maar kom maak maar so 'n ou draaitjie in ons afdeling - as jy daar kan uitkom - en kyk of dit nie 'n groot verbetering is nie. Ons kan gewis sê: Eens op 'n dag het tydskrifte geskuif - so 'n stil, rustige dag.

- Rentia Pretorius

# VAKBIBLIOKARISSTELSEL

NUUS VAN DIE TWEEDE VLOER


Ons het sowaar 'n stormloop van nuuswaardighede beleef dié maand. Daar was die ooievaar(s), take en nogmaals take, buitelandse besoekers, vakansieplanne en 'n konferensie, 'n vroeë eksamen ... en die lente is ook al (byna) hier.

Ongelukkig moes ons hoor dat ons van party mense sal moet afskeid neem. Rita Badenhorst klim nog 'n sport hoër op die leer, maar sy sal nog gereeld vir ons van die derde vloer af moet blomme stuur. Oor Annemarie Arnold en Ria van Zyl huil ons ook nie meer sulke lang trane nie, want hulle kom weer die teewater aan die kook hou en ons van koekies voorsien! Hulle gaan die fluksste van huisvroue wees. Aan Alida Dippenaar en Annemarie se breë glimlagte kon ons sien dat hulle die Opvoedkundiges 'n ding of twee kon leer in die pas afgelope eksamen.

In hierdie lentemaand het dit ook nie ontbreek aan gesonde ontspanning nie. Lucia Smith het 'n onvergeetlike besoek aan Namakwaland se blommeparadys gebring, Zani Swart het gaan uitrus in die Umhlanga-Cabanas en Anita Joubert geniet die luukse weelde van 'n eie swembad. Daarby is Rita en Alida sô bevoorreg om te kan konferensie hou in Seepunt. Ons vertrou dat julle nie te veel rondgeritz het nie!

"Lekker man, lekker!"
(M.R.)

- Susan Swanepoel






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# ONTSLUITING.

Soos almal al seker teen hierdie tyd besef het, wend die Seksie Makro-ontsluiting hierdie jaar 'n reuse-poging aan om ten volle te professionaliseer, en word daar op alle moontlike vlakke vernuwinge en verbeteringe aangebring om van ons daaglikse aktiwiteite op ontsluitingsgebied 'n volwaardige en indringende beroep en dienslewering te maak. Om maar oo te noem: 'n nuwe gerekenariseerde katalogus word gebou aan die hand van die DOBIS-stelsel; deur middel van die gebruik van die nuwe AACR 2 reëls word daar nou strenge reëlmatigheid in ons ontsluiting toegepas. Die nuwe 19de uitgawe van die Dewey Desimale Klassifikasiestelsel is ook in gebruik geneem om weg te kom van die onbevredigende ou rotules sonder indekse, en ook om meer gerieflik in te skakel by die landswye klem op die gebruik van hierdie klassifikasiestelsel. Verder bedryf ons, saam met die Seksies Boekbestellings, Finansiële Administrasie, en ander dele van die Biblioteekdiens 'n nuwe Statistiekstelsel waarvoor daar ook baie helder dinkwerk geverg word. Selfs ons ontsluiting-handleiding word tans oorgeskryf om al hierdie vernuwinge te reguleer.

- En nog is het einde niet. Ons kan nou ook professionele vergaderings om werksverrigting te probeer handhaaf en om so effens wyer ōm ons beroepsgebied om te dink. Die voorstel is reeds 'n rukkie gelede op 'n vergadering saam met Prof Gerryts bespreek, en ons is summier gevra om werk daarvan te maak. So het ons dan op Vrydag, 22 Augustus ons eerste spreker aan die woord gestel. Prof M C Boshoff, tans gesekondeer vanaf UP se Departement Biblioteekkunde na SABNET, het, in sy hoedanigheid as medelid van 'n komitee oor Suid-Afrikaanse biblioteeknetwerkaangeleenthede, 'n baie interessante en gemoedelike gesprek gevoer oor die vordering van 'n landswye biblioteeknetwerkinstelling in Suid-Afrika. Vir die Seksie Makro-Ontsluiting was dit veral 'n baie insiggewende blik op die toekoms, asook 'n kans om saam na te dink oor die baie vlakke waarop so 'n stelsel moet kan funksioneer om alle soorte biblioteke te akkommodeer; en om saam te evalueer aan al die kriteria wat reeds deur Prof Boshoff se komitee opgestel is. Vir ons, met ons eie ondervindinge van biblioteekrekenarisering was dit werklik 'n genot om Prof Boshoff se behendige oordrag van sy kennis en filosofie in verband met hierdie sake aan te hoor. Aangesien lede van Tydskrifadministrasie, Leendienste, Boekbestellings en Interbiblioteeklenings ook teenwoordig was, het Prof Boshoff sy gedagtegang goedgunstiglik verbreek om sodoende ook dāārdie netwerkaktiwiteite in oënskou te neem. Hiermee wil ons hom dan ook hartlik bedank vir sy gewilligheid om sy werksaamhede met ons te bespreek, en die hoop uitspreek dat ons ook verdere vorderingsverslae met hom kan deel. Verder bedank ons ook graag mej Anthea McLaren wat hierdie vergadering met sulke welslae gereël het, ten spyte van tegniese probleme om betyds 'n oorhoofse projektor te bekom!

Daar sal van nou af meerendeels oor en weer gekuier word tussen die Seksie Makro-Ontsluiting en die Vakbibliotekarisstelsel wanneer dit gaan oor professionele vergaderings van hierdie aard. Ons was bly om 'n hele aantal vakbibliotekarisse by ons te hê vir prof Boshoff se geselsie, en was ook netso bly om die vakbibliotekarisse se onlangse professionele vergadering van Donderdag, 14 Augustus te kon bywoon. Dāār het dit weer gegaan oor personeelevaluering, en het prof Botes en dr Andrews van UP se Departement Publieke Administrasie ook heelwat waardevolle teorieë en kriteria aan ons openbaar. Die twee sprekers het hulle baie dinamies van hul taak gekwyt, en die middag het veels te gou verloop om alles te bespreek wat oor personeel en personeelhantering gesê kan word. Baie dankie aan die vakbibliotekarisse vir die uitnodiging om die vergadering te kon bywoon; ons het dit waardeer en geniet. Graag wil ons dan ook vir mej Magriet Lee gelukwens wat tydens hierdie vergadering verkies is as sekundus-vakbibliotekaresse, en wie dus volgende jaar die amp van leier-vakbibliotekaresse sal oorneem. Ons hoop jy geniet die uitdaging, Magriet.

Persoonlike nuus is daar nie veel van nie; ons moes afsien van mev Joriet Coetzee, wie haar nou in Africana gevestig het na 'n suksesvolle maandlange oorsese toer. In haar plek het ons twee nuwe gesigte bygekry, naamlik mej Andrea Bosman en mev Irene du Preez. Baie welkom aan hulle. Totsiens ook aan mev Marianne Joubert, wie haar nou na Durban gaan begeef saam met haar man. Dankie vir jou samewerking, en alle sukses vir die toekoms, Marianne.

Ons sluit af met 'n woord van dankie aan die Sosiale komitee vir hul baie mooi Lentedag-reëlings. Nā die winter het dit gesorg dat allerhande nuwe dinge in ons begin roer, en voel ons weer nuwe ywer vir die somermaande.

- Jean Maree



"Isn't there a 'maybe yes and maybe no' button?"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# NUUT IN DIE TUIG



Irene du Preez



Marike Viljoen




Ronél Blaauw

Hulda Fritz



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# totsiens



Julie Luus

Anna-Marie van Rensburg





Marietjie Enright



Francina de Villiers

Anna-Marie Pienaar






Marianne Joubert

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE

UP BIBLIOTEEKDIENS



***OKTOBER 1980***

DIE BIBLIOTEEK EN DIE BURO VIR OPENBARE BETREKKINGE

Die jaar negentien-tagtig snel vinnig te einde. 'n Jaar wat in die geskiedenis van die Universiteit van Pretoria altyd as 'n hoogtepunt gekenmerk sal word. Ons kyk terug oor vyf dekades van akademiese prestasies wat bereik is, vyftig jaar waarin die Universiteit gegroei en gebloei het. Tien-duisende het hul studies reeds hier voltooi, terwyl duisende reeds aan die deur klop om hul studies te begin. Die geswoeg en gesweet om akademies te presteer sou seker nooit verwesenlik kon word as dit nie vir die rol was wat die Biblioteek en die Buro vir Openbare Betrekkinge vir die prestasie van die student gespeel het nie.

Die Buro vir Openbare Betrekkinge het ten doel om die goeie beeld van die Universiteit van Pretoria na die buite publiek uit te dra. Die halfeeufeesvieringe van die Universiteit het 'n geleentheid vir die Buro geskep om alle fasette van die universitêre lewe deur middel van konferensies, simposia, uitstallings, publisiteit, massa media en alle moontlike maniere aan die breë publiek bekend te stel. Dit is 'n projek wat op korttermyn aangepak word. Maar dit moet ook gestalte vind in 'n langtermyn beplanning om langs dié bekende weë hierdie doel te kan bereik.

Die akademiese prestasie van studente sou sekerlik nooit bereik kon word as die Biblioteek nie bestaan het nie. Die normale kontak wat die student met die Biblioteek maak, word as vanselfsprekend aanvaar omdat die personeel van die Biblioteek die stille werkers agter die skerms is. Selde of ooit word die personeel in verhandelings of proefskrifte erken. Tog is hierdie diens uiters belangrik in die handhawing van die goeie betrekkinge tussen die Universiteit en die student. Ook word kontak met ander universiteite in die land hoofsaaklik deur die Biblioteek bewerkstellig, want die student eis die diens om vordering in sy studies te kan maak. Hoe dikwels is die literatuur nie hier te lande uitgeput en is dit die taak van die Biblioteek om die besondere werk uit die buiteland vir die student te bekom nie?

In hierdie kontak na buite en na binne beweeg die Buro vir Openbare Betrekkinge en die Biblioteek van die Universiteit op dieselfde terrein. Daar is dus aanvulling en oorvleueling sonder dat enigeen ooit besef dat dieselfde doelstellings in belang van die Universiteit nagestreef word - Diens aan die gemeenskap. Hoewel die Buro vir Openbare Betrekkinge en die Biblioteek nooit deur papieropskrifte hul aandeel in prestasies van studente wil bekendstel nie, kan hul aandeel sekerlik nooit na waarde geskat word nie.

Deur die uitdra van 'n positiewe beeld van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit is die primêre taak van die Buro sodanig dat die voornemende student na die Universiteit getrek word, nie net deur die prestasies op skool nie, maar deurdat 'n goeie gesindheid teenoor die Universiteit aanwesig is wanneer die student tot die Universiteit toetree.

Aanvullend tot die gesindheid wat by die student wakker gemaak is, het die Biblioteek ook die taak om die goeie gesindheid van die student te behou. Die flinke diens van personeel, die sinvolle gebruikmaking van die rekenaarstelsel, die vinnige opspoor van besondere werke is slegs 'n paar aspekte waar die Biblioteek 'n funksie het om te vervul.

Die Biblioteek bly steeds die bron van kennis vir die student wat sy huidige situasie betref. Die Buro vir Openbare Betrekkinge versprei kennis aangaande die Universiteit wat die voornemende student in die toekoms sal raak. Albei die instansies het hier 'n aanvullingsbehoefte met kennis as die sentrale gedagte, 'n wederkerigheid wat nie buite rekening gelaat kan word nie. Deur die diens wat die Biblioteek aan die student lewer, word ook die openbare beeld van die Universiteit bevorder, want hierdie diens kring uit en raak nie net die besondere student nie, maar alle mense wat met die student in aanraking kom. Op hierdie wyse word die taak van die Buro vir Openbare Betrekkinge soveel makliker gemaak want 'n tevrede student word ook 'n positiewe beeldraer van die Universiteit.

C H Cilliers
DIREKTEUR: BURO VIR OPENBARE BETREKKINGE



*VERJAARSDAE*

*NOVEMBER*

*2 Mev S Potgieter - Africana*
*6 Mev A van der Merwe - GSV*
*12 Mev E Mulder - Beplanning en Ontwikkeling*
*13 Mej H Visser - Tydskrifadministrasie*
*16 Mev A Joubert - Vakbibliotekarisassistente*
*29 Mej J du Preez - Landbou*

TE KOOP

DENNEHOUT EETKAMERSTEL

6 stoele
1 ronde tafel (4vt 6dm)

KONTAK: J du Preez
Landboubiblioteek

# LEESVREUGDE

VEEARTSENYKUNDE-BIBLIOTEEK

NEUS IN DIE BOEKE - 'N VERRYKENDE STOKPERDJIE

Napoleon het reeds lank terug die waarde van lees onomwonde gestel met die woorde "Wys my 'n familie wat lees en ek sal aan jou toon wie die mense is wat die wêreld verander".

Nie alleen put ek groot genot uit boeklees nie, maar dit het ook vir my ontskatbare waarde. Lees is 'n avontuurlike ontdekkingstog waarin 'n mens voortdurend een na die ander kosbare waarheid ontdek wat jou in een of ander opsig verryk. Natuurlik kring hierdie verryking (deur jou) ook uit tot ander.

Om te delf in boeke het my lewe in 'n veelvoudige sin verryk, waarvan ek vlugtig net die volgende aan u noem:

a) Met betrekking tot 'n mens se denke

Heelhartig beaam ek die woord van Joseph Addison wanneer hy sê "reading is to the mind what exercise is to the body"

b) Met betrekking tot ontspanning


Die liefde om boeke te lees stel 'n persoon in staat om die moeisame ure van jou lewe te verruil vir tye van verfrissing en verkwikking.

c) Met betrekking tot gesprekvorming

Lees bied onder andere aan 'n mens 'n "feitlike-bank" waaruit jy kan onttrek vir sowel aanknopingspunte as inhoud tot sinvoller gesprekvoering.

Talryke ander sake sou 'n mens ook kon aanstip ten opsigte waarvan lees 'n mens verryk, soos byvoorbeeld uitbouing van jou selfbeeld, realisering van 'n mens se persoonlikheid; gesonder menseverhoudings; en ook 'n ryker huwelikslewe; bekwamer ouerskap; meer gebalanseerde lewensbeskouing; vrugtevolle Christelike lewenswandel en effektiewe beroepsvervulling.

Eerder as om u langer te vermoei met 'n verdere uiteensetting hiervan, deel ek nou graag met u enkele van die pittige kosbare waarhede wat ek in my leestog ontdek het:



Ag, toemaar juffrou, 'n onderhoud by die Merensky is darem nie só erg nie!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die wesenlike van die volwasse persoonlikheid is aanvaarding van jouself, van andere en die doel en sin van die lewe.

(Wijngaarden)

Die bedoeling met die mens se lewe is nie dat hy 'n patetiese prooi van die lewe moet wees nie, maar 'n meester in die kuns van lewe; nie op soek na simpatie nie, maar om hulp aan andere te verleen; nie selfbejammerend nie, maar om ander in liefde te dien.

(Masewell)

Die model persoonlikheid skets Masewell aan die hand van die volgende:

Sense of direction (doelgerigte bestaan)
Understanding (begrip vir ander se optrede)
Charity ('n oop hand en hart vir ander)
Courage (moedige optimis)
Esteem (eie waardigheid)
Self-acceptance (selfaanvaarding)
Self-confidence (selfvertroue)

Die vrou is die draagster van die "vroulike" kenmerke van God, naamlik sy is liefdevol, sag, genadig en versorgend, terwyl die man aan die anderkant die draer van die "manlike" kenmerke van God is naamlik sterk, 'n gesagsfiguur, wys, verstandig en regverdig. Alleen waar die vader en moeder wesensgetrou is kan die kinders 'n suiwer begrip van die Skepper kry.

(dr Andries Gous)

Die behoeftes van die kind is:

1. Sekuriteit
2. persoonlike waarde, erkenning en aanvaarding
3. sosiale verkeer en spel
4. dissipline en onafhanklikheid; en
5. identifikasie en selfverwesenliking

Deur middel van die dekaloog (tien gebooie: God se bevel) heers God oor die mens, gee Hy rigting en koers, gestalte en vorm aan die menslike lewe. En wie hom hierdie heerskappy laat welgeval en hom daaraan onderwerp, dië is besig om iets van die koninkryk van God in hierdie wêreld te laat sien.

(Prof J A Heyns)

Hierdie is enkele voorbeelde om aan te dui hoe die stokperdjie, lees 'n mens se lewe op verskeie terreine kan verryk.

Geniet u boeklees!

Leon van Heerden



# UITSTALLING.

'N UITSTALLING (UITSTELLING?)

Jy sit nog so bedrywig in 'n groefie en werk, dan sleep hulle jou op na die tweede vloer, en word die verrassingspakkie aan jou oorhandig: 'n netjiese uitgewerkte, voorbedagte en goed beplande program vir die uitstalling van die jaar (en raai, jy is sommer op die koop toe 'n lid van die komitee). Dit klink goed ... dit klink woes... dit klink lekker... ons sal dit... nee, liewers nie dit nie ... en wat van my werk wat gaan ophoop?

Uiteindelik is al die werk uitgedeel en dan kom die moeilike deel... om dit waarop jy normaalweg sit aan die roer te kry, want die tyd word al hoe korter... al hoe minder... en die mense al hoe benouder.

Daar word gekoop, beplan, weer gekoop en herbeplan. Sommige flukse voëls het sommer vroeg-vroeg al begin werk - die uwe het nog eers 'n rukkie gesit en beplan (die spreekwoordelike nog 'n rukkie sluimer... nog 'n rukkie uitstel).

Nagmerries laat die komiteelede rondrol en na 'n oulase nag van min slaap is die inisiatief - en die kragte maar op 'n laer vlak.

Uiteindelik begin dinge vlot verloop (hoewel dit 'n bietjie laat is!) Idees steek op die snaaksste tye kop uit... ander word weer net so vinnig met 'n graaf terug in die grond gehamer.

Sowat van belangstellendes en vrywillige helpers het ek lanklaas gesien... hier help een plak... daar sit 'n paar en verf... ander dra die normale las van 'n werksdag, en stop die groot gate toe.

Die kerse brand tot laat in die nag, en selfs teetye word kortgeknip, en soms vergeet ('n besonder eienaardige sindroom wat hier opgeduik het!)

Fraai en praktiese uitstalkaste vergemaklik die taak... iets wat my nogal opgeval het is dat die voorbereiding van die agtergronde en bykomende materiaal begin dreig het om die materiaal wat uitgestal moet word, se plek in te neem. Vinnig word die balans egter herstel toe die finale uitpak laat die nag gedoen word. Koorsig word die laaste stof 'n paar uur voor die uitstalling aangepak. Africana ondergaan 'n metamorfose...

Papiere... gemors... leë houers... ens. verdwyn in 'n groot kartondoos... haai, dis my skoene wat jy nou net weggegooi het... en waar is die X-kamer se sleutel... krap-krap in die reuse "kartonasblik"... gelukkig lê hy op die regte plek... veilig in die laai. Die mat word skoon gesuig... die glas word blink gevryf... en vrolike blomme bring die finale afronding aan.

Dit was lekker... dit was goed... dit was somtyds woes... dit wās die moeite werd... maar wat word van al die opgehoopte werk?

Dit wās die moeite werd... het jy die aand met die opening die Prof se gesig gesien?

- Anthea White



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# UP 50--

# UITSTALLING













Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

'N MAN IN DIE HUIS

Omdat ek nie 'n man het om vir my herstelwerkies by my huis te doen nie, het ek op 'n dag 'n vriend gevra om 'n verstelling aan my deurslot te maak.

Na jare van alleenwoon, was ek onvoorbereid vir die ceurmekaarspul om hierdie klein werkie gedoen te kry.

Voor die werk begin, sê ek vir hom dat ek vir ons warm, vars brood gaan koop het, en kan ek vir hom kaas op sy broodjie sit?

"Nee", sê hy, gee liewer jam." Dit beteken dat ek, nie 'n jam-eter, moet skarrel spenstoe op soek na jam.

Later vra ek verder, "sal jy tee drink?"

"Nee, liewer 'n koue biertjie." Ek deursoek die yskas en ontdek dat die bier verdwyn het, vermoedelik by my seun se keelgat af. Toe ek dit meedeel, vra ek weer, "sal jy dan maar tee drink of Koffie?"

"Nee. liewer net water - Koue water". So, ek moet ys uithaal.

Toe my tee geskink is, kom daar 'n reeks versoeke onder ander vir:

'n Houtbytel
'n Hamer
'n Skroewedraaier
'n Skerp mes waarvoor ek nie jammer is nie
'n Vuurhoutjie
'n Ou stukkie sunlight seep
'n Naald om 'n splinter uit sy vinger te haal
'n Vergrootglas om te help

Na twee koppies koue tee, toe die teepot leeg is, onverwags:

"Skink maar nou vir my 'n koppie tee."

Ek kyk met belangstelling hoe hy die een sny brood na die ander eet ook die korsie sonder om te vra of ek die helfte wil hê, en toe ek huiwerig vra vir 'n sny brood, verbystering op sy gesig. "Wat is verkeerd?" vra ek.

"Het ek reg gehoor dat jy wil brôôd hê?" en toe ek knik, sê hy, "Jy het vir my gesê jy is so bly dat jy gewig verloor het, en nou wil jy brôôd eet??!

Hy stap op 'n inspeksietoer deur my tuin en sê gegrief. "Ek sien jy het madeliefies gesaai oor die bolle wat ek vir jou geplant het" Ek is te moeg om te verduidelik dat die madeliefies self opgekom het en te mooi is om uit te trek.


Hy lig my in dat hy, 'n Bolander, nou geleer het om Saterdae pap en wors te eet as hy die tuinbediende kosgemaak word. Toe ek hom inlig dat ek pap kenkies van onverfynde mieliemeel en die meel vir hom wys, sê hy vergenoegd: "O maar dié is gebreekte mielies".

Toe hy uiteindelik vertrek, is ek 'n bewende wrak. Ek sink in 'n ou tuinstoel neer met 'n warm koppie koffie en kyk na my madeliefies wat blink in die son en besef uit hoeveel jare ek alleen woon en ook hoeveel lange jare ek getroud was toe onrustigheid en oneindige eise aan die orde van die dag was en ek sug lank en diep en gaan maak vir my nog 'n koppie koffie wat ek in vrede kan drink sonder een of ander kommentaar soos:

"Jy sal 'n galaanval kry.
Jy sal vannag nooit kan slaap nie" of selfs
"Weet jy hoe duur is koffie?
Stadig met die suiker tog; jy sal vet word!"

Nouja, dit is wel ongerieflik sonder 'n man in die huis maar my koffie is tenminste warm - en soet!

- Mev Marié Rautenbach



"...so they stopped expecting a typical fairy tale marriage and lived okay ever after."

---

## die hitte, die professor

## ...en ek...

Dit was 'n besondere warm dag daardie middag in November. Soos die weerburo dit deesdae uitspel - bloedig warm.

Die ure het traag verby getik en na analogie van Jan F E Cilliers se "Martjie" het ek by myself gewonder of dit so 'n middag was daar in die voorhuis, met Wagter lui uitgestrek op die voorstoep en Adam, die werfvark homself genietend in die voor vanuit die leidam die water opgammend teen sy sye.

En so in die lomerigheid van die middaghitte het my gedagtes begin dwaal na ons plaas, De Rust, in die goeie ou Vrystaat.

Adam, die otjie, Wagter en die ontsettende hitte. Met die het my ken laer en laer gesak en my gedagtes verdwaal in die doolgange van 'n sluimerslaap.


Soos die rammeling van 'n veraf donderweer hoor ek iemand by my lessenaar kug. Eers dwing ek my linkeroog op 'n skrefie oop. Daarna volg die regteroog vinniger. Toe eers registreer my brein die forse gestalte van professor Papenfus verbonde aan 'n departement van ons universiteit. (gelukkig nie een van myne nie). Professor ken sy vak en my ken sy studente. maar op die kampus en veral in die biblioteek is dit algemene kennis dat hy nooit leer lag het nie en met sy stroewe houding veral ons in die biblioteek altyd op ons tone hou.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019










Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Voordat ek stamelend 'n verskoning kon aanbied, kom dit bars van hom: "Mevrou, ek is op soek na 'n artikel wat verlede jaar in 'n oorsese tydskrif oor die Boesmans van Botswana verskyn het. Die skrywer was 'n Duitser wat enkele jare onder die Boesmans gewoon het."

Ek was helder wakker. Professor Papenfus weet hoe om die spinnerakke uit jou boonste verdieping te kry. My brein was in hoogste versnelling terwyl ons aanstap na die tydskrifrakke - ek so 'n tree voor en die Professor so effens agter. Amper soos Danster en sy sleepsel.

Teen hierdie tyd was ek helder wakker en onthou dat ons net 'n week of wat gelede 'n boek deur Heinz aangekoop het. Ek het na die rak waar die boeke oor die Boesmans staan, gestap en die boek gevind, getitel "Namkwa-life among the Bushmen": Dit is die storie van 'n Duitse antropoloog wat 'n "Kalahari Boesman" geword het. Hy het onder die Boesmans in Botswana gaan woon, hy was bekoor deur die Boesmankultuur, hy het ondersoek ingestel na die leefwyse van die Boesmans, hy het hulle taal leer praat en hy het met 'n Boesman, Namkwa, getrou.


Hy het probeer om die Boesman in te lei in 'n meer gesofistikeerde en gevestigde lewenswyse wat hulle toegang tot 'n moderner wêreld sal gee. Hy het byvoorbeeld probeer om 'n beesboerdery tot stand te bring om maar net keer op keer te vind dat hulle sonder om twee keer te dink 'n bees sal slag om fees te vier.

Net Namkwa, sy vrou, het daarin geslaag om die gaping na die Westerse leefwyse te oorbrug. Heinz se lewe en avonture saam met die Boesmans bied interessante leesstof en alhoewel populêr geskryf is dit ook volkekundig van waarde.

Margaret Mead beskryf die boek as "extremely honest, self-revealing; and through it all, Namkwa, his little Bush wife, shines brightly, glowing, as he used to describe het".

Na so 'n rukkie is die professor, boek onder die arm, daar weg. Hy het 'n slag oor sy skouer geloer en ek kon sweer dat ek daar 'n sweem van 'n glimlag bespeur het.

- Alida Dippenaar



«Must be another running book on the best-seller list.»

Public Perce by Kimball




KIWIVRUG

Die Departement Tuinboukunde van die Fakulteit Landbouwetenskappe het op Vrydag 17 Oktober 'n simposium gehou oor die kiwivrug. Navorsers, boere en bemarkers was verteenwoordig, waaronder ook 'n aantal oorsese besoekers.

Die afgelope dekade het al hoe meer artikels oor die onderwerp verskyn in die tydskrifte - Landbouweekblad, Farmer's Weekly, Word Farming, The Citrus Grower and Sub-Tropical Fruit Journal, Gardening, Reader's Digest en To the Point.

"It's downright ugly on the outside, but inside this curious little fruit is a delectable delight that is conquering the palates of the world". (John Dyson in Reader's Digest)

Die vrug kom oorspronklik vanuit China, maar sedert 1940 word dit ontwikkel en verbou in Nieu-Seeland. Dit is omtrent so groot soos 'n hoendereier en het 'n harige bruin skil. Die vleis is egter aantreklik, met 'n groenerige kleur en liggroen strale daarin. Daar is 'n groot aantal klein swart saadjies. Die vrug het 'n baie delikate smaak, is ryk aan minerale en vitamiene C. Dit kan vars of in slaai geëet word. Ook kan konfyt daarvan gekook word.

Gedurende die afgelope 10 jaar het die kiwivrug baie gewild geword in Europa en die Verenigde State. Baie hoë pryse word daarvoor betaal. Vanweë die hoë inkomste daaruit, word wye belangstelling gelok uit baie dele in Suid-Afrika.

Soos in die geval van nuwe gewasse is baie min bekend oor die aard en vereistes van die kiwivrug in Suid-Afrika. In die lig daarvan het die Departement Tuinboukunde 'n dekade gelede begin met 'n navorsingsprojek met die volgende oogmerke:

1. Om die geskikste produksiestreke in Suid-Afrika te bepaal.
2. Om kiwivrug kultivars te ontwikkel wat die beste sal aard by Suid-Afrikaanse omstandighede.

Op die Universiteitsproefplaas is tien jaar gelede begin met aanplantings van die kiwivrug. Prof L C Holtzhauzen en Mnr D F A von Staden is die persone wat betrokke is by die projek.

Landboubiblioteek

- Jeanette du Preez



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



# BEPLANNING






&




# ONTWIKKELING

---



# VEEARTSENYKUNDE





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Beplanning en Ontwikkeling

Die doelstelling van die Afdeling is om aan die Direkteur van Biblioteekdiens adviserende bystand te verleen in die bestuur en aanbieding van 'n doeltreffende biblioteek- en inligtingsdiens aan die Universiteit van Pretoria.

Die Afdeling verrig meerendeels toegepaste navorsing of ondersoek na aanleiding van probleme wat in die praktyk ontstaan en wat meer doeltreffende uitvoering van spesifieke funksies van die Biblioteekdiens tot gevolg het.

Beplannig is die bewerkstelliging van verandering in die rigting van verlangde doelstellings met behulp van vooruitskatting, doelwitbepaling, programmering, skedulering, begroting, ontwikkeling van prosedures en ontwikkeling van beleid.

'n Projekleier loods die verloop van 'n projek. Daar word ook tydens die loop van die projek verslag gedoen (mondeling of skriftelik) en na afloop van 'n projek word 'n finale verslag met aanbevelings gewoonlik voorberei.

Die Afdeling vergader twee-weekliks: op die oomblik een keer 'n maand onder voorsitterskap van die Direkteur (Biblioteekdiens). (Normaalweg onder voorsitterskap van die Adjunk-Direkteur (Beplanning en Ontwikkeling)). Verder word daar maandeliks en jaarliks van die aktiwiteite van die Afdeling verslag gedoen. Die aktiwiteite word ook op drie-maandelikse programmeermatrikse vooruit beplan.

Noudat mnr H de Bruin en mnr P J Lor die Biblioteekdiens verlaat het, is die Afdeling gespeen (volgens die Direkteur), want die naelstring van kontak met die Topbestuur is effens afgesny. Prof Gerryts hou egter tog 'n ogie oor die werksaamhede van die Afdeling met die maandelikse afdelingsvergaderings en mnr R E Tönsing doen sy bes tussen-in, dus lyk ons miskien maar net effens herderloos. Ons sien egter reeds uit na Prof J A Boon se koms.

Verder is daar steeds verskeie projekte wat hul loop neem: rekenarisering, fisiese beplanning en mikro-ontsluiting. Mnr Rolf Tönsing is gemoeid met rekenarisering. Na die implementering van DOBIS vir ontsluiting, volg die beplanning van die rekenarisering van die uitleen- en aanskaffunksies met behulp van LIBIS, die "susterprogram" van DOBIS. As mnr Tönsing nie êrens op die laergrondverdieping of by mnr Otto is nie, is hy betrokke by vergaderings van die Werkgroep van die Koördineringskomitee vir Biblioteekrekenarisering en talryke ander sake wat daarby aansny, soos die opleiding van personeellede oor DOBIS-soektogte.

Dr Tamal Trichardt het die projek fisiese beplanning. Op die oomblik verg die sitplekbesettingsopname en die voorbereiding van gegewens daaroor vir SANSO baie aandag en sal sy na dese beslis fiks wees vir 'n lenteloop of iets soortgelyk. Andersins is sy betrokke by die veranderings aan die Landboubiblioteek soos byvoorbeeld die installering van 'n verklikkerstelsel en die aanbouing by die Veeartsenykunde biblioteek.

Mev Gerda Beukes darenteen is betrokke by mikro-ontsluitingsprojekte soos die beplanning van 'n mikro-ontsluitingstelsel vir die Departement Geslagskunde, Fakulteit Veeartsenykunde, hulp by die implementering van die unitermstelsel van die Margaretha Mes-Instituut vir Saadnavorsing, ensovoorts. Sy is ook die Afdeling se inligtingsbeampte.

Mev Elsie Mulder is die sekretaresse van die Afdeling. Sy tik al die verslae, notules en dokumente wat in die Afdeling so ywerig geskryf word. Biblikasie word ook elke maand deur haar getik en verder doen sy ook tikwerk vir die Vakbibliotekarisstelsel.

# veeartsenykunde

Behalwe vir die skoonmakers, is die eerste tekens van lewe by die fakulteit Veeartsenykunde soggens by die biblioteek. Dus begin ons gewoonlik die dag rustig.

Die Veeartsenykunde-biblioteek is eintlik 'n Merensky-biblioteek in die baie kleine; uitgesonder natuurlik afdelings soos die seksies boekbestellings, tydskrifadministrasie en makro-ontsluiting.


Ons gebruikers bestaan uit voor- en nagraadse studente, dosente en ander personeel, asook privaat-praktiserende veeartse vanoor die hele Suid-Afrika; want behalwe vir die Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde se biblioteek ook hier op Onderstepoort is die Veeartsenykunde-biblioteek van die Universiteit van Pretoria eintlik die enigste Suid-Afrikaanse biblioteek wat in die vakgebied Veeartsenykunde spesialiseer.

Hier is dit ook nie snaaks as 'n student jou as "Mâm" aanspreek nie, want die fakulteit trek studente van dwarsoor die wêreld: Amerika, Israel, Suid-Amerika. Noem maar op!

Behalwe die heerlike vars lug geniet ons hier ook die salige plaasatmosfeer met diere wat so af en toe laat hoor dat hulle darem ook deel van die plek is. Dit is net as die ou varksog soms behoorlik haar stem verhef, terwyl die fotokopieermasjiene ook hulle plig moet doen en jy 'n gesprek oor die telefoon probeer voer dat die "plaasgeluide" soms ook 'n bietjie stremmend kan inwerk.

Die Veeartsenykunde-biblioteek het maar eers ongeveer sewe jaar gelde tot stand gekom nadat die Navorsingsinstituut en die fakulteit Veeartsenykunde finaal geskei is, sodat ons relatief 'n jong biblioteek is. Ons steun dus nog sterk op die "moeder-biblioteek" wat ouer aflewerings van tydskrifte betref. Terselfdertyd is ons hard besig om te bou aan ons eie voorraad wat steeds groei, en wel in so 'n mate dat ons hoop om binnekort 'n vergrote biblioteek te betrek.

\- Mathilda du Preez






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## *Versuurde boeke ?*

'ACID' PAPER THREATENS MILLIONS OF BOOKS

Acid content in woodpulp papers is slowly destroying recently published books. Ironically, the 19th Century breakthroughs in publishing technology that made possible the switch to woodpulp from linen and rags now threaten millions of volumes in great libraries.

Officials of the Library of Congress and many university libraries are urging publishers to abandon decay-prone acidic papers in favor of alkaline varieties capable of lasting several hundred years. "The swing away from acidic papers is taking a damned long time here," complains John C. Williams. a research officer at the Library of Congress.


Only about 20% of the books being printed in the U.S. contain alkaline paper. "Most 20th Century materials are printed on paper that will self-destruct within our own lifetimes or the next century," says Barclay Ogden, director of the library conservation program for the University of California at Berkeley. Many 19th Century works also are vulnerable, he says.

To preserve endangered volumes, each page must be dipped in a chemical solution to remove acids and introduce a buffer against future acid attacks brought on by pollutants. The process is labor-intensive and expensive. But most alternatives-microfilming, total environment control, protective acid-free binders - aren't any more attractive.

The Library of Congress, which refuses to buy any more books or papers that aren't alkaline, classifies nearly a third of its 18.6 million volumes as "brittle." Acid books that have yet to become brittle can be neutralized chemically - for about $200 a volume.

The General Electric Space Center in Valley Forge, Pa., has developed a promising method for treating books with diethyl-zinc gas that could reduce the per-book cost to $3. Commercial-scale deacidification could begin next year, but the project may be delayed. The chemical company that provides the gas is refusing to ship any more, contending that it's too dangerous to transport.

- Kathryn Christensen
The Wall Street Journal. August 8, 1980.



# VAKBIBLIOKARISSTELSEL

Die mooiste maand het gekom en gegaan - die Jakarandas het begin blom, UP het amptelik vyftig jaar oud geword en hier by ons kan die tekens dat die eksamen nader kruip duidelik bemerk word. Studietafels waarby daar "uitgekamp" word is aan die orde van die dag. Hierdie tafels spreek duidelik daarvan dat hulle vir 'n hele paar uur aaneen benut word. Die blad is gewoonlik bedek met pakke aantekeninge, dik handboeke, 'n horlosie van een of ander formaat, 'n verskeidenheid van skryfbehoeftes en die onontbeerlike pakkie suiglekkertjies. Eenkant onder die tafel staan daar dan nege uit die tien kere die paar skoene wat as dit blykbaar aan die voete bly, die denkproses aansienlik vertraag.

Vir Ria van Zyl is die eksamen ook net om die draai. Sy het darem nou haar laaste aandbeurt in die Merensky gewerk en kan nou meer akademies verkeer.


Ons op tweede vloer veral het beslis die wording van die uitstalling in Africana in al sy fasette meegemaak. Met groot belangstelling is alles wat in en uit Africana gedra is, dopgehou en ons het al amper daaraan gewoond geraak om verskeie van die Merensky-personeel meestal sonder skoene te sien. Alida Dippenaar, Rita Badenhorst en Ria van Zyl, ons weet julle en al die ander het baie hard gewerk, maar te oordeel aan die uitstalling was dit die moeite werd. Vir ons ander hier op die vloer was dit heerlike afwisseling om letters en raampies te verf.

Thea Heckroodt en die eiendomsagente leer mekaar elke dag beter ken. So 'n intensiewe soektog moet beslis beloon word, net moed hou hoor! 'n Nuwe lessenaar by die werk val dalk net saam met 'n nuwe dak oor die kop.

Lucia Smith, Anita Joubert en Anna-Marie Arnold het almal gaan uitspan; Lucia by haar ouers naby Hoedspruit en Anita en Anna-Marie sommer net by die Huis. Magriet Lee was gelukkig genoeg om die pragtige kersiebloeisels en Azalias by Cheerio gedurende die lang naweek te sien en Alida Dippenaar was op 'n blitsbesoek aan Natal. Geen wonder Susan Swanepoel begin tekens van rusteloosheid toon nie. As daar vir my vier heerlike weke in die Kaap net om die draai lê en loer het, sou die ure vir my soos dae gevoel het!

Groete van ons hier amper bo!

- Zani Swart





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# ONTSLUITING.


By ons gaan dit nog steeds baie bedrywig, en vorder die invoer van alle nuwe materiaal op DOBIS baie fluks. Ou voorraad wat oorgeplaas moet word, kom ook aan die beurt, asook geskenkmateriaal. Daar word gewerk aan 'n statistiekverslag en 'n nuwe handleiding, en 'n verslag oor die invloed van die rekenaar op werknemers is sopas voltooi. Tussendeur het ons nog steeds behoefte aan AACR II en DDC 19 klasse, en raak ons meer en meer bedrewe in die interpretasie van hierdie twee nuwe "Bybels".

Daar is ook weer professioneel vergader, en wel op 15 Oktober, toe mev June Botha van die RSANB (Staatsbiblioteek) vir ons toegespreek het oor die bruikbaarheid van DOBIS vir nasionale bibliografiese aktiwiteite en rekordbou. Met haar kritiese insig in die unieke aard van die RSANB se rekordversameling ('n algehele tweetalige katalogus moet gebou word, met materiaal wat 'n massiewe omvang aanneem met verloop van tyd) het Mev Botha 'n hele paar interessante (alhoewel nie fatale!) gebreke in die DOBIS-stelsel aan ons uitgewys. Die Seksie Makro-Ontsluiting het die toespraak baie relevant gevind, en was eintlik jammer toe die tyd opraak en ons moes verdaag.

Ons moet weer totsiens sê, en hierdie keer is dit ons Seksiehoof mev Johanna Duursema wat ons verlaat. Sy word oorgeplaas as hoof van die Voorkliniese Biblioteek, en is ons dus weer 'n tyd lank sonder 'n hoof. Elkeen sal darem sy deel bydra om te sorg dat die Seksie se verrigtinge vlot verloop. Totsiens Mev Duursema, en dankie vir u teenwoordigheid. Alles van die beste in 'n nuwe pos. Verder verwelkom ons mev Hantie Nel terug in ons midde, en hoop sy sal spoedig aanpas by die bekende ou roetines, en dat die nuwes ook sommer gou verwerk sal word.

Ons sluit graag af met 'n woord van dank aan al die personeellede insluitend die van die Seksie Makro-ontsluiting self, wat gehelp het om die UP vyftig jaar feesviering binne die biblioteek self so 'n mooi skouspel te maak. Die uitstallings was pragtig en die blomme ook so. Dit was heel duidelik baie harde werk, en ons waardeer die gewilligheid en entoesiasme.

- Jean Maree



"Our panel of experts . . ."

# MEDIES.

By Medies is ons al 'n goeie ent weg met die eksamen en wat biblioteekgebruik aanbetref kan dit duidelik gesien word. Dié tydige blaaskansie word natuurlik hoofsaaklik gebruik om roetinewerkies afgehandel te kry en die ander weer 'n slag op datum te bring!

Met Annie Pienaar veilig terug van oorkant die diep waters is ons nou weer voltallig. Sy is tog so bly dat sy nie saam met die golfspan gevlieg het nie!

Sophia Möller het al weer 'n groot prestasie behaal. Sy is nie alleen vir die provinsiale nie, maar ook vir die nasionale ontspanningsgimnastiekspan gekies. Hierdie span gaan volgende jaar aan die Republiekfeesvieringe deelneem. Baie geluk, Sophia! Net jammer jou voorbeeld werk nie deur na ons ander luie gebeenderes nie!

Uit 'n "grafstille" Medies: groetnis

Leonē Müller

---

EEN BELEMMERDE, STAMELENDE EN LOOME SPRAEK, IN KORTE TYD RAD GEMAEKT

Het is een oude en bekende werking, dat men de stamerbouten en babbelaers, om langsaem te leeren spreken, pleegde hare tongen, door gewicht van babbelsteentjens en loot neer te drukken, om zoo de ongetemde opvlucht van de tong te bedwingen.

Een tegenwerking hebben wy in het Gasthuis, aen een Francois Wouters, zynde een rustige Soldaet, besteet; die, nu zes jaren geleden, in het ontsetten van de Stad Valencyn, een koegel van achteren onder de nek, door een pistoolschoot, in de tong ontfing: waer in de pistoolkoegel bleef zitten: welke hem de spraek zoo zwaer bezwaerde, dat men nu en dan, van hem, een rede pas aen des andere koste knoopen.

Deze Francois Wouters, wilde regens de Engelsche Vloot te stryden gaen, en van ons (zoo't doendelyk was) zyn loome en van loot belade tong geret hebben; waerom wy voor eerst hem een zuiverende afscbotdrank beschaft, en een ryke bloedlating gedaen, hebben; na het afleggen van deze algemeene middelen, hebben wy zyn tong met een stuk doeks, om de glibberigheit, gevat, brengende een sneê op de koegel, die vry noog, na de rechter zyde, en in een vlies bewelt lag; daer na namen wy een krom werktuig, aen het einde plat zynde, voerde het onder de koegel, en trok de koegel al hortende na de hant, tot dat de zelve eerst in de mont, en daer na op de vloer viel.

- Uit Librye der Geneeskonst



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


**THEN AND NOW**

It is interesting to note the changes that have taken place in the doctor's surgery. Do you remember how, in deadly since, we sat scarcely daring to blow our noses, while we furtively gazed at each other from behind ancient copies of Punch and Time magazines? These had been put there to make us feel inferior. We tried not to listen to the old dear going on about her friend's chilblains, while we waited to see the man in a white coat. He never seemed to change from the first day you met him until the last time you ever saw him, and you had to be really ill to see a doctor in those days.

Today the doctor's waiting room is a cross between bingo, a railway station, and a convention of psychiatrists. First there is the registration of names and arrival times. Then once seated there is no more humiliation of Punch and Time. Now it is a choice of two-year-old papers. Beano and the like, all heavily infected with mumps and chicken pox. If by any chance you do find some paper which interests you, the doctor is probably running ahead of schedule, so you never have time to finish the article. There is no point in trying to work out your place in the queue, as people come and go so quickly, as they are called to hidden rooms by impatient doctors with railway Tannoy system voices. "Click. Mrs Jones and David to room - Click." The number of the room is often inaudible. The general hubbub is not confined to minor ailments like colds and chilblains, it is depression and "nerves", and the names of drugs like "Librium" and "Valium" are bandied about by people who seem to know a much about them as the doctors. You will surely have time to notice how fit everyone looks before the excitement when your own name is called. When this moment arrives you are off like a shot to meet someone who has never heard of you, who was not there the last time you called, and certainly will not be there the next time you attend the clinic. He dispenses his wares so quickly you are out of his room wondering if you have really told him all about yourself. Today you have to be really fit and alert even to think of consulting your doctor.

Then and Now - speech quoted in
J roy Coll gen Practit

Uit: Medicine Digest 3(10),
Des '77/Jan '78.




# boekbestellings

Met die groot verskuiwings hieronder by Boekbestellings agter die rug, hoop ons almal het nou weer hulle voete gevind. Mev Rautenbach het vir haarself 'n stil hoekie uitgekies waar sy haar dagtaak rustig kan verrig. Aan almal wat gehelp het dankie vir julle geduld en samewerking.

Graag wil ons vir Hulda Fritz en Ronél Blaauw baie welkom heet in die afdeling. Hulle het maklik ingeskakel en gou-gou was hulle deel van die groep.

Die sleutel van die agterdeur hou ons nog redelik besig - ons hoop egter dat dit sal afneem namate almal bewus raak van die nuwe reëling.

Eksamentyd is weer voor die deur. Aan Erika van der Berg, Estelle Els en Neels Venter - voorspoed met die studies!

*...As the pines*
*Keep the shape of the wind*
*even when the wind has fled*
*and is no longer there*

*So words*
*guard the shape of man ...*

*- Seferis -*

*The mind is its own place,*
*and in it self*
*Can make a Heav'n of Hell*
*a Hell of Heav'n*

*- John Milton -*





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Bessie Gericke



Sonja Otto



Wanda Herbst

otsiens



Marie Willemse



Anthea White

gelukwense




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BIBLIKASIE

***NOV--DES 1980***

**UP BIBLIOTEEKDIENS**



LIG GEE PERSPEKTIEF

Ek het in die Januarienommer van Biblikasie vanjaar gefouteer deur die begin van 1980 ook as die begin van 'n nuwe dekade te beskou. In werklikheid is dit die laaste jaar van die uitgaande dekade en moet 1981 as die eerste jaar van die nuwe dekade beskou word. So kom en gaan dae, jare ... dekades! Soms wonder ek of ons in die gejaagdheid van die stadslewe en onder die druk van 'n materialistiese bestaan nie besig is om die kuns van werklik te lewe te verloor nie. Dit is belangrik om jouself soms tot stilstand te bring en om opnuut perspektief op jou eie lewe te probeer kry. So behoort ek en u ook aan die einde van 'n dekade te verpoos om gesamentlik 'n paar sake onder oë te neem.

In die eerste plek moet die lig noodwendig val op 'n halwe dekade van aangename en verrykende arbeid saam met u in belang van UP se Biblioteekdiens. Doelwitte wat vir 'n eerste fase van vyf tot ses jaar gestel is, is feitlik ten volle bereik. Wanneer die bouwerk by die Veeartsenykundebiblioteek eersdaags voltooi is en verklikkerstelsels daar en by die Landboubiblioteek geïnstalleer is, is die program vir die modernisering van ons fisiese fasiliteite (met die uitsondering van die Musiekbiblioteek) afgehandel. Eweneens is ons doelwit om die Biblioteekdiens se bedryfsfunksies te moderniseer met die inwerkingstelling van DOBIS vanjaar bereik. Die hele aksie sal hopelik in 1982 voltrek wees wanneer die leen- en bestelfunksies met behulp van LIBIS-ONLINE ook gerekenariseer sal wees. Reëlings vir die bestel van sowel die rekenaarprogrammatuur as addisionele terminale en ander toerusting is reeds getref en behoort teen die helfte van volgende jaar beskikbaar te wees.

Intussen word stappe gedoen om te verseker dat doelwitte wat vir die volgende vyf tot ses jaar geld wel bereik kan word. Deur die nodige strategiese beplanning sal ons verseker dat die Biblioteekdiens kan voldoen aan eise wat tot ongeveer die jaar 2000 gestel sal word. Dit raak veral twee sake - eerstens, die uitbreiding van ons bestaande fisiese fasiliteite en tweedens, die doeltreffende uitvoering van die Biblioteekdiens se inligtingsfunksie. Oor albei aangeleenthede sal ek ter gelegener tyd meer besonderhede verstrek.

In die tweede plek is die prestasies van UP se Biblioteekdiens te danke aan die feit dat dit juis u is wat hier werk - elkeen met sy eie persoonlikheid, talente, wel en wee. Soms wonder ek of ons te midde van die gejaagde stadslewe en die tol wat die materialisme van ons dag eis, genoeg doen om perspektief op ons persoonlike lewe en ons ver-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

houding met ander te kry en te behou. Die gevaar bestaan dat ons die lewe deurgaan sonder om ooit werklik te leef; dat ons leef asof daar 'n tweede geleentheid sal wees. Enersyds, moet ek van tyd tot tyd tot stilstand kom om my eie bestemming en koers te bepaal - moet ek weet waarheen ek met myself op pad is. Andersyds, lê lewensverryking juis in die vermoë om myself ook aan ander te kan wy. "A person completely wrapped up in himself makes a small package..." Anders gestel - ons lewensvertrek is as gevolg van te veel spieëls en te min vensters soms te somber. Ek sien myself te veel en kyk te min na buite om die deugde en nood van ander te waardeer.

As ons saam oor 1980 terugkyk, was daar vir sommige van ons oomblikke van groot vreugde: suksesvolle studies, 'n huweliksdag, 'n toevoeging tot die gesin... Saam met ander moes ons die somber momente van mislukking, droefheid en afskeid beleef. Ek het waardering vir die wyse waarop ons mekaar se vreugde en leed kon deel. Namate ons daarin slaag om die spieëls in ons lewe met vensters te vervang, sal daar meer lig wees om die essensie van ons bestaan - die verband tussen die "ek" en my werk; tussen die "ek" en my kollega en medemens te kan sien.

So gaan ons saam ook Kersfees tegemoet. Mag ons verposing by die krip ons opnuut bring by die Ewige Lig wat volkome perspektief op die bestemming, koers en sin van ons lewe kan gee.

- Prof E D Gerryts



*VERJAARSDAE*

*2 Mej H Fritz - Boekbestellings*
*7 Mej A pienaar - Medies*
*9 Mev E Nel - Boekbestellings*
*10 Mnr C Fouché - GSV*
*12 Mev M du Preez - Veeartsenykunde-biblioteek*
*24 Mnr N Janse van Vuuren - Bindery*
*29 Mev M Bekker - IBL*
*31 Mej J Breed - Ontsluiting*
*31 Mev A Joubert - Tydskrifte*
*31 Mej V Blignaut - Boekbestellings*

BAIE GELUK

Aan Eben, en ook aan prof en mev Gerryts met Eben se verkiesing as hoofseun vir die Laerskool Monumentpark, vir 1981. Dis voorwaar 'n groot prestasie. Eben, mag die jaar wat voorlê vir jou vol nuwe belewenisse en uitdagings wees!

# uit die pers

NEW LIBRARY CARD SYSTEM

A COMPUTERISED cataloguing and searching system has been installed at the University of Pretoria library.

The card catalogue, in existence since 1920, was closed in June and all new acquisitions have been catalogued with a computerised system called Dobis.

"A comparative evaluation of Dobis and the hand cataloguing process showed that cataloguing a title with the hand system takes about three times as long as cataloguing it with Dobis," Mr R E Tönsing, research and planning officer for the system said:

"The University of Pretoria library service calculated that its two main card catalogues, the author/title catalogue and the classified catalogue, contained about 1 200 000 cards in February and if these cards were laid side by side a card road of 135 kilometers would result.


"Besides these two catalogues, the service had to maintain other card catalogues in its main library and in seven branch libraries," he said.

Two years of evaluating the possibility of computerised library functions and a year of testing the idea and training the staff finally led to the installation of Dobis on the university IBM 148 computer.

Eight second-hand terminals were bought for R18 000 and a contract signed for the IBM package known as Dobis/Libis costing R900 a month for two years.

The computer package has cut the need for typing staff but would not influence the number of professional librarians employed, Mrs E Langkilde, head of the acquisitions and cataloguing department said.

15/11/80 - PRETORIA NEWS





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## ONS Sê:

'n Groot dankie aan al die medewerkers vir die saamwerk van die jaar.

'n Spesiale dankie aan Elsie, Marietjie, die Binderyspan en Ina vir die tik, dupliseer- en bindwerk van Biblikasie.

'n Besondere dankie aan Neels wat 'n op- en top-fotograaf was.

'n Belangrike dankie aan Helena en Matilda vir elke maand se medewerksaamheid.


'Skuus vir al die skewe strepe in Biblikasie!

'n Vakansie so lekker dat 'n mens nog 'n jaar lank daaraan sal dink.

'n Kersfees in die ware sin van die woord.

En 'n 1981 vol nuwe krag, uitdagings en opwinding.

- Magriet Lee



## PADKOS...

Om te kan werk, is 'n voorreg en genadegawe, soveel meer as jy deel is van 'n besondere groep soos die Merensky-personeel. Tog sal hierdie voorreg nie dieselfde wees sonder ons etensuurbyeenkoms op Donderdae nie. Nie alleen is dit 'n belewenis om te kan stil word tussen die Jurriaanse versameling met Aart en Wilhelmina Jurriaan as stille getuies, maar hoe hierdie byeenkoms van gelowiges jou verryk en krag gee. Dit is bemoedigend om te weet dat daar so 'n mate van belangstelling is, dat mense bereid is om 'n etensuur af te staan en stil te word rondom die Woord. So het ons van drie tot nege getroue lede uitgebrei met 'n belofte van nog meer in die toekoms.

Ons is tans besig met 1 Johannes 1 en gebruik "Lig en Liefde" van Ds Booysen as riglyn. 1 Johannes 1: 7 "As ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar." So het ons dan deur die loop van hierdie jaar opnuut besef om meer versigtig en met groter verantwoordelikheid na buite te lewe, want ons is gered om te dien.

Dit is byna nie nodig om te herinner dat daaglikse Bybelstudie en gebed noodsaaklik is vir elke mens se geestelike groei nie. Daarom wil ons almal hiermee nooi om in die volgende jaar deel te hê aan ons wonderlike ervaring elke Donderdag. Geniet die vakansie en 'n gelukkige jaar aan almal. Geseënde Kersfees!

- Hannatjie Erlank

## Operasie Groot Trek...


Almal sien gewoonlik uit na die einde van die jaar want met die studente òf besig met eksamen òf al weg (salige gedagte), raak dit 'n bietjie rustiger en kry mens kans om in vrede jou mandjie by te dam en vir oulaas dit wat noodgedwonge opsy geskuif moes word, op te ruim, af te handel en 'n skoon blaadjie vir die nuwe jaar te kry. Daar word ook gewoonlik bespiegel oor voornemende vakansieplanne vir die gelukkiges en die ongelukkiges wat tuisbly, sien darem uit na die tradisionele "engeltjies"!

Ek sê gewoonlik is dit die strekking in Merensky in die laaste stuiptrekkings van die ou jaar, maar nie hierdie jaar nie. Hierdie jaar van 1980 het 'n lelike ding sy kop uitgesteek in Merensky. Eers was daar 'n weke (maande??) lange gekap en getimmer tot frustrasie van beide personeel en gebruikers. Laasgenoemde sin is wel deeglik uitgedruk in 'n brief gerig aan mnr Duminy.

Die frustrasie was egter niks in vergelyking met wat daarna gevolg het nie. Diegene wat nie self by die trekkery betrokke was nie, het sekerlik uit die minder gelukkiges se pyntrekke afgelei dat dit nie 'n maklike takie was om die jaar mee af te sluit nie. Die tweedevloer het eerste ingeval, want hulle rakke was al klaar. Van vroeg tot laat is daar boeke afgepak, aangetrollie en opgepak. Goeie spanwerk was hier aan die orde van die dag. Zani het naderhand die bynaam van "Aiatrolla " gekry vanweë haar handigheid met genoemde apparaat. Thea het amper in plaas van die spreekwoordelike splinter of balk in die oog, 'n boek in die oog gehad. Die snaaksste is dat elkeen van 'n pyn op 'n ander plek gekla het. Iemand (soos Alida byvoorbeeld) sou sê: "Weet julle my hande pyn snags so, ek word wakker daarvan." Dan kom Magriet se antwoord: "Snaaks ek het nie daardie probleem nie, maar ek dink ek gaan 'n permanente heup oorhou van hierdie besigheid!" So kan mens seker nog aanhou, veral as jy aan die bodes begin dink en hulle vindingryke redes vir 'n blaaskansie!

Op die derde vloer is daar asems opgehou, want die rakke was nog nie klaar nie en die tweede vloer se "lyding" is met stille medelye gadegeslaan en gewonder hoe daar hoër op verwerk en gewerk sal word.

Die dag het dan ook aangebreek en natuurlik was dit asof al wat 'n bode òf siek òf met vakansie òf sommer net afwesig was! Dit het ons egter nie ondergekry nie en elkeen met 'n trollie gewapen, het ons moedig en blymoedig in die stryd getree! Die ou takie sou ons sommer gou-gou afhandel. So maklik was en is (helaas) dit egter glad nie. Wiskundige berekenings is deur Beplanning voorgeskryf en gou is gevind dat 'n meter boeke en 'n meter rakspasie eienaardig genoeg, soms glad nie dieselfde uitwerk nie!






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Sekretaresses





# Ons Trek!






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die een vakgebied se boeke word normaalweg van die kleinste na die grootste klassifikasienommer geskuif, ander moet van agter af en van onder na bo geskuif word. Sommige boeke word tydelik gepak, ensovoorts. Geen wonder dus dat Jinnie en Matilda een oggend tot hulle ontsteltenis merk dat hulle omtrent al die helfte van Argitektuur se boeke weer teruggepak het nie! Wie sê mens het nie nodig om te dink vir die ou takie nie! Piet is die Florence Nightingale van die vloer. Hy is altyd gereed om te troos as 'n yster op 'n voet of 'n boek op 'n kop beland en net as mens moedeloos en lyfseer- en hartseer raak, kom hy met 'n glimlag en met 'n "Ag, Kindlein ons help sommer gou," neem hy 'n armvol boeke van die trollie af en 'n traan uit die oog!

Annatjie het dit so gelukkig getref dat haar bindbeurt en skuifbeurt feitlik saam geval het. Sy het haar so oorhoeks gewerk dat ons haar een oggend moes huis toe stuur. Stil-stil en sonder klagtes beur Hennie teen die steiltes en hoë rakke uit sodat Plantkunde en Dierkunde ook al klaar geskuif is.

So met harde werk, baie seer, lekker lag (en amper huil) word 'n groot taak afgehandel en kan mens selfvoldaan terugstaan want Merensky se mense het nog iets aangepak en met ywer afgehandel. Kom ons hou 'n Makietie!, want volgende jaar wag daar dalk erger dinge. Hoe lyk dit Beplanning?

- Matilda Pieterse



*'Must I read it out to the only beneficiaries?'*

UIT: OUDHOLLANDSE LEWENSWŸSHEID

1. Daar vloogh noyt vogel so hoog of hy most zÿn kost op de aard soeken.
2. Onkruyt groeyt van zelf.
3. Der ouden raet, der jongen daat, der mannen moed, is al te goet.
4. Als de wÿn ingaat, so gaat de wÿsheyt uyt.
5. Den Ezel Kentmen aan zÿn ooren, de dwaes laet hem an zÿn spreken horen.
6. Swÿgen en dencken, mach niemand Krencken.
7. Waarheydt is een seldsaam gast.

## *baie dankie*

vir 'n jaar se heerlike lees! Magriet Lee en die res van die Biblikasiespan, ons waardeer julle ure van harde werk opreg. Biblikasie is altyd 'n heerlike "nagereggie" aan die einde van 'n lang maand en ons weet dat sonder julle arbeid en sorg in die "kombuis" gedurende 1980, hy net nie "opgedis" sou kon word nie.

Biblikasie lesers

## VRAELYSTE ?

Toe die Redaksie van Biblikasie so drie maande gelede vraelyste onder die personeel versprei het, was die doel daarvan om vas te stel wat lees die mense van die Biblioteekdiens graag, en of daar darem raakpunte tussen so 'n nuusblad en sy lesers is. Die antwoorde was nogal openbarend. 'n "Gemiddelde leser?" - nooit nie! Hier is so 'n paar van die interessanthede:

Ons het 86 vraelyste terug ontvang, waarvan sommige nie volledig ingevul was nie, maar tog nuttige inligting verskaf het, daarom dat totale nie altyd noodwendig 86 sal wees nie. Uit die totale aantal het 24 gesê dat hulle alles lees, 47 lees die meeste, 6 lees min, en 1 niks.

Onder die vraag: wat lees jy graag? was daar die volgende antwoorde:

Afdelingsnuus (45); Hoofartikel (18); Grappies (14); Wat die verskillende seksies/takbiblioteke doen (12) Welkom en totsiens (11)? Aanhalings, gedigte (8), ens.

Twintig mense het gesê hulle lees nooit die hoofartikel nie, 15 lees nie boekresensies nie, terwyl 9 nie van lang, akademiese stukke hou nie. Verder hou 4 nie van Topbestuur se Dagboek nie, terwyl Medies, Skinderstories, en rympies elk een het wat dit nie lees nie.

Gedagtes oor hoe die personeel meer betrokke kan raak draai veral om motivering: byvoorbeeld 'n af-middag in 'n maand vir die beste bydrae van elke maand, personeel in die seksies roteer om bydraes te lewer, 'n briewe-rubriek, en nouer skakeling met verteenwoordigers.

Uit die totaal het 62 gesê dat hulle Biblikasie sou mis as hy een maand nie verskyn nie, terwyl 16 nie so dink nie. 79 mense dink hy verskyn genoeg, 3 voel dis te min, terwyl 4 aanbeveel dat hy minder kan verskyn.

Die voorstelle vir verbetering word so volledig moontlik aangehaal:

1. Dat bydrae onveranderd geplaas word.
2. Artikels oor jongste modes, haarstyle vir die vrou en 'n eweknie vir die manne.
3. Oor die algemeen 'n ligter trant.
4. Oplet na die duplisering, formaat en lettergrootte.
5. Tuin-en potplantrubriek
6. Blokraaisel, woordspeletjie.
7. Grappies, prentjies, veral met betrekking tot die personeel.
8. Oorspronkliker skryfstyle.
9. Boekbesprekings van letterkunde, huishoudkunde, nuwe plate, toneel en musiek.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019





**Hoërskool Bergsig-- besoek**


---



**WELKOM**

Christie de Klerk

---



**BIBLIKASIE 80 ?!!**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

10. Dosente skryf oor hulle gevoel teenoor die biblioteek.

11. Biblikasie ook aan studente beskikbaar stel.
12. Statistiek beperk tot minimum.
13. Meer aandag aan stokperdjies.
14. Beter proeflees.
15. 'n Rubriek soos "ons gesels met ...
16. Pryse vir besondere bydraes.
17. Gebruikers - hoe sien hulle die Biblioteekdiens.
18. Meer foto's.
19. 'n Vervolgverhaal
20. Strookprente.

Nou ja, 'n "algemene leser" - nee. Hieruit kan gesien word hoe wyd die personeel se belangstellings strek. Sommige van die voorstelle is heel uitvoerbaar - ander ongelukkig nie. Dankie aan almal wat saamgewerk het. Dit was vir die huidige redaksie, sowel as die van die toekoms van groot hulp. Dit kan soos al die ander vraelyste wat die studente in die verlede vir die Biblioteekdiens moes voltooi, net van positiewe waarde wees.

- Magriet Lee

# HART WIE KAMEL--

# DORNHOLZ....

Terug in ons hotel in Windhoek sien ons uit daarna om die interessante dorp te verken en te ontdek.

Oral in Windhoek sien mens die kleurvolle Herero-vroue met hulle wye geplooide rokke en die eienaardige koptooisel wat byna soos 'n dakkie op hul voorkop rus. Die materiaal wat gebruik word is helderkleurig met groot motiewe van blomme of vrugte. Die wye rompe wat net so vat-vat aan die grond, skep die indruk dat die vroue almal groot en vet is, maar as jy goed kyk, is hulle gesigte oor die algemeen skraal en fyn. Toe Sylvia die eerste keer vir my sê die Hererovroue vee die strate, het ek gedink hulle loop met besems rond!

Op die heuwels om Windhoek is drie ou kastele en aan elkeen is daar baie stories gekoppel.

Die stad is skoon, met heelwat blomwinkels, blomme is byna onmoontlik duur - en interessante koopgange, en oral is aantreklike buiteruimtes met tafels en stoele en 'n ryk koffiegeur lei jou na die koffiedrinkplekke. Die koffie is heerlik en beslis nie gemaak van gemaalde boomwortels of akkers nie.

In winkelvensters is daar plakkate van bekende S.A. kunstenaars wat onlangs daar uitgestal het - Claerhout, Marcella de boom, ea.

"Ja" sê die sekretaresse van die S.A. Kunsvereniging vir my, "hierdie" kunstenaars was goed ondersteun. Sy, die sekretaresse, is 'n vriendelike bekwame swart vrou. Oral word ek getref deur swart mense wat saam met blankes werk, oënskynlik met 'n gemoedelike verhouding. Ook in die Ministersraad sien ons Kameraadskap tussen die rassegroepe.

Ek gaan na 'n haarkappersalon waar net Kleurling-vroue werk. Hulle is professioneel en vriendelik en laat jou op jou gemak voel.

By die Kunsvereniging is 'n uitstalling van verteenwoordigende Suidwes-kunstenaars. Die uitstalling sal deur die hele Suidwes-Afrika reis.

Ongelukkig sal die koste te hoog wees om die uitstalling na die Republiek van Suid-Afrika te bring. Veral die keramiek is interessant. Plaaslike klei word gebruik wat oranje bak.


In die permanente kunsversameling by die Vereniging is daar 'n geweldige groot Jentschskildery van 3m lank. Dis aangrypend en pragtig - ek gaan nog tweekeer terug om daarna te gaan kyk.

Ons laaste dag breek aan en vir oulaas het ons nog lekker, op pad na die lughawe besoek ons die ateljee van Doreen Hildenhagen die bekende pottebakker.

Natuurlik kom ons nie daar weg met leë hande nie, en my skouersak word nou so swaar en vet dat my vriende bekommerd voel dat my nek uit lit kan raak. Maar alles gaan goed, die vlug is kort en tuis is dit 'n vreugde om my buit uit te pak en te hanteer.

Dies, die laaste keer
Daar's nou nie meer

- Mev Marié Rautenbach




VAHAN SHIRVANIAN



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# FEESTE !

Dit is algemene beleid om 'n jaar se weksaamhede op 'n hoë noot af te sluit, maar dat die vakbibliotekarisse en 'n klompie van die senior ondersteuningspersoneel ná 6 November 'n "geslote versameling" sou uitmaak, sou niemand kon raai nie.

Die vergadering het begin soos enige ander professionele vergadering - behalwe dat elke vakbibliotekaris met 'n bordjie iets by Voorklinies opgedaag het - en Departement Fisiologie se yskaste dié dag vir iets beters as die normale botteltjies en eksperimente gebruik is.

Die "professionele deel" van die vergadering het by die Proefdiersentrum plaasgevind, waar Dr Goosen almal eers ingelig het oor die sentrum, en toe daar deur geneem het. Soos met die meeste ander dinge in die lewe, het hierdie besoek ook heelwat menings verander - en kon ons ná die interessante besoek (waar Annatjie Botes gedreig het om een hondjie in haar handsak te steek) weet dat ons iets waardevols bygeleer het.

Nadat ons gaan kyk het hoe die Mediese Biblioteek lyk, en later weer die nat paadjie (danksy 'n Staatsdiensreëntjie) terug Voorklinies toe moes neem, was die vooruitsig van die fees al in sig.

Met Prof Gerryts, Dr Goosen en die senior ondersteuningspersoneel as ons gaste moes die Groot Praat eers afgehandel word - die enigste deel van die aand waarop 'n tydsbeperking was!

Met die klompies-klompies kuier wat toe begin het, was dit gou duidelik dat die "swewende" kroeg - ekskuus, boektoonbank die gewildste plek sou wees, en na van die gaste later vertrek het (mev Langkilde met 'n sierlike kniebuiging, en 'n bordjie in die hand wat haar 'n rit na Pizzaland sou spaar) het die oorblywendes besef dat dié rak iëts het wat nêrens anders in die hele BMW was nie. Toe prof Gerryts na 'n rukkie ook moes gaan, is skielik besef dat die twee "wyneenhede" alleen aan die ander kant van die vertrek is, en definitief ook die geselskap sou wou meemaak ...

Annie se woorde "sê nou die Prof kom terug ...", was profeties. Die Prof hêt teruggedraai of hy nou wou of nie. Annie het die grootste verrassing vir laaste gebêre. Die deur was gesluit, en geen sleutel, of mens wat kon help in sig nie ...

Wat vertel mens verder - van mnr Otto se "dis die wonderlikste ding wat nog met my gebeur het ... of Jeanette se poging om hom te gaan wys waar Voorklinies hulle "Transactions" bêre ... of Anne se besorgdheid oor haar koffielose kuikens, en dat sy en Annie tot dit kon optower ... of dat die waarvoor daar nie koppies was nie oortuig was dat mens wel wýn uit 'n koffiekoppie kan drink, maar nôôit koffie uit 'n wynglas nie - dus ... of van Adriaan wat met gebare moes verstaan dat hy vir Susan maar in die motor moes bly wag ... of van die Prof se Mosambiek-storie - of ... ek dink, gaan vra elkeen maar self!

Soos elke moderne drama moes die een toe ook aan sy ongelukkige einde kom, want beter as die loper op die tweede vloer hêt die sleutel toe uitgekom, en moes die kerse maar weer met neonligte vervang word om die laaste opruimingswerk te doen.

Jeannette - ons onthou jou aanbod van "volgende jaar doen ons dit by Landbou," jy sal net 'n baie goeie idee moet uitdink om op Annie s'n te verbeter - en het jy al uitgevind waar Voorklinies hulle "Transactions" bêre?

\- Magriet Lee

## Algemene Administrasie

Almal ken kamer 119, Die toevlugsoord vir 'n dit en 'n dat. Maar dit is waarvoor ons hier is ... tot almal se diens.

Net vir die interessantheid, ons het twee spanne bodes in Merensky, naamlik die blou-span en die khaki-span. Die khaki-span, wat onder toesig van Stephen is, is werksaam in die Merensky. Vir die blou-span egter, moet toestemming verkry word van mnr Labuschagne voordat ons van hulle diens gebruik kan maak.

Dan het ons ook nog vir Daniël en Johannes. Daniël doen al die posaflewerings buite die Merensky en Johannes sorg vir die posaflewerings binne Merensky.

In besige tye word hier by ons 'n gemiddeld van 80 000 fotokopieë gemaak. Op 'n besige dag word ons vereer met 'n gemiddelde besoek van 120 mense. As jy vier minute aan elkeen afstaan, is die dag om, wat dan nog van voorrade uitdeel en ontvang, bodes hanteer, papier vir die masjiene insit en die herstel van blokkasies in masjiene.

Dit is in sulke besige oomblike wat die verstand nie alles kan onthou nie. "After all" ons is ook maar net mense.

Groete

Ina Viljoen




*"Not one word about Freedom Fighters in all of DAS KAPITAL."*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# K119






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

NIKS NUUT ONDER DIE SON NIE ...

Die hantering van skyfies is vir alle bibliotekarisse maar 'n netelige sakie. Alfred Strohlein het in sy boek: The Management of 35 mm medical slides, New York, United Business Publications, 1975, elke hoofstuk begin met 'n versie uit die Bybel - 'n bewys dat daar selfs in ons moderne tyd niks nuut onder die son is nie!

Aanwinste/Acquisition:

A time to seek, and a time to lose;
a time te keep, and a time to cast away.

Ecclesiastes: 3: 6

Indeksering/Indexing:

For what I fear overtakes me,
and what I shrink from comes upon me.

Job: 3: 25

Argief/Archives:

What good does this do?

Ecclesiastes: 2: 2

Katalogisering/Cataloging:

I have no peace nor ease;
I have no rest, for trouble comes.

Job: 3: 26

Rekords en lêers/Records and files:

... forty-six thousand five hundred were enrolled ...

Numbers: 1: 21

Lêerorganisasie/File organization:

Benjamin's mess was five times so much as any of theirs.

Genesis: 43: 34

Berging en herwinning/Storage and retrieval:

Seek and ye shall find.

Matthew: 7: 7

Sirkulering/Circulation:

I see that this ... is threatening to bring disaster and heavy loss.

Acts: 27: 10

Klassifikasie/Coding and Classifying:

How long halt ye between two opinions?

1 Kings: 18: 21

Masjiene/Machines:

And God saw that it was good.

Genesis: 1: 25

Regsaspekte/Legal aspects

Then shalt not steal.

Exodus: 20: 15

Opsomming en Voorstelle/Summary and Proposal:

Be fruitful and multiply;
fill the earth and subdue it.

Genesis: 1: 28

Indien iemand enige ander ervarings met skyfies opgedoen het, laat ons gerus daarvan hoor!

A Pienaar
Mediese Biblioteek




" GOSH! I HOPE THOSE SLIDES WEREN'T IN ANY PARTICULAR ORDER."

# finansiële administrasie

In ons Seksie was daar hierdie jaar geen personeelwisseling nie. Benewens die drie persone wat voltyds in die Seksie gewerk het, naamlik mnr Pieter Ferreira, mev Berry Matzopoulos en mnr Johan Beyers, het mev Amanda van Heerden ons op 'n deeltydse basis gehelp.

Johan en Berry neem in Desember verlof en ons is gelukkig om Amanda se voltydse hulp in Desember te hê.

Johan se militêre diens begin teen die middel van Januarie 1981. Die Biblioteek sal dus twee jaar lank sy bekwame diens moet ontbeer.

Amanda verlaat ons teen die end van die jaar met die oog op die voltooiing van haar Onderwysstudie.

- Mnr P Ferreira



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# LEENDIENSTE.

TOONBANKLEWE DEUR 1980

Weer eens die ongeloof op elke gesig wanneer daar teruggedink word aan die (amper) afgelope jaar. Nog 'n jaar verby! Onwillekeurig dink 'n mens terug aan al die dingetjies wat hierdie jaar volgemaak het,

In die vroeë 1980 was daar natuurlik die honderde nuwe gesiggies wat die lang vakansiestilte kom verbreek het. Nuuskierige eerstejaarsoë wat ons versigtig beloer. Half pessimisties loer ons dan maar terug en wonder stilletjies hoeveel van hulle die oorsaak van frustrerend/vrugtelose aanmanings gaan wees. Sê liewer, ons staan vriendelik dog skerpversigtig teenoor hulle, met ander woorde ons ontwikkel 'n spesiale toonbanksintuig.

Intussen was daar heelwat klein dingetjies wat toonbanklewe opgehelder het: dankbare oë wanneer jy 'n verlore sleutel oorhandig, 'n nuutgevonde vermisde boek, 'n onskuldige verklikkersondebok en vele meer. Namate die verskillende geure, kleure en smake hier verby beweeg, ontlok later slegs 'n verstommende Bo Derek-kapsel of blikkerige, raserige klokke om die nek of 'n onpaar skoene reaksie onder die toonbankgeledere.

Toonbanklewe brei 'n mens se mensekennis geweldig uit. Jy leer naderhand dat 'n rekening vir (verlore?) boeke blitsvinnig reaksie by 'n arm student ontlok (so ook 'n onverwagse, formele oproep aan ma en/of sondebok). Die verskillende maniere waarop hierdie boeke by ons terugland, is natuurlik legio!

Navrae wissel van uiters intelligent tot verrassend snaaks na algemeen vervelig. Hoekom is die biblioteek gesluit op Sondae? Gewoonlik, so gemiddeld tien telefoonnavrae elke Saterdag om te hoor hoe laat ons luit. Dan is daar darem weer 'n oplewing in hierdie saaiheid. Twee pare tienjarige ogies loer oor die toonbank: "Tannie! Tannie, kan tannie vir ons sê waar die boeke oor uile is." Heelwat later vind jy uit dat hierdie belangrike inligting benodig word vir 'n geheime bendeboek.

Toonbanklewe beteken ook nie net die uitreiking en terugontvang van boeke nie. Marie Schoeman se blitsige optrede die dag toe 'n jong dame bleek naderstaan en dreig om flou te word. Ek meen, wie sou nou so vindingryk kon wees om vinnig te gaan raad vra by die kampusdokter en net so vinnig terug te keer met 'n rolstoel en Merensky-baadjie bollend agterna. Die gesigsuitdrukkings van die starende studente....

Nou, in die doodsnikke van die jaar, betree ons so half en half 'n nuwe era. Ons eie rekenaarstelsel, naamlik die DOBIS/LIBIS alias Marie-Mnr Otto-kombinasie, is stadig maar seker in wording.

Hannetjie verstom ons nog keer op keer met die deeglike opleiding wat sy aan die nuwelinge gee. Sy praat en wys en delf na nog detail tot ons almal se ore zoem en ons monde oophang van verbasing. Irene helder darem ons dae op met haar pittige sêgoed en veral nabootsings. Ons kan ook spog met die beste uithouvermoë in die hele Merensky in die vorm van ons eie Estelle. Ek meen, het een van julle al ooit vir Estelle sien koek eet op koekdag of enige ander dag?

Op die oomblik sien Marie en Irene blinkoog uit na 'n welverdiende ruskans, terwyl Estelle (met die belofte van 'n bottel seewater vir elkeen!?) reeds by die see ontspan. Mara ly ook akuut aan die Kaap-sindroom en het besluit om vir 'n week daar te gaan kuier. Die ander sal maar die fort hier hou. Baie welkom aan ons nuwe dame, mev Christie de Klerk en sterkte aan Adri in haar nuwe werk by die Tydskrifafdeling. Verder wil ons toonbankers graag vir al die Merensky-personeel 'n Geseënde Kersfees en 'n wonderlike nuwejaar toewens. Baie dankie vir die lekker samewerking deur die jaar.

- Toonbank

---

AFDELING INLIGTING EN KATASTROFES

Met die koms van die studente gedurende Februarie het die dienspunt by Inligting en katalogusadvies weer lewe gekry en gedurende die jaar was daar verskeie "hoogtepunte".

Eerstens het alle eerstejaars gesoek na die "fotokopieë, die photostats", ligafdrukke, lugafdrukke en bloudrukke". Die katalogus het spoedig verander na "die dinges, die laaitjies, daai kas daar anderkant". Die Repertorium vir tydskrifartikels verander na die "Lekborium". Na Meimaand was daar 'n lewendige belangstelling in die mikrofiche en terminaal (slegs vanaf die kant van die mansstudente). Verskeie bespiegelings word gehoor: wat sou dit nou wees?, die ding is "ingeplug" by die "computer", dis 'n rekenaar". Ook het bogenoemde apparate tot groot verontwaardiging gelei: "mev., nou het die studente eers baie werk, ons moet nou alles in die katalogus opsoek en op dié ding ook". Mevrou was ook stom van verbasing oor die volgende uitlating van iemand doenig by die mikrofiche. "Hoekom, hoekom is die boeke nou volgens die skrywer en die titel gerangskik, ek het nog altyd al my boeke gekry deur volgens die registernommer te soek".

Daar was ook navrae soos: "op watter vloer is die beddens wat spesiaal vir studente beskikbaar gestel is?" September het nog 'n verrassing opgelewer 'n Boek is deur 'n student gesoek. Die naam van die 2 skrywers was Englewood Cliffs en Prentice-Hall. Na 'n verduideliking en hulp by die katalogus kom dieselfde student na 'n rukkie terug: "ek het sommer self onder die naam en die 3de skrywer ook gekyk, maar ek kry die boek nie". Die naam van die 3de skrywer: mede-out! Na die episode voel ek dat ek ook die bed "spesiaal vir studente" moet gaan soek. By dié dienspunt moet 'n mens voorbereid wees op enige iets. Versoeke en gesprekke wissel van die een uiterste na die ander. Terwyl ek 'n nagraadse student help, hoor ek die volgende woorde" h'mm jy ruik lekker, jy ruik nes my meisie". (gebruik ons dalk dieselfde parfuum?) 'n Paar dae later die volgende woorde uit die mond van 'n (eerstejaar) student "aangesien jy niks doen nie, wys my waar word die atlasse gebêre". Nou ja, wie het gepraat van "never a dull moment".

- Mara Grobbelaar



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TYDSKRIFTE.

Terwyl die jaar vinnig ten einde snel, is dit aangenaam om terug te kyk na 'n vol jaar. As daar na statistiek gekyk word, is dit duidelik dat die Tydskrifte-Afdeling hul kant gebring het in 1980.

Tot September van dié jaar staan die getal tydskrifte soos aangeteken, op 43 471. Ook het die Afdeling ± 3 042 mikrofiche hanteer en dan ook nog ander OV-materiaal soos mikrofilms en kasette.

Dit is baie duidelik dat mnr Porter van die Bindery ons besig hou met die gebinde bande wat hy altyd so stil-stil by die verskillende kardekse aflaai. Van hom en sy span het ons tot einde September al reeds 8 428 gebinde bande ontvang. Van ons uitgewers het ons nog 'n verdere 900 gebinde bande ontvang.

Tot September het ons persone op die kardekse al reeds 1 683 deurgestuur. Die totaal intekeninge teen September staan op 6 399. Teen einde Desember 1979 het die totaal intekeninge gestaan op 6 232.

Daar moet onthou word dat hierdie statistiek net tot September strek en dat die laaste drie maande s'n nog bygetel gaan word. Dit is nou al duidelik dat daar nog gaan rekords spat hierdie jaar.

Dwarsdeur die jaar blyk dit verder ook dat die aantal aanbevelings vir intekening op 'n nuwe tydskrif goed vergelyk met die aantal bestellings geplaas. Baie min van die aanbevelings word dus teruggestuur aan ons aanvraers.

Die span wat deur die jaar onder die bekwaamheid van Anne die masjiene aan die rol gehou het, het deur die jaar grootliks dieselfde gebly. Ons moes egter vir Andrea Bosman en nou hierdie maand ook vir Rentia Pretorius aan Seksie Makro-Ontsluiting afstaan. Dit het 'n skommeling binne die Afdeling tot gevolg gehad en graag verwelkom ons Adri le Roux van Toonbank in ons midde.

Omdat die meeste mense van Tydskrifte-Afdeling nog aan die studeer is, was November beslis 'n maand van harde bene kou. Drie van ons het vanjaar hul finale eksamens vir graaddoeleindes afgelê. Amelia, Irene, en Ilse-Marié, ons hou duimvas vir jul sukses.

Ongelukkig sal ons vroeg in Desember moet afskeid neem van Aartia Joubert en Ronel Schwartz. Hulle gaan beslis baie na ons terug verlang maar ons hoop albei geniet dit by die huis.

Aan Seksie Boekbestellings, ons bure, en seker die Afdeling waarmee ons die nouste saamwerk, wil ons baie dankie sê vir die afgelope jaar en ons hoop om in die toekoms te bou op ons goeie buurskap.

Aan mnr Duminy en mev Langkilde die persone waarmee ons deur die jaar baie in aanraking gekom het, wil ons ook baie dankie sê vir die afgelope haar.

Dan is daar ook ons vakbibliotekarisse waarmee ons noue kontak moet hou. Dankie vir julle toegewydheid en die wonderlike samewerking deur die jaar.

Dit was 'n aangename jaar en die Tydskrifte-Afdeling hoop om dit op 'n hoë noot af te sluit!


\- Esther Müller

## veeartsenykunde

Hiermee net ons harlike dank aan al die afdeling van die Merensky-biblioteek en die takbiblioteke waarmee ons so lekker saamgewerk het gedurende die afgelope jaar. Ons wens u almal 'n Geseënde Kersfees en 'n baie mooi 1981 toe.

Groete vanaf die Noorder-Kampus

Mathilda du Preez en Leon van Heerden



JOHN CALLACHER

*"Why don't you hang out the window like other dogs?"*

# IBL.

Die tyd van lekker feesvieringe is weer hier. Die vakansiegees het dus almal getref en ons tel die dae tot die 23ste.

Mev Denise Wheeler is tans in die Kaap en ons beny haar vir die heerlike ure wat sy langs die strand deurbring. Mnr Otto gaan vir 'n week Drakensberge toe maar sal betyds terug wees vir Leendienste se jaarlikse afskeidsete!

Vir mev Annette van der Merwe begin die nuwejaar met 'n skoon blaadjie reeds in Desember as sy by Peet in Pietersburg aansluit. Sy het darem die vooruitsig van 'n splinternuwe huis!

Mev Annette Booysen gaan ook see toe. Hopelik, sal sy kans kry om te ontspan en uit te rus vir die nuwe jaar wat voorlê.


Mev Maryna Bekker en mej Joy Roos sal die Kersvakansie stil en rustig in Pretoria deurbring.

Wat die werk betref kan ons almal sê dat ons ons deel gedoen het ten spyte van 'n lastige personeeltekort en duisende aanvrae.

\- Joy Roos



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




# Uit die MIDDESTAD

Nog 'n jaar van akademiese arbeid is verby. Ons wil aan al die studerendes van die Biblioteekdiens sê; ons hoop julle was suksesvol.

Verder wil ons net bekendmaak dat mnr Tinie Bekker, een van ons hier, op die 15de November sy kop in die strop gedruk het. Hy dra op die oomblik aan die gevolge van hierdie gewaagde daad.

Mnr Pieter Lourens is weer besig om hom dood te verveel by die see. Hy kan nie wag om weer terug te wees by die werk nie.

Mnr du Toit verkeer ook in die onbenydenswaardige posisie om eersdaags met verlof te vertrek. Ons wil hom net vertroos deur te sê; dit is tog nie sô erg nie, hy sal dit wel oorleef.

Aan 'n ieder en 'n elk en 'n inkelte, sterkte en groete!

Uit die middestad

# boekbestellings

Daar word gesê: "Die beste lê altyd voor - dis nooit verby nie". Wel dit is omtrent wat Seksie Boekbestellings hierdie jaar beleef het. Almal dink altyd boeke ontvang is al wat ons doen, maar laat ek julle 'n bietjie inlig.

Die jaar 1980 is begin met mev Rita Botes in beheer en sommer met die wegspringslag ook met vyf nuwe personeellede. Van hierdie "menigte" is daar ook alweer weg en ander het bygekom. Natuurlik sluit ons toe die jaar ook af met 'n "splinternuwe" hoof, mev E Nel

Teen Maart-April was Kersfees en Nuwejaar se geskenke en "makietie" al skoon vergete en het ons, met seer voete, tussen stapels boeke en bestellings gewonder wanneer ons dan eendag weer verlof gaan hou. Met professore, vakbibliotekarisse, studente en medekollegas kort op ons hakke moes ons maar net voort.

Met statistiek sal ons julle nie verveel nie, want die boeke wat alreeds in netjiese rye skouer aan skouer hulle werk doen, vertel hulle eie storie.

Die jaar het egter gevlieg en soos hulle sê die meeste dinge waaroor 'n mens jou kwel gebeur nooit nie.

Die grootste verandering was natuurlik die verskuiwing van die seksie en die bou van die sekuriteitsuitgang. Stof, boeke, lessenare, stoele en bouers was die wêreld vol, en ons moes net bontstaan anders is ons ook soos lessenare in hoeke gestoot. Natuurlik het ons na vele geskuif en gedink uiteindelik tot "ruste" gekom met 'n aparte bibliografiese afdeling en al. Dit was egter nie lank nie of die een deuntjie na die ander word op ons klokkie by die uitgang gespeel. Versigtig is daar dan navraag gedoen en glo my ..: "'n pakkie in die hand was die paspoort!"

Ons kon darem ook nie net altyd werk nie en almal het hulle beurt gehad om te verjaar of te "herdenk". Natuurlik het onse mev Rauntenbach ook haar beurt gekry en soos hulle sê dit is beter om 60 jaar jonk te wees as 40 jaar oud. Die ooievaar moes natuurlik ook sy draai maak en twee toekomstige moedertjies moes fluks begin brei. Mev Annemarie Pienaar is al vort, maar mev Ria Delport is nog steeds in ons midde. Van troukoors praat ons nie eers nie, met mej Erika van der Berg kan net niks in die laaste tyd uitgerig word nie. Die eksamengogga kon ons ook nie vryspring nie. Drie bleek gesigte het so af en toe hier ingedwaal en dan weer verdwyn vir 'n week.

Met almal terug hier by Boekbestellings wil ons egter net vir almal 'n groot dankie sê vir hulle hulp en vriendelikheid gedurende die jaar en almal 'n baie Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar toewens.

Groete tot volgende jaar.

- Seksie Boekbestellings






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# ONTSLUITING.


In aansluiting by die vernuwinge en verwikkelinge in ons afdeling en op ons professionele gebied, het 'n paar van die afdelingslede ook vanaf 29 - 31 Oktober die SAMARC gebied betree en verken. 'n Baie suksesvolle en mededeelsame kursus is deur mev Ilse van Niekerk van die WNNR aangebied in die WNNR konferensiesentrum. Uit die Merensky-personeel het Mevv E Lanckilde, L van Wyk en J Maree, asook mejj M Mörsner en B Kotzé die kursus bygewoon. Altesaam was daar omtrent 40 persone van biblioteke deur die hele land wat saam die SAMARC formaat van nader bekyk het, en wat voorbeelde van SAMARC kodering deurgewerk het.

Die oorheersende gevoel was dat SAMARC 'n uiters noukeurige masjienhantering van bibliografiese data bewerkstellig. Die probleemarea bly nog steeds die van bibliografiese analise en AACR II-interpretasie, soos talle kere deur mev June Botha uitgewys, en deur die kursusgangers ondervind. Vir die Merensky-personeel is SAMARC darem nie heeltemaal vreemd nie, aangesien ons reeds daaraan gewoond is dat DOBIS se invoer in die vorm van verskillende data-elemente geskied, en wat dan deur die stelsel gemanipuleer word om 'n bibliografiese rekord op te stel. Heelwat van die SAMARC kodering word dus reeds outomaties deur DOBIS gedoen vir die ontsluiter.

Dit was egter baie insiggewend om te sien hoe fyn-gedetailleerd die analise van bibliografiese inligting moet wees om versoenbare en masjienleesbare identifiseerbare rekords te kan opstal vir uitruil en ander doeleindes. 'n Mens is beslis nie aldag bewus van hoeveel "draadwerk" daar sit agter die elegante en eenvoudige DOBIS ontsluitingsprogramformaat nie. In geheel gesien was dit 'n baie stimulerende drie dae, en voel mens dat daar weer 'n verbreding van kennis en visioen plaasgevind het. Aan die wat vir ons die geleentheid gebied het, baie dankie. Vroeg in die nuwe jaar sal ons 'n terugrapportering doen aan die res van die Seksie Makro-Ontsluiting oor die kursus, deur middel van 'n paar SAMARC lesings.

Daarmee het ons jaar dan ook aan 'n einde gekom, en is ons op die oomblik nog net besig met die opstel van 'n hoofstuk vir die Ontsluitingshandleiding waarin ons ons AACR II afwykings sal vervat. Elkeen het 'n stukkie gekry om te skryf, en hopelik sal dit dan ook die laaste deeltjie wees wat gedoen moet word voordat ons ons lankverwagte handleiding kan "publiseer" en in gebruik neem.

- As ons dan, soos die Biblikasieredaktrise die opdrag gegee het, die jaar 1980 in oënskou neem, is hierdie skryfster se eerste reaksie een van stomme sprakeloosheid. Het enige ontsluitingsafdeling al ôôit so hard kan en moes werk om 'n weg te baan deur onkunde en onbegrip en onvoorbereidheid op dié ding van rekenarisering ? Ek glo wel nie. Seker ook maar gelukkig dat ons in die diep kant ingedompel is, en vinnig moes leer swem, anders sou ons van vrees en versigtigheid vergaan het. Dis 'n gehawende en uitgemergelde Seksie Makro-Ontsluiting wat groet tot volgende jaar, en wat hoop dat die Kerskous 'n groot dosis krag en moed vir 1981 sal bevat - ons pad is nog lank nie geloop nie, daar is nog baie om te doen en uit te stryk, en ons weet ons gaan weer swaarkry. Ons bied mekaar dus die skamele troos: Aanhouer wen.



"Let's go somewhere where we can talk."

Met groete en seënwense aan alle lede van die UP Biblioteekdiens wat ons so getrou ondersteun het. Baie dankie vir elkeen se bydrae.

- Jean Maree

# MEDIES.

JANUARIE - DESEMBER ....

Opgedra aan almal vir wie die jare net te gou verbystap.

*Januarie 1980 en almal is terug,*
*uitgerus en vir werk nogal lus.*
*Voordat baie voete grondvat hier*
*is Februarie, Maart en April oor-die-muur!*

*Na die vakansiestilte is Mei*
*nogal die ene bedrywigheid.*
*Jeanne verlaat ons en vertrek*
*na Amerika vir 'n drie-jaar-tydperk.*

*Marié kom nou in haar plek*
*en Bessie kom met die skyfies werk.*
*Gou is alles weer in hoogste rat -*
*almal gereed vir die tweede skof.*

*Maar eers word Botha Müller*
*en Sophia kuier oor die water.*
*Sannie en Annie en Marié staan bont*
*want Bessie loop toe ook nog rond.*

*Uiteindelik is die personeel weer voltallig:*
*Pieter is terug van Philippolis*
*en Sannie het klaar geskiet en gedril,*
*maar Annie vertrek na Amerika!*

*Einde Oktober is Annie terug*
*en Bessie gaan na UNISA toe.*
*Nou werk ons maar weer elke derde Saterdag*
*Bessie werk net halfdag.*

*Intussen haal Sophia toe die gimnastiekspan -*
*provinsiaal én nasionaal!*
*Pieter, Marié en Leoné skryf eksamen*
*Dis gelukkig nou klaar en almal sê amen!*

*Nog 'n jaar lê op sy rug -*
*wat 'n ou-ou wysie is dit tog!*
*Nogtans: dink 'n mens daaroor*
*kom koue rilling oor jou rug.*
*Januarie staan nog helder voor die gees*
*en ou-man Desember klop al aan ...*




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VOORKLINIES

Met die koms van die Jakarandas se pers kombers en die somerkleure wat lap-lap plekmaak vir die vaalheid, besef mens die jaar staan einde se kant toe. Die gebruikers raak yler en die vakansiegees skrop nes in iedereen se gedagtes. Daarmee saam kom ook 'n hartseer as ons totsiens sê aan mev Marie Willemse wat nou gaan voorskoot aansit.

Nuut in ons midde is 'n klein stukkie van DOBIS... Baie welkom aan mev Johanna Duursema. Voorklinies se arms is oop, hoop jy sal jou sommer gou regskuif. Groetnis van Voorklinies en aan almal wat al tasse gepak het, lekker rus!



BILL HOLMAN

THE STUDENT DENTIST PRACTICES AT HOME

# AFRICANA

In Africana is die Engelse spreekwoord "Never a dull moment" weliswaar ons leuse. Die pas-afgelope jaar is 'n sprekende voorbeeld daarvan.

Die "langs-lewende" moes mej Zann Joubert, mej Marie Nortjé, mev Francina de Villiers en mej Erna Klopper (tydelik) vaarwel roep. Met groot blydskap het Africana mev Joriet Coetzee ryker geword!

Soos elders in die biblioteek "woel't hier ook om veranderen - ik hoop niet dat't dag na dag betreurt zullen worden". Fisies is Africana herrangskik om nuwe rakke, OV-apparaat, tafels en stoele te akkommodeer. Gelukkig het ons DIE GROOT TREK al in Julie beleef, en luister nou met groot begrip na die ander se vertellinge van seer spiere, rûe en moeë voete. Vir mnr Cobus Fouché, Lucas en Marcus wat gehelp het, 'n groot dankie.


Alle regeringspublikasies en pamflette is oorgepak in netjiese genommerde kartonhouers, en dit is nou 'n plesier om iets daar te soek. Ons wil darem ook spog met ons nuwe Mikro-film-fiche-leser-drukker. Volgens die gebruikers - 'n groot verbetering. Die groot stuk masjienerie maak vir ons die lewe aansienlik makliker.

Dan was daar natuurlik die Uitstalling! Dit het vir heerlike afleiding gesorg! Ons gebruikers het egter swaar van ons afskeid geneem en moes vir tyd en wyl ander "sitplekke" gaan soek. Dit was interessant om hulle reaksies dop te hou as hulle met hul gebruiklike "Goeie môre" inkom en dan vassteek, gewoonlik met een van die volgende: "Waar is die stoele?", of "Wat gaan hier aan?" Die werksaamhede voor die tyd, die gebeurlikhede tydens die uitstalling en die opruim na die tyd, het voorwaar gesorg vir herinneringe wat ons almal seker nie gou sal vergeet nie. Een ding waarby ons twee personeellede in Africana definitief gebaat het, is om ons repertoire van Africana liedjies uit te brei en nog sommer te memoriseer ook!

Nou lê die lekker vakansie en rus voor, waarna ons albei uitsien. As ek so luister na wat alles gesê en beplan word, sal ons 1981 uitgerus moet aanpak, want daar wag groot (maar darem ook lekker) take en ondernemings. Ons sien met groot verwagting uit na die 5de Januarie 1981 om ons derde, en baie welkome, kollega welkom te heet. Dan is ons weer vir die eerste keer in 'n lang tyd, voltallig - en mag dit nie van korte duur wees nie!


Ons wil darem ook van ons kant af die Topbestuur en al ons ander kollegas 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar toewens.

- Sonja Potgieter





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



# Musiek

'N MUSIKALE 1980

Januarie 1980. 'n Wonderlike vooruitsig!
'n Splinternuwe gesiggie in die Musiekbiblioteek
aspirant onderwyseres en boonop in musiek daarby -
hier gaan darem voortaan musikaal gewerk word, hoor!

Gou-gou is begin
Musiekbiblioteek word uitgedos:
katalogus kry gekleurde laaigidse -
blou partiture, geel plate, groen boeke, oranje
kunstenaars

Lessenaars word gekleed
beige met bruin
en gekleurde dames wagtend
gretig om te help, of soms gehélp te word...

Plante pryk, so hier en daar
spesiaal vir daardie "tropiese" atmosfeer
en sonneskyn, sowaar
dit klink onwaar!

Maar kollegas, dis nog niks
'n gekomponeerde almanak
met harp, note, sleutels
net mooi alles wat 'n musiekhart begeer

Die kennisgewingbord ondergaan 'n musikale metamor-
fose
advertensies, foto's, programme, nuusbrokkies
'n wâre SDI-diens
elke gebruiker moet net self selekteer...

Al gehoor van die Musiekbiblioteek se trots?
"tall", dark and handsome"
bespeel enige musiekinstrument binne sekondes
gratis onderrig- permanent en voltyds

Geen raaisel kan dit meer wees nie
Indien u nog nie weet nie -
probeer weer
Ja, twaalf gesofistikeerde plaat- en kasseteenhede!

Die jaar is verby
'n stilte sak toe
Bibliotekarisse bly agter
en swoeg nog voort


Die spinternuwe gesiggie van vroeër
het gou in ons harte gekruip
Dit klink ongelooflik
maar mejuffrou Elsa Bosman gaan ons verlaat.

Vanuit 'n musikale noot en nood
wil ons haar groet
Dankie vir alles - soveel deugde word jou toegesê
ons sal jou mis, dis gewis!

Aan alle kollegas -
'n groot DANKIE vir 'n groot jaar
vir vriendskap, liefde en onderskraging
wees verseker dit word opreg gewaardeer!

Ons wens u almal toe
'n Geseënde Kersfees en
'n Voorspoedige Nuwejaar.

- ANITA MOOLMAN




"My hearing is fine . . . it's my LISTENING that's not so good."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VAKBIBLIOKARISSTELSEL

Die jaar negentien honderd en tagtig is besig om met 'n verbysterende snelheid ten einde te spoed en al wat nou nog voorlê voordat ons met splinternuwe moed en baie, goeie voornemens die nuwe jaar binne gaan, is die heerlike lang vakansiedae van niksdoen, swem en in die son lê. Die vooruitsien na en gereedmaak vir die Kersgety sal seker altyd vir 'n mens gepaardgaan met 'n mate van heimweë en 'n verlange na iets wat jy nie eintlik kan definieer nie. Die warm, geurige reuk van soetkoekies wat bak en kanne vol gemmerbier, toegekurk om te gis, is assosiasies met hierdie tyd van die jaar wat 'n mens seker vir die res van jou lewe sal bybly. Tog eienaardig dat mens juis ook nou so 'n besondere behoefte aan samesyn beleef.


Op sy rondte deur die Merensky, het die ooievaar hom skynbaar in besonder toegespits op die 2de vloer. Meve. Anna-Marie Arnold en Ria van Zyl gaan ons reeds aan die einde van Desember verlaat en Lucia Smith vroeg in volgende jaar. Anna-Marie, Ria en Lucia, ek kon tot dusver nog nie besluit of ek julle moet beny of bejammer nie. Een ding is egter seker, ons gaan julle baie mis. Mag hierdie nuwe fase in julle lewens alles wat mooi is, inhou. Dit is my wens dat julle almal gesonde babas sal hê wat lekker kan skreeu en stapels doeke elke dag in die was sal besorg!

Die maand wat verby is het beslis ook nie ontbreek aan harde arbeid, ontwrigting en frustrasie nie. Die verskuiwing van ons ou voorraad is binne 'n week afgehandel, danksy almal se energieke bydraes. Al nadeel is dat ons nou almal probleme met ons regterhande se duime ondervind.

Mev Susan Swanepoel het nou gaan voel of die Kaapse seewater nog so koud is en Lucia het gaan vasstel of die Suidwesters werklik so gasvry is as wat almal beweer. Met die eksamen agter die rug, het Ria ook gaan uitspan terwyl Anna-Marie naarstiglik probeer om haar opgehoopte verlof te benut.

Aan die personeel van die Biblioteekdiens: dankie vir 'n jaar se saamwerk; 'n vakansie vol lekkerhede word julle almal toegewens en mag Kersfees en die Nuwe Jaar vir almal net mooi inhou.

Groete van ons op die tweede vloer
Anita Joubert




DERDE VLAK

1980 Het so stilweg onder ons neuse ingekruip - sommer sonder dat ons dit besef het. Maar toe die jaar eers in sy volle glorie toegeslaan het, sou ons ook nie kon weet wat alles hier sou gebeur nie. Die jaar het so holderster-bolder oor ons geloop - die einde in sig - en al wat oorgebly het om aan te dink: die engeltjies en die bloublou see vir die gelukkiges. Dis so asok 'n mens al die sout seesmaak oral kan proe en ruik.

So met die jaar saam het mense gekom en gegaan. Sommer vroeg-vroeg al het mej Sonja Otto haar nessie hier begin skrop. Mnr Dries Grobler het ook vroegtydig gewaarsku dat Junie-maand sommer om die draai lê. Dan sou hy nie meer een "baas" alleen hê nie, maar vele wat bevele rondslinger. En sy hare sou letterlik en figuurlik waai. Die res op die vloer moes skielik Ingenieurstudente help en watter choas gee dit soms af! Ons vrouens weet skaars waar 'n motorenjin sit. Hoe kan ons nou skielik die groot woorde en name daarvoor ken? Die studente skud sekerlik hul koppe en dink: "Red nou 'n volk met sulke mense!"

Mnr Peet van die Merwe het ook besluit dat hy sy vlerke wyer moet uitsprei. Noorde toe was vir hom net die regte plek (wou hy dalk wegkom van die Blou Bulle?). Toe hy afskeid neem, het mej Rita Badenhorst weer bewys wat in haar steek. Sommer gou-gou het sy aangepas en die werk onder die knie gekry. Skaars was ons amper voltallig, of Sonja se bedanking beland op Annatjie se tafel.

Hopelik sal dit volgende jaar ook op sosiale gebied stiller gaan. So tussen alles deur het meve Annatjie Botes en Matilda Pieterse nog kans gesien om te begin huis opsit: 'n Mens kan maar net wonder of hulle dit weer sou doen as hulle weer kon besluit, want met seer lywe van 'n boektrekkery en trollie-stoot, moeë voete en tam oë, is dit sekerlik nie so maklik om saans vir manlief die beste voetjie voor te sit nie?

Mnr Piet de Kock het ook nog soveel verlof geneem om oorsee te kerjakker, dat hy nou met sulke leepoë na almal kyk as hy net die woord "verlof" hoor. Met mev Jinnie van Oordt, Amanda van der Hoven en Hennie Fouche het dit rustiger gegaan, behalwe dat daar soms partytjies opgeduik het, en eersgenoemde twee net planne moes beraam om almal in die Merensky tevrede te stel.

Ons wens almal 'n Geseënde Kersfees en gelukkige vakansie toe. Na 1980 het almal beslis 'n lang ruskansie nodig. Ons kan maar net hoop dat 1981 meer sagkens met ons sal werk. Wel, eintlik kan ons maar net wonder wat volgende jaar nôg in die Merensky kan gebeur. 1980 het die rekenaars gebring, uitstallings, die Groot Trek, bindbeurte, skitterblink vloere. Dus, dit lyk amper asof ons die nuwe jaar handjies gevrou kan inwag? Maar dis dinge waaraan ons eers die 5de Januarie kan dink. Geniet die vakansie: die vakansiegangers en die tuisblyers, en aan almal wat ons verlaat, sterkte met die nuwe werk, of die babas, of die studies. Mag 1981 vir almal net die beste inhou.

- Hennie Fouché



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Martia Joubert



Elsa Bosman



Ria van Zyl



Ria Delport



Anne-Marie Arnold



Ronel Schwartz



Amanda v.Heer



Annette v.d. Merwe

# TOTSIENS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019